

**FUNKSIONELE ASPEKTE VAN AFRIKAANSE
EKSOSENTRIESE KOMPOSITA**

deur

LARIZA VAN NIEKERK

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF H J PIETERSE

NOVEMBER 2006

Bedankings

My hartlike dank gaan aan die volgende persone

- my promotor, Prof. H.J. Pieterse, vir die eindelose geduld en leiding gedurende die afgelope ses jaar, en vir die noukeurige nagaan van die teks. Sonder u hulp sou hierdie proefskrif nooit verskyn het nie.
- my ma, Paula, vir haar belangstelling en vertrouwe in my.
- my suster, Christelle, vir haar hulp met tikwerk.
- my broers, Dawie en Stefan, vir hul insette met betrekking tot weermagtaal.
- Mara Uys, vir haar proeflees, kommentaar en ander hulp.
- Ester Naudé, wat vir my moes voorlees uit vele woordeboeke.

Erkenning

Hiermee wil ek ook graag my dank betuig aan die Universiteit van Suid-Afrika, vir die beurs wat aan my beskikbaar gestel is vir hierdie studie.

Inhoudsopgawe

Opsomming / Summary

Hoofstuk 1: Die studieveld	1
1.1. Inleiding	1
1.2. Oorsig op die studieveld	1
1.3. Motivering vir die onderwerpskeuse	3
1.4. Die teorie van konseptuele vermenging	5
1.5. Die korpus	6
1.6. Oorsig van hoofstukke	8
Hoofstuk 2: Eksosentriese komposita – 'n oorsig	12
2.1. Inleiding	12
2.2. Endosentriese en neweskikkende komposita	13
2.3. Eksosentriese komposita	14
2.3.1. Die semanties ondeursigtige aard van eksosentriese komposita	17
2.3.2. Gradeerbaarheid van semantiese ondeursigtigheid	19
2.3.3. Samestellings met 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis	25
2.4. Opmerkings oor eksosentriese komposita	34
2.5. Samevatting	35
Hoofstuk 3: Konseptuele vermenging	37
3.1. Inleiding	37
3.2. Konseptuele vermenging: 'n oorsig	37
3.3. Konseptuele vermenging in taalgebruik	42
3.4. Konseptuele vermenging binne taalverwerwing	45
3.5. Konseptuele vermenging in eksosentriese komposita	48
3.6. Samevatting	57

Hoofstuk 4: Humor	59
4.1. Inleiding	59
4.2. Humor in taal	59
4.3. Woorde wat uitsluitlik ter wille van humor ontstaan het	61
4.4. Endosentriese samestellings wat figuurlik gebruik word ter wille van humor	68
4.5. Volksetimologie	74
4.6. Idiomaticiteit	80
4.7. Fatiese uitdrukkings	82
4.8. Naamgewing	84
4.9. Onfyn, plat en sensitiewe taal	87
4.10. Verouderde humoristiese samestellings	89
4.11. Samevatting	91
Hoofstuk 5: Etnobiologiese naamgewing	92
5.1. Inleiding	92
5.2. Diername	93
5.2.1. Algemene name versus alternatiewe benamings	96
5.2.2. Bestaande endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het	99
5.2.3. Sinekdogee en bahuvrihi-komposita	101
5.2.4. Eksosentriese komposita as beknopte beskrywings van diere	103
5.2.5. Klanknabootsende name	111
5.2.6. Dubbelsinnige lekseme	114
5.2.7. Samestellings met eiename	115
5.3. Plantname	116
5.3.1. Algemene name versus alternatiewe benamings	120
5.3.2. Bestaande endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het	121
5.3.3. Sinekdogee en bahuvrihi-komposita	124

5.3.4.	Eksosentriese komposita as beknopte beskrywings	125
5.3.5.	Samestellings met eiename	129
5.4.	Samevatting	131

Hoofstuk 6: Byname 132

6.1.	Inleiding	132
6.2.	Affektiewe waardes van eksosentriese komposita wat optree as persoonsname	134
6.2.1.	Positiewe persoonsname	137
6.2.2.	Neutrale persoonsname	138
6.2.3.	Negatiewe persoonsname	144
6.2.3.1.	Benamings vir groepe persone	144
6.2.3.2.	Benamings wat individuele persone se karaktereenskappe beskryf	149
6.2.3.3.	Benamings wat individuele persone se voorkoms beskryf	156
6.3.	Strukturele groepe byname	157
6.3.1.	Endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het	157
6.3.2.	Reekse skelname met produktiewe stamme	161
6.3.3.	Samestellende afleidings met die persoonsvormer <i>-er</i>	165
6.4.	Samevatting	166

Hoofstuk 7: Eufemisme en disfemisme 167

7.1.	Inleiding	167
7.2.	Die eufemisme as versagter	167
7.2.1.	Eufemismes wat ontstaan as gevolg van bygeloof en ontsag	169
7.2.2.	Eufemismes wat ontstaan uit vrees of ontsag vir die dood	173
7.2.3.	Die eufemisme as middel tot fatsoenlikheid	176
7.2.4.	Eufemismes wat gebruik word ter wille van beleefdheid	190
7.3.	Die disfemisme as versterker	201

7.4.	Samevatting	210
Hoofstuk 8: Gewestelike en sosiolinguistiese variëteite		212
8.1.	Inleiding	212
8.2.	Gewestelike taal	213
8.2.1	Namakwalandse Afrikaans	215
8.2.2	Kaapse Afrikaans	218
8.3.	Sosiolinguistiese variëteite	219
8.3.1.	Studentetaal en tienertaal	221
8.3.2.	Weermagtaal	223
8.3.3.	Kindertaal	224
8.4.	Styl en register	226
8.5.	Samevatting	231
Hoofstuk 9: Slot, samevatting en bevindinge		232
9.1.	Inleiding	232
9.2.	Terugskouing	232
9.3.	Bevindinge	235
9.4.	Leemtes wat ruimte laat vir verdere navorsing	236
9.5.	Slotsom	238
Bibliografie		241

OPSOMMING

In hierdie proefskrif word 'n taalbeskrywing van Afrikaanse eksosentriese komposita, met klem op die belangrikste funksionele aspekte daarvan, aangebied. Daar word voortgebou op die M.A.-verhandeling *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). Voorbeeldmateriaal is geput uit 'n omvattende korpus, wat die spreektaal, leksikografiese en akademiese werke insluit.

Die belangrikste gebruike van taal as primêre kommunikasiemiddel, is waarskynlik die oordra van kennis en inligting, sowel as die referensiële funksie daarvan, wat behels dat sake, begrippe, voorwerpe, persone en ander referente benoem word met behulp van leksikale items. Vir hierdie studie is die **ekspressiewe funksie** van taal egter van die grootste belang. Taal word naamlik gebruik ter wille van affek, om oordele, menings, gewaarwordings en verskillende emosionele aspekte uit te druk.

Eksosentriese komposita word uitgelig as lekseme wat op verskillende wyses gebruik word deur die spreker/skrywer om homself referensieel, maar veral ekspressief, uit te druk. Die kognitiewe proses van “conceptual blending” of **konseptuele vermenging**, soos dit in detail bespreek word in *The way we think* (Fauconnier & Turner, 2003), word van toepassing gemaak op eksosentriese komposita, om moontlike verklarings te bied vir sekere aspekte van hierdie lekseme.

Etnobiologiese naamgewing van diere en plante word voorgehou as die belangrikste referensiële funksie van eksosentriese komposita, met fokus op bahuvrihi-komposita. Eksosentriese komposita is egter veral funksioneel as instrument waardeur 'n wye verskeidenheid ekspressiewe waardes weergegee word, positief, sowel as negatief. **Humor** word deurlopend bespreek as waarskynlik die belangrikste ekspressiewe funksie van hierdie soort komposita. Ander affektiewe of ekspressiewe funksionele aspekte van eksosentriese komposita wat onder die loep geneem word, is persoonsbenoeming, verbloeming en versagting deur middel van eufemisme, versterking, verwensing en pejoratiwiserings deur middel van disfemisme, idiomatisiteit, ironie en die fatiese funksie

wanneer dit gebruik word om gesellige kontak te maak. Die kreatiewe gebruik van eksosentriese komposita as kleurvolle beskrywingsmiddel kom wydverspreid voor in die informele register, sowel as in dialektiese en sosiolinguistiese taalvariëteite van Afrikaans.

Op grond van waarnemings in verband met die diverse gebruik en optimale funksionaliteit van eksosentriese komposita op alle terreine, kan die bevinding ten slotte gemaak word dat eksosentriese komposita 'n noodsaaklike deel uitmaak van die Afrikaanse leksikon.

Titel van proefskrif:

Funksionele aspekte van Afrikaanse eksosentriese komposita

Sleuteltermes:

Eksosentriese komposita; Endosentriese komposita; Humor; Naamgewing; Byname; Eufemisme; Disfemisme; Taboe; Ekspressiewe taal; Semantiese deursigtigheid; Idiomatisiteit; Volksetimologie; Metafoor; Polisemie; Bahuvrihi-samestellings; Sosiolinguistiek; Dialekte

SUMMARY

An account of certain functional aspects of Afrikaans exocentric compounds is presented in this dissertation. This study builds on the preliminary survey presented in the dissertation *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). Exemplary material is obtained from an extensive corpus, consisting of lexicographical and academic matter, as well as colloquial spoken language.

Language is man's primary means of communication, used to convey knowledge and information. Lexical items are used to name and refer to all kinds of concepts, aspects, objects, persons and other references. Of particular importance to this study, however, is the **expressive functionality** of language, whereby it is used as an instrument to voice affect, judgement, opinion, perception and other emotional aspects.

Exocentric compounds are singled out as lexemes of particular importance, utilized by Afrikaans speakers/writers to express themselves referentially and emotionally. In this study the researcher has endeavored to describe and explain certain aspects of exocentric compounds in terms of the cognitive process of **conceptual blending**, as explained in *The way we think* by Fauconnier and Turner (2003).

Exocentric compounding is highly functional with regard to **etnobiological naming** of botanic and zoological references, especially as bahuvrihi compounds. More prominent, however, is the use of compounds to voice a wide variety of expressive values and connotations, both positive and negative. **Humor** is constantly referred to as probably the most important function of exocentric compounds. Other expressive functional aspects of exocentric compounds are discussed, such as insult, scorn and ridicule in nicknames and slurs, the softening effect of euphemism in contrast to the intensifying effect of dysphemism, idiomaticity, irony, et cetera, some of these aspects overlapping significantly. Exocentric compounds are creatively used as highly descriptive

expressions in the informal register of colloquial Afrikaans, as well as in different dialects and sociolinguistic varieties.

Based on observations in connection with the diverse use and optimal functionality of exocentric compounds in domains of every possible kind, the conclusion is reached that exocentric compounds is an essential part of the Afrikaans lexicon.

Title of dissertation:

Functional aspects of Afrikaans exocentric compounds

Key terms:

Exocentric compound; Endocentric compound; Humor; Nicknames; Euphemism; Dysphemism; Taboo; Expressive language; Semantic transparency; Idiomaticity; Folk etymology; Metaphor; Polisemy; Bahuvrihi compound; Sociolinguistics; Dialectic variation

HOOFSTUK 1

DIE STUDIEVELD

1.1 Inleiding

In hierdie proefskrif poog die navorser om 'n taalbeskrywing van eksosentriese komposita, met klem op die **funksionele aspekte** van hierdie komposita, aan te bied. 'n Oorsigtelike blik word in die inleidende hoofstuk op die gekose studieveld gewerp. Hieruit spruit dan ook 'n motivering vir die keuse van *Funksionele aspekte van Afrikaanse eksosentriese komposita* as navorsingsterrein, na aanleiding van die leemte wat daar op hierdie gebied in bestaande studies skyn te wees. 'n Bespreking volg van die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, tesame met 'n volledige inventaris van die bronne waaruit eksosentriese komposita aangehaal is. Ten slotte word 'n kort opsomming van elke hoofstuk gelewer om te dien as 'n vooruitskouing van die proefskrif as 'n geheel, sowel as die werkswyse wat gevolg word om die inhoud aan te bied.

1.2 Oorsig op die studieveld

Taal is die belangrikste kommunikasiemiddel waaroor die mens beskik. Taalvermoë is die instrument wat gebruik word om gedagtes oor te dra vanaf 'n spreker na 'n hoorder, asook deur 'n skrywer teenoor 'n leser. Die mens se ervaring en interpretasie van sy werklikheid word onder andere in die kognitiewe linguistiek beskryf. Sonder om egter kognitief-linguisties of pragmaties hier 'n omvattende teorie of kommunikatiewe model te wil daarstel, kan die volgende uiters veralgemenende stelling gemaak word: taalgebruik het verskillende **funksies**, net soos taalgebruikers verskillende oogmerke het van wat hulle wil bereik met die gebruik van taal in die gesproke of geskrewe vorm. Die belangrikste en mees voor die hand liggende gebruik van taal is die oordra van kennis en inligting. Daar kan ook met behulp van taal bevele en instruksies gegee word, vrae kan gevra en beantwoord word, stellings kan gemaak word, en in vertellings en verhale verrig taal 'n **narratiewe** funksie. Vir hierdie studie is egter die volgende funksies van taal van die grootste belang: taal word gebruik ter wille van affek, om “uiting te gee aan mense se gevoelens en gewaarwordings” (De Villiers, 1976: 78) in die vorm van onder andere verwensing, vloek, spot, ironie, humor, verbloeming, dramatisering, ensovoorts. Taal as **sosialiseringsmiddel**

verrig ook dikwels 'n “**fatiese**” funksie wanneer dit gebruik word ter wille van “maatskaplike en gesellige kontak” (De Villiers, 1976: 78) tussen mense, soos wanneer persone mekaar groet of wanneer hulle hul ontevredenheid, minagting, bewondering en waardering te kenne gee.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking kan daar volstaan word by die feit dat taal-elemente soos woorde, frases en vaste uitdrukkings gebruik word met twee hoofdoelstellings soos dit uiteengesit word in De Villiers (1976: 78, e.v), naamlik: die **referensiële funksie**, wat behels die benoeming of aanduiding van persone, voorwerpe, sake en enige ander referente, en die **ekspressiewe funksie**, waardeur oordele, menings, gewaarwordings en verskillende emosionele aspekte weergegee word.

Die ontvanger van 'n mededeling (hoorder/leser) moet nie slegs die betrokke taalelemente verstaan nie, maar ook die assosiasies en konnotasies van die taalelemente in 'n spesifieke gegewe situasie. Die mededeling kan referensieel wees met 'n duidelike, saaklike betekenis sodat geen gaping tussen die taalelemente en die doel van die mededeling waargeneem kan word nie. Soms bestaan daar egter wel 'n gaping, sodat die spreker of skrywer “iets ekstra” by implikasie bedoel. Taalkundige verskynsels van hierdie implikatiewe mededelings is die sogenaamde stylfigure: “ironie, hiperboliek, metonimie en eufemisme” (De Villiers, 1976: 7) asook metaforiek. Hierby kan ook gevoeg word die fatiese funksie van taal, om maatskaplike of gesellige kontak te maak tussen taalgebruikers. Elk van hierdie stylfigure het 'n affektiewe krag (ook genoem **ekspressiewe** of **emotiewe** waarde), waardeur die gevoelens en gewaarwordings van die taalgebruiker in emotiewe taal omskep word.

In hierdie studie van Afrikaanse eksosentriese komposita word noodwendig kortliks geraak aan diverse aspekte en dissiplines van die taalkunde as wetenskap, soos die kognitiewe linguistiek, asook die geleding van die Afrikaanse klankvorm, grammatika, leksikon en veral betekenis. Die invloed van ontwikkeling en **taalverandering** word telkemale waargeneem in die leksikon. **Betekenisverandering**, **nuutskepping** en **veroudering** is drie van die prosesse wat voortdurend tot 'n mindere of meerdere mate in enige lewende taal plaasvind. Dit is 'n noodsaaklike aanpassing van taal en uitdrukkings by die veranderende omstandighede en taalbehoefte van die mens. Nuwe taalelemente word voortdurend geskep om tred te hou met nuwe sake wat benoem moet word. Sekere bestaande uitdrukkings wen aan krag en ekspressiwiteit om nuwe / ander

betekenis uit te druk. Terselfdertyd verloor ander uitdrukkings weer hul trefkrag en raak met verloop van tyd in onbruik deur middel van veroudering.

Die **konteks** van eksosentriese komposita behels die sosiale en ruimtelike verband waarbinne die woorde gebruik word. Sosiale interaksie vind plaas tussen 'n spreker en 'n aangesprokene, asook tussen 'n skrywer en sy lesers. Die aard, plek en doel van hierdie interaksie, die sosiale stand van die taalgebruikers, die sosiale afstand tussen die persone, asook die houding en emosie van die taalgebruikers, is maar enkele van die faktore wat 'n definitiewe invloed uitoefen op die taalgebruik van persone. Ruimtelike en omgewingsfaktore lei tot taalvariasie en dialektiese verskille in Afrikaans, wat onder andere waargeneem kan word in die gebruik en ontstaan van verskillende eksosentriese komposita.

1.3 Motivering vir die onderwerpskeuse

Dit wil voorkom asof eksosentriese komposita grotendeels oor die hoof gesien is in bestaande Afrikaanse taalkundige studies. Die primêre doel van hierdie studie is gevolglik om die leemte te vul wat tans op taalkundige gebied bestaan. In slegs 'n klein aantal bestaande taalkundestudies word daar hoegenaamd van eksosentriese komposita melding gemaak. In studies soos Savini se M.A.-verhandeling *Phrasal Compounds in Afrikaans: A Generative Analysis* (1983), en Selkirk se *The Syntax of Words* (1982), word daar slegs 'n baie kort vergelyking getref tussen endosentriese en eksosentriese komposita. Botha lewer die naaste aan 'n detailbespreking van eksosentriese komposita in *The Function of the Lexicon in Transformational Generative Grammar* (1968) met 'n deel oor beide “metaphorical compounds” (192-213) en “idiomatic compounds” (213-219). In hierdie studie word egter slegs die semantiese aspekte van nominale metaforiese en idiomatiese komposita bespreek, en wel ook slegs in soverre as wat hierdie woorde binne die kader van die transformasioneel-generatiewe grammatika geakkommodeer kan word.

In beide Laurie Bauer se *Introducing Linguistic Morphology* (1994) en *The Grammar of Nominal Compounding with special reference to Danish, English and French* (1978), word kortliks melding gemaak van eksosentriese komposita, veral bahuvrihi-komposita. Meyer de Viliers verwys vlugtig in *Die Semantiek van Afrikaans* (1976) na die semantiese ondeursigtigheid en idiomatiese aard van metaforiese samestellings (96-98) en idiomatiese samestellings (136-137).

Die afwesigheid van enige in-diepte studie van eksosentriese komposita het aanleiding gegee tot die M.A.-verhandeling *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). In hierdie studie is 'n detail-analise en fragmentariese inventaris van eksosentriese komposita aangebied. 'n Voorlopige bestekopname van Afrikaanse eksosentriese komposita is gemaak soos dit in geskrewe werke en die spreektaal voorkom. Die morfologiese, sintaktiese en semantiese eienskappe van eksosentriese samestellings is bespreek. Eksosentriese komposita is ook in verskillende klasse gedeel ten opsigte van semantiese en strukturele eienskappe, sowel as onstaanskenmerke. Funksionaliteit is slegs oorsigtelik genoem in soverre dit betrekking het op enige van bostaande eienskappe en klasse.

Funksionele aspekte van Afrikaanse eksosentriese komposita is 'n proefskrif waarin voortgebou word op bovermelde M.A.-verhandeling. Die keuse van funksionele aspekte as onderwerp van 'n aparte, onafhanklike studie spruit voort uit waarnemings wat gemaak is ten opsigte van die groot variasie van funksionele rolle wat die komposita kan vertolk in die geskrewe, sowel as gesproke taal. In hierdie studie sal **eksosentriese komposita** uitgelig word as produkte van taalvermoë wat op verskillende wyses gebruik word deur die spreker/skrywer om homself referensieel of ekspressief uit te druk. Een van die vernaamste motiewe of beweegredes by die skep en gebruik van eksosentriese komposita is die strewende na **oorspronklikheid**, wat nie net by die woordkunstenaar voorkom nie, maar ook (soms onbewustelik) by die gemiddelde, gewone taalgebruiker. Allerlei persone poog, waar moontlik, om alledaagse, holruggeryde woorde en frases te vervang met meer kleurvolle, treffende, ekspressiewe uitdrukkings.

Uit die beperkte aandag wat tot op hede aan eksosentriese komposita bestee is in taalkundestudies, wil dit voorkom asof hierdie woorde slegs maar 'n klein en onbelangrike groepie woorde in Afrikaans, sowel as ander tale is. Eksosentriese komposita is egter in werklikheid van onskatbare waarde en maak 'n aansienlike deel uit van die Afrikaanse leksikon, soos reeds in Van Niekerk (2001) vermeld is. Eksosentriese komposita kan beskou word as kruiemiddels waarmee smaak en kleur aan die lewende taal gegee word. Deur sommige kritici mag dit dalk beskou word as grotendeels oorbodige woorde, asof die sake, voorwerpe, mense, ensovoorts wat daardeur benoem word netsowel en ewe goed deur (oorspronklike) ongelede woorde, endosentriese komposita en frases benoem sou kon word. Tog sou Afrikaans soveel armer en skraler wees sonder hierdie hoogs interessante groep woorde. In hierdie studie word gepoog om deur middel van 'n

bespreking van die belangrikste funksionele aspekte van eksosentriese komposita 'n bewys te lewer van die noodsaaklikheid van hierdie groep woorde, nie net vir die innoverende woordkunstenaar nie, maar ook vir die deursnee-taalgebruiker, in formele, maar veral ook in informele situasies, in sowel die geskrewe as die gesproke taal.

Eksosentriese komposita word bespreek as 'n sub tipe van metaforiek. Daar word gevolglik deurlopend melding gemaak van studies van metafoor soos *Women, Fire, and Dangerous Things* (Lakoff, 1990) en veral studies van metaforiek binne die verwysingsraamwerk van konseptuele vermenging soos *Metaphor and the Space Structuring Model* (Coulson & Matlock, 2001) en *Conceptual blending and metaphor* (Grady, Oakley & Coulson, 1999).

1.4 Die teorie van konseptuele vermenging

Eksosentriese komposita word bespreek binne die teoretiese verwysingsraamwerk van “conceptual blending” of **konseptuele vermenging**. Hierdie mentale funksie word in detail bespreek en van toepassing gemaak op alle denk- en leerprosesse in *The way we think* deur Fauconnier & Turner (2003). Konseptuele vermenging vind te enige tyd plaas wanneer “structure from two input mental spaces is projected to a new space, the blend” (Fauconnier & Turner, 2003: 47). Die wyse waarop vermenging plaasvind, word geïllustreer deur konstatering van enkele voorbeelde van situasies waarin vermenging plaasvind. Hierna word die proses van vermenging toegepas op eksosentriese komposita aan die hand van sekere uitgeligte voorbeeldlekkseme. By elke voorbeeld kom eerstens 'n bespreking voor van die wyse waarop konseptuele vermenging plaasvind wanneer die eksosentriese samestelling gebruik word. Die verskillende wyses waarop konseptuele vermenging plaasvind in eksosentriese en endosentriese komposita word ook aangedui met behulp van 'n diagrammatiese voorstelling by elke voorbeeld.

In hierdie proefskrif is dit egter **eksosentriese komposita** wat die fokuspunt vorm, en nie konseptuele vermenging of enige ander teoretiese model nie. Daarom word slegs sekere aspekte van konseptuele vermenging uitgelig as 'n proses wat plaasvind binne die bestek van die linguistiek en wat duidelik waargeneem kan word in die gebruik en bestaan van eksosentriese komposita. Konseptuele vermenging word dus gebruik as 'n werktuig waardeur sekere aspekte van die komposita moontlik verklaar kan word.

1.5 Die korpus

Hierdie proefskrif as 'n taalbeskrywing is gerig op 'n gestruktureerde versameling taaldata, oftewel 'n **korpus**. Data is geneem uit 'n alomverteenvoerdigende korpus van eksosentriese komposita wat spreektaal sowel as skryftaal, en formele sowel as informele taalgebruik insluit. Ten einde 'n verteenwoordigende korpus woorde saam te stel, is voorbeelde geneem uit die leksikon algemene gebruiksuitdrukkinge wat bekend is aan feitlik elke Afrikaanse moedertaal- en tweedetaalgebruiker, maar ook uit dele van die leksikon wat vir baie taalgebruikers onbekend mag wees, soos streekstaal, dialekte, sosiolekte, die verouderde leksikon, en andere. Daar is deur hierdie byna onbeperkte korpus gepoog om so 'n groot leksikonveld as moontlik te dek ten einde ook aan te toon dat eksosentriese komposita op feitlik elke gebied in die Afrikaanse leksikon voorkom. Bloot die aard en reuse-omvang van die versameling eksosentriese komposita bied klinkklare bewys van die onmisbaarheid en funksionele trefkrag van die woorde. Genoemde korpus lekseme is die kern waarom hierdie studie sentreer, die materiaal aan die hand waarvan taalkundige gevolgtrekkings gemaak kan word en wat dan ook illustratief aangehaal word om sekere bewerings en gevolgtrekkings te staaf.

Elke voorbeeldlekseem in die proefskrif is toegelig met 'n betekenisverklaring. Plek-plek is ook van introspektiewe metodes gebruik gemaak om te illustreer hoedat 'n (waarskynlik) foutiewe betekenis aan 'n sekere konstruksie gekoppel kan word. Subjektiewe taalgevoel kan natuurlik in hierdie instansies tot 'n groot mate varieer. Om soortgelyke moontlike teenstrydighede te vermy, is baie min woorde uit die spreektaal as sulks aangehaal. Sover moontlik is die betekenisverklarings van voorbeeldlekseme uit woordeboeke en taalkundige artikels aangehaal om polemieke oor die korrekte betekenis van woorde te vermy. Hierdie bronne sluit in algemeen-gebruikte leksikografiese werke soos die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)* en *Nasionale Woordeboek*, werke wat uitsluitlik gebruik word in taalnavorsing, soos *Afrikaanse Etimologieë* van Boshoff en Nienaber (1967), ouer boeke, soos die eerste dele van *Die Afrikaanse Woordeboek (WAT)* asook 'n ouer uitgawe van die *HAT* (1983), waarin daar heelwat woorde voorkom wat nie in die nuwer uitgawe opgeneem is nie. Daar word ook meermale verwys na dele uit die navorser se voorafgaande studie van eksosentriese komposita, naamlik die M.A.-verhandeling *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). Afgesien van hierdie werke is daar ook voorbeelde geneem uit

ou en nuwe taalhandboeke soos *Ons Moedertaal* (Meyer e.a., s.j.) en *Afrikaanse Morfologie* (Combrink, 1990).

Betekenisaaanhalings is veral uit die onderstaande leksikografiese en taalkundige werke gemaak. Ter wille van ekonomie is daar gebruik gemaak van afkortings om te verwys na spesifieke woordeboeke.

Leksikografiese werke:

- AE (1967): Afrikaanse Etimologieë (Boshoff & Nienaber)
- AIVU (1994): Afrikaanse Idiome en ander Vaste Uitdrukkings
- GAS (1995): Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek
- HAT (1983): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
- HAT (1994): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
- NW (1988): Nasionale Woordeboek
- TW (1991): Tweetalige woordeboek / Bilingual dictionary
- WAT (1950): Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel I, (A-C)
- WAT (1955): Deel II, (D-F)
- WAT (1957): Deel III, (G)
- WAT (1972): Deel IV, (H-I)
- WAT (1968): Deel V, (J-KJ)
- WAT (1976): Deel VI, (KLA-KOL)
- WAT (1984): Deel VII, (KOM-KOR)
- WAT (1991): Deel VIII, (KOS-KYW)
- WAT (1994): Deel IX, (L)
- WAT (1996): Deel X, (M)
- WAT (2000): Deel XI, (N-O)

Akademiese werke:

- Coetzee, A.J. 1948. Byname van plekke en hulle bewoners. In: *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 4 (Maart): 91-97.

- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- Kok, B. 1947a. Humor in ons volkstaal. In: *Ruiter*, 23 Mei.
- Kok, B. 1947b. Tekenende benaminge in die volkstaal. In: *Ruiter*, 6 Junie.
- Kok, B. 1947c. Sappige sêgoed uit Namakwaland. In: *Ruiter*, 9 Augustus.
- Kruger, J. 1995. Oor volksetimologie en kuiergaste wat huismense word. In: *South African Journal of Linguistics, Supplement*, 28 (November): 57-74.
- Links, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Lubbe, H.J. 1970. Die Eufemisme in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Meyer, P.S. e.a. s.j. *Ons Moedertaal*. Elsiesrivier: Nasou Beperk.
- Scholtz, J. du P. s.j. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Smuts, J. 1958. Skel- en spotname in Afrikaans. In: *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 14(3): 25-26.
- Smuts, J. 1964. Betekenisontwikkeling in Afrikaans. In: *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20: 22-31.
- Van Niekerk, L. 2001. 'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Rouendal, F.J. & Du Toit, H.A. s.j. *Nuwe Afrikaanse Stylleer*. Kaapstad: Juta.

Sekere lekseme wat nie in enige leksikografiese en taalkundige werke opgespoor kon word nie, is direk uit die spreektaal opgeneem.

1.6 Oorsig van hoofstukke

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling en vooruitskouing

Taal is nie alleen die mens se belangrikste kommunikasiemiddel nie, maar ook 'n werktuig wat aangewend kan word om verskeie ander funksies, buiten blote kommunikasie, te verrig. Ten opsigte van die probleemstelling word dit duidelik gemaak dat daar met hierdie studie nie gepoog word om die geldigheid al dan nie van enige teorie te bewys nie. Hierdie studie is die produk van veldnavorsing in verband met eksosentriese komposita, aan die hand waarvan 'n korpusgerigte taalbeskrywing gelewer word van eksosentriese komposita as 'n groep hoogs-funksionele items

wat in diens staan van die taalgebruiker. As sulks is hierdie studie dus 'n voortbouing van die ongepubliseerde M.A.-verhandeling *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). 'n Verteenwoordigende korpus eksosentriese komposita is uit alle dele van die leksikon saamgestel met die betekenis aangehaal uit 'n verskeidenheid geskrewe werke.

Hoofstuk 2: Eksosentriese komposita: 'n oorsig

Eksosentriese komposita word oorsigtelik bespreek in hoofstuk 2. Semanties kan onderskeid getref word tussen drie subtippe samestellings in die morfologie, naamlik eksosentriese, endosentriese en neweskikkende samestellings. Die belangrikste onderskeidende kenmerk van eksosentriese komposita is die semanties ondeursigtige aard daarvan. Sekere samestellings kan 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis dra, sodat die woord as 'n endosentriese, sowel as 'n eksosentriese kompositum geklassifiseer kan word. Polisemie en homonimie is twee semantiese aspekte wat hier ter sprake kom. Hierdie hoofstuk is in werklikheid 'n samevatting van die aard van eksosentriese komposita soos dit in fyner detail behandel is in Van Niekerk (2001).

Hoofstuk 3: Konseptuele vermenging

Die teorie van konseptuele vermenging word as raamwerk in hierdie studie gebruik. Konseptuele vermenging of “blending” kan in kort beskryf word as 'n kognitiewe proses wat plaasvind wanneer 'n denkbeeldige scenario voorgestel word wat elemente van twee of meer verskillende begrippe aanneem. Die gevolg van konseptuele vermenging is dan 'n mengvorm wat kenmerke van albei oorspronklike begrippe dra, asook nuwe, unieke elemente. Die voorstellingsvermoë van die mens vind onder andere in talige situasies vergestaltung in die gebruik van semanties ondeursigtige uitdrukkings soos metafore en eksosentriese komposita. Eksosentriese komposita is vermengingsprodukte wat kenmerke toon van nie alleen die samestellende dele nie, maar ook van nuwe eienskappe, uniek aan die samestellings. Konseptuele vermenging kan gebruik word om 'n verklaring te bied vir sekere funksionele aspekte en anomaliese eienskappe van eksosentriese komposita.

Hoofstuk 4: Humor

Humor word bespreek as die belangrikste funksie van eksosentriese komposita. Dit wil voorkom asof 'n aansienlike aantal eksosentriese komposita geskep is met die uitsluitlike doel om humor oor te dra. Bestaande neutrale endosentriese komposita ondergaan ook soms betekenisverruiming

om ander sake op geestige wyse te benoem. Volksetimologie, idiomatisiteit en naamgewing is vermeldenswaardig as van die vernaamste aanleidende faktore by die skep van humoristiese komposita. Die fatiese funksie van taal, wanneer dit gebruik word om maatskaplike en gesellige kontak te maak tussen mense, word bespreek soos dit in informele taalgebruik voorkom.

Hoofstuk 5: Etnobiologiese naamgewing

Binne die etnobiologiese domein speel eksosentriese komposita 'n belangrike rol in die naamgewing of benoeming van plante en diere. Hierdie woorde kan die algemeen-gebruikte plant- of diername wees, sowel as meer obskure benamings wat byvoorbeeld in streekstaal voorkom of ontstaan het as alternatiewe, geestige name. Met behulp van eksosentriese komposita word dikwels beknopte beskrywings van sake gegee, met bahuvrihi-samestellings as 'n opvallende subgroep van hierdie soort naamgewing. Samestellings met 'n eienaam blyk ook 'n gewilde wyse van naamgewing te wees.

Hoofstuk 6: Benamings

Affek speel 'n gewigtige rol in die skep van benamings vir mense. Op die positiewe pool van affek kom troetelname en name wat spreek van bewondering voor. Suiwer neutrale benamings is skaars, aangesien daar by die meerderheid benamings wat nie regtig as duidelik positief of negatief beskou kan word nie, wel 'n opvallende element van humor en selfs spot geïnkorporeer is in die woord se betekenis. Negatiewe benamings is legio, wisselend vanaf ligte spot- en byname, tot sterk affekties-gelaaide skimp-, skel- en haatname.

Hoofstuk 7: Eufemisme en disfemisme

Eufemisme word primêr ter wille van versagting of verbloeming gebruik. Eufemismes ontstaan onder andere uit bygeloof, ontsag vir God, die duiwel en die dood. Ter wille van fatsoenlikheid word eksplisiete benamings van sake wat as onweloweglik beskou word, soos sekere liggaamsdele en -funksies, ook liefs vermy en vervang deur verbloemende woorde. Hoflikheid is die aanleidende faktor vir die gebruik van sekere eufemismes vir liefdesake, sowel as onaangename sake soos dronkenskap, misdaad, straf, ensovoorts. Talryke eufemismes toon 'n sterk geestige element, tot so 'n mate dat dit in etlike gevalle debatteerbaar is of die lekseme wel eufemismes is. Disfemisme is die gebruik van 'n skertsende, ruwe of aanstootlike woord of uitdrukking pleks van 'n aangenamer benaming of beskrywing van 'n saak. In kontras met eufemismes wat versagend

en melioratief gebruik word, tree disfemismes versterkend en pejoratief op. Tog het etlike disfemistiese uitdrukkings ontstaan as eufemismes wat betekenisverslegting ondergaan het. Subgroepe van disfemisme soos vulgarismes en kragwoorde word ook bespreek.

Hoofstuk 8: Gewestelike en sosiolinguistiese variëteite

Dialekte en sosiolekte is besonder ryk bronne van eksosentriese komposita. Onder gewestelike taal word verstaan die besondere taalvariëteite binne 'n sekere (geografiese) streek. Idiosinkratiese variëteite wat nie noodwendig geografies gebonde is nie, maar wat gebesig word deur spesifieke sosiale groepe, word sosiolekte genoem. Hieronder ressorteer byvoorbeeld tienertaal, studentetaal, weermagtaal en kindertaal. Eksosentriese komposita is veral funksioneel in die informele styl en register van Afrikaans as omgangstaal.

Hoofstuk 9: Slot, samevatting en bevindinge

In die slothoofstuk word 'n bondige oorsig van die inhoud van die proefskrif aangebied. Gevolgtrekkings waartoe die navorser in hierdie studie kan kom, word daargestel. Die aandag word gefokus op moontlike leemtes in die werk, wat ruimte bied vir verdere navorsing. Redes waarom sekere aspekte nie aangespreek is nie, word verskaf.

HOOFSTUK 2

EKSOSENTRIESE KOMPOSITA – 'N OORSIG

2.1 *Inleiding*

Geen mens bestaan in isolasie nie, maar wel in 'n wêreld gevul met ander persone, konkrete voorwerpe, abstrakte idees, lewende organismes, subkulture en vele ander sake. Al hierdie sake moet in die mens se taal benoem word. Die wyse waarop die mens sy/haar natuurlike omgewing en die wêreld interpreteer, beskryf en benoem, word beskryf deur die kognitiewe taalkunde. Die term “**mentale representasie**” kan gebruik word vir “enige soort kognitiewe konstruksie wat (as betekenis) met 'n naam geassosieer word” (Swanepoel, 2001: 251). In die Afrikaanse leksikon kom daar veel meer betekenis-konsepte of mentale representasies voor as leksikale items (name) wat hierdie betekenis oordra.

Nuwe sake en begrippe ontstaan voortdurend in die wêreld om ons en vereis naamgewing in die taal. Nuutskepping is nie die enigste wyse waardeur nuwe sake of referente benoem word nie. Soms vind betekenisuitbreiding plaas sodat bestaande lekseme gebruik word om nuwe betekenis oor te dra. Bestaande lekseme word ook deur middel van afleiding verander of deur samestelling aan mekaar verbind om nuwe woorde te vorm.

Samestellings of komposita is morfologies geledede woorde, bestaande uit twee of meer samestellende dele. Afgesien van sekere onselfstandige voegsel-elemente wat in komplekse bousels voorkom, is die samestellende dele of **konstituente** van hierdie komposita stamme met woordkorrelate. Die onmiddellike stukke van 'n samestelling kan dus onafhanklik optree as simplekse of ongelede woorde.

Semanties kan onderskeid getref word tussen drie soorte samestellings in die morfologie, naamlik **eksosentriese**, **endosentriese** en **neweskikkende samestellings**. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die vernaamste kenmerke van eksosentriese komposita, wat dit onderskei van endosentriese en neweskikkende komposita.

2.2 *Endosentriese en neweskikkende komposita*

Eksosentriese, endosentriese en neweskikkende komposita is drie groepe samestellings wat bestaan uit twee of meer stamme met selfstandige woordkorrelate. Die verhouding van die stamme tot mekaar in die samestellings verskil egter, wat dan ook lei tot die onderskeid tussen die drie groepe.

Die betekenis van 'n **endosentriese samestelling** is betreklik maklik afleibaar uit die betekenis van die stamme. Vergelyk die volgende:

1. *klerekas* → “Kas om klere in te pak en/of op te hang” (HAT, 1994: 535)
2. *grasgroen* → “Met die groen kleur van gras” (HAT, 1994: 307)

Die betekenis van beide bostaande endosentriese komposita spruit logies voort uit die betekenis van die samestellende dele. 'n *Kas* is 'n meubelstuk wat dien as bergplek vir iets. *Klere* is kledingstukke van 'n sekere materiaal wat as liggaamsbedekking en versiering deur mense gedra word. Hieruit spruit die betekenis van *klerekas* as geheel, naamlik “'n bergplek vir kledingstukke”. Die verhoudingsinterpretasie van die stamme van endosentriese komposita verskil van mekaar, na gelang van onder andere die woordsoort van 'n kompositum, vergelyk *grasgroen* wat 'n adjektief is, versus 'n selfstandige naamwoord soos *klerekas*. Die woord *gras* benoem 'n groot verskeidenheid plantsoorte met skraal stingels en smal blare. Die adjektief *groen* benoem 'n sekere kleur. Die samestelling van die twee elemente lei tot die woord *grasgroen* wat beteken “'n kleur wat so groen is soos gras”. Ten spyte van sekere verskille in die interpretasie van verskillende soorte endosentriese komposita, is dit egter wel duidelik dat die betekenis van hierdie woorde in kort beskryf kan word as **semanties deursigtig** en **maklik afleibaar** uit die betekenis van die samestellende dele.

Hoewel die detail van stamverhoudings binne spesifieke endosentriese komposita verskil en die verhoudings op verskillende wyses geïnterpreteer moet word, staan die stamme van endosentriese komposita primêr altyd in 'n **kern-bepaler-verhouding** tot mekaar:

	Bepaler	+	Kern	→	Endosentriese samestelling
3.	klere	+	kas	→	<i>klerekas</i>
4.	gras	+	groen	→	<i>grasgroen</i>

Die laaste stam in elke samestelling, naamlik *-kas* en *-groen*, is die woord se **kern** of **hoofelement**, wat ook bepaal tot watter woordsoort die samestelling as geheel behoort. Die eerste stamme, naamlik *klere-* en *gras-* is die **bepalers** wat die funksie het om die kerne nader te spesifiseer. 'n Spesifieke soort *kas* (kern) word dus nader omskryf as juis 'n *kas* waarin *klere* (bepaler) geberg word, versus kaste waarin voedsel, linne, skoene of iets anders geberg word (vergelyk *koskas*, *linnekas*, *skoenkas*, *geweerkas*, *televisiekas*, ensovoorts). Uit hierdie kern-bepaler-verhouding spruit ten slotte ook 'n verdere kenmerkende eienskap van 'n endosentriese kompositum, naamlik dat so 'n samestelling as 'n geheel 'n **hiponiem** van die kern as superordinaat is: 'n *klerekas* is dus 'n **soort kas**, *grasgroen* is 'n **soort groen**, en so meer.

In **neweskikkende komposita** staan die stamme op 'n gelyke vlak, in 'n neweskikkende én-én-verhouding tot mekaar:

5. *Frans-Duits* → “Betrekking hebbende op Frankryk en Duitsland” (HAT, 1994: 224)
6. *doofstom* → “Doof en ook stom” (HAT, 1994: 161)

By neweskikkende samestellings is daar geen sprake van 'n kern-bepaler-verhouding soos by endosentriese komposita nie. Elk van die neweskikkende komposita se betekenis is as't ware 'n “optelsom” van die betekenis van hul stamkorrelate. Die samestelling *Frans-Duits* beteken dus “én Frans én Duits”, en *doofstom* “én doof én stom”, met die stamme in elke kompositum op 'n gelyke vlak, met 'n gelyke invoer tot die geheelbetekenis van elke samestelling.

In die bespreking hierbo is die vernaamste kenmerke van endosentriese en neweskikkende komposita baie kortliks saamgevat om te dien as 'n teenpool vir eksosentriese komposita wat die fokuspunt van hierdie studie is. Struktureel mag eksosentriese komposita dieselfde voorkoms as endosentriese komposita hê, maar semanties verskil dit heeltemal van beide endosentriese en neweskikkende samestellings.

2.3 Eksosentriese komposita

Hierdie hoofstuk is 'n samevatting van die belangrikste kenmerke van eksosentriese komposita, soos dit aangebied is in *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). In bovermelde verhandeling is 'n studie gemaak van die sintaktiese, morfologiese en

semantiese eienskappe van eksosentriese komposita, asook die verskillende wyses waarop hierdie woorde in Afrikaans ontstaan het.

Terwyl die betekenis van endosentriese en newskikkende komposita maklik afgelei kan word uit die betekenis van die stamme waaruit die lekseme bestaan, verskil 'n **eksosentriese samestelling** daarvan deurdat “neither constituent describes what kind of object the compound is” (Jackendoff, 1975: 657). Die betekenis van 'n eksosentriese samestelling kan dus nie afgelei word uit die betekenis van sy samestellende dele nie. Vergelyk die volgende voorbeelde van samestellings:

7. ***blindevink*** → “gereg van dun repies beesvleis, opgerol gaar gemaak, soms met vulsel” (NW, 1988: 63)
- geelvink* → “n geelkleurige vink” (WAT, 1957: 78)
- blindeskool* → “Skool vir blindes” (HAT, 1994: 92)

Wanneer bostaande samestellings *blindevink*, *geelvink* en *blindeskool* met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die woord *blindevink* semanties nie op dieselfde wyse geïnterpreteer kan word as die ander twee komposita nie. Hierdie interpretatiewe verskil lê opgesluit in die mate waarin die woorde deursigtig is. Semantiese deursigtigheid is “the extent to which there is a clear match between meaning and form” (Bauer, 1994: 189). By die woorde *geelvink* en *blindeskool*, wat albei een stam in gemeen het met *blindevink*, is hierdie “clear match” tussen die betekenis en vorm van elke woord teenwoordig, met die gevolg dat die woorde **semanties deursigtig** is. Die woorde beteken onderskeidelik “soort vink” en “soort skool”, met die kerne *-vink* en *-skool* wat nader deur die bepalers *geel-* en *blind(e)-* gespesifiseer word.

Daar heers ook 'n **hiponimie**-relasie tussen elke endosentriese kompositum en sy kernstam. In kontras hiermee is die kompositum *blindevink* **semanties ondeursigtig**, aangesien die betekenis van die samestelling glad nie herleibaar is na die betekenis van *blind(e)-* of *-vink* nie. Daar is ook geen sprake van 'n hiponimie-relasie tussen die samestelling en sy laaste stam nie. Die lekseem *blindevink* kan dus as **eksosentriese kompositum** geklassifiseer word, en *geelvink* en *blindeskool* as **endosentriese komposita**. Vir 'n verdere bespreking van die hiponimie-relasie in endosentriese en eksosentriese komposita, vergelyk Van Niekerk (2001: 48-52).

Met betrekking tot die studie van eksosentriese komposita kan die aandag verder gevestig word op die volgende alternatiewe betekenis van die lekseem *geelvink*:

8. *geelvink* → “(*geselst., nie alg.*) Goue pond” (WAT, 1957: 78)

Terwyl *geelvink* as beskrywende benaming vir “'n geel vink” semanties deursigtig is, is dieselfde woord ondeursigtig wanneer dit gebruik word as benaming vir “'n goue pond”. Hoewel 'n sekere verband ten opsigte van kleur waarneembaar is tussen die voël en die geldstuk, is daar geen manier waarop enigiemand sonder voorafgaande kennis van die alternatiewe betekenis van die woord *geelvink* ooit sou kon aflei dat dit as 'n benaming vir 'n goue pond gebruik kan word nie. In hierdie geval is die woord dus 'n eksosentriese samestelling, “d.i. een denkeenheid die meer of/en anders is dan de som van de componenten” (De Groot, 1966: 109). Volgens Swanepoel (1993: 97) is daar 'n magdom terme in omloop om uitdrukkings van hierdie aard te beskryf:

“[N]aas semantiese voorspelbaarheid en arbitrariteit word ook gewag gemaak van die semantiese spesialisering, leksikalisering, kompositionaliteit, deursigtigheid, idiomatisiteit of gemotiveerdheid van 'n ... uitdrukking.”

In hierdie proefskrif sal volstaan word by die beskrywing van eksosentriese komposita as **semanties ondeursigtige samestellings**. In bostaande voorbeeld is daar tot 'n mate nog sprake van 'n verwantskap tussen die morfologiese en semantiese kenmerke van die samestellende dele en die samestelling self. *Geelvink* as eksosentriese samestelling is byvoorbeeld ook 'n selfstandige naamwoord soos die laaste stam *vink*, wat as kern optree in die endosentriese samestelling *geelvink*. Daar is ook 'n semantiese verband tussen die geel van *geelvink* en die goudgeel kleur van 'n pond. By ander eksosentriese komposita is daar egter vir alle praktiese doeleindes geen waarneembare verband tussen die samestelling en die stamme wat dien as invoer nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

9. *nerfskeel* → (bw.) “Amper, hittete” (HAT, 1994: 697)
nerf → “1 Oneffenheid, riffelagtigheid op huid of vel ... 2 Geraamtedraad van 'n blaar” (HAT, 1994: 697)
skeel → “(skeler, -ste) b.nw. en bw. Met 'n gebrek waardeur die oogasse nie op dieselfde punt gerig kan word nie” (HAT, 1994: 929)
of “ww. 1. verskil, afwyk ... 2. ontbreek, makeer, kortkom ... 3. hinder, aangaan” (NW, 1988: 455)

Vergelyk ook: “*Fyn van nerf wees*, fyngesoelig, kortgebakerd. *Op 'n nerf na*, amper. *Dit was so nerf-nerf of ek het geval*, so amper” (HAT, 1994: 697).

Dit is baie moeilik om te verklaar hoe die samestelling *nerfskeel* ontstaan het. Die eerste lid, *nerf*, kan moontlik verwys na “iets wat uiters fyn, effens of onsigbaar is”, soos die geraamtedraad van 'n blaas, of die byna onsigbare oneffenhede op 'n mens se vel wat *nerwe* genoem word. Die tweede lid, *skeel*, het waarskynlik meer te doen met die werkwoordelike funksie van die woordkorrelaat, dit wil sê “iets wat verskil, afwyk, ontbreek of kortkom”. Voeg die twee dele se betekenisrelasies saam, en daar kan afgelei word dat *nerfskeel* moontlik kan beteken “iets wat baie fyn verskil” of “'n minimale tekortkoming”, wat dan uiteindelik kan lei tot die bywoordelike betekenis van “amper, hittete”. In hierdie geval toon die samestelling uiters min kenmerke van die twee insette *nerf* en *skeel*. Van 'n **kern-bepaler-verhouding** is daar gevolglik geen sprake by *nerfskeel* nie, al sou dit by *geelvink* as eksosentriese samestelling wel tot 'n mate die geval kon wees. So ook is die **hiponimierelasie**, wat kenmerkend van endosentriese komposita is, afwesig by *nerfskeel*.

'n Belangrike moontlike verklaring vir die ontstaan van *nerfskeel* lê eerder in die vaste uitdrukking “op 'n nerf na” wat “amper” beteken. Die betekenis van hierdie uitdrukking is logies afleibaar en deursigtig as analogievorm van die uitdrukking “op 'n haarbreedte na” met *haarbreedte* of *haardikte* wat die betekenis dra van “heel weinig” (HAT, 1994: 327, s.v. “haarbreedte”). Soortgelyke uitdrukkings vir *amper* kan dus gebruik word met verskillende woorde wat die betekenis van “heel weinig” in die frase weergee, byvoorbeeld “op 'n haarbreedte / haardikte / veldikte / nerf na”.

2.3.1 Die semanties ondeursigtige aard van eksosentriese komposita

Eksosentriese komposita kan beskryf word as semanties ondeursigtige, polimorfemiese lekseme wat nie-letterlik verstaan moet word op dieselfde wyse as idiomatiese uitdrukkings. 'n **Idioom** is 'n “verbinding van elemente wat as geheel 'n betekenis het wat nie uit die betekenis van die afsonderlike elemente afgelei kan word nie, m.a.w. nie as 'n samewerking van betekenis beskou kan word nie” (De Villiers, 1976: 134). Eksosentriese komposita, waar dieselfde gebrek aan 'n “samewerking van betekenis” gevind word, is dus in werklikheid **idiomatiese** of **metaforiese**

samestellings. Die idiomatiese aard van eksosentriese komposita lei ook tot die beskrywende benaming van die soort lekseme as **leksikale idiome** (Fraser, 1970: 23), met langer idiomatiese uitdrukkings as **frasale idiome**. Vergelyk die volgende lekseme waar die betekenis van die stamme nie enige leidraad verskaf tot die betekenis van die samestelling nie:

10. *agterklap* → “Skinderpraatjies” (HAT, 1994: 33)
11. *drumpelvreter* → “Persoon wat baie rondkuier” (WAT, 1955: 356)
12. *grootdak* → “Hemelruim” (WAT, 1957: 459)
13. *maerman* → “Westewind” (HAT, 1994: 639)
14. *spookasem* → “Donserige lekkergoed, suikerdons” (HAT, 1994: 992)

Bostaande samestellings is elkeen semanties ondeursigtig, met 'n **figuurlike, idiomatiese** betekenis. Volgens De Groot (1966: 125) “kan de hoorder nooit het compositum op grond van de betekenissen van de constituerende woorden of morfemen ‘begrijpen’ ”. In kontras hiermee is endosentriese komposita, soos reeds gesien, **nie-idiomaties** van aard, met 'n **letterlike, deursigtige** betekenis. Vergelyk ook die volgende voorbeelde wat op die kontrasterende aard van eksosentriese en endosentriese komposita wys:

15. **Eksosentrië** (met 'n **figuurlike** betekenis):
bakvissie → “(fig.) Opgeskote meisie tussen 14 en 17 jaar” (HAT, 1994: 58)
16. **Endosentrië** (met 'n **letterlike** betekenis):
goudvis → “Klein, goudkleurige varswatervissie” (HAT, 1994: 302)

Die geheelbetekenis van endosentriese komposita soos *goudvis*, is 'n “amalgamation of the meanings of the parts of that structure” (Chafe, 1968: 111). Hierdie amalgamasie ten opsigte van die woorddele se betekenis is afwesig by eksosentriese samestellings, net soos by idiome. Die arbitrêre aard van eksosentriese komposita veroorsaak dat die kenmerk van “non-translatability of idioms” (Kooij, 1968: 251) ook by hierdie woorde geld. Vergelyk bostaande komposita se Engelse vertalings:

17. *bakvissie* → * Eng. “bake(d) fish”; * “bowlfish”
Korrekte vertaling: Eng. “bobby-soxer” (TW, 1991: 44) (dus ook 'n Engelse eksosentriese kompositum)
18. *goudvis* → Eng. “gold-fish”

Soos gesien, lei die vertaling van 'n eksosentriese kompositum soos *bakvissie* se samestellende dele nie tot 'n grammatikaal-korrekte en betekenisvolle eindproduk nie, terwyl dit gewoonlik moontlik is om endosentriese komposita op hierdie wyse te vertaal. Een van die ontstaanswyses van eksosentriese komposita in Afrikaans is wel leenvertaling van anderstalige eksosentriese komposita of vaste uitdrukkings. In beide tale is die woord dan semanties ondeursigtig of arbitrêr. Vergelyk die volgende samestellings ontleen aan Engels:

19. *eendstert* → “Jongmens ... met lang hare wat agter soos 'n eend se stert gekam is” (HAT, 1994: 182); na die Engels “ducktail”
20. *ruk-en-rol* → “Jazz ... (asook) wilderige dans” (HAT, 1994: 879); na die Engels “rock-‘n-roll”
21. *warmbrak* → “worsbroodjie” (uit die spreektaal); na die Engels “hotdog”
22. *vadertjie-langbeen* → “langbeenspinnekop” (uit die spreektaal); na die Engels “daddy-long-legs”

Sekere markante onderskeidende eienskappe van eksosentriese komposita is in hierdie afdeling bespreek. Hierdie eienskappe van (prototipiese) eksosentriese komposita is:

- morfologiese gelededheid / polimorfemiese struktuur
- semantiese ongelededheid
- semantiese ondeursigtigheid / idiomatisiteit
- die afwesigheid van 'n hiponimie-relasie tussen die samestelling en sy laaste stam
- nie-vertaalbaarheid

Uit bovermelde eienskappe kan afgelei word dat eksosentriese komposita uniek en onvoorspelbaar van geaardheid is. Hierdie opsomming van eienskappe maak dit ook duidelik dat eksosentriese komposita as 'n konsep dieselfde eienskappe vertoon as 'n simpleks, naamlik dat dit “[the] smallest semantically irreducible unit” (Kooij, 1968: 251) in taal is.

2.3.2 Gradeerbaarheid van semantiese ondeursigtigheid

“The uniqueness or unpredictableness of the meaning of compounds is furthermore a matter of degree” volgens Kooij (1968: 252). Hoewel alle eksosentriese komposita semanties ondeursigtig is, in die sin dat dit onmoontlik is om die betekenis van so 'n samestelling af te lei slegs uit die

betekenis van sy samestellende woorddele, toon 'n vergelykende studie van die korpus eksosentriese komposita dat die ondeursigtigheid van hierdie woorde **gradeerbaar** is. Sekere eksosentriese komposita, soos bahuvrihi-samestellings, is eintlik betreklik deursigtig, aangesien 'n spesifieke, opvallende eienskap van 'n entiteit of persoon benoem word:

23. *dubbelloop* → “geweer met twee lope” (NW, 1988: 117)
24. *haasbek* → “Iem. met 'n haasbek (mond waarin 'n tand of 'n aantal tande ontbreek)” (WAT, 1972: 23)
25. *kromkop* → “Viool” (WAT, 1991: 238)
26. *tweetoon* → “volstruis” (Kok, 1947c: 19)

Ander lekseme toon **kernstamme**, nes endosentriese komposita, wat dit makliker maak om die betekenis van die lekseem af te lei:

27. *dertienuur* → “(skerts.) Baie laat i/d nag” (WAT, 1955: 93)
28. *oujongnooi* → “Ongetroude vrou ouer as die ouderdom waarop vroue gewoonlik trou” (HAT, 1994: 773)
29. *ouderlingspilletjie* → “Skertsende benaming vir 'n klein, tabletvormige, sterk geparfumeerde lekkergoedsoort, dikw. i/d mond gehou om 'n aangename geur a/d asem te gee of o.a. by uitgerekte kerkraadsvergaderinge gebruik” (WAT, 1955: 134, s.v. “diakenlekker”)

Net soos bostaande woorde se eindstamme optree as kerne (soos by endosentriese komposita), besit 'n groot hoeveelheid eksosentriese komposita ook 'n eerste stam wat optree as **bepaler**, wat tot gevolg het dat die betekenis van die woord tot 'n sekere mate deursigtig is:

30. *na-aap* → “Nadoen, navolg – soms om te spot” (HAT, 1994: 685)
31. *senuweeorrel* → “Persoon wat baie opgewonde, senuweeagtig, prikkelbaar van geaardheid is” (HAT, 1994: 909)
32. *skindertong* → “skinderaar” (GAS, 1995: 326)
33. *tranedal* → “Wêreld wat vol droefheid is” (HAT, 1994: 1 098)
34. *woelwater* → “Onrustige mens, kind” (HAT, 1994: 1 285)

Sekere eksosentriese komposita funksioneer as **beknopte beskrywing** van sekere sake. Die voorkoms van die entiteit, dier of persoon wat benoem word, dien dus as semantiese skakel wat dit moontlik maak om die betekenis van so 'n kompositum ten dele te voorspel uit die betekenis van die samestellende konstituente:

35. *hemelbesem* → “Baie lang persoon” (WAT, 1972: 175)
36. *hottentotsrys* → “Eiers of larwes van miere, wat soos rys lyk en as 'n lekkerny deur Hottentotte en Boesmans geëet is” (WAT, 1972: 418)
37. *klimop* → “Benaming vir verskillende soorte klim- of rankplante” (HAT, 1994: 538)
38. *oubrood* → “(*geselstaal*) Klappers” (WAT, 2000: 856)
39. *waterwurm* → “lang gly-speelbaan van plastiek, met water gebruik” (uit die spreektaal)
40. *witgoud* → “ghwano (vroeër besonder kosbaar)” (uit die spreektaal)

Metaforiese samestellings soos die volgende dien ook as beskrywings van referente op dieselfde wyse as wat bostaande samestellings spesifiek die voorkoms van die saak wat benoem word, beskryf:

41. *bokkesprong* → “Uitvlug, ekskuus” (HAT, 1994: 100)
42. *brood-en-botter* → “amp, beroep ... inkomste, verdienste” (GAS, 1995: 58)
43. *genadebrood* → “Lewensonderhoud uit barmhartigheid, sonder dat die ontvanger daar reg op het of daarvoor gewerk het” (WAT, 1957: 143)

Die etimologiese oorsprong van sekere eksosentriese komposita bied soms 'n (moontlike of gedeeltelike) verklaring vir die betekenis van so 'n woord, hoewel die woord ondeursigtig mag voorkom:

44. *bitterhoutjie* → “'n wip of tuisgemaakte handpomp – so genoem weens die inspanning waarmee die pompwerk gepaard gaan” (WAT, 1950: 422)
45. *wittebrood* → “vakansie v.d. huwelikspaar na die bruilof; Ndl. *wittebroodsdagen* ... in teenstelling van *zwart broot*, roggebrood ... iets heerliks” (AE, 1967: 728)
46. *riem-afkou* → “'n koue *Suidoostewind* (enige hond sou naamlik in so 'n wind sy riem afkou en skuiling soek)” (Kok, 1947c: 19)

47. *domkrag* → “werktuig om 'n voorwerp, gew. 'n voertuig, mee op te lig” (NW, 1988: 108) etimologie: “Ndl. *dommekracht* waarin *dom* 'n ou wv. v. *doem/duim* is, naam n.a.v. krag ontw. deur die druk van 'n duim op 'n hefboom” (AE, 1967: 204)

Prototipiese eksosentriese komposita is semanties ondeursigtig. Die woorde kan ook beskryf word as “**volledig niekomposisioneel (arbitrêr)**” (Swanepoel, 1993: 100), soos die volgende:

48. *boerespinasie* → “'n Gereg bestaande uit jong pampoenstingeltoppe, aartappels, tamaties en uie” (WAT, 1950: 467)
49. *donkielong* → “konsertina” (uit die spreektaal)
50. *engele-te-perd* → “Nagereg bestaande uit oesters gebraai in 'n omhulsel van sout en varkspek” (WAT, 1955: 552)
51. *goggatik* → “Dansparty” (WAT, 1957: 344)
52. *krulopsolder* → “Koeksister” (WAT, 1991: 337)

Hierdie leksikale idiome is dus gekonvensionaliseer in die sin dat hul betekenis en gebruik nie voorspel kan word op 'n basis van slegs kennis in verband met die geïsoleerde konsituente nie.

Na aanleiding van komposita wat reeds in hierdie afdeling bespreek is, kan gradeerbaarheid van semantiese deursigtigheid soos volg geïllustreer word:

53. **Semanties deursigtig** ←————→ **Semanties ondeursigtig**
klerekas → *dubbelloop* → *skindertong* → *grootdak* → *bitterhoutjie* → *bakvissie*

Die graadverskille in semantiese deursigtigheid maak dit moeilik, selfs onmoontlik, om 'n vaste grenslyn tussen endosentriese en eksosentriese komposita te trek. Endosentriese komposita en prototipiese eksosentriese komposita verteenwoordig die twee uiterste pole, met *klerekas* in hierdie diagram as volkome deursigtig en *bakvissie* as volkome ondeursigtig. Verskillende skakerings van deursigtigheid word gevind tussen hierdie twee pole. Bahuvrihi-komposita soos *dubbelloop* is nog tot 'n groot mate deursigtig, maar nie soveel soos endosentriese komposita nie. Eksosentriese komposita met 'n kern- of bepalerstam soos *skindertong* is nog meer ondeursigtig, en beknopte beskrywings of figuurlike samestellings soos *grootdak* volg as semanties

ondeursigtige woorde. Samestellings soos *bitterhoutjie* is reeds volkome ondeursigtig nes *bakvissie*, maar die betekenis van sulke woorde kan wel nog tot 'n geringe mate afgelei word uit die etimologie van die komposita se konstituente. Vir meer besonderhede oor die gradeerbaarheid ten opsigte van semantiese deursigtigheid by eksosentriese komposita, vergelyk Van Niekerk (2001: 52-66) vir 'n breedvoerige bespreking en skaaldiagram van hierdie aspek.

Hoewel komposisionaaliteit 'n groot rol speel in die deursigtigheid van 'n kompositum, is 'n taalgebruiker se linguale sowel as ekstra-linguale kennis, asook die mate waarin hierdie kennis hom van hulp is om 'n (moontlike) verband te sien tussen die letterlike en figuurlike betekenis van 'n eksosentriese kompositum, deurslaggewende faktore by die verstaan van die komposita. Semantiese (on)deursigtigheid is dus 'n **subjektiewe** verskynsel wat onderhewig is aan 'n aantal veranderlikes. Sonder proefondervindelike toetsing van taalgebruikers is dit onmoontlik om te bepaal tot watter mate komposita deursigtig of ondeursigtig is. Taaldeskundiges en veral etimoloë mag sekere woorde as volkome deursigtig ervaar, terwyl dit vir die deursnee-taalgebruiker ondeursigtig kan wees. Ouer persone ken soms die afkoms van sekere woorde, soos *goggatik*, wat aan die nuwer geslag onbekend is. Taalkennis in verband met sekere uitdrukkings varieer ook van streek tot streek. 'n Woord soos *riem-afkou* maak byvoorbeeld deel uit van Namakwalandse streektaal en mag in daardie gebied alombekend en deursigtig wees, terwyl die betekenis van die woord in die res van die land onbekend, onverklaarbaar en ondeursigtig is.

Taalkundige, ensiklopediese en algemene kennis, sosiale stand, lewenswyse en lewensruimte van die taalgebruiker is slegs 'n paar van die veranderlikes wat die deursigtigheid al dan nie van komposita vir 'n sekere taalgebruiker kan beïnvloed. Selfs veranderlikes soos geslag, ouderdom, intelligensie, politieke affiliasie en religieuse aspekte kan 'n invloed hê op die taalgebruik van persone binne 'n sekere subkultuur, en daarom ook op die gebruik en begrip van eksosentriese komposita. (Meer hieroor in afdeling 8.3). Dimensies in verband met verskillende grade van semantiese deursigtigheid het dus nie vas-afgebakende grense nie en is ook nie wedersyds uitsluitend nie, maar eerder buigsaam, plooibaar en oorvleuelend.

Semantiese ondeursigtigheid by eksosentriese komposita het tot gevolg dat verskeie van hierdie woorde **misleidend** kan wees vir persone aan wie dit nie bekend is nie:

54. *voëlvry* → “Buite die beskerming van die wet; blootgestel aan vervolging van almal” (HAT, 1994: 1 222)

Verkeerde afgeleide betekenis: * “so vry, ongebonde soos 'n voël”

Die woord *voëlvry* is op die oog af 'n endosentriese kompositum met die betekenis “vry soos 'n voël”. Dit is maklik om te sien hoedat 'n woord soos hierdie in vele gespreksituasies heeltemal verkeerd geïnterpreteer kan word deur iemand wat nie die korrekte betekenis van *voëlvry* ken nie. So 'n persoon kan veral sukkel om die kloutjie by die oor te bring aangesien die woord as positief ervaar kan word in sy letterlike betekenis, in kontras met die ware negatiewe konnotasie onderliggend aan die korrekte betekenis. Die volgende is voorbeelde van soortgelyke misleidende eksosentriese komposita:

55. *maermerrie* → “In die gesels- of omgangstaal, benaming vir die skeen” (HAT, 1994: 639)
* “'n maer merrie”
56. *stokkiesdraai* → “Skelmpies uit die skool bly” (HAT, 1994: 1 026)
* “stokkies in die rondte draai”; * “stokke of hout met 'n draaibank bewerk”
57. *ystergordyn* → “Politieke, militêre en ideologiese versperring wat Rusland en sy satellietlande van ander lande afgeskei en geïsoleer het” (HAT, 1994: 1 295)
* “gordyn of ander behangsel wat van yster gemaak is”
58. *koekpan* → “Ysterbak wat op 'n spoorbaantjie of langs 'n boggrondse draad kan beweeg en o.a. gebruik word om erts, grond, gruis, sand te verplaas” (HAT, 1994: 553)
* “koekpan, pan waarin koek gebak word”
59. *bombalie* → “lawaai, opskudding” (AE, 1967: 178)
* “bom in 'n balie; balie waarin 'n bom geberg word”

Eksosentriese komposita se semantiese struktuur kan nie afgelei word van die morfologiese struktuur daarvan, en die semantiese struktuur van die samestellende dele nie. Anders as by endosentriese komposita ontbreek 'n kern-bepaler-verhouding tussen 'n eksosentriese samestelling se konstituente; ook is die betekenis van so 'n samestelling nie die optelsom van die betekenis van sy konstituente, soos by neweskikkende samestellings nie. Op die oog af kom bostaande voorbeelde voor as endosentriese komposita, met 'n letterlike betekenis wat uit die konstituente afgelei kan word en sin kan maak in baie situasies waarin so 'n woord gebruik mag word. Die woorde is dus potensieel misleidend, sou 'n taalgebruiker nie bewus wees van die ware betekenis van die samestelling nie, en dit gebruik word in 'n situasie waar die verkeerd-afgeleide betekenis sin maak. Sulke situasies kan veral maklik ontstaan wanneer Afrikaans gebesig word deur tweedetaalsprekers.

Afgesien van moontlike foutiewe betekenis wat aan komposita gekoppel kan word omdat die woorde dubbelsinnig is, kan dit gebeur dat woorde soos hierdie “deliberately be *made* ambiguous, in such cases where they are understood in an unexpected sense” (Kooij, 1968: 253). Vergelyk die volgende sin:

60. Hannes gaan môre *stokkiesdraai* in die houtwerkklas.

Beteken bostaande uiting dat Hannes skelm van sy houtwerkklas gaan wegbly, dat hy skelm in die houtwerkklas gaan bly terwyl hy eintlik 'n ander klas moet bywoon, of dat hy 'n stuk hout met die draaibank gaan bewerk in sy houtwerkklas? Om so 'n dubbelsinnige uiting korrek te interpreteer is 'n duidelike konteks of buitetalige kennis nodig. As Hannes beskou word as stout, onbetroubaar en geneig om skelm uit klasse weg te bly, is die figuurlike (en wel korrekte) betekenis van die eksosentriese kompositum van krag. Sou hy egter bekend wees as 'n voorbeeldige seun, of iemand met 'n voorliefde vir houtwerk, is dit waarskynlik dat die samestelling letterlik geïnterpreteer moet word, met 'n betekenis wat in werklikheid nie as die samestelling se korrekte betekenis beskou word nie.

2.3.3 Samestellings met 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis

In die leksikon is daar verskeie soorte veranderinge wat voortdurend plaasvind. Sekere woorde verouder en raak in onbruik. Terselfdertyd word nuwe lekseme soos samestellings, endosentriese

en eksosentries, geskep om nuwe begrippe oor te dra. Die taal word egter nie alleen deur nuutskepping vernuwe nie, maar ook deur “die wysiging van die betekenis” (De Villiers, 1976: 106) van bestaande lekseme. So kan 'n bestaande deursigtige samestelling se betekenis gewysig of uitgebrei word om na ander sake te verwys. Vergelyk:

61. *gifbeker*

Letterlik: “Beker wat 'n giftige drank bevat” (HAT, 1994: 283)

Figuurlik: “Giftige sampioensoort” (HAT, 1994: 283)

Die samestelling *gifbeker* het dus twee betekenisonderskeidings, waarvan een die letterlike, oorspronklike betekenis is en een 'n figuurlike betekenis, wat ontstaan het deur betekenisoordrag. **Betekenisverandering** kan ingedeel word onder hoofde soos die volgende: “verruiming, verenging, veredeling, verslegting, metaforiese en assosiatiewe oordrag, ontlening aan vreemde en groeptale” (Smuts, 1958: 23). In 'n samestelling soos bestaande het **metaforiese** of **assosiatiewe oordrag** plaasgevind. Ter verduideliking kan verwys word na Müller (1861/64) se definisie van **metafoor** soos dit in Verster (1975: 27) aangegee word:

“Metaphor generally means the transferring of a name from the object to which it properly belongs to other objects which strike the mind as in some way or another participating in the peculiarities of the first object”.

In die geval van *gifbeker* is die beskrywende en deursigtige endosentriese samestelling wat dien as naam van een objek, naamlik “'n beker wat 'n giftige drank bevat”, oorgedra na 'n ander objek wat vir die taalgebruiker 'n ooreenkoms inhou met die eerste objek. Hierdie ooreenkoms is altyd 'n gedeeltelike: “dit is voldoende dat daar onder die vele eienskappe wat 'n objek karakteriseer, één is wat ook as essensiële moment van 'n ander begrip verskyn” (Verster, 1975: 33). Tussen die twee objekte wat deur die lekseem *gifbeker* benoem word, is slegs 'n ooreenkoms ten opsigte van die aanwesigheid van 'n gifstof in beide, met geen ander punt van ooreenkoms soos byvoorbeeld in die voorkoms van die objekte nie.

Metaforiek kan as 'n “**uitbreidingsmeganisme**” (Van Huyssteen, 1998: 1) beskou word, waardeur 'n sekere woord of uitdrukking **semantiese uitbreiding** ondergaan, sodat dit van toepassing gemaak kan word op 'n referent uit 'n ander domein. Die verskynsel van metaforiese,

semantiese uitbreiding by samestellings kom keer op keer ter sprake in hierdie proefskrif.
Vergelyk ook:

62. *hartebloed*

Letterlik: “Bloed uit die hart” (HAT, 1994: 348)

Figuurlik: “Die beste wat iemand het of waartoe hy in staat is” (HAT, 1994: 348)

63. *slakkegang / slakkepas*

Letterlik: “Die gang van 'n slak” (HAT, 1994: 952)

Figuurlik: “Uiters langsame gang” (HAT, 1994: 952)

64. *hekseketel*

Letterlik: “Ketel waarin hekse allerhande kruie tot toordranke, toormiddels kook”
(WAT, 1972: 149)

Figuurlik: “Verwarde toestand; plek waar die toestand onrustig en verward is”
(WAT, 1972: 149)

Taal is so dinamies dat prosesse van betekenisverandering of -oordrag verskeie kere kan plaasvind, totdat een samestelling 'n ryke verskeidenheid betekenis kan aanneem. Vergelyk:

65. *dikkop* → “s.nw. **1** Domkop, onnosel persoon. **2** Narigheid na 'n drinkery ... **3** Voël met lang pote ... **4** Bruinerige vissie ... **5** Siekte by skape en perde ...
b.nw. en bw. Dof suf in die kop” (HAT, 1994: 150)

66. *maanhaar* → “**1** Langerige nekhare by sommige diere ... **2** Leeumannetjie. **3** Rif in die middel van 'n uitgerode grondpad; middelmannetjie **4** Bergrug”
(HAT, 1994: 638)

67. *blinkoog* → “**1** Diamant. **2** **Blinkoog** Die duiwel” (HAT, 1994: 92)

“antichris” (GAS, 1995: 53)

“Bangmaakwese met een oog wat i/d donker blink. **7**. Tieptol” (WAT, 1950: 436)

blinkogie → “**1** Groot geitjie met uitpeuloë ... **2** Akkedissie met sterk skubbe”
(HAT, 1994: 92)

“[soort] voël” (WAT, 1957: 277, s.v. “glaasogie”)

“Klein weerkaatser, gewoonlik ... in verkeerstekens gebruik” (HAT, 1994: 92)

Daar is dus uiteindelik vir 'n objek of begrip eweveel metafore moontlik as wat dit eienskappe het. Terselfdertyd kan 'n enkele baie opvallende karakteristieke eienskap van 'n objek lei tot die metaforiese oordrag van die objek se naam na enige of alle ander objekte wat dieselfde kenmerkende eienskap vertoon. Volgens Verster (1975: 33) kan elke metafoor weer die oordragtelike karaktertrek verskillend nuanseer en verder ontwikkel deur sinekdogisering, metonimisering en metaforisering, sodat 'n ketting, oftewel “Metaphernketten” ontstaan, met lede wat uiteindelik selfs geen ooreenkoms meer met die oorspronklike grondbegrip het nie.

Een van die betekenisonderskeidings van 'n woord is gewoonlik meer gebruiklik en bekend as die ander. In die volgende voorbeelde is die letterlike betekenis van elke samestelling waarskynlik aan meer persone bekend:

68. *kookwater*

Letterlik: “Water wat kook” (WAT, 1984: 309)

Figuurlik: “Brandewyn ... b.n. en bw. ... **1.a.** Baie vinnig, haastig ... **b.** Lewendig, beweeglik ... skitterend ... **c.** Plesierig, voorspoedig ... **2.** Kwaai, omgekrap” (WAT, 1984: 309)

69. *kalweroog*

Letterlik: “Oog van 'n kalf, of ook soos dié van 'n kalf” (WAT, 1968: 159, s.v. “kalfsoog”)

Figuurlik: “Oopgebreekte eier wat so gaargemaak is dat die dooier heel i/d eierwit bly en soos die oog van 'n kalf lyk” (WAT, 1968: 159, s.v. “kalfsoog”
“**2.** (*delw.*) Groot diamant; osoog. **3.** (*nie alg.*) Dik, ronde lekker, gew. met gekleurde strepe of kolle. **4.** (*nie alg.*) Soort erdvrug wat bo-op die grond groei” (WAT, 1968: 189)

By ander samestellings kan dit weer die figuurlike betekenis wees wat meer gebruiklik en bekend is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

70. *witbroodjie*

Letterlik: “verkleiningsvorm van witbrood, 'n brood van gesifte meel” (uit die spreektaal)

Figuurlik: “Gunsteling” (HAT, 1994: 1 284)

71. *hanepoot*

Letterlik: “Poot van 'n hoenderhaan” (HAT, 1994: 343)

Figuurlik: “Wit of rooi tafeldruiwe” (HAT, 1994: 343)

72. *trekpleister*

Letterlik: “Pleister om kwaad, etter uit 'n wond te trek” (HAT, 1994: 1 101)

Figuurlik: “Iets, iemand wat 'n mens sterk aantrek, lok, wat 'n bepaalde plek of geleentheid aantreklik maak” (HAT, 1994: 1 101)

Dit kan ook gebeur dat verskeie betekenisonderskeidings, letterlik sowel as figuurlik, van 'n samestelling byna ewe bekend is aan die gemiddelde taalgebruiker:

73. *sneeubal*

Letterlik: “Bal van saamgeperste sneeu” (HAT, 1994: 966)

Figuurlik: “2 Plant van die geslag *Viburnum* uit die kanferfoeliefamilie ... 3 Sneebalsisteem ... ww. ... Vinnig (en buite beheer) toeneem” (HAT, 1994: 966)

74. *stokperdjie*

Letterlik: “As speelgoed, stok (met 'n perdekop) waarop kinders ry” (HAT, 1994: 1 026)

Figuurlik: “Liefliingsonderwerp, -tydverdryf” (HAT, 1994: 1 026)

75. *tieroog*

Letterlik: “Oog van 'n tier” (HAT, 1994: 1 083)

Figuurlik: “Aantreklike, natuurlike siersteen van die katoogtipe” (HAT, 1994: 1 083)

Soms kan 'n spesifieke betekenisonderskeiding, wat op een tydstip die gebruiklikste is, “met verloop van tyd egter minder gebruiklik word of selfs verdwyn hoewel die woord bly voortbestaan” (Smuts, 1964: 22). Vergelyk die volgende:

76. *haasoor* → “1. Oor van 'n haas. 2. (*skerts.*) Donkie ... 3. (*plantk.*) a. Volksnaam vir enkele *Strapeliasoorte* ... b. **haasoortjie**. Alpeviooltjie ... 4. (*nie alg.*) Soort tabak met 'n lang blaar” (WAT, 1972: 24)
- haasore* → “antenna” (uit die spreektaal)

Die algemene gebruik van televisie, en die kenmerkende voorkoms van haasoor-antennas het tot gevolg gehad dat die betekenisonderskeiding van “antenna” vir so lank as 'n paar dekades aan die orde van die dag was by die gebruik van die woord *haasore*. Tans is hierdie soort antenna besig om verouderd en in onbruik te raak. Dié betekenisonderskeiding van *haasore* wat enkele jare gelede die gebruiklikste was, is dus besig om te verouder en kan binne enkele jare heeltemal verdwyn.

Sou woorde soos bogenoemde voorbeelde gebruik word sonder 'n duidelike konteks, kan die woorde dubbelsinnig en misleidend wees. Volgens Botha (1968: 194) “when compounds which have both a metaphorical and a non-metaphorical sense occur as constituents of expressions whose setting is unknown, they ‘ambiguate’ these expressions”. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

77. Die jagter skiet op die paar *haasore* agter die bossie.
78. Agter die televisie steek 'n paar *haasore* uit.
79. Die *haasore* trek maar swaar aan die karretjie.
80. Sy pluk 'n paar *haasoortjies* en sit dit in 'n vasie.

Dis redelik maklik om af te lei dat *haasore* in sin 76 die letterlike betekenis aanneem van “die ore van 'n haas”, in sin 77 beteken dit “antenna”, in sin 78 “donkies” en in sin 79 beteken *haasoortjies* waarskynlik “alpeviooltjies”. Ekstra-linguale kennis by die taalgebruiker lei daartoe dat die aanname gemaak kan word dat 'n jagter nie op 'n donkie of 'n antenna sal skiet nie, dat beide hase en donkies nie algemeen in 'n TV-kamer aangetref word nie, maar antennes wel, dat 'n (donkie)kar gewoonlik deur donkies getrek word, en nie deur hase nie, en dat iemand waarskynlik alpeviooltjies sal pluk om in 'n blompotjie te sit, en nie tabak nie. Sou die woord *haasore* egter

sonder konteks gebruik word, is dit onmoontlik om af te lei watter een van die moontlike betekenisse aan die woord gekoppel behoort te word:

81. Die *haasore* is groot.

Met hierdie sin kan verwys word na die grootte van 'n regte haas se ore, donkies, plante, tabak en 'n antenna. Die sin is dus dubbelsinnig en misleidend, aangesien dit onmoontlik is om sonder addisionele kontekstuele inligting vas te stel watter referent in werklikheid ter sprake is.

By sommige van die voorbeelde wat hierbo genoem is, kan die verwantskap tussen die letterlike en figuurlike betekenis maklik gesien word. Hierdie verskynsel staan bekend as **polisemie**, naamlik dat 'n enkele “woord verskillende verwante betekenisse (die verskillende **polisemiese waardes** van 'n woord) kan hê” (De Stadler, 1989: 61). Die komposita is lede van polisemiese pare, waar elke lekseem “meer as een betekenis het, maar ... 'n onderlinge betekenisverband” (De Stadler, 1989: 62) tussen die verskillende betekenisse vertoon. Anders gestel, die idee agter polisemie is dat woorde verskillende, maar verwante, betekenisonderskeidings of -skakerings kan hê met 'n “family resemblance to one another” (Lakoff, 1990: 12).

In die volgende woordpare is een betekenis telkens **deursigtig**, **nie-metafories** en **letterlik** van aard, en word die woorde daarom as endosentriese komposita geklassifiseer. Elke woord het ook 'n alternatiewe betekenis wat **ondeursigtig**, **metafories (idiomaties)** en **figuurlik** van aard is, sodat dit onder eksosentriese komposita ressorteer.

82. *paddaeiers* → Endosentries: “Eiers van 'n padda” (HAT, 1994: 777)
Eksosentries: “(*geselst.*) Sagopoeding” (HAT, 1994: 777)
83. *hoendervleis* → Endosentries: “Vleis van 'n hoender” (HAT, 1994: 381)
Eksosentries: “Toestand van 'n mens se vel wanneer dit soms as gevolg van skrik, vrees, afgryse, ens., bleek en knoppiesrig word soos die vel van 'n hoender” (HAT, 1994: 381)
84. *eikeblaar* → Endosentries: “Blaar van 'n eikeboom” (WAT, 1955: 476)
Eksosentries: “Papiergeld, banknote” (WAT, 1955: 476)

85. *slakkehuis* → Endosentries: “... skulp van 'n slak” (HAT, 1994: 952)
Eksosentries: “Spiraalvormige orgaan as gedeelte van die doolhof in die inwendige oor” (HAT, 1994: 952)

Die verband tussen die letterlike en figuurlike betekenis van die samestellings lê in bostaande gevalle in 'n opsigtelike ooreenkoms in die fisieke voorkoms van die sake. So is *paddaeiers* 'n alternatiewe, geestige benaming vir 'n sagopoeding, aangesien die gereg so duidelik herinner aan regte paddaeiers. Die verstaan van sulke eksosentriese komposita is dus afhanklik van ekstra-linguale kennis spesifiek in verband met die voorkoms van die voorwerpe wat oorspronklik deur die endosentriese komposita benoem is, sowel as die voorkoms van die sake waarop die benamings nou figuurlik van toepassing gemaak word. “Once the terms have been accepted into the vocabulary of the language it is, of course, no longer necessary that the speaker should be aware of the original basis for the comparison” (Bauer, 1979: 47). Gevestigheid in die leksikon kan dus lei tot 'n toename in die ondeursigtigheid van 'n samestelling. By ander komposita, soos die volgende, is die betekenisverband ietwat vaer, of die ooreenstemming in voorkoms is minder duidelik:

86. *ganskop* → Endosentries: “Kop van 'n gans” (WAT, 1957: 26)
Eksosentries: “Geelpiesang” (WAT, 1957: 26)
87. *halfsewe* → Endosentries: “Op 'n tydstep 'n halfuur na ses, voor sewe” (WAT, 1972: 47)
Eksosentries: “(fig., skerts.) [Effens] skeef” (WAT, 1972: 47)
88. *swanesang* → Endosentries: “Sang wat 'n swaan volgens die volksgeloof kort voor sy dood sing” (HAT, 1994: 1 055)
Eksosentries: “Laaste komposisie of gedig van 'n komponis of 'n digter voor sy dood; laaste werk, optrede van 'n persoon” (HAT, 1994: 1 055)

By ander samestellings wat 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis dra, is daar egter geen semantiese verband tussen die onderskeie betekenis van die woorde nie. By sekere woorde was daar tydens die ontstaan van die samestelling se figuurlike gebruik 'n verband met die

oorspronklike letterlike betekenis, wat met verloop van tyd vervaag het, sodat daar vir die hedendaagse taalgebruiker gevolglik geen waarneembare semantiese verband tussen die lekseem se onderskeie betekenis en gebruike is nie. Hierdie aspek kan ook waargeneem word in die volgende voorbeelde:

89. *naaldekoker* → Endosentries: “Koker om naalde in te hou” (HAT, 1994: 685)
Eksosentries: “vlieënde insek met 'n lang, dun liggaam” (NW, 1988: 332)
90. *skoenlapper* → Endosentries: “Ambagsman wat stukkende skoene lap, herstel” (HAT, 1994: 937)
Eksosentries: “Insek ... met vier bontgekleurde vlerke ... vlinder” (HAT, 1994: 937)
91. *eierdans* → Endosentries: “Dans vroeër op kermisse, ens., tussen eiers deur wat op die grond lê, waarby geprobeer is om nie die eiers aan te raak of te breek nie” (WAT, 1955: 471)
Eksosentries: “Behendige redenering om uit 'n netelige situasie te ontsnap” (HAT, 1994: 188)

By hierdie soort voorbeelde het ons te doene met **homonieme**, oftewel “[v]erskillende woorde met dieselfde vorm” (De Villiers, 1976: 67). Daar is dus byvoorbeeld eintlik twee verskillende homonimiese lekseme met die vorm *naaldekoker*, waarvan een homoniem *naaldekoker* 'n endosentriese kompositum is, met die betekenis “'n koker waarin naalde gehou word”, en die ander homoniem *naaldekoker* 'n eksosentriese kompositum is, wat die betekenis dra van “'n soort insek”. 'n Vergelyking tussen die bundels semantiese en grammatikale onderskeidende kenmerke van 'n homoniempaar, sal soos volg daar uitsien:

92. *naaldekoker*:

“koker waarin naalde gehou word”

“vlieënde insek; vlinder”

<ul style="list-style-type: none"> + soortnaamwoord + dun, silindervormig + gebruiksartikel - lewend - insekagtig - vlieg as eienskap

<ul style="list-style-type: none"> + soortnaamwoord + dun, silindervormig - gebruiksartikel + lewend + insekagtig + vlieg as eienskap

By baie komposita, soos *naaldekoker*, sou 'n mens kon debatteer of die woordpare polisemies of homonimies van aard is: daar is 'n fisieke ooreenkoms tussen die koker en die insek, waaruit dan die ontstaan van die lekseem as benaming vir die insek gespruit het. Die woorde was dus oorspronklik poliseme, maar vandag is die lekseem *naaldekoker* in sy letterlike betekenis egter so onbekend en weinig gebruiklik, dat die woorde eerder as homonieme geklassifiseer kan word. Anders gestel, die woordpare toon 'n “**diachroniese** betekenisverband tussen die lekseme ... terwyl die hedendaagse Afrikaanse moedertaalspreker geen **sinchroniese** betekenisverband tussen die woorde kan waarneem nie” (Van Niekerk, 2001: 108). Dieselfde geld by die ander woordpare, waar dit die **figuurlike**, ondeursigtige betekenis van *eierdans* en *schoenlapper* is wat eerste in die gedagtes van die taalgebruiker opkom, of waar dit selfs die enigste betekenis van die samestellings is waarvan 'n taalgebruiker bewus is.

2.4 Opmerkings oor eksosentriese komposita

Hoewel die doel van hierdie proefskrif nie is om teoretiese bevindinge of ander teorieë in verband met polisemie en homonimie te lewer of te bewys nie, kan dit wel genoem word dat bovermelde soort komposita, soos *naaldekoker*, 'n bydraende faktor is in die problematiese aard van polisemie en homonimie. Laat ons egter in hierdie verband volstaan by Lyons (1981: 148) se uitspraak: “the problem of distinguishing between homonymy and polysemy is, in principle, insoluble”.

'n Verdere kwessie wat kortliks genoem moet word is die feit dat die **morfologiese kompleksiteit**, al dan nie, van 'n aansienlike aantal woorde debatteerbaar is. Woorde soos *domkrag*, *luiperd*, *bombalie*, *bokmakierie*, *ottermaklotter*, *pikkewyn*, en vele andere, kan deur sommige morfoloë geklassifiseer word as morfologies-simplekse woorde. Vergelyk in hierdie opsig ook sekere van die klanknabootsende name, volksetimologiese skeppings, kindertaaluitdrukkings, ensovoorts, wat later in hierdie proefskrif bespreek word. Ter wille van volledigheid word verskeie leksikale items as eksosentriese komposita in hierdie proefskrif gelys (as randelemente binne die klas eksosentriese komposita as prototipiese kategorie), ten spyte van die debatteerbaarheid van hul morfologiese kompleksiteit. By sekere van hierdie woorde toon die etimologie daarvan wel 'n komplekse struktuur. Sekere woorde kan miskien beskou word as diachronies geled, maar sinchronies ongeled. By ander kan sekere (stam)dele, wat ooreenstemming toon met simplekse in die leksikon, binne die woorde onderskei word, net soos by prototipiese samestellings. Nog

ander leksikale items besit 'n stam-element wat nie 'n selfstandige woordkorrelaat in die taal het wat as simpleks optree nie, maar wat wel in 'n verskeidenheid verskillende woorde voorkom, dikwels met 'n spesifieke betekeniswaarde. Vergelyk onder andere *tjok-en-blok*, met die deel *tjok* wat nie as simpleks voorkom nie, maar as deel in verskeie komplekse lekseme soos *tjokker*, *tjokarend* en *tjokvol*. Sekere woorde wat dus die **voorkoms** van morfologiese kompleksiteit en meerledigheid vertoon, word vir die doel van hierdie studie beskou as eksosentriese komposita.

Verder word daar ook nie streng onderskeid getref tussen verskillende soorte eksosentriese komposita nie. Sekere prototipiese eksosentriese komposita, soos *woelwater* en *goggatik*, kan glad nie optree as endosentriese komposita met 'n deursigtige betekenis nie, en die betekenis van hierdie woorde kan ook geensins uit die samestellende dele afgelei kan word nie. Ander komposita is heelwat deursigtiger, met woorde soos bahuvrihi-samestellings as 'n besonder deursigtige sub tipe eksosentriese komposita. Nog ander woorde is in werklikheid endosentriese komposita wat metaforiese uitbreiding ondergaan, om figuurlik en semanties ondeursigtig **op te tree** in sekere situasies. Vir die doel van hierdie studie word al hierdie verskillende en oorvleuelende subtypes samestellings almal as **eksosentriese komposita** gelys en bespreek.

'n Afleiding wat gemaak kan word uit die voorafgaande bespreking en voorbeelde, is dat eksosentriese komposita 'n rol van kardinale belang in die leksikon speel. Sekere voorbeelde in hierdie hoofstuk toon naamlik hoedat die figuurlike betekenis van 'n woord (samestelling of simpleks) belangriker, meer gebruiklik en bekend kan wees as die oorspronklike, letterlike betekenis van so 'n woord. Uiteraard kan so 'n samestelling dan ook eerder as 'n eksosentriese kompositum geklassifiseer word, in stede van 'n endosentriese samestelling.

2.5 Samevatting

Diachroniese studies toon dat alle tale 'n dinamiese aard het en voortdurend verander in klankvorme, grammatika en leksikon. Afrikaans is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Neologismes word voortdurend geskep, en nuutskepping vind ook plaas deur prosesse van samestelling en afleiding. Daar is kortliks gekyk na die aard van neweskikkende en endosentriese komposita, terwyl die res van die hoofstuk gewy is aan 'n oorsigtelike bespreking van eksosentriese komposita. Die aard van idiomatiese of eksosentriese komposita is onder die loep

geneem, veral die **semantiese ondeursigtigheid** van hierdie soort samestellings (in kontras met endosentriese en neweskikkende komposita).

Afgesien van **nuutskepping**, is **betekenisverandering** die belangrikste proses waardeur (nuwe) sake, begrippe en ander referente in die taal benoem word. Dit het tot gevolg dat 'n bestaande lekseem se betekenis tot so 'n mate gewysig kan word dat dit, afgesien van die woord se oorspronlike betekenis, nog een of selfs meer betekenis kan wen. By samestellings loop ons dus nou die verskynsel raak dat 'n samestelling wat oorspronklik deursigtig was, met 'n letterlike betekenis, ook verskeie ander betekenis kan toon. Hierdie alternatiewe figuurlike betekenis kan wissel vanaf deursigtig tot heeltemal ondeursigtig. Soos gesien, is daar dikwels 'n duidelike verwantskap tussen die verskillende betekenis van 'n samestelling. So 'n samestelling het dan verskillende **polisemiese waardes**, waarvan een 'n letterlike, deursigtige waarde is en een of meer ondeursigtige, idiomatiese of figuurlike waardes is. Soms is daar egter geen betekenisverband tussen twee samestellings wat vormlik identies is ten opsigte van ortografie en fonologie nie. In so 'n geval is die komposita ter sprake **homonieme** van mekaar. Sekere samestellings kan dus as beide 'n endosentriese en 'n eksosentriese samestelling geklassifiseer word. Ten slotte is aangedui hoedat dit nie noodwendig die oorspronlike deursigtige betekenis van 'n samestellings is wat vandag bekend is en algemeen gebruik word nie, maar soms wel die figuurlike betekenis van so 'n woord as eksosentriese kompositum.

'n Gedetailleerde bespreking van die ontstaan en vernaamste karakteristieke aspekte van eksosentriese komposita kan gevind word in Van Niekerk (2001). Die inhoud van bovermelde studie is kortliks in hierdie hoofstuk saamgevat as 'n inleidende, oorsigtelike blik op eksosentriese komposita as die spil waaróm hierdie proefskrif as 'n geheel draai. In die volgende hoofstuk word die kognitiewe proses van konseptuele vermenging bespreek as 'n werktuig waarmee sekere aspekte ten opsigte van die voorkoms en gedrag van eksosentriese komposita verklaar kan word.

HOOFSTUK 3

KONSEPTUELE VERMENGING

3.1 *Inleiding*

Konseptuele vermenging of “conceptual blending” is, volgens kenners in die veld van die kognitiewe wetenskap en kognitiewe linguistiek, soos Gilles Fauconnier, Mark Turner, Joseph Grady, Todd Oakley, Seana Coulson en andere, 'n kognitiewe proses wat 'n onontbeerlike rol speel in menslike denke en dade. Die bespreking van konseptuele vermenging in hierdie hoofstuk is gebaseer op resent verskeie artikels deur Fauconnier en Turner (1995, 1997, 1998, 2000), asook Joseph Grady, Todd Oakley en Seana Coulson in (Grady e.a. 1999; Coulson & Oakley, 2000; Grady, 2000).

Fauconnier en Turner bied 'n insiggewende detailbespreking aan van die beginsels en meganismes van konseptuele vermenging in *The way we think* (2003). Volgens Fauconnier en Turner kan die verskynsel van konseptuele vermenging waargeneem word in diverse domeine soos “grammar, mathematics, inferencing, computer interfaces, action, and design” (2003: vi). Voeg hierby ook “linguistics, psychology, computer science, and neurobiology” (Coulson & Oakley, 2000: 175) en dit word duidelik waarom Fauconnier en Turner van die perspektief uitgaan dat konseptuele vermenging in werklikheid noodsaaklik is vir **alle denk- en leerprosesse** (2003: vi). Volgens hulle is konseptuele vermenging ook verantwoordelik vir die **ontstaan** van taal, kuns, godsdiens, die wetenskappe en ander uitsonderlike menslike gebruike en bekwaamhede. In hierdie hoofstuk word konseptuele vermenging bespreek veral soos dit vergestalt word in die taalgebruik, asook die rol wat dit speel in taalverwerwing. Uiteindelik word konseptuele vermenging dan van toepassing gemaak op die wyse waarop eksosentriese komposita ontstaan, aangeleer en gebruik word.

3.2 *Konseptuele vermenging: 'n oorsig*

Deur middel van die teorie van konseptuele vermenging / konseptuele integrasie word gepoog om 'n verklaring te lewer van onder andere die wyse waarop die menslike verbeeldingskrag

funksioneer. In Coulson en Oakley (2000) en veral in die meer omvattende werke deur Fauconnier en Turner (1998; 2003), word konseptuele vermenging breedvoerig bespreek as “a theoretical framework for exploring human information integration” (Coulson & Oakley, 2000: 176). Volgens Fauconnier en Turner (1998) is 'n relatief klein stel komposisionele prosesse werksaam in die kreatiewe konstruksie van betekenis in komplekse verskynsels soos analogie en **metafoor**, sowel as die begrip van grammatikale konstruksies en selfs in die mees eenvoudige konstruksies van betekenis. Konseptuele vermenging behels 'n **kognitiewe proses** waartydens 'n denkbeeldige scenario voorgestel word wat elemente of kenmerke van twee of meer verskillende en selfs kontrasterende begrippe aanneem. Die gevolg van konseptuele vermenging is dan “an imaginative mental creation” (Fauconnier & Turner, 2003: 23) naamlik 'n “blend” of **mengvorm** wat kenmerke van albei oorspronklike begrippe dra, asook ekstra elemente wat uniek is aan die mengvorm.

Konseptuele vermenging is in baie gevalle 'n onsigbare, onbewustelike aktiwiteit wat nie net onontbeerlik vir ingewikkelde artistieke en wetenskaplike vermoëns is nie, maar ook “crucial to even the simplest kinds of thought” (Fauconnier & Turner, 2003: 18). Fauconnier (2001: 6) maak die stelling dat, sodra die mens eenmaal die proses van konseptuele integrasie aangeleer het, dit moeilik of selfs onmoontlik is om nie voortdurend gebruik daarvan te maak nie.

Ter illustrasie: wanneer 'n kok 'n vatlappie gebruik om 'n warm kastrol op te tel, vind daar byna onbewustelik konseptuele vermenging plaas in die verbeelding van die doener. In een moontlike mentale scenario is die kastrol warm, die kok tel die kastrol op sonder 'n vatlappie, die kastrol brand haar, sy laat val die kastrol, die kokende inhoud spat op haar, die ete is geruïneer, ensovoorts. In 'n tweede moontlike geval gebruik die kok 'n vatlappie om die kastrol te hanteer, sy brand dus nie, laat val nie die kastrol nie, laat nie die inhoud uitspat nie, die ete is veilig en eetbaar. Daar kan selfs meer moontlike scenario's wees, soos dat die kok die kastrol sonder 'n vatlappie hanteer, maar dat die kastrol nie so warm is dat dit haar brand nie, of dat die kastrol met 'n vatlap opgetel word, maar dat die lap gly en die inhoud juis as gevolg van die gebruik van die vatlap uitgemors word. Binne selfs 'n breukdeel van 'n sekonde word sekere van hierdie moontlike gebeurtenisse voor die geestes oog geroep, die gevolge teen mekaar opgeweeg en die scenario wat die veiligste skyn te wees, gekies. Hierdeur word die besluit geneem om die kastrol met 'n vatlap te hanteer ten einde die moontlikheid dat die kok brand en die maaltyd uitmors, te

verklein. Hierdie voorbeeld rugsteun die bewering dat “speed and invisibility” (Fauconnier & Turner, 2003: 18) belangrike karakteristieke eienskappe van konseptuele vermenging is.

Soos gesien in bostaande voorbeeld, beskik persone oor algemene kennis, gespesifiseerde kennis, historiese kennis, voorkennis, ensovoorts, in verband met selfs so 'n alledaagse situasie as om kos te maak. Die term **konseptuele domein** verwys na 'n samevattende bundel inligting in verband met die domein (bron sowel as teiken) waaroor 'n persoon beskik. 'n Konseptuele domein word deur Turner en Fauconnier (1995: 183) beskryf as 'n “basic structure of entities and relations at a high level of generality”. In die voorbeeld van die kok is die konseptuele domein 'n bundel kennis in verband met **kookkuns** in die algemeen, met funksionele elemente wat binne hierdie domein hoort, soos die kok, maaltye, bestanddele (olie), kookgereedskap (kastrolle), toestelle (stowe), gevare (brand), ensovoorts.


Die term **mentale ruimte** of “mental space” (Turner & Fauconnier, 1995: 184; Coulson & Oakley, 2000: 176) word gebruik vir kleiner konseptuele pakkette inligting in verband met sekere spesifieke situasies wat voortdurend gekonstrueer en gerekonstrueer word wanneer 'n persoon dink, iets leer of gesprekke voer. Mentale ruimtes is ook onderling verbind aan mekaar en word immerdeur gewysig soos wat 'n gesprek, denk- of leerproses vorder. Volgens Coulson en Oakley (2000: 176) is daar in die mentale ruimtes van persone “partial representations of entities and relations of any given scenario as perceived, imagined, remembered, or otherwise understood by a [person]”.

'n Voorbeeld van meer bewustelike konseptuele vermenging kan waargeneem word in byna enige situasie waar 'n voornemende koper 'n huis waarin hy belangstel, inspekteer. Die koper (K) kyk na 'n huis (A) wat te koop is en visualiseer hoe dieselfde plek sal lyk as hy daarin sou woon. Vermenging kan op 'n groter skaal plaasvind as die huis nog ten volle gemeubileer is met ander mense se persoonlike besittings oral rond, of as die plek baie verwaarloos, stukkend en vuil is. K moet nou verskeie vermengingsprosesse aanwend: eerstens word die meubels wat in die huis is, verwyder, tweedens word die huis skoongemaak, derdens word die huis opgeknep, vuil matte vervang deur mooi teëls, die mure word geverf, stukkende gordynkappe, ruite en ligskerms vervang, mure word uitgebreek, vertrekke vergroot, ensovoorts.

Ten slotte, nadat grootskaalse mentale veranderings plaasgevind het aan die huis se voorkoms, word K se eie meubels wat in sy ou huis is na die nuwe huis geskuif, in die verskillende vertrekke gesit, en daar word selfs gedink aan nuwe meubels wat gekoop moet word om die ideale effek te bereik. Hierdie veranderings wat minstens weke mag duur om te realiseer, selfs maande of jare, word dalk in 'n kwessie van sekondes in die vrugbare verbeelding van K volvoer. Die verkoopsagent kan hierdie proses aanhelp as deel van goeie verkoopstegniek, deur dalk aan K te sê: “Verbeel jou net ... daar speel rustige musiek en jy sitlê gemaklik met 'n glasië wyn in 'n sagte gemakstoel by daardie groot koepelvenster met die wonderlike uitsig oor die stad”. In sy verbeelding sien K homself in hierdie scenario en as hy van die geestesprentjie hou, kan dit heelwat invloed uitoefen op sy besluit om die huis te koop.

Volgens Coulson en Oakley (2000: 177) kan die verbindings tussen mentale ruimtes gebaseer wees op verskillende relasies soos onder andere **identiteit**, **similariteit**, **analogie**, en **pragmatiese funksies** gebaseer op metonimie, sinekdogee en voorstelling. In die huiskoop-scenario wat hierbo bespreek is, is daar byvoorbeeld 'n identiteitsprojeksie tussen die koper op die stadium wat hy na die huis kyk en die koper as eienaar/bewoner van die huis, 'n paar maande of jare in die toekoms. Daar is ook projeksies ten opsigte van similariteit en analogie in verskeie elemente van die huis se voorkoms: dieselfde huis met ander meubels, dieselfde badkamer met mooier teëls, die tuinuitleg verander, ensovoorts. Die koper kan hierdie veranderings visualiseer, selfs vinnig berekenings maak om te probeer bepaal of hy finansieel daartoe in staat gaan wees om grootskaalse veranderings aan te bring. Gaan dit lonend wees om die huis teen 'n bedrag X te koop en 'n verdere bedrag Y te moet spandeer om sy drome werklikheid te maak?

Vermenging as mentale proses kan met behulp van 'n **diagrammatiese voorstelling** duideliker geïllustreer word. Vergelyk die volgende diagram van bostaande **huiskoop**-geval:



FIGUUR 3-1: KONSEPTUELE VERMENGING IN 'N HUISKOOP-SCENARIO

In figuur 3-1 word die mengvorm N voorgestel as die afvoer van die proses wat plaasvind tydens die vermenging van invoer A en B. Mengvorm N toon karakteristieke elemente van beide invoere, asook nuwe elemente wat as newe-produkte ontstaan tydens die vermenging. Bostaande vermenging is 'n voorstelling van 'n **minimale konseptuele integrasie-netwerk** met 'n minimum van vier mentale ruimtes wat daarin voorkom, naamlik twee invoerruimtes, een mengvorm en 'n generiese mentale ruimte. In die **generiese mentale ruimte** word inligting saamgevat wat in beide invoerruimtes voorkom. Die generiese ruimte “contains more abstract organisation

common to all spaces in the network and defines the core cross-space mapping between them” (Grygiel, 2004: 287). In die huiskoop-scenario bevat die generiese ruimte dus ongeveer die volgende inligting: “iemand bewoon 'n gemeubileerde huis met 'n sekere décor, toestand en voorkoms”.

Konseptuele vermenging wat plaasvind as enkele, losstaande, minimalistiese prosesse is in werklikheid baie seldsaam. Vermenging vind by uitstek plaas binne meer komplekse konseptuele integrasie-netwerke wat “several input spaces and even multiple blended spaces” (Fauconnier & Turner, 2003: 47) vertoon. Sou die koper hierbo byvoorbeeld 'n paar verskillende huise besigtig, of daaraan dink om 'n huis te koop met die doel om dit te verhuur, vind daar veel meer prosesse van vermenging plaas.

In hierdie oorsig is konseptuele vermenging slegs in breë hooftrekke bespreek. Die proses van konseptuele vermenging kan nou deurgevoer word na die voorkoms daarvan binne taalgebruik in die algemeen, en eksosentriese komposita in die besonder. Ter wille van meer volledigheid sal sekere van die vernaamste aspekte van konseptuele vermenging in fyner besonderhede bespreek word in die gedeelte oor eksosentriese komposita, aangesien dit hierdie komposita is wat die hooftema van die proefskrif uitmaak.

3.3 Konseptuele vermenging in taalgebruik

Die mens beskik oor die unieke vermoë om 'n legio nuwe taaluitdrukkings te gebruik en te verstaan. Hierdie kreatiewe eienskap van menslike taal het tot gevolg dat persone kan kommunikeer oor enigiets wat hul wil, “[t]hey can say *what* they want *when* they want” (Aitchison, 1998: 31). Konseptuele vermenging is die meganisme wat hierdie unieke eienskap van menslike taalgebruik moontlik maak.

Tot dusver is konseptuele vermenging bespreek soos dit in ekstralinguale situasies plaasvind. Dieselfde soort vermenging vind plaas in die spraak en taalgebruik, en ook in die wyse waarop taal aangeleer word. Selfs baie eenvoudige taalkonstruksies steun op vermenging wat meer kompleks mag wees as wat die taalgebruiker sou kon dink. Volgens Fauconnier en Turner is dit

belangrik om te vergeet van vroeëre begrippe soos die vaste betekenis van 'n uitdrukking en veel eerder betekenisaspekte te beskou as die **betekenispotensiaal** van 'n uitdrukking:

“Meaning potential is the essentially unlimited number of ways in which an expression can prompt dynamic cognitive processes, which include conceptual connections, mappings, blends, and simulations” (Fauconnier & Turner in Nerlich e.a. 2003: 79).

Met betrekking tot die betekenispotensiaal van 'n uitdrukking is dit byvoorbeeld natuurlik om aan te neem dat adjektiewe vaste eienskappe aan selfstandige naamwoorde toeskryf. Vergelyk egter die volgende sin:

1. Johan is *gesond*.

Die woord *gesond* kan in hierdie sin 'n verskeidenheid betekenis aanneem, dit wil sê, die woord het 'n wye betekenispotensiaal. Die mees voor die hand liggende betekenis is waarskynlik “vry van siekte”, maar *gesond* kan in die gegewe sin ook enigeen van die volgende, of 'n kombinasie van die volgende betekenis aanneem: “liggaamlik sterk”, “frisgebou”, “vet”, “sterk”, “aktief”, “met goeie eet- of slaapgewoontes”, “met goeie lewensgewoontes wat betref byvoorbeeld higiëne, drank- of dwelmmisbruik”, “ordentlik”, “opreg en eerlik”, “met sterk morele waardes”, “geestelik gebalanseerd”, en vele meer. Op die oog af lyk dit so maklik en vanselfsprekend om 'n eenvoudige en algemeen-gebruikte woord soos *gesond* in 'n eenvoudige sinnetjie korrek te vertolk. As die wye verskeidenheid moontlike betekenis-skakerings wat wel aan die woord in hierdie enkele sin toegedig kan word in ag geneem word, is dit duidelik dat die taalgebruiker meer komplekse mentale prosesse moet uitvoer om vas te stel watter betekenis die regte een is. Die suksesvolle konstruksie van die korrekte betekenis in situasies soos hierdie is volgens Coulson en Oakley (2000: 178) te danke aan die feit dat taalgebruikers gebruik maak van “background knowledge, general cognitive abilities, and information from the immediate discourse context to help them decide when to partition incoming information and how to establish mappings among elements in different spaces”.

Sodra 'n sin binne 'n sekere, spesifieke **konteks** gebruik word, is dit makliker om te weet watter betekenis aan al die woorde, en die sin as geheel, gekoppel moet word. Word bostaande voorbeeldsin gebruik deur 'n verpleegster in 'n hospitaal, wat dit as uiting rig aan die ouers van

Johan ('n pasiënt), is dit waarskynlik dat die woord *gesond* verband hou met “herstel van 'n siekte, hetsy fisies of geestelik”. Sou Johan egter bespreek word in kontras met 'n oneerlike misdadiger, kan afgelei word dat die woord *gesond* eerder gebruik word in terme van morele waardes en gedrag, dat Johan 'n eerlike, ordentlike persoon is met 'n sterk karakter, wat kontrasteer met die misdadiger se morele waardes en optrede. 'n Onderwyser kan sê: “Johan is 'n ongesonde kind, maar sy boetie is baie sportief”, sodat *sportief* die betekenis van “fisies gesond”, “aktief” en selfs ook “geestelik gesond” dra. Die betekeniswaarde wat aan *sportief* toegeskryf moet word, is afhanklik van die betekenis wat *ongesond* dra, moontlik “liggaamlik swak en sieklik”, “bederf”, “lui of ongedissiplineerd”, “moreel bederf, met swak waardes”, “verslaaf aan dwelms”, ensovoorts. Om die regte betekenis en betekenisnuanses vir 'n oënskynlik eenvoudige woord met 'n oënskynlik eenvoudige betekenis af te lei, is dus 'n baie meer komplekse proses as wat dit met die eerste oogopslag voorkom. In die (soms baie ingewikkelde) prosesse wat plaasvind om die korrekte betekenis van 'n woord te kry, is konseptuele vermenging essensieel.

Om 'n duideliker beeld van konseptuele vermenging te gee, kan die voorbeeld van die begrip *gesond* uitgebrei word. In die volgende sinne dra *gesond* telkens 'n ander betekenis:

2. Die kind is *gesond*. (nie fisies siek; nie geestelik siek; sportief; aktief)
3. Vrugte is *gesond*. (bou weerstand teen siektes; bevorder liggaamlike welsyn)
4. Hierdie vrugte is *gesond*. (vry van bederf; mooi, groot en ryp)
5. Die bouer het 'n *gesonde* paar arms. (fris, sterk; getuig van liggaamlike welsyn)
6. Sy is 'n *gesonde* meisie. (oorgewig, mollig, fris; dus eintlik sarkasties gebruik)
7. My hoof toon 'n *gesonde* oordeel. (suiwer; vry van geestelike bederf)
8. Ek behoort aan 'n *gesonde* kerk. (vry van dwaalleer; finansiële sterk; met baie en/of getroue lidmate; met 'n sterk geestelike leier)

Hierdie voorbeeldsinne wys hoedat semantiese verandering en uitbreiding plaasgevind het in die woord *gesond*. In elke sin kan *gesond* vervang word deur spesifieke sinonieme of sinonimiese frases wat slegs in daardie scenario sin maak en betekenis dra. Die woord *gesond* vertoon dus 'n **polisemantiese** aard, dit wil sê die onderskeie betekenis van die woord hou wel met mekaar verband, maar verskil genoeg van mekaar dat 'n sinoniem van *gesond* in een sin nie die woord in 'n ander sin kan vervang nie. Konseptuele vermenging is noodsaaklik vir die taalgebruiker om byna instinktief te begryp watter een van die betekenis ter sprake is. Volgens Fauconnier en

Turner is polisemie “an essential manifestation of the flexibility, adaptability, and richness in meaning potential that lie at the very heart of what a language is and what it is for” (Nerlich e.a. 2003: 80). Die polisemantiese aard van uitdrukkings en die betekenispotensiaal van eksosentriese komposita is aspekte wat keer op keer onder bespreking kom in hierdie studie.

Grygiel (2004: 288) maak die stelling dat konseptuele vermenging “being an integral part of cognitive science and remaining in line with the main principles of cognitive linguistics, ... also proves to be the most adequate tool for both describing and understanding the mechanism of semantic change”. Die semantiese veranderings wat plaasvind in uitdrukkings om byvoorbeeld aan 'n samestelling met 'n letterlike, deursigtige betekenis, addisionele betekenissskakerings te gee wat minder deursigtig is, is 'n aspek van diachroniese betekenispotensiaal wat ook verskeie kere aangeraak word in die hoofstukke wat volg.

3.4 Konseptuele vermenging binne taalverwerwing

Bostaande bespreking dien as 'n opsomming van konseptuele vermenging soos dit in 'n uitgebreide versameling werke in fyn besonderhede bespreek word. Selfs uit 'n oorsigtelike bespreking soos hierdie, is dit duidelik dat konseptuele vermenging 'n kognitiewe proses is wat byna onophoudelik by mense plaasvind. Vermenging wissel vanaf enkele, losstaande situasies, tot komplekse netwerke van konseptuele integrasie. Dit vind plaas op alle terreine, in die mees fundamentele situasies, alledaagse gebeurtenisse en eenvoudige taalgebruik, sowel as komplekse, kreatiewe denke en vermoëns. Vrae wat nou gestel kan word, is: op watter stadium ontstaan hierdie merkwaardige vermoë van die mens? Is dit 'n aangebore vermoë wat net moet ontluik, en indien wel, wanneer word dit in gebruik geneem? Watter rol speel konseptuele vermenging in die verwerwing van taal?

Ter wille van agtergrondkennis kan die belangrikste karakteristieke van die taalverwerwingsproses saamgevat word aan die hand van Aitchison (1998) se studie van taalverwerwing by kinders:

- Menslike taalverwerwing is 'n biologies-gekontroleerde proses.
- Taalverwerwing vind plaas nog voordat dit noodsaaklik is vir kinders om te kan praat.
- Taalverwerwing is nie die resultaat van 'n bewustelike besluit nie.

- Taalverwerwing begin nie plaasvind as 'n resultaat van eksterne faktore nie. Dit wil sê, “language cannot emerge before it is programmed to emerge” (Aitchison, 1998: 68).
- Eksterne faktore het wel 'n invloed op taalverwerwing in die sin dat hoe ryker die omgewing is aan stimuli, hoe meer toereikend die taalverwerwing sal wees.
- Direkte onderrig en intensiewe oefening het relatief min uitwerking op die inisiële taalverwerwingsvermoë by kinders. Dit wil selfs voorkom asof voortdurende korrigering van kinders wat leer praat (ouderdom ongeveer 14 tot 18 maande), eerder die taalverwerwingsproses belemmer, hoewel korrigering en hulp op die aangewese tyd nuttig kan wees (Aitchison, 1998: 69-73). Fromkin en Rodman maak die stelling dat korrigering van kinders se taalfoute bowendien relatief min plaasvind. Volgens hulle is die meeste ouers opgetoë oor enigiets wat hul klein kindertjies sê, en is hulle geneig om kinders se foute as “oulik” te beskou en dit te herhaal, “endlessly to anyone who will listen” (Fromkin & Rodman, 1993: 404). “[M]ere practice – in the sense of direct repetition and imitation” (Aitchison, 1998: 74) het ook nie enige betekenisvolle uitwerking op taalverwerwing nie.
- In die taalverwerwingsproses kan sekere mylpale waargeneem word, wat korreleer met ouderdom en ander aspekte van fisieke ontwikkeling. Aitchison (1998: 84) wys onder andere na studies waar 'n korrelasie tussen taal en motoriese ontwikkeling waargeneem kan word.
- Taalverwerwing vind vinniger en makliker plaas tydens 'n “sensitiewe periode” wat duur vanaf ongeveer tweejarige ouderdom tot in die vroeë tienerjare.
- Hoewel die vermoë om metaforiese taal te gebruik en te verstaan in alle taalgebruikers voorkom, skyn dit 'n addisionele vermoë te wees wat apart van ander taalvermoëns ontwikkel. Taal- en spraakvermoëns is hoofsaaklik in die linkerbrein geleë. Studies van persone wat linker- of regterbreinskade gely het, toon dat die vermoë om grappe en metafore te verstaan hoofsaaklik in die regterbrein gesetel is (Aitchison, 1998: 55).

In kort, “[f]rom the moment the child begins to develop language, there is no way, short of death, brain damage, or nearly unthinkable absence of social support, to stop him from developing full grammar” (Fauconnier & Turner, 2003: 191). Konseptuele vermenging speel 'n belangrike rol in nie net taalverwerwing nie, maar ook die bewuswording van metaforiek en metaforiese taal.

Volgens Fauconnier (2001) vind leerprosesse by nuwe generasies plaas deur aan te leer hoe mengvorms, konseptuele domeine en mentale ruimtes gemanipuleer word, sonder dat die persoon bewustelik 'n volledige begrip hoef te hê van die netwerke waarvan dit deel vorm. Hoewel 'n kind byvoorbeeld bewustelik moet aanleer hoe om iets aan te koop, is dit vir eers glad nie nodig vir die kind om kennis te dra van die heersende ekonomiese toestande of die geskiedenis van die ekonomie nie. Fauconnier (2001: 6) maak die volgende stelling rakende konseptuele vermenging, soos dit by kinders plaasvind:

“During the first three years of the child’s life, a seemingly impossibly complex system of elaborate blending networks is constructed. The child has a biological capacity for double-scope integration and the culture has a range of specific integration networks to offer. The biology and the culture combine to impressive effect. Once a fundamental culturally-motivated integration network is in place, its compressed, human scale blend seems as obvious and inevitable as the perception of a blue cup ... This exceptionally difficult development is almost entirely unconscious for the child and mostly unobservable by adults, who see only superficial signs of the mental activity of the child and take them for granted because adults do not remember the difficulty.”

In sprokies en kinderversies vind ons dikwels vergesogte of onmoontlike situasies, soos Rooikappie wat nie agterkom dat die wolf in die bed nie haar ouma is nie en ook die wolf wat oopgesny word om die ouma te red, vol klippe gestop en weer toegewerk word. Vergelyk ook diere wat praat en ander “menslike” eienskappe vertoon, die oormaat aan prinse en prinsesse, hekse, kabouters, towenaars en goeie feë. Vir kinders is dit aanvaarbaar dat varkies huise bou, 'n pampoen in 'n koets kan verander, en dat 'n ware prinses 'n ertjiekorrel deur twintig matrasse kan voel.

Grady (2000) waarsku egter dat sekere instansies wat op die oog af mag lyk soos kinders wat ingewikkelde konseptuele vermenging toepas om sin te maak uit onmoontlike gebeure soos bogenoemde sprokiesagtige elemente, nie altyd gevalle van komplekse konseptuele vermenging is nie. Dit wil voorkom dat “understandings of physical properties and relations which are very basic from the adult perspective are not yet part of a young child’s conceptual repertoire; a statement that seems impossible and self-contradictory from the adult perspective may seem

perfectly plausible to a child ” (Grady, 2000: 341). In baie gevalle mag dit dus bloot wees dat kinders nog nie dieselfde inhibisies en gewaarwordinge van realiteit aangeleer het, as wat by volwassenes tweede natuur is nie. Mettertyd word meer domein-spesifieke kennis deur die kind aangeleer, sodat hy leer om onmoontlikhede te bevraagteken en dan konseptuele vermenging bewustelik of onbewustelik moet toepas om die situasies te begryp.

Cacciari en Levorato verwys in hul studie (1998) na die “semantic analyzability” of semantiese analiseerbaarheid van idioome, en die effek wat hierdie analiseerbaarheid het op die begrip van idioome by kinders en volwassenes. **Semantiese analiseerbaarheid** verwys na die mate waartoe die betekenis van die samestellende dele van 'n idioom bydra tot die algehele idiomatiese interpretasie. Die navorsers kom tot die slotsom dat jonger kinders analiseerbare of deursigtige idioome beter as nie-analiseerbare idioome verstaan, terwyl ouer kinders beide soorte ewe goed verstaan binne spesifieke kontekste. In die afwesigheid van 'n spesifieke konteks verstaan ouer kinders egter ook semanties-analiseerbare idioome beter as nie-analiseerbare idioome. Dit is dus duidelik dat kinders ondeursigtige idioome, met inbegrip van eksosentriese komposita, op 'n later stadium aanleer en dat die afwesigheid van 'n duidelike konteks by groter kinders en selfs volwassenes probleme kan skep ten opsigte van verstaanbaarheid.

3.5 Konseptuele vermenging in eksosentriese komposita

Hoewel konseptuele vermenging waargeneem kan word in verskeie wyduiteenlopende areas van kognisie en taalgebruik, is dit waarskynlik ten opsigte van die komplekse en ondeursigtige aard van die **metaforiek** dat konseptuele vermenging van onskatbare waarde is om minstens ten dele helderheid en insig te bring in die wyse waarop metafore ontstaan, verstaan en gebruik word. **Konseptuele metafoor** word algemeen beskou as 'n kognitiewe verskynsel waartydens struktuur oorgedra word “from one conceptual domain (a source) directly to another (a target)” (Turner & Fauconnier, 1995: 183).

Die teorie van konseptuele vermenging kan ook kognitief-linguisties toegepas word op die verskynsel van eksosentriese komposita. Soos reeds gesien, is eksosentriese komposita morfologies-komplekse lekseme met 'n semantiese struktuur “not deducible jointly from ... the semantic structure of their components” (Weinreich, 1966: 450), nes dié van idioome. Vergelyk

die volgende samestelling ter illustrasie van die aard van konseptuele vermenging by hierdie woorde:

9. *apostelperde* → “mv. Die voete as loopwerktuie” (WAT, 1950: 236)
apostel → “(Byb.) Enigeen v/d 12 dissipels van Jesus as Godsgesante” (WAT, 1950: 236)
perd → “Groot, eenhoewige, plantetende ry-, pak-, en trekdier” (HAT, 1994: 791)
Poliseme van *perd*: “Afbeelding van 'n perd (bv. in skaak)” en “(gimm.) Toestel op vier pote, vir oefening gebruik” (HAT, 1994: 791)

Geeneen van die polisemiese betekenis van *perd* hou enige verband met *voete* nie. Die woord *apostelperde* is dus nie 'n deursigtige, endosentriese samestelling nie, maar wel 'n eksosentriese kompositum. Die betekenis van *apostelperde* kan slegs afgelei word met behulp van ekstralinguale kennis betreffende die eenvoudige wyse waarop die Bybelse apostels rondgereis het. Afsien hiervan is daar ook heeltemal nuwe, unieke informasie en kenmerke in die samestelling wat nie in enige van die samestellende dele vertoon word nie. Om die volle omvang van die betekenis van die eksosentriese samestelling as mengvorm te verstaan, “[s]omewhat we have to invent a scenario that draws from the two analogues **but ends up containing more**” (Fauconnier & Turner, 2003: 20, my beklemtoning).

'n **Mengvorm**, die sogenaamde “**blend**”, ontstaan deur middel van kreatiwiteit om 'n leksikale gaping te vul. Die lekseem *apostelperde* vul byvoorbeeld 'n baie spesifieke, afgebakende gaping deurdat dit na die mens se voete as slegs **loopwerktuie** verwys, en nie na die voete binne enige ander verwysingsraamwerk nie. Ter illustrasie die volgende sinne:

10. Die boemelaar se ou *apostelperde* is seer en gebars.
? Die ballerina se *apostelperde* beweeg vlug op die maat van die musiek.


Die eerste sin is verstaanbaar en aanneemlik, met *apostelperde* en *voete* as sinonieme wat mekaar kan vervang, terwyl die tweede sin heeltemal vreemd voorkom. Die gebruik van *apostelperde* is in die tweede sin semanties onaanvaarbaar weens 'n verskil in die deskriptiewe of kognitiewe betekenis van die woorde *voete* en *apostelperde*. 'n Ballerina se voete kan eerder gesien word as werktuie in diens van haar kuns, wat by dansoefening en verhoogoptrede geheel en al 'n ander funksie verrig as wanneer sy bloot iewers heen loop.

Terwyl die lekseem *perd* ewe maklik en gereeld in die enkelvoud sowel as die meervoudsvorm gebruik word, kan die samestelling *apostelperde* slegs in die meervoud gebruik word, aangesien die effek van die voete as loopwerktuie nie in dieselfde mate bereik word deur verwysing na slegs een voet nie. Vergelyk die volgende sin:

11. ? Die boemelaar se regterkantste *apostelperd* is seer en gebars.

Hoewel die betekenis van bostaande sin gesnap kan word, kom die sin, met die gebruik van *apostelperd* as 'n enkelvoudsvorm, vreemd en onaanvaarbaar voor.

In die volgende diagram word al bostaande gegewens in verband met die samestelling *apostelperde* saamgevat met behulp van bundels **onderskeidende kenmerke** van die lekseme:



FIGUUR 3-2: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING APOSTELPERDE

In bostaande diagram word die twee stamkorrelate aangebied as die invoer tot die proses van konseptuele vermenging, met die eksosentriese samestelling, *apostelperde*, as die mengvorm wat ontstaan. Deur die gebruik van bundels semantiese onderskeidende kenmerke word aangedui watter kenmerke van elke stam oorgedra word na die mengvorm, en watter nuwe betekenselemente daarin ontstaan.


Nie alle elemente en relasies van die invoerruimtes word oorgedra na die mengvorm nie. **Selektiewe projeksie** vind dus plaas, met slegs toepaslike inligting wat oorgedra word. In bostaande voorbeeld is inligting soos die voorkoms van beide apostels en perde irrelevant, sowel as die koopprys van 'n perd, die godsdienstige aspek van apostels, en vele meer.

Let daarop dat daar in figuur 3.2 hierbo gebruik gemaak is van bundels semantiese kenmerke, wat positief of negatief gemarkeerd is, om duidelik aan te toon watter betekenisonderskeidings in die invoerdele voorkom, en hoe hierdie betekenisonderskeidings verander in die afvoer. In figuur 3.3 en verder word die betekenisonderskeidings egter ongemarkeerd weergegee; by die invoere en afvoer word telkens slégs die betekenisonderskeidings wat wel in die betrokke woord/woorddeel voorkom, genoem. In die res van hierdie proefskrif sal diagrammatiese voorstellings van konseptuele vermenging op slegs hierdie wyse gegee word, in navolging van die metode wat gevolg is in Fauconnier en Turner (2003)

“Met 'n bepaalde leksikale item kan daar bepaalde waardes geassosieer word, waardes wat die leksikale item verkry vanweë assosiasies wat rondom die denotata van die betrokke item ontstaan” (De Stadler, 1989: 26). Dit is 'n algemene verskynsel by eksosentriese komposita dat die meerderheid van hierdie woorde gemarkeerd is ten opsigte van 'n bepaalde **konnotasie, emotiewe waarde of perspektivering** van ervaring, wat dikwels afwesig is in die invoer-elemente. Indien 'n sekere konnotasie wel by een of meer van die invoer-elemente teenwoordig is, kan dit heeltemal verander in die mengvorm. Hierdie aspek word geïllustreer in die onderstaande voorbeeld. Terselfdertyd word gewys op die verskil tussen ekso- en endosentriese komposita, na aanleiding van 'n vergelykende bespreking van 'n eksosentriese samestelling en twee endosentriese komposita, wat elk 'n stam in gemeen het met die eksosentriese samestelling:


12. **Eksosentries:** *kanonvoer* → “Soldate as potensiele slagoffers in 'n oorlog” (HAT, 1994: 490)
- Endosentries:** *kanonwa* → “Vervoermiddel op wiele om 'n kanon te dra” (HAT, 1994: 490)
- wintervoer* → “Voer vir gebruik in die winter” (HAT, 1994: 1 283)

Die verskil in die wyse waarop eksosentriese en endosentriese komposita onderskeidelik begryp en gebruik word, kan ook aangedui word met behulp van diagrammatiese voorstellings van die vermenging wat plaasvind in die samestellings *kanonvoer* en *wintervoer*:



FIGUUR 3-3: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING *KANONVOER*

Vergelyk bostaande diagram van *kanonvoer* met die volgende:



FIGUUR 3-4: VERMENGING IN ENDOSENTRIESE SAMESTELLING WINTERVOER

Wanneer bostaande twee diagramme met mekaar vergelyk word, kan waargeneem word hoedat meer komplekse konseptuele vermenging plaasvind by eksosentriese komposita as by endosentriese komposita. By figuur 3-3 is daar verskeie nuwe elemente wat ontstaan in die mengvorm *kanonvoer*. Terwyl die woord *kanon* verwys na 'n vuurwapen en potensiële doodsmiddel, hoef dit wel nie noodwendig 'n oorlogskonnotasie of negatiewe betekeniswaarde te hê nie. 'n Kanon kan ook positief gesien word as onder andere 'n kosbare oudheid, 'n voorwerp van besondere historiese waarde of 'n simbool van heroïsme. Hierteenoor is daar geen sprake van heroïsme of enige positiewe waarde in die betekenis van die mengvorm *kanonvoer* nie. Die woord het slegs 'n absoluut negatiewe betekenis as 'n verwysing na mense as uitsluitlik slagoffers, menselewe wat van so min waarde is in 'n oorlog dat dit slegs dien as “voer” vir 'n kanon. Ook hierdie woord *voer* wat as eindlid van die samestelling optree, ondergaan 'n betekenisverandering: terwyl die woord *voer* 'n positiewe betekenis het as 'n noodsaaklike lewensmiddel, word hierdie betekenselement so verdraai dat dit in werklikheid skrypend ironies gebruik word in die


samestelling. Iets wat noodsaaklik is vir **lewe** word in die mengvorm iets wat gedoem is tot die dood. In teenstelling met die proses wat by *kanonvoer* plaasvind, is die konseptuele vermenging by *wintervoer* baie eenvoudig en eintlik net 'n samevoeging van kenmerke uit albei invoere, sonder dat enige noemenswaardige nuwe kenmerke in die proses ontstaan.

By eksosentriese komposita vind vermenging dus tot so 'n mate plaas dat daar altyd nuwe kenmerke ontstaan, uniek aan die mengvorm. Soms is hierdie nuwe kenmerke so menigvuldig en so ver verwyderd in betekenis en emotiewe waarde van die samestellende dele wat as invoer dien, dat dit byna onmoontlik raak om die betekenisverband tussen die mengvorm en die (soms selfs kontrasterende) samestellende dele te peil. Ten spyte daarvan, “[s]omewhat, by working inside the blend, we must be able to locate inferences that apply outside the blend” (Fauconnier & Turner, 2003: 20).

Vergelyk die volgende eksosentriese samestelling waar die twee samestellende dele tot so 'n mate teenstrydig is dat die woord absurd voorkom, as die vermengingsproses wat plaasgevind het by die ontstaan van die woord nie in ag geneem word nie:

13. *kouevuur* → “*s.nw.* afsterwing van weefsels van 'n liggaamsdeel, gepaard met verrotting; gangreen” (NW, 1988: 270)
- koue* → “Toestand waarby warmte ontbreek; lae temperatuur” (HAT, 1994: 578)
- vuur* → “Verbranding met vlamme of gloed; hitte en lig as gevolg van branding; brand” (HAT, 1994: 1 252)

Soos by uitstek waargeneem kan word in eksosentriese komposita, is die produkte van vermenging “imaginative and creative” (Fauconnier & Turner, 2003: 6). So is die samestelling *kouevuur* oënskynlik paradoksaal, aangesien dit 'n voorstelling gee van hitte en koue wat terselfdertyd heers in 'n denkbeeldige scenario:



FIGUUR 3-5: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING *KOUEVUUR*

In die skyn-paradoks *kouevuur* dui die een lid op koue / lae temperatuur en die ander op hitte / hoë temperatuur. Albei samestellende lede is op sigself neutraal, maar kan ook 'n positiewe of negatiewe aard aanneem na gelang van omstandighede. Uiterste temperature (beide hoog en laag) is onwenslik en gevaarlik. 'n Vuur kan enersyds 'n lewensreddende rol speel in uiterste koue, terwyl dit andersyds kan lei tot ontsaglike skade en lewensverliese in 'n brand. Koue word oor die algemeen dalk in 'n meer negatiewe lig beskou (teenoor hitte): figuurlik word koue byvoorbeeld gesien as onder andere “[n]ie hartlik nie; onverskillig ... [o]nbelangrik, onbetekenend” (HAT, 1994: 578), terwyl warmte eerder “'n gevoel van aangenaamheid, behaaglikheid gee” (HAT, 1994: 1 262). By die samevoeging van *koue* en *vuur* om 'n ernstige siektetoestand te benoem, is die negatiewe elemente van beide dele ter sprake: 1) vergelyk 'n koue lyk met 'n warm lewende

liggaam; koue hou dus verband met die **dood**; 2) 'n vuur kan **vernietigend** wees, dit kan 'n mens beseer of selfs doodbrand. Die vermenging in *kouevuur* stel dus 'n scenario voor waar iets (liggaamsweefsel) **afsterf** of **vernietig** word. Dis opvallend dat *kouevuur* analogies is tot die samestelling *vriesbrand* wat beteken “[w]eefselvernietiging veroorsaak deur blootstelling van 'n liggaamsdeel ... aan ernstige koue” (HAT, 1994: 1 245), en wat ook een van die vernaamste oorsake van gangreen of kouevuur is. *Kouevuur* as dubbelsinnige eksosentriese kompositum, kan as eufemisme gebruik word, in die plek van die mediese term *gangreen* wat meer eksplisiet is. Terselfdertyd kan die woord *kouevuur* ook in sekere omstandighede gebruik word om klem te lê op die skrikwekkende eienskappe van die siekte, naamlik die doodsverband en die vernietigende aard daarvan, soos hierbo bespreek.

Uit die invoerruimtes spruit 'n struktuur voort wat uniek is aan die mengvorm, en nie slegs 'n kopie van die struktuur van een of meer van die invoerruimtes is nie. Die generasie van hierdie struktuur vind plaas deur “*composition* of projections from the inputs, through *completion* based on independently recruited frames and scenarios, and through *elaboration* (‘running the blend’)” (Fauconnier & Turner, 2003: 48). Deur middel van **komposisie** word (nuwe) relasies tussen elemente van die invoerruimtes geskep. So word daar by *kouevuur* 'n duidelike verband geskep tussen koue en die dood, sowel as tussen vuur en gevaar / vernietiging. Dit is dus hierdie spesifieke negatiewe aspekte wat verband hou met koue en vuur wat van belang is, in teenstelling met byvoorbeeld die romantiese, positiewe atmosfeer wat koue / sneeu kan skep, soos ook 'n gesellige kaggelvuur.

Voltooiing (“completion”) vind plaas wanneer agtergrondkennis gebruik word om die mengvorm sinvol te maak. Hoewel die woord *kouevuur* (as 'n endosentriese samestelling) ook as beskrywing kon dien vir 'n vuur wat uitgebrand het en dus koud is, sal daar uit die konteks waarin die woord gebruik word waarskynlik afgelei kan word of so 'n interpretasie van die woord moontlik kan wees. Agtergrondkennis bepaal ook dat die woord as 'n eufemisme gebruik word, as versagting van die meer eksplisiete term *gangreen*.

Byna onbeperkte **uitbreiding** (“elaboration”) kan plaasvind by prosesse van konseptuele vermenging: “We can run the blend as much and as long and in as many alternative directions as we choose” (Fauconnier & Turner, 2003: 49). By uitbreiding kan die woord *kouevuur*

byvoorbeeld van toepassing gemaak word op onder andere die volgende: dodelike siektes, siektes waar aftakeling plaasvind of hoë koors een van die simptome is; by uitbreiding ook enige negatiewe geestestoestande, negatiewe dade wat noodlottig kan wees, ensovoorts. Dit het dan tot gevolg dat 'n sin soos die volgende heeltemal verstaanbaar is:

14. Die *kouevuur* van vooroordeel het vinnig deur die dorp versprei.

Hoewel *kouevuur* in hierdie geval niks met gangreen te doene het nie, is die sin nie net verstaanbaar nie, maar ook besonder tekenend, omdat daar in die mengvorm addisionele kenmerke van 'n veldbrand as invoer vertoon word. Dit is dus **uitbreiding** wat primêr verantwoordelik is vir oorspronklikheid in taal, digterlike vryheid en ander kreatiewe prosesse.

Taalgebruikers se begrip van die referensiële betekenis van eksosentriese komposita berus op meer as net die linguistiese betekeniswaardes van die konstituente. Volgens Swanepoel (1993: 98) is dit by vaste uitdrukkings noodsaaklik om “allerlei assosiatiewe, metaforiese en metonimiese spronge [te] maak om 'n verband tussen die letterlike en die figuurlike betekeniswaardes van deelskomposisionele en volledig arbitrêre uitdrukkinge te maak”. Konseptuele vermenging bied 'n verklaring van die wyse waarop sekere van hierdie spronge gemaak word om onder andere 'n verstaanbare eksosentriese kompositum as eindproduk tot gevolg te hê.

Hoewel konseptuele vermenging prinsipiël 'n basiese en eenvoudige proses is, wat in baie gevalle selfs heeltemal onbewustelik plaasvind, kan hierdie meganisme aanleiding gee tot 'n miriade moontlike situasies, waaronder ook die skep en gebruik van nuwe taalelemente of die nuwe, kreatiewe gebruik van bestaande taalelemente. Die moontlikhede van uitbreiding by konseptuele vermenging strek dus in werklikheid so wyd en eindeloos as die verbeeldingskrag van die mens.

3.6 Samevatting

Konseptuele vermenging is 'n “constant mental activity” (Fauconnier & Turner, 2003: 146), wat onophoudelik in alle leer- en denkprosesse plaasvind, soms bewustelik en soms onbewustelik of onwillekeurig. Betekenisse en emotiewe waardes wat op vernuftige wyse aan woorde toegeskryf word, is die produkte van eenvoudige, sowel as komplekse vermengingsprosesse. Die

merkwaardige voorstellingsvermoë van die mens vind onder andere vergestaltung in die gebruik van semanties ondeursigtige, dubbelsinnige en paradoksale uitdrukkings soos metafore en eksosentriese komposita.

Die teorie van konseptuele vermenging formaliseer metaforiek en bied 'n moontlike verklaring van die ontstaan en funksionele aspekte van eksosentriese komposita. Vermenging wat plaasgevind het by die **ontstaan** van eksosentriese komposita, kan vandag vir die gebruiker van so 'n woord onbekend, onsigbaar of onverstaanbaar wees. By die kreatiewe proses wat oorspronklik plaasgevind het, mag buitetalige kennis 'n groot rol gespeel het as invoer tot die vermenging. Sulke mengvorms is dikwels so fantasties en “remote from any possible scenario” (Fauconnier & Turner, 2003: 21) dat groot verbeeldingskrag nodig is om die korrekte betekenis aan die eksosentriese samestelling toe te skryf of hoegenaamd die verband te kan raaksien tussen die samestelling en die dele. Deur die konseptuele vermenging wat plaasgevind het stap vir stap te bestudeer, word die verband tussen die invoerende dele en die mengvorm egter meestal geopenbaar.

Die belangrikste rolle wat eksosentriese komposita in die Afrikaanse spreek- en skryftaal speel, word vervolgens bespreek. Daar word veral aandag gegee aan die aanwesigheid van 'n humoristiese element by die meeste eksosentriese komposita. Eksosentriese komposita word bespreek as 'n ryk bron van naamgewing vir plante en diere. Semantiese subgroepe van eksosentriese komposita wat affekties gelaai is, soos byvoorbeeld eufemismes, disfemismes, fatiese samestellings en invektiewe, word genoem as lekseme met 'n onmisbare funksionele rol in die taal. As deel van die in-diepte bespreking van elk word kortliks aandag gegee aan die wyse waarop konseptuele vermenging plaasvind in elke tipe samestelling, wat ook voorsien word van diagrammatiese strukture van die vermengingsproses. Konseptuele integrasie, en in die besonder **uitbreiding** of “elaboration”, kan beskryf word as die hoofmeganisme waardeur die mens sy taal voortdurend vernuwe, sodat stagnasie nie plaasvind nie.

'n Slotgedagte:

“Conceptual integration is not something we do in addition to living in the world. Instead, it is one of the essential means we have for apprehending and constructing our world.” (Fauconnier, 2001: 6)

HOOFSTUK 4

HUMOR

4.1 Inleiding

Die korpus Afrikaanse eksosentriese komposita bied aan ons 'n onuitputlike bron van skilderagtige en tekenende beskrywings, aanskoulike voorstellings, treffende benamings en humoristiese, skerpsinnige uitdrukkings. Die Afrikaanse volkstaal is by uitstek soepel en beeldryk, kleurvol, lewendig en vol emosie. Taalgebruikers se vermoë om die lagwekkende in iets te sien, vind uiting in 'n legio uitdrukkings wat spreek van geestigheid, spot en 'n sin vir die komieklike.

Sekere uitdrukkings wat oorspronklik neutraal was, het mettertyd (soms onbewustelik) 'n geestige semantiese kenmerk aangeneem. Ander is in die **volksmond** geskep uitsluitlik ter wille van humor. **Idiomatisiteit** en die **fatiese funksie** van humoristiese eksosentriese komposita word onder die loep geneem. Humor speel ook 'n groot rol in die **naamgewing** van diere en plante. **Plat** of **onfyn taalgebruik** toon dikwels 'n geestige element. Na aanleiding van die groot persentasie eksosentriese komposita wat humoristies gebruik word, in die kontemporêre sowel as verouderde leksikon, word **humor** vervolgens as die belangrikste funksionele aspek van eksosentriese komposita bespreek.

4.2 Humor in taal

Humor kom voor in die voorstelling van omstandighede of uiting van gedagtes, “gekenmerk deur verrassende teenstellings, speelse wendinge of berekende ongerymdhede sonder dieper indringing in innerlike konflikte of ernstige lewensprobleme” (WAT, 1972: 455). Verder behels humor ook goedmoedige skerts, berustend op meegevoel, klem op die komieklike of lagwekkende, ironie en selfs satire, sarkasme en hoon.

Vergelyk die volgende opmerking wat Veatch (1999) in verband met Freud se studies van humor maak:

“[Freud] distinguishes between ‘innocent’ and ‘tendentious’ jokes, where tendentious jokes have a sexual or aggressive content, and are capable of eliciting howling laughter, while innocent jokes have less emotional impact, and elicit just a smile or a chuckle or less. Freud relates this difference to the fact that sexuality and aggression are strong and fundamental human affects.”

Hierdie sterk **emosionele impak** van sogenaamde “platvloerse” humor, waar seksuele, aanstootlike of ander sensitiewe sake ter sprake is, word op verskeie plekke in hierdie proefskrif onder die loep geneem. Die doel van hierdie studie is egter nie om filosofiese waarnemings of Freudiaanse gevolgtrekkings in verband met humor uiteen te sit nie. Die navorser poog ook nie om onderskeid te tref tussen verskillende aspekte van humor, of te bespiegel of 'n sekere saak deel uitmaak van humor *per se*, of eerder ironie, satire of oppervlakkige grapperigheid nie. Die term *humor* word hier as sambreelterm gebruik vir enige van bogenoemde situasies en ook vir ligte, speelse woordvernuif wat enigsins 'n geestige element toon.

Vergelyk ter inleiding tot die hoofstuk die volgende amusante eksosentriese komposita:

1. *janboel* → “gemors, deurmekaarspul” (NW, 1988: 230)
2. *jakkalslewer* → “Konfyt van (kaffer)-waatlemoenstukke” (WAT, 1968: 20)
3. *haasbladje* → “(... *geselst.*, *skerts.*) Pistoel, rewolwer” (WAT, 1972: 23)
4. *kuikenmoord* → “(*dikw.* *skerts.*) Die aanwending deur iem. of iets van sy aansienlike groter ervaring, krag of bedrewenheid ten koste van iem. of iets anders” (WAT, 1991: 371)
5. *duimkruid* → “Skertsende benaming vir geld, wat ‘berus op die vryweaksie met duim en wysvinger wat gew. aangewend word om die begrip te versinlik” (WAT, 1955: 381)
6. *eet-en-drink* → “Mond; gesig; soms, maag” (WAT, 1955: 452)
7. *oumannetje* → “Ouderwets” (WAT, 2000: 872)

Soos deurlopend in hierdie proefskrif aangedui word, tree eksosentriese komposita by uitstek op as **gevoelswoorde**. Die term “gevoelswoord” word gedefinieer in die *WAT* (1957: 217) as 'n “[w]oord wat na sy betekenis of in sy verband ryk is aan gevoelsassosiasies; woord wat die saaklike inhoud van 'n mededeling wysig (kleur) volgens die persoonlike gevoel (opvatting,

instelling) v/d spreker”. Die voorbeelde in hierdie hoofstuk hou almal verband met humor op een of ander wyse. So 'n woord kan 'n gevoel van geamuseerdheid, geselligheid, spontaneïteit of vermaaklikheid te kenne gee, of aangewend word ter wille van spot, ironie of sarkasme. By die volgende voorbeelde is 'n element van spot te bespeur:

8. *bakbees* → “Groot lomp dier of ding; gevaarte” (HAT, 1994: 58)
9. *kopnatmaak* → “Viering, partytjie na die geboorte van 'n baba” (WAT, 1984: 390)
10. *paddaslagter* → “(spot) groot, lomp, (stomp) knipmes” (NW, 1988: 378)
11. *langoog* → “jaloers” (NW, 1988: 283)

Humoristiese eksosentriese komposita kan ingedeel word in verskillende subgroepe na aanleiding van die ontstaan en gebruik van die woorde: woorde wat ter wille van humor ontstaan het, neutrale endosentriese komposita wat alternatiewelik as ondeursigtige humoristiese uitdrukkings optree, volksetimologiese komposita, name van diere en plante, growwe of plat humor, en ook verouderde komposita.

4.3 *Woorde wat uitsluitlik ter wille van humor ontstaan het*

As deel van die inleidende bespreking oor humoristiese komposita sal 'n verskeidenheid woorde wat “geskep” is ter wille van die amusante, in hierdie afdeling bespreek word. Vergelyk die volgende:

12. *hy-en-sy* → “skertsend vir *Velcro* of klitsgras” (uit die spreektaal)
13. *bokverdriet* → “(skerts.) Onplesierige, dik mistige weer” (WAT, 1950: 477)
14. *boerebeursie* → “buustelyfie” (uit die spreektaal)
15. *armmansbaadjie* → “Skertsende benaming vir die son, veral by minderbevoorregtes” (WAT, 1950: 263)
16. *helgruis* → “Benaming vir 'n soort klein, goekoop lekkergoed, gew. in winkels aan naturelle en Kleurlinge verkoop of gegee” (WAT, 1972: 157)
15. *kwaggakaiing* → “Koeksister” (WAT, 1991: 473)
16. *krabbelpoot* → “Slordige handskrif” (HAT, 1994: 580)

Terwyl sommige eksosentriese komposita moontlik per toeval 'n humoristiese strekking mag toon, het die oorgrote meerderheid van hierdie soort woorde ontstaan uitsluitlik ter wille van spitsvondigheid. Daar kan gesê word dat die **benoemingsmotief** in gevalle soos hierdie nie alleen naamgewing aan die referent is nie, maar ook spottende beskrywing en skertsery. Hierdie bevinding kan gemaak word op grond van die feit dat skertsende woorde soos bostaande voorbeelde bewustelik as eksosentriese komposita **geskep** is in die volksmond, sonder dat dit gebruik word met enige neutrale, letterlike betekenis. Vergelyk die volgende komposita wat spreek van besondere kreatiwiteit in die taalgebruiker se woordskeppingsproses ter wille van die komiese:

17. *help-my-bykommetjie* → “hoëhakskoen” (uit die spreektaal)
17. *kokkeroteenderm* → “[iemand wat baie] eet, maar ... nooit genoeg [kry] nie” (WAT, 1976: 687)
18. *help-my-sukkel* → “(skerts., geselst.) Koffie” (WAT, 1972: 170)
19. *jakobbewertjie* → “[prominente] adamsappel” (WAT, 1968: 22)
20. *kriewelkrappers* → “eienaardighede, fiemies, geite, grille” (GAS, 1995: 171)
21. (op sy) *elf-en-dertigste* → “1 (skerts.) Soveelste ... 2 Op sy dooie gemak; omslagtig” (HAT, 1994: 194)


Bostaande voorbeelde ondersteun die stelling, “humor is a phenomenon that relies on incongruity” (Veale, 2004: 419). Daar is dus 'n onderliggende **ongelyksoortigheid** of **teenstrydigheid** tussen die korrekte, geestige betekenis van die uitdrukking en moontlike ander betekenis (wat nie noodwendig humor bevat nie). Anders gestel, “the main body of a humorous structure – whether a narrative, a situation, an image, etc. – must be under-specified to the extent that it supports multiple conflicting interpretations” (Veale, 2004: 419). Hierdie baie belangrike eienskap van humor kan by uitstek waargeneem word in eksosentriese komposita. Selfs by nie-humoristiese eksosentriese komposita kom genoemde “incongruity” voor wat kan lei tot dubbelsinnigheid, woordspeling, wanvoorstelling en ironie.

Skeppings soos bostaande is heeltemal ondeursigtig wat die betekenis daarvan betref, hoewel 'n baie vae verband tussen die komposita en hul figuurlike betekenis retrospektief waargeneem kan word. Dit is egter totaal onwaarskynlik dat enige taalgebruiker wat vir die eerste keer byvoorbeeld die woord *help-my-sukkel* teëkom, sal dink dat dit moontlik 'n geselstaalterm vir

“koffie” kan wees. Moontlike alternatiewe (figuurlike) betekenis van die woord wat eerder in die gedagte opspring is “kierie”, “rystoel”, “woordeboek”, of enige ander voorwerpe wat die gebruiker in staat te stel om op die een of ander wyse “voort te sukkel”. Ander moontlike betekenis is “assistent”, “sekretaresse”, “faktotum”, “bediende” of enige ander persone wat iemand van hulp kan wees. In enige van hierdie rolle sou die kompositum steeds geestig wees, hoewel tot 'n mindere mate, maar as volksbenaming vir “koffie”, is die woord besonder amusant.

Die proses van konseptuele vermenging wat plaasvind in hierdie tipe humoristiese eksosentriese komposita, kan geïllustreer word met behulp van 'n diagrammatiese voorstelling. Vergelyk:

22. *luilappie* → “Klein pannekoekie ... [so] genoem omdat dit so gou en maklik is om te maak” (WAT, 1994: 442)



FIGUUR 4-1: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING *LUILAPPIE*

In figuur 4-1 word aangetoon hoedat eienskappe van beide invoere in die afvoer *luilappie* opgeneem word, hoedat sekere van die eienskappe verander en watter addisionele inligting in die eindproduk voorkom. Hierdie diagram is tiperend van die wyse waarop konseptuele vermenging plaasvind in alle eksosentriese komposita wat [humor] as afvoer-eienskap vertoon, terwyl dit afwesig is in die invoer-lekseme.

Die volgende voorbeelde van amusante eksosentriese komposita is meer deursigtig in hul betekenis.

- 23. *kiepievrug* → “(skerts.) Hoendereier” (WAT, 1968: 655) (ook *hoendervrug*)
- 24. *binnewêreld* → “(skerts.) Ingewande” (WAT, 1950: 418)
- 25. *kieliebak* → “Armholte, oksel” (HAT, 1994: 520)
- 26. *bojan* → “Vernaamste, bobaas” (HAT, 1994: 100)
- 27. *skuldbult* → “(skerts.) Woonbuurt met deftige huise waarvan die meeste met groot lenings gebou is” (HAT, 1994: 946)
- 28. *stoutpootjie* → “Vryer wat nie sy hande kan tuishou nie” (HAT, 1994: 1 031)
- 29. *tergtoutjie* → “Eng. *g-string*” (uit die spreektaal)
- 30. *doodtrapper* → “Ruwe, harde skoen” (WAT, 1955: 254)
- 31. *platsak* → “Sonder geld” (HAT, 1994: 803)

Sekere eksosentriese komposita is geskep as **beknopte geestige beskrywings** van voorwerpe en ander sake. Aangesien die woorde 'n sekere aspek beskryf van die sake wat dit benoem, is dit in baie gevalle makliker om af te lei wat die woorde beteken. Sommige van die woorde toon ook 'n bepaler- of kernstam, hoewel die woord se volledige betekenis nie uit slegs die samestellende dele afgelei kan word nie:

- 32. *adamsvurk* → “Skerts. benaming vir die vingers as dit b/d ete gebruik word in stede van 'n vurk” (WAT, 1950: 55)
- 33. *graspypie* → “Sigaret” (WAT, 1957: 398)
- 34. *tinteltonnetjie* → “Klein, gepunte beentjie in die elmboog waar 'n besonder gevoelige sensuwee loop; kieliebeentjie” (HAT, 1994: 1 084)
- 35. *duiwelsterk* → “Sterk katoenweefsel vir werksklere gebruik” (HAT, 1994: 177)
- 36. *kopdokkie* → “Straf toegedien deur iem. op die kop te raps met 'n vinger” (WAT, 1984: 368)

37. *koudslaap* → “Tronk” (WAT, 1991: 35)
38. *losklos* → “2 Gemaklik en informeel ... 3 Nie gebind deur iets nie; meer bep., veral t.o.v. 'n manlike persoon, ongebonde of ongetroud” (WAT, 1994: 394)
39. *woordetolk* → “verklarende woordeboek” (uit die spreektaal)
40. *kom-ons-vrek* → “Volksnaam ... vir 'n werwelsiekte by tabakplante ... so genoem omdat, by vinnige verspreiding, dit lyk of die plante mekaar aanspoor om saam te vrek” (WAT, 1984: 90)
41. *Kalaharibesem* → “Sterk wind wat i/d Kalahariwoestyn en omstreke waai en paaie, plante, ens. met 'n sandlaag bedek” (WAT, 1968: 151)
42. *donderstompie / donderstokkie* → “Vuurhoutjie” (WAT, 1955: 240)

Die volgende woorde dra wel nie 'n letterlike betekenis nie, maar is tog eintlik hoogs beskrywende uitdrukkings, wat die voorwerpe wat dit benoem, tekenend en veel meer kleurvol bekryf as die endosentriese komposita, frases en ongelede woorde wat die primêre benamings van die voorwerpe of sake is:

43. *agteroppie* → “Nagereg” (WAT, 1950: 121)
44. *wangbesem* → “Bakbaard” (HAT, 1994: 1261)
45. *krismiswurm* → “Konsertina” (WAT, 1991: 208)
46. *waterlander* → “Traan” (HAT, 1994: 1 264)
47. *haelverdriet* → “(skerts., nie alg.) Plat dak” (WAT, 1972: 31)
48. *natslaaitjie* → “Pruimpie” (WAT, 2000: 75)
49. *voorgebergte* → “(skerts.) Groot neus” (HAT, 1994: 1 231)
50. *dopperstompies* → “(skerts.) Droë beesmis wat by 'n kraal, op 'n werf of i/d veld opgetel word om mee vuur te maak” (WAT, 1955: 261)
51. *hoenderverdors* → “Droë, warm plek” (WAT, 1972: 326)
52. *hemeltoorts* → “Die son” (WAT, 1972: 178) (ook *janbantam* en *janlap* genoem)
53. *kop-en-pootjiesdraai* → “Agterbuurt” (WAT, 1984: 369)

Dit wil voorkom asof Afrikaanssprekendes lief is daarvoor om dít wat hulle eet en drink grappenderwys met behulp van eksosentriese komposita te benoem:

54. *Adamsbier* → “(skerts.) Water” (WAT, 1950: 54)
55. *boorgatsous* → “water” (uit die spreektaal)
56. *koeisap* → “melk” (uit die spreektaal)
57. *bleswater* → “melk” (Coetzee, 1941: 23)
58. *boerewhisky* → “1. Kalbas- of dikmelk. 2. Koffie” (WAT, 1950: 468)
59. *boeretroos* → “(Boere)benaming vir koffie” (WAT, 1950: 468)
60. *genadewater* → “Flou koffie” (WAT, 1957: 143)
61. *kekkelbessie* → “Benaming vir 'n hoendereier” (WAT, 1968: 472)
62. *koeismeer* → “(geselst.; skerts.) Botter” (WAT, 1976: 563)
63. *beeskaiings* → “(skerts.) Koeksisters” (WAT, 1950: 352)
64. *maagbom* → “Gebak, veral kluitjies, vetkoek, brood of beskuit, wat nie behoorlik gerys het en (of) deurgebak is nie en dus nie lekker verteer nie” (WAT, 1996: 3)
65. *jannie-in-die-sakkie* → “Vleisrolletjie” (WAT, 1968: 30)

Eksosentriese komposita wat geskep is as humoristiese benamings vir **vervoermiddels** is ook volop in Afrikaans:

66. *help-my-trap* → “Trapfiets toegerus met 'n klein petrolmotortjie wat egter te swak is om die fiets deur sand of teen opdraande uit aan te dryf, sodat die ryer m/d trappe moet help” (WAT, 1972: 170)
67. *Kalahariford* → “Skertsende benaming vir 'n rytuig bestaande uit 'n bokkiekarbak op motorwiele ... gew. getrek deur donkies” (WAT, 1968: 151)
68. *swartmerrie* → “benaming vir 'n lokomotief of trein” (HAT, 1994: 1 056)
69. *blikperd* → “Trapfiets” (WAT, 1950: 433)
70. *duinebesie* → “Vierwielaangedrewe ligte voertuig, besonder geskik om in duine mee te ry” (HAT, 1994: 176)
71. *ysterperd* → “(skerts.) 1 Fiets. 2 Lokomontief (HAT, 1994: 1 295)
72. *bromponie* → “Ligte motorfiets” (HAT, 1994: 111)
73. *knordonkie* → “Skertsend geringskattende benaming vir 'n knorponie (bromponie)” (WAT, 1976: 513)

Dit is opvallend dat die meeste van hierdie soort eksosentriese komposita wat vervoermiddels benoem, 'n diernaam as die eindstam het. Die vervoermiddels word dus in werklikheid gelykgemaak aan diere, ten eerste omdat vervoermiddels vir soveel mense as **lewendig** ervaar word (dikwels selfs met 'n eie persoonlikheid en streke), asook ter wille daarvan om **beweging** as semantiese kenmerk in die woorde te inkorporeer.

“Aggression-based theories ... start with the premise that jokes constitute an attack by the joke teller on the target of the joke, sometimes an individual but often a group” (Ritchie, 2005: 277). Hierdie teorie kan ook van toepassing gemaak word op humor in uitdrukkings soos eksosentriese komposita. Dit lei daartoe dat 'n uitgebreide groep eksosentriese komposita gebruik kan word as benamings vir mense:

- 74. *bobbejaanvanger* → “(skerts.) Vroedvrou of dokter wat b/d geboorte van 'n kind behulpsaam is” (WAT, 1950: 457)
- 75. *melkdermpie* → “Iem. sonder krag, deursettingsvermoë of eie oortuigings” (WAT, 1996: 258)
- 76. *goggabangmaak* → “Skreeulelike persoon of ding” (WAT, 1957: 343)
- 77. *spieëlbreker* → “'n lelike persoon” (Schoonees, 1960: 71)
- 78. *natrossie* → “Laatlammetjie” (WAT, 2000: 75)

Verskeie lekseme soos hierdie word as tong-in-die-kies-beskrywings van sekere mense gebruik, en hoewel die woorde spottend gebruik word, is hulle nie noodwendig kwetsend nie. Stereotipiese beskrywings van sekere etniese en godsdienstige groepe, asook persone binne sekere sosiale kategorieë, kom dikwels voor as eksosentriese komposita. Ook hier word dikwels 'n element van humor aangetref, aangesien dit juis die “eienaardige” eienskappe, uniek aan sekere groepe persone, wat vir 'n persoon van 'n ander ras, godsdiens en sosiale kategorie snaaks voorkom en gevolglik benoem word deur die byname. Dikwels word 'n element van humor ook met opset in die woorde geïnkorporeer om die woorde se kwetsende aard te versag, en dit meer soos 'n grap te laat klink in plaas van 'n belediging. Die skeidslyn tussen tergende byname soos hierdie en beledigende byname, sowel as skel- en haatname wat dikwels ook 'n element van humor toon, is egter baie fyn. Meer hieroor in hoofstuk 6 wat handel oor byname vir individue, sowel as groepe persone.

4.4 *Endosentriese samestellings wat figuurlik gebruik word ter wille van humor*

Afgesien van die groot hoeveelheid geestige eksosentriese komposita wat ter wille van die komiese geskep is, kan 'n groot groep lekseme wat as endosentriese samestellings ontstaan het, ook alternatiewelik as humoristiese eksosentriese komposita gebruik word:

79. *beeslek* → “Blink, gladgekamde hare wat lyk of 'n bees daaraan gelek het” (WAT, 1950: 352)
80. *bobbejaannes* → “Baie slegte en moeilik begaanbare pad” (WAT, 1950: 457)
81. *droogmaak* → “(*geselst.*; *onfyn*) Iets verbrou, niks uitrig of tot stand bring nie” (HAT, 1994: 171)
82. *druipstert* → “Beskaamd, bang, met sy houding verleë” (WAT, 1955: 346)
83. *eseltjiesmelk* → “medisyne ... Eng. *laudanum*” (Kruger, 1995: 70)
84. *fluit-fluit* → “Maklik, sonder moeite” (HAT, 1994: 218)
85. *koringkoek* → “(*skerts.*) Brood” (WAT, 1984: 429)
86. *kosmandjie* → “Maag” (WAT, 1991: 9)
87. *opgeklits* → “Ingenome” (WAT, 2000: 720)
88. *tonteldoos* → “sigaretaansteker” (uit die spreektaal)
89. *waterwerke* → “huilery” (uit die spreektaal) (ook *tranedal*)

By bostaande woorde is sprake van **metaforiek** of **semantiese uitbreiding**, waar leksikale items binne 'n sekere kennisdomein gebruik word om referente in 'n ander kennisdomein te benoem. Die woorde *ganskop*, *kosmandjie*, *beeslek*, *bobbejaannes* en *koringkoek* kan gevolglik as geestige, ondeursigtige of metaforiese eksosentriese komposita gebruik word met die aangehaalde betekenis, of as deursigtige samestellings met die neutrale, letterlike betekenis wat afgelei kan word uit die stamme wat in 'n endosentriese kern-bepaler-verhouding tot mekaar staan. Vergelyk ook die bespreking van metaforiek, assosiatiewe oordrag en semantiese uitbreiding by samestellings in afdeling 2.3.3.

Metaforiese uitbreiding vind dikwels plaas by beskrywings van persone se karakter, persoonlikheid, voorkoms, of ander individuele kenmerke. Net soos iemand **figuurlik droëbek** of *opgeklits* kan wees, kan daar onder andere ook gesê word iemand is:

90. *stroom-op, katvoet, kwylmond, hardenek, diknek, diktong, halfgebak, halfgelek, hardebek, ingesous, ingeklits, uitgevreet, uitgeknip, uitgeboul, uitgeboer, uitgedroog*

In hierdie soort lekseme wat as beide endosentriese en eksosentriese komposita kan optree, kan die element van “incongruity” (soos reeds bespreek) waargeneem word. By die gebruik van so 'n woord word deur middel van metaforiek “two distinct frames, which are in some sense opposite” (Ritchie, 2005: 279) opgeroep. 'n Deel van die humor lê juis in die **teenstrydige** aard van die letterlike en figuurlike betekenis van die woorde, maar terselfdertyd ook in die ooreenstemmings tussen die betekenis. Metaforiek, tesame met eksosentriese komposita as sub tipe daarvan, is kompleks van aard, en kan ook beskryf word as abstrak, nie logies nie. Vergelyk ook die volgende voorbeelde van metaforiese uitbreiding in samestellings:

91. *doringdraad* → Endosentriese: “Metaaldraad met vierpuntige stekels op kort afstande” (HAT, 1994: 163)
Eksosentriese: “Baie sterk alkoholiese drank” (HAT, 1994: 163)
92. *grafblom* → Endosentriese: “Enige soort blom wat gewoonlik of dikwels op grafte geplaas word” (HAT, 1994: 304)
Eksosentriese: “Grys hare” (HAT, 1994: 304)
93. *glasoog* → Endosentriese: “Kunsoog van glas” (HAT, 1994: 288)
Eksosentriese: “bril” (WAT, 1957: 291)
94. *kosblik* → Endosentriese: “Blik waarin kos gehou ... word” (WAT, 1991: 4)
Eksosentriese: “Maag” (WAT, 1991: 5)

'n Woord soos *grafblom* in sy letterlike betekenis het reeds 'n negatiewe konnotasie met die dood, maar hierdie konnotasie word versterk in die figuurlike gebruik daarvan vir “grys hare”. Dit dui as 'n onsensitiewe herinnering dat grys hare, hoë ouderdom en uiteindelik die dood, hand aan hand loop. Die galgehumor lê egter opgesluit in die teenstellende aard van die stamme *graf* en *blom*. Terwyl grafte 'n sterk negatiewe, grusame konnotasie as simbool van die dood dra, word blomme algemeen ervaar as positief, opbeurend en welkom, 'n simbool van die lewe. Die konseptuele vermenging wat plaasvind om die samestelling as figuurlike uitdrukking te gebruik en te verstaan

behels dat 'n persoon die kontrasterende begrippe “lewe” en “dood” moet saamgooi, tesame met 'n tikkie humor. Hoë ouderdom en gevolglik die naderende dood moet dan gesien word as onvermydelik, maar ook as iets wat nie noodwendig gevrees hoef te word nie, en selfs in 'n sekere sin 'n welkome uitkoms kan wees. Die uiterlike tekens van ouderdom soos plooië en grys hare is gevolglik ook nie iets wat slegs onwelkom, lastig en bedroewend hoef te wees nie, maar eerder so goed as moontlik aanvaar en selfs, indien moontlik, verwelkom kan word.

Die teoretiese standpunt is dat hierdie soort woorde eintlik gevalle van **polisemie** is, naamlik “die verskynsel dat een en dieselfde woord verskillende fasette, of nosies of waardes van een betekenis het” (De Villiers, 1976: 69), soos reeds bespreek is in hoofstuk 2. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

95. *duisendpoot* → Oorspronklik: “Insek ... met 'n lang, dun lyf, met baie litte, en 'n paar pote by elke lit” (HAT, 1994: 176)
 Eksosentries: “Skertsende benaming vir 'n trein” (WAT, 1955: 385)

Die woord *duisendpoot* het oorspronklik ontstaan as 'n bahuvrihi-samestelling wat die insek met sy kenmerkende groot hoeveelheid pote baie mooi beskryf het. 'n Ooreenkoms is waargeneem tussen die voorkoms van die saak wat oorspronklik benoem is ('n spesifieke insek) en 'n ander saak ('n trein). Daar is gebruik gemaak van **oordragtlike** of **figuurlike** taal sodat die betekenis van die woord *duisendpoot* oorgedra is na *trein*. Hierdie soort betekenisoordraging kan ook “kombinatoriese simbolisasie” (Links, 1989: 44) genoem word, wanneer 'n sekere woord of uitdrukking op 'n ander vlak 'n nuwe, metaforiese betekenis verkry. Met verloop van tyd kan die figuurlike gebruik van 'n samestelling so algemeen word dat dit 'n vaste, hoewel alternatiewe betekenis van die woord kan wees. Vergelyk die volgende voorbeelde van hierdie verskynsel:

96. *beeskos* → Endosentries: “Kos vir beeste” (WAT, 1950: 352)
 Eksosentries: “Spotnaam vir 'n mieliblaar- of papkuilhoed, m/d bygedagte dat beeste dit maklik kan eet” (WAT, 1950: 352)
97. *beesblaas* → Endosentries: “Blaas van 'n bees” (WAT, 1950: 352)
 Eksosentries: “(skerts.) Voetbal” (WAT, 1950: 352)

98. *katsnor* → Endosentries: “Snorbaard [soos dié] van 'n kat” (WAT, 1968: 435)
 Eksosentries: “strik as modeversiering, bv. van gestyfde organdie”
 (WAT, 1968: 436, s.v. “katstrik”)
99. *mieliepit* → Endosentries: “Vrug v.d. mielieplant” (WAT, 1996: 366)
 Eksosentries: “(*geselstaal*) Tand van 'n mens” (WAT, 1996: 366)

Dis maklik om te sien dat die oorspronklike ontstaansbetekenisse van die woorde die letterlike betekenis van die woorde as endosentriese komposita was. Die woorde het betekenisuitbreiding ondergaan om elk ook 'n figuurlike betekenis in te sluit. Die oordragtelike aard van woorde is feitlik onbeperk, sodat 'n enkele lekseem verskeie figuurlike betekenis kan aanneem, soos gesien in die volgende voorbeelde:

100. *kaggelpyp*
 Endosentries: “Metaalpyl waardeur die rook uit 'n kaggel na die skoorsteen gaan”
 (HAT, 1994: 479)
 Eksosentries: “Skertsende benaming vir 'n pluiskeil of 'n broek met nou pyl”
 (HAT, 1994: 479)
101. *koolblaar*
 Endosentries: “Blaar van kool” (WAT, 1984: 311)
 Eksosentries: “(*skerts.*) **a.** Geldnoot, veral een met 'n groen kleur ... **b.** Groot oor”
 (WAT, 1984: 312)
102. *doodkis*
 Endosentries: “Kis om 'n lyk in te begrawe” (HAT, 1994: 160)
 Eksosentries: “**2.** (... *skerts.*) Outydse sedanmotorvoertuig ... **3.** Skertsende benaming vir 'n groot skoen” (WAT, 1955: 248)
103. *donderpadda*
 Endosentries: “Groot padda van die geslag *Breviceps*” (HAT, 1994: 158)
 Eksosentries: “**2.** (*fig.*) Spottende benaming vir 'n opgeblase of nukkerige ... persoon.
3. (*gewest.*) Skertsende benaming vir 'n motorfiets” (WAT, 1955: 239)

104. *katkop*

Endosentries: “Kop van 'n kat” (WAT, 1968: 419)

Eksosentries: “Skertsende benaming ... vir verskillende tipes brood of beskuit ... Gebalde vuus ... Verwarde, vergeetagtige persoon ... (b.n.) Besope, dronk ... Deurmekaar ... Astrant” (WAT, 1968: 419)

In die meeste van die bostaande gevalle is die verwysingsraamwerk van die betekenisuitbreiding die **voorkoms** van die sake. Sommige van die figuurlike betekenis is nader aan die oorspronklike betekenis, terwyl ander so ondeursigtig kan wees dat daar glad nie uit slegs die stamme afgelei kan word watter saak dit benoem nie. Tog is hierdie woorde meestal polisemies van aard, met 'n verwysing tussen die figuurlike betekenis en die letterlike betekenis van die woord, al is dit ook baie vaag of so verouderd dat die moderne taalgebruiker geen verband tussen die betekenis kan sien nie.

Deur die gebruik van humoristiese eksosentriese komposita kan daar met opset of per toeval 'n **dubbelsinnige** of **misleidende** betekenis aan 'n frase verleen word. Vergelyk die volgende:

105. *donkiemelk* → “Skerts. benaming vir blikkiesmelk” (WAT, 1955: 243)

106. *hondesiekte* → “(skerts. van mense) Swaar verkoue of griep” (HAT, 1994: 387)

107. *perdedokter* → “Geneesheer wat ruwe metodes gebruik” (HAT, 1994: 792)

Alhoewel die woorde *donkiemelk*, *hondesiekte* en *perdedokter* met bovermelde betekenis onderskeidelik wel 'n soort melk, 'n soort siekte en 'n soort dokter benoem, is die woorde tog nie deursigtig nie. Elk van hierdie woorde tree ook op as endosentriese samestellings met letterlike betekenis wat presies afgelei kan word uit die kern- en bepalerstamme, soos byvoorbeeld “melk van 'n donkie”. Die humoristiese element van bostaande woorde lê egter daarin dat die woorde **misleidend** is, omdat dit nie die oorspronklike deursigtige, letterlike betekenis dra nie.

Vergelyk ook die volgende groep voorbeelde:

108. *gansmelk* → “(skerts.) Water” (WAT, 1957: 26)


109. *krapmelk* → “water” (WAT, 1991: 138)

110. *duiwemelk* → “Skertsende benaming vir iets onmoontliks of verspots, gew. gebruik as antwoord op 'n nuuskierige vraag” (WAT, 1955: 391)

111. *skilpadvere* → “Denkbeeldige voorwerp” (HAT, 1994: 935)

112. *perdehorings* → “iets onmoontliks of verspots” (WAT, 1955: 391, s.v. “duiwemelk”)

Elk van hierdie woorde is op die oog af 'n endosentriese samestelling wat figuurlik gebruik word. Die humor van bostaande komposita lê in die tergende of vermakerige gebruik daarvan, sowel as in die feit dat die woorde nie as letterlike, endosentriese komposita bestaan nie. Selfs al is die morfologiese struktuur van die woorde korrek, is die referente waarna dit letterlik verwys, soos vere van 'n skilpad, horings by perde, of melk van 'n gans, krap of duif, absurd. Die **fantastiese** of **absurde** aspek van woorde soos hierdie, die feit dat die vermengingsproduk ver-verwyderd is van enige moontlike, realistiese scenario, stop niemand egter om die woorde te gebruik nie. Inteendeel, “[i]ts very impossibility, in fact, seems to make the reasoning more vivid and compelling” (Fauconnier & Turner, 2003: 21). In onderstaande diagram word die vermenging wat plaasvind in fantastiese of absurde eksosentriese komposita, soos *skilpadvere*, aangedui:



FIGUUR 4-2: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING SKILPADVERE

Die afvoerproduk *skilpadvere* vertoon geen van die kenmerkende eienskappe van enige van die invoere nie, buiten woordsoort. 'n Interessante eienskap van hierdie samestelling is dat dit slegs in die meervoudsvorm gebruik kan word (vergelyk ook figuur 3-2: *apostelperde*). Maar hoewel *skilpadvere* slegs in die meervoudsvorm gebruik word, kan dit verwys na enkelvoudige voorwerpe. Vergelyk die volgende moontlike vraag-antwoord-scenario's tussen moeder en kind:

113. Wat steek Mamma daar weg?
Perdehorings en husse met lang ore!
Sê vir my wat, toe!
Sommer net *skilpadvere*.

114. Wat steek Mamma daar weg?
? 'n *Perdehoring* en 'n hus met lang ore!
Sê vir my wat, toe!
? Sommer net 'n *skilpadveer*.

Hoewel laasgenoemde antwoorde in die enkelvoudsvorm verstaanbaar is, kom dit vreemd voor. Die kans is skraal dat die moeder so 'n antwoord sou gee, selfs al is dit slegs 'n enkele voorwerp wat in hierdie geval ter sprake is.

Sekere produkte van konseptuele vermenging wat 'n element van onmoontlikheid of fantasie as eienskap dra, se aard kan met verloop van tyd verander. Die mengvorme, in hierdie geval eksosentriese komposita, kan dan later selfs 'n mentale “new reality, in culture, action, and science” (Fauconnier & Turner, 2003: 21) skep. Eenhorings vorm lank reeds deel van die mens se fantasiewêreld, en net so kan 'n skilpad met vere of melk by ganse, krappe, duiwe en enige ander nie-soogdier gevisualiseer word, selfs al figureer hulle net as karakters in kinderverhale.

4.5 Volksetimologie

Volksetimologie is “die verskynsel dat 'n taal se sprekers vreemde woorde wat vir hulle betekenisloos is, vervorm tot bekende woorde” (Prinsloo, 2001: 125). Volksetimologie vind dikwels plaas as gevolg van onkunde, met onbewustelike klankverandering wat kan meebring dat 'n sekere stam 'n “verkeerde” indruk skep. Ter illustrasie die volgende voorbeelde:

115. *dubbeljoe* → “Volksetimologiese vervorming van *dubio* [war, onsekerheid, moeilikheid]” (WAT, 1955: 368)
116. *bloubek* → “Banknoot v/d vroeëre Z.A. Republiek ... [eintlik E. *blueback*]” (WAT, 1950: 448)
117. *oudelies* → “senustillende middel, *eau-de-luce*” (WAT, 1955: 414, s.v. “*eau-de-luce*”)
118. *alpraatjies* → “(Eng.) *iron pyrites*” (Boshoff, 1921: 344)
119. *oor-die-wa* → “(Frans) *au revoir*, d.w.s. “tot siens” (Meyer e.a., s.j.: 52)
120. *tafelmerrie* → “klein sierspanspekkie wat vir sy welriekendheid op die buffet (sideboard) gehou word (uit *table marrow*)” (Boonzaier, 1989: 237)
121. *spektakel* → “uit die Frans *spectacle* (‘skouspel’), word nou slegs pejoratief gebruik vir ‘n komiese skouspel” (Kruger, 1995: 63)
122. *wenteltesfies* → “‘n tipe gebak” (Kruger, 1995: 59)
123. *oubout* (staan) → “ ‘agterste in die tou staan’; Fr. *au*, ‘aan’, + *bout*, ‘uiteinde’ ” (AE, 1967: 473)

Volgens Kruger (1995: 59) is hierdie soort skeppings met hul vreemde voorkoms en hoogs ondeursigtige semantiese aard “tekenend van die soort absurditeit wat dikwels by volksetimologie voorkom, waar die onderskeie komponente van die woord nie altyd ‘n semantiese eenheid vorm nie”. So noem sy die woord *wenteltesfies* vir ‘n tipe gebak “nie net onduidelik nie, maar selfs ‘n bietjie bisar, totdat dit op grond van mondelinge mededelings nagespeur word na die Nederlandse bronwoord, *wentel* ‘t eventjies, wat verband hou met die feit dat die gebakkies ‘n slag of wat omgedraai moet word in die diep olie” (Kruger, 1995: 59). Vergelyk ook die volgende voorbeelde van “spraakongelukke” wat gelei het tot die ontstaan van humoristiese eksosentriese komposita:

124. *muisneste* → “(volksetim. < *Ndl.* muizenissen, ‘swaarmoedige gedagtes’) Afgetrokkenheid of verstrooidheid weens liefdesake” (WAT, 1996: 578)
125. *nagmerrie* → “oorspronklik *nachtmare* wat *nagspook* beteken” (Meyer e.a., s.j.: 51)
126. *vloekskoot* → “Eng. *fluke*” (De Villiers, 1976: 123)
127. *maakgou* → “(volksetim. < *Tswana* mogau) Gifblaar” (WAT, 1996: 14)

128. *neusbek* → “(Eng.) *nosebag*” (Boshoff, 1921: 343)
129. *kattebelletjie* → “Klein, haastig afgekrabbelde, nie-vormlike briefie ... 'n verbastering van Ndl. cartabel” (WAT, 1968: 437)

Volksetimologiese vervorming is nie altyd die gevolg van taalfoute wat uit onkunde begaan word nie. Dikwels vind 'n “doelbewuste volkse en amusante verdraaiing van 'n woord of eienaam” (Kruger, 1995: 60) plaas wat volksetimologiese eksosentriese samestellings soos die volgende tot gevolg kan hê:

130. *duisendtree* → “(Eng.) *dysentery* [buikloop]” (Boshoff, 1921: 343)
131. *ellie-roos* → “(Eng.) *early rose*, ertappelsoort” (Boshoff, 1921: 343)
132. *bromkatjies* → “ ‘lugpypontsteking’, vanweë uitspr. wsk. volkset. uit Eng. *bronchitis*, terwyl ww. *brankieties* kan berus op volkset. uit Afr. *brongitis*” (AE, 1967: 186)
133. *eendjiebyter* → “ ‘toestel v. uitbroei v. eiers’, volkset. v. Eng. *incubator*” (AE, 1967: 213)
134. *Gryspatrys* → “(Eng.) *Repatriation*” (Boshoff, 1921: 343) (ook *Driepatrys*)
135. *goedvoor* → “skuldbewys, Eng. *good for*” (uit die spreektaal)
136. *halsband* → “eggenoot; (Eng.) *husband*” (uit die spreektaal)
137. *kouehart* → “(Eng.) *coward*” (Boshoff, 1921: 344)
138. *kraaislinger* → “[Eng.] *Chrysler*” (Meyer e.a., s.j.: 52)
139. *oliekolonie* → “Keulsewater, het oorspronklik *eau de Cologne* geheet, later ‘oude kolonie’ ” (Kruger, 1995: 70)
140. *spietkop* → “[Eng.] *speed cop*” (Meyer e.a., s.j.: 52)
141. *kat-se-blasies* → “[Eng. *cactoblastis*” (Meyer e.a., s.j.: 52)
142. *pens-en-katjies* → “(Eng.) *appendicitis*” (Boshoff, 1921: 343)
143. *piet-en-stoffel* → “Engels: pick en shovel” (Coetsee, s.j.: 12)
144. *blouhermaans* → “(Eng.) *blanc mange*” (Boshoff, 1921: 344)

“[A] certain degree of playfulness” (Ritchie, 2005: 279) word gevind in die meeste volksetimologiese komposita. Hierdie speelsheid tree op as semantiese meganisme met behulp waarvan humor by die woorde geïnkorporeer word, sodat die woorde nie as blote taalfoute ontstaan nie, maar wel as manifestasies van volkse slimigheid.

Volksetimologiese uitdrukkings kan verwarrend of misleidend in betekenis wees, aangesien die betekenis wat van die woord afgelei kan word so totaal onlogies is in sommige gevalle. En juis hierin lê natuurlik dan die luimigheid of geestigheid van dié soort uitdrukking. Vergelyk:

- 145. *krisjan-kaiings* → “volksetim. vervorming van *Christian Science*” (WAT, 1991: 205)
- 146. *Here-pik-my* → “’n volksetimologiese vorm van Jerepigo (-wyn)” (Lubbe, 1970: 298)
- 147. *rypatrys* → “(Eng.) *Repatriation*” (Boshoff, 1921: 343)
- 148. *Jokrivier* → “(Eng.) *Geography*” (Boshoff, 1921: 343)
- 149. *witstippelmerrie* → “(Eng.) *vegetable marrow*” (Boshoff, 1921: 343)
- 150. *merrie-korhaan* → “(Eng.) *merry-go-round*” (Boshoff, 1921: 344)
- 151. *katlammetjie* → “(Eng.) *calamity*” (Meyer e.a., s.j.: 52)

Ter wille van humor is ook heelwat **name** (veral name uit die geskiedenis) vervorm tot snaakse, onlogiese skeppings. Vergelyk die volgende plek- en persoonsname:

- 152. *Lekkerwyn* → “plaasnaam ... vervorm uit die familienaam Leclévant / Lecrivent” (Kruger, 1995: 67)
- 153. *Spek-en-bone* → “*Spes Bona*” (Boshoff, 1921: 343)
- 154. *Rooiversbul* → “*Sir Redvers Buller* – ’n Engelse generaal in die Tweede Vryheidsoorlog” (Meyer e.a., s.j.: 52)
- 155. *Kalwervel* → “*Culverwell*” (Boshoff, 1921: 343)
- 156. *Windsenings* → “*Vincennes*” (Boshoff, 1921: 343)
- 157. *Duiwel-se-slypsteen* → “*Theophilus Shepstone*” (Boshoff, 1921: 342) (ook *die-ou-vuilis-slypsteen*)
- 158. **Ook:** *Gladsteen* (Gladstone), *Baksteen* (Buxton), *Trippelmerrie* (Tipperary), *Indraai* (Underhay), *Kleitoon* (Clayton)

By volksetimologiese samestellings kan daar soms ’n nuwe verband gelê word tussen die nuwe woord wat ontstaan in die herbenoeming en die aard van die ding wat benoem word. Vergelyk die volgende voorbeelde van herinterpretasie by volksetimologiese skeppings:

- 159. *pynkelder* → “pynstillende geneesmiddels i. d. volksgeneesk.; volkset. v. Eng. *pain-killer*” (AE, 1967: 525)

- Die woord *pynkelder* skilder 'n amusante prentjie van 'n middel wat op hoogs doeltreffende wyse die *pyn sal kelder*.
160. *binnevet* (van die boud) → “van die Engels *benefit of the doubt*” (Kruger, 1995: 64)
- Volgens Kruger (1995: 64) word “'n sekere begunstiging” geïmpliseer met die gebruik van hierdie geestige volksetimologiese vorm.
161. *baiesukkel* → “volkset. v. Eng. *bicycle*” (AE, 1967: 149)
- Terwyl die Engelse *bicycle* die voorwerp se voorkoms beskryf as 'n fiets (*cycle*) met twee (*bi-*) wiele, lê die Afrikaanse herbenoeming spottenderwys klem op die groot (*baie*) gesukkel met so 'n vervoermiddel.
162. *traansuster* → “Engels *transistor*” (Kruger, 1995: 64)
- In die gebruik van die woord *traansuster*, word die “*tranerigheid*” van die *susters* wat na die melodramatiese radioverhale luister, voor die geestesoog geroep.
163. *dikstertmerrie* → “(skerts.) Volksetimologiese vervorming van Eng. *dictionary*” (WAT, 1955: 178)
- Die woord *dikstertmerrie* is 'n tong-in-die-kies “bespotting van die moontlike breedsprakerigheid wat uit woordeboekkennis voortvloei” (Kruger, 1995: 64).
164. *dronknes* → “‘dronkmansparty’ ... volkset. v. Eng. *drunkenness*” (AE, 1967: 209)
- Die woord *dronknes* is gelaai met 'n addisionele negatiewe, en tog ook geestige assosiasie wat ontbreek by die oorspronklike Engelse *drunkenness*.
165. *bekdrywer* → “(Eng.) *back-seat driver*” (Meyer e.a., s.j.: 57)
- Die Afrikaanse skepping lê meer klem op die veronderstelling dat 'n sg. *bekdrywer* heelwat te sê het oor die bestuursvernuf van die eintlike bestuurder, en waarskynlik ook meer bek as binnegoed is!

Soos hierbo gesien, is volksetimologiese herskepping van vreemde woorde of vreemdtalige uitdrukkings nie altyd 'n poging om die woord deur analogie meer bekend te maak vir die

taalgebruiker nie. Dikwels vind die herskepping plaas slégs ter wille van humor. Hierdie verskynsel kom nie net voor by die herskepping van vreemdtalige uitdrukkings nie, maar ook woorde uit die **ei** taal kan in die volksmond deur die spotlustiges gewysig word ter wille van die amusante, soos die volgende:

- 166. *grootneus* → “Vervorming i/d spreektaal van *groetnis*” (WAT, 1957: 465)
- 167. *pieterkielie* → “partikulier ... 1. ‘privaat’; 2. ‘gesteld op’” (AE, 1967: 485)
- 168. *katteskeer* → “Skertsend vir *katkiseer*” (WAT, 1968: 439)
- 169. *katfisante* → “katkisante” (Boshoff, 1921: 344)
- 170. *hoenderwyser* → “onderwyser” (uit die spreektaal)
- 171. *maakgou* → “makou” (uit die spreektaal)
- 172. *krukvors* → “kikvors” (WAT, 1991: 330)
- 173. *asjoubliet* → “asseblief” (uit die spreektaal)
- 174. *jantaal* → “Tarentaal” (WAT, 1968: 31)
- 175. *jannie-se-kitaar* → “Sekretarisvoël” (WAT, 1968: 30, s.v. “jannieseketaars”)
- 176. *wonderliksens* → “wonderessens” (AE, 1967: 731, s.v. “wonderessens”)

Bostaande woorde is doelbewuste klankvervormings van die oorspronklike woorde, met die “kenmerkende gebrek aan ‘logika’ van die volksetimologie” (Kruger, 1995: 62). Die herskeppings is “onlogies” en absurd in hul afleibare betekenis, maar daar is geen semantiese **verandering** afgesien van die bykomende geestigheid in die nuwe woorde nie. Vergelyk daarteenoor die volgende:

- 177. *gougryp* → “Griep, veral die griep epidemie van 1918” (WAT, 1957: 370)
- 178. *kolekastrol* → “cholesterol” (Kruger, 1995: 65)
- 179. *kos-my-niks* → “Skerts. vir *kosmetiek*” (WAT, 1991: 14)
- 180. *ruk-en-pluk* → “skertsend vir *ruk-en-rol* of Eng. *rock and roll*” (uit die spreektaal)
- 181. *koutong* → “biltong” (uit die spreektaal)

Die herskeppings *gougryp* en *kolekastrol* is albei taamlik klankgetrou aan die oorspronklike vorme, maar “slinkse volkse slimmigheid” (Kruger, 1995: 64) het tot gevolg dat elk met 'n tekenende betekeniswaarde gelaai is ten opsigte van die aard van griep en cholesterol. Dieselfde kan waargeneem word by *ruk-en-pluk* wat 'n meer komiese en ook meer beskrywende benaming van die soort dans is as *ruk-en-rol*. By *kos-my-niks* is daar sekerlik sprake van ironie, aangesien

kos-my-baie verseker 'n beter-beskrywende vervorming van kosmetiese ware sou wees. Volkse slimigheid kan by *koutong* waargeneem word in die vervanging van die niksseggende deel *bil-* met 'n stam wat meer betekenisdraend is ten opsigte van die geheelbetekenis van die herskepping.

4.6 *Idiomatisiteit*

Eksosentriese samestellings word dikwels humoristies gebruik ter wille van **idiomatisiteit**, dit wil sê, om 'n sekere gedagte semanties minder deursigtig uit te druk. Hierdie eksosentriese komposita word dan tereg ook idiomatiese samestellings genoem en vorm deel van “**oordragtelyke** of **figuurlike** taal” (Meyer e.a., s.j.: 404) waarmee name, eienskappe, handeling en toestande van een ding op 'n ander oorgedra word. Hierdeur word die beeldende krag van taal verlewendig. Semantiese (on)deursigtigheid van uitdrukkinge kan verantwoord word in terme van die **komposisionaaliteitsbeginsel**, wat soos volg deur Swanepoel (1993: 97) verwoord word:

“Die betekenis van 'n komplekse uitdrukking is 'n funksie van die betekenis van die samestellende dele daarvan en van die wyse waarop hulle ... gekombineer word.”

Komposisionaaliteit van 'n uitdrukking speel dus 'n bepalende rol in die deursigtigheid daarvan, tesame met die inligting waaroor die taalgebruiker beskik en wat gebruik word om die korrekte (ondeursigtige) betekenis van 'n uitdrukking of samestelling af te lei. Vergelyk die volgende niekomposisionele idiomatiese uitdrukkinge:

182. *botterhande* hê → “geneig wees om dinge te laat val” (NW, 1988: 75)
183. *eenpond-een* loop → “mank loop” (WAT, 1955: 437)
184. *witvoetjie* soek → “iemand se guns probeer wen, veral deur inkruiperig te wees” (HAT, 1994: 1 285)
185. *apekool* verkoop → “Onsinnige, dwase praatjies” (WAT, 1950: 230)
186. *ouboud* trek → “A.d. verloorkant wees of laaste kom” (WAT, 2000: 856)
187. *krulstertjie* voel → “trots voel” (WAT, 1991: 338)
188. iemand 'n *kopskoot* gee → “Om iemand 'n [raak/treffende] antwoord te gee” (AIVU, 1994: 201)
189. hy het *donkiemelk* gedrink → “Hy is dom” (AIVU, 1994: 60)
190. voor *dooiemansdeur* kom → “niemand tuis vind nie; geen welslae hê nie” (HAT, 1994: 162)

191. *kakebeenstraat* toe gaan → “gaan eet” (WAT, 1968: 146)

Bostaande uitdrukking is semanties ondeursigtig, **niekomposisioneel** of **arbitrêr**. Lakoff (1990: 447) beskryf hierdie tipe idiomatiese uitdrukking soos volg:

“Conventional images play an extremely important role in natural language. They are central to the formation of new idioms and to making sense of old ones. There is an extensive class of idioms that I will refer to as *imageable idioms*.”

Die deursigtigheid van vaste uitdrukking is “'n funksie van én die komposisionaleiteit én die gemotiveerdheid daarvan” (Swanepoel, 1993: 96). Hoewel uitdrukking soos bostaande niekomposisioneel is, is dit tog “imageable idioms”, aangesien dit moontlik om die betekenis daarvan af te lei op grond van die motiverende inligting of skakels wat die taalgebruiker tot sy beskikking het om sin te maak van die uitdrukking. Volgens Swanepoel (1993: 100) is 'n uitdrukking in hierdie sin gemotiveerd indien die taalgebruiker “die nodige semantiese skakel kan lê tussen A (die letterlike betekenis van 'n uitdrukking) en B (die figuurlike/afgeleide betekenis van 'n uitdrukking)”. Hoewel 'n woord soos *kakebeenstraat* gebruik sonder enige letterlike betekenis, is dit tog vir die taalgebruiker moontlik om op grond van die teenwoordigheid van die stam *kakebeen-* die nodige skakel te maak tussen die hipotetiese letterlike betekenis van die samestelling en die moontlike figuurlike betekenis daarvan, as 'n begrip wat verband hou met eet. Vergelyk ook die volgende komiese uitdrukking:

192. *grootoë* maak (kwaai aankyk), *bokhorings* maak ('n eed aflê), *ingesuur* sit (stil), *kleinkoppie* gooi (bang wees), op jou *binnevet* leef (kapitaal), op *sleptou* hê (mislei deur uit te stel), *seebene* hê (waggelend loop)

'n Sekere sub tipe eksosentriese komposita is beperk ten opsigte van funksionaliteit tot die vaste, idiomatiese uitdrukking waarin dit voorkom, en kan nie as losstaande samestellings gebruik word nie. Vergelyk die volgende geestige idioome met idiosinkratiese eksosentriese komposita as kerne:

193. *lugkastele* bou, so waar soos *parravet*, bokant iemand se *vuurmaakplek* wees, vir *kwaadgeld* rondloop, *gras-af* maak (doodmaak), *kouetoon* gooi (kaalvoet rugby speel), *mooibroodjies* bak, sy *stertriem* is af (hy is dood), in *tamatiestraat* (in die moeilikheid), *vaalstreep* vat (op die pad gaan)

Idiomatisiteit is 'n kenmerkende funksie van eksosentriese komposita waarna meermale in hierdie proefskrif verwys word, onder andere in afdeling 8.4.

4.7 *Fatiese uitdrukkings*

In die informele spreektaal word dikwels gebruik gemaak van **fatiese uitdrukkings** met die spesifieke funksie om “maatskaplike en gesellige kontak te maak” (De Villier, 1967: 78) tussen sprekers. Vergelyk die volgende groep ondeursigtige eksosentriese komposita wat in Afrikaanse vaste uitdrukkings voorkom:

194. *houtbank* → “Goed, voorspoedig; lekker” (WAT, 1972: 424)
195. *fluitwiel* → “goed (Namakwalandse Afrikaans)” (Links, 1989: 50)
196. *oopketel* → “besonder voor die wind (Namakwalands)” (Links, 1989: 56)
197. *loskatrol* → “(streektaal) Voorspoedig verloop” (WAT, 1994: 393)
198. **Ook:** *fyntonnie, fynlaken, fynporselein, klinkstiebeuel, klopdisselboom, orrelstryk, pastersteek*

Elkeen van hierdie samestellings dra die ondeursigtige betekenis van “voorspoedig / goed”, veral soos dit gebruik word in die uitdrukking “dit gaan (goed)”, as antwoord op die begroetingsvraag “hoe gaan dit?”. Die frase “dit gaan goed” is egter 'n **geykte term** of cliché, waarna niemand eintlik luister nie, en waarop niemand werklik ag slaan nie. Deur te antwoord met 'n kleurvolle uitdrukking soos “dit gaan fyntonnie / klopdisselboom” word dadelik 'n frisheid aan die gesprek verleen, wat andersins afwesig sou wees. Alternatiewe **negatiewe** antwoorde op dieselfde begroetingsvraag is die volgende:

199. *beenkou* → “swaar (Bolandse Afrikaans)” (Boonzaier, 1989: 262)
200. (op) *baadjieval* → “deurmekaar” (Links, 1989: 47)
201. *hakskeen-stootskeen* → “Moeilik, swaar” (WAT, 1972: 37)
202. **Ook:** *broekskeur, katnaels, horingsman, wurg-wurg*, op 'n *sukkeldraffie*

Soos telkens reeds gesien is, besit woorde nie net 'n **voorstellingsinhoud** nie, maar ook 'n **gevoelswaarde**. Die behoefte aan uitdrukkings waarmee daar gesellig kontak gemaak word, lei tot besondere woordvernuf.

203. *blouperd* → “Uitroep om iem. te prys” (WAT, 1950: 452)

204. *fietskerneels* → “Uitroepwoord m/d betekenis ‘mooi [so]! raak! knap!’ ” (WAT, 1955: 683)
205. *ryperd* → “Uitroep van bewondering, verbasing ... mooi so, pragtig, uitstekend gedaan!” (HAT, 1994: 881)
206. *duiwelsdood* → “Besonder goed, op voortreflike wyse” (WAT, 1955: 389)

Uitdrukkings van bewondering en goedkeuring tel onder fatiese uitdrukkings, aangesien die funksie van hierdie woorde ook die skep van sosiale, gesellige kontak is. Vreemd genoeg tree plat woorde dikwels op as stamme in uitdrukkings en uitroepe van bewondering. Die samestellings wat ontstaan mag op die oog af die voorkoms van disfemismes met 'n pejoratiewe krag aanneem, maar in werklikheid vorm dit deel van informele taal, wat met opset gebruik word in die plek van meer beleefde, sagte of neutrale woorde. Hierdie uitdrukkings is eintlik versterkte of intensiewe vorms wat 'n sterker affektiewe krag dra as die oorspronklike meer neutrale vorms:

207. *hondestront* → “As ironiese uitroep wanneer iem. baie spog of grootpraat ... [of] as uiting van uitgelatenheid (of bewondering)” (WAT, 1972: 365)
208. *ougat* → “Oulik, ouderwets” (HAT, 1994: 773)

In die informele spreektaal is **tussenwerpsels** ook volop, dit wil sê voorstellings van 'n “spontane uiting van gevoel, gewaarwording of hartstog” (Meyer e.a., s.j.: 163). Tussenwerpsels en bastervloekwoorde druk onder andere gevoelswaardes soos pyn, afkeuring, spyt, meegevoel, toejuiging of bewondering, ongeloof en verbasing uit:

209. *blikskottels* → “as gemoedelike vloekwoord gebruik” (NW, 1988: 63)
210. *hardekaas* → “(nie alg., skerts.) Uitroep om spyt te kenne te gee oor 'n teenspoedige voorval of 'n mislukking” (WAT, 1972: 91)
211. *klipsteen* → “Uitroep om verrassing, blydschap, blye verwagting te kenne te gee” (WAT, 1976: 325)
212. *handjieseer / hartjieseer* → “Uitroep gebruik om 'n ander wat nie iets het wat jy het nie, te vermaak of jaloers te maak” (WAT, 1972: 74)

Eksosentriese komposita soos die volgende tree op as tussenwerpsels wat spreek van verbasing of verrassing:

213. *allemensig* → “Uitroep van verbasing” (HAT, 1994: 39)

214. *allewêreld* → “Uitroep van verbasing, ligte afkeuring” (HAT, 1994: 39)
215. *vaderland* → “Uitroep om veral verbasing of ongeloof te kenne te gee” (HAT, 1994: 1 143)
216. *gommelaai* → “Uitroep van verwondering of verbasing” (WAT, 1957: 350)
217. *inderbloed* → “Uitroep om verbasing uit te druk” (WAT, 1972: 518)
218. *help-my-druppels* → “Uitroep van ontsteltenis, verrassing” (WAT, 1972: 170)
219. **Ook:** *jandorielaar, jandosielaar, matjiesgoed, allematjiesgoed, allemintig*

Die sosiale werklikheid binne die gespreksituasie word deur fatiese uitdrukkings en tussenwerpsels weerspieël. Uitdrukkings soos hierdie sal beswaarlik gebruik word in enige formele situasie, teenoor vreemdes of die spreker se sosiale meerderes. Die gesellige kontak wat met behulp van sulke uitdrukkings bewerkstellig word, is egter welkom in informele gespreksituasies tussen vriende en familie, sowel as in kontreikuns en ligte, informele letterkunde.

4.8 Naamgewing

In hierdie afdeling word humoristiese eksosentriese samestellings wat optree as name van plekke, plante en diere bespreek. Eerstens 'n paar voorbeelde van eksosentriese komposita wat optree as geestige plekname:

220. *Dopperhemel* → “Skertsende benaming vir ... Potchefstroom” (WAT, 1955: 261)
221. *Ligverwurg* → “Lichtenburg, waar baie delwers noustrop getrek het” (Coetzee, 1948: 96)
222. *Stinkvis* → “Bredasdorp ... aan die kus, vissers” (Coetzee, 1948: 95)
223. *Piesangland* → “Natal” (Coetzee, 1948: 95)
224. *Patattakaap* → “McGregor, George ... omdat die armes meestal van patattas leef” (Coetzee, 1948: 95)
225. *Filiphopeloos* → “Philippolis” (Coetzee, 1948: 97)
226. *Trippelmerrie* → “Tipperary” (Boshoff, 1921: 343)

Vergelyk in hierdie verband ook die bespreking van volksetimologiese vervormings van plekname in afdeling 4.5. Die volgende plantname spreek van humor en spot:

227. *skoonma-se-tong* → “plant met uiters skerp blare” (uit die spreektaal)

228. *botter-en-brood* → “onkruid ... met 'n klein, ronde vrug wat dikw. deur kinders geëet word” (WAT, 1950: 507)
229. *engelsman-se-kind* → “Klein, disselagtige bossie met geel blommetjies wat veral in vleie groei en vinnig versprei” (WAT, 1955: 554)
230. *hanetjies-en-hennetjie* → “Klein, rooskleurige veldplant” (WAT, 1972: 82)
231. *oupa-pyp-in-die-bek* → “Soort orgidee” (HAT, 1994: 774)

Bostaande woorde is die enigste of mees algemene name van die plante wat dit benoem. In die meerderheid gevalle is die humoristiese samestellings egter alternatiewe benamings wat 'n opvallende kenmerk van die plant noem. Hierdie soort woorde maak in die meeste gevalle deel uit van gewestelike taal, of is uitsluitlik geskep ter wille van die amusante. Vergelyk:

232. *hoe-langer-hoe-liewer* → “Volksnaam vir die klimplant *Solanum dulcamara* (bittersoet), asook vir die plant *Saxifraga umbrosa*” (HAT, 1994: 380)
233. *gedaanbreek* → “lekkerbreekbos” (WAT, 1957: 58)
234. *juffertjie-roer-by-die-nag* → “Volksnaam vir verskeie klein struikies ... wat veral saans en snags 'n aangename geur versprei ... *katstert*” (WAT, 1968: 77)

Anders as by plantname is humoristiese eksosentiese benamings van diere feitlik altyd alternatiewe, minder-gebruiklike benamings wat slegs ter wille van humor geskep is, en wel gewoonlik in die gewestelike taal:

235. *jerusalemponie* → “Luis; weeluis” (WAT, 1968: 43)
236. *grondvreter* → “slang” (Kok, 1947c: 19)
237. *halfkroonvoet* → “Skertsende benaming vir 'n perd” (WAT, 1972: 44)
238. *knopkieriekop* → “Skertsende benaming vir 'n volstruis” (WAT, 1976: 502)
239. *klaasneus* → “Langharige, insekvtrende diertjie met 'n lang, spits snoet” (HAT, 1994: 526)
240. *vleislus* → “hond (Bolandse Afrikaans)” (Boonzaier, 1989: 237)
241. *strykystervoet* → “dassie” (Kok, 1947c: 19)
242. *bosmens* → “Orang-oetang” (WAT, 1950: 501)

Die skep van humoristiese diername is 'n veel meer produktiewe proses, sodat geestige eksosentriese diername meer volop is as dieselfde soort plantname. Hierdie verskynsel is waarskynlik die natuurlike uitspruitsel van die feit daar soveel meer opsies vir die skep van geestige diername is vir die spotlustige taalgebruiker. Daar kan naamlik in die diername verwys word na sake soos die geluide wat diere maak en aksies wat die diere uitvoer, terwyl plantname se vreemdheid of “snaaksigheid” merendeels slegs kan lê in hul voorkoms. Vergelyk die volgende diername:

243. *bêrendlangasem* → “Volksnaam vir 'n soort hamerkop wat lank aaneen skree” (WAT, 1950: 375)
244. *jandooi* → “doodhouer(gogga)” (GAS, 1995: 138)
245. *jantjiesoetjiesdraf* → “Verkleurmannetjie” (WAT, 1968: 31)
246. *joggemlangasem* → “enigeen van verskeie soorte sprinkane ... waarsk. so genoem na die aanhoudende getjilp v/d mannetjie” (WAT, 1969: 58)

Humoristiese eksosentriese benamings vir diere is volop vir baie verskillende diere en insekte, maar dit is ook opvallend dat die meeste van hierdie soort woorde optree as benamings van spesifieke diere wat tradisioneel as “snaaks” of eienaardig beskou word vanweë hul voorkoms, aard of ander aanleidende faktore. Vergelyk die groot hoeveelheid humoristiese benamings vir **donkies**:

247. *stoffjas* → “(skerts.) Donkie” (HAT, 1994: 1 025)
248. *jerusalemponie* → “Donkie, esel” (WAT, 1968: 43)
249. *jerusalemkanarie* → “Donkie” (WAT, 1968: 43)
250. *duiweleier* → “Skertsende benaming vir 'n donkie in N. Transvaal” (WAT, 1955: 388)
251. *kommetjiekrou* → “Skerts. benaming vir 'n donkie” (WAT, 1984: 61)
252. **Ook:** *asbek, asbok, laatvy, langoor, slapoor, hangoor, jerusalemperd, vaaltorra*

Net so is daar 'n baie groot verskeidenheid geestige benamings vir **bobbejane**, waarvan heelwat (net soos die donkiebenamings) 'n opvallende of snaakse aspek van die dier se voorkoms benoem:

253. *plankvoet* → “bobbejaan” (Kok, 1947c: 19)
254. *kransvolk* → “(skerts.; koll.) Bobbejane” (WAT, 1991: 134)

255. *sekelstert* → “bobbejaan” (GAS, 1995: 54, s.v. “bobbejaan”)
 256. *sitbok* → “spotnaam vir 'n bobbejaan” (Meyer e.a., s.j.: 26)
 257. *houtlepel* → “bobbejaan” (Boonzaier, 1989: 234)
 258. **Ook:** *knopkies, krisjan, kranswagter, ouvolk, jan-banke, bankiesmeid*

Dit is opvallend dat 'n besonder groot hoeveelheid humoristiese dier- en plantname 'n eienaam as een van die samestellende dele besit. In hierdie gevalle is die geestigheid juis daarin opgesluit dat die dier, insek, voël of plant deur die eienaam 'n **menslike** eienskap aanneem of gelykgemaak word aan 'n mens. Vergelyk die volgende dier- en plantname:

259. *abramdikpens* → “Koringkriek” (HAT, 1994: 14)
 260. *jan-polvy* → “volstruis” (uit die spreektaal)
 261. *jantjietoontjies* → “vissoort beter bekend as *mooinooiëntjie*” (WAT, 1968: 31)
 262. *klaasasgat* → “Brosdoring(bos) ... na bewering so genoem omdat die hout, wat goed brand ... slegs as agterlaat” (WAT, 1976: 13)
 263. *pietlangpoot* → “langbeenspinnekop” (uit die spreektaal)
 264. *katjiepieter-eenderm* → “Blaasopsprinkaan” (WAT, 1972: 435, s.v. “huidjiehu”)
 265. *klaaskluitjiegorrel* → “Tiptol” (WAT, 1976: 13)

In die volgende hoofstuk word eksosentriese dier- en plantname in fyner besonderhede bespreek, sodat daar in hierdie hoofstuk nie verder ingegaan sal word op hierdie soort geestige woorde nie.

4.9 *Onfyn, plat en sensitiewe taal*

Onfyn taal kan gedefinieer word as growwe woorde en uitdrukkings “wat nie noodwendig ernstig aanstoot sal gee nie, maar tog liefers nie in verfynde of gemengde geselskap gebruik moet word nie” (HAT, 1994: xii). Heelwat van hierdie woorde is geestige eksosentriese komposita soos die volgende:

266. *bokdrolletjie* → “'n grondboontjie deur sjokolade omhul, lekkergoed” (uit die spreektaal)
 267. *drolletjiedrie* → “Niksbeduidende persoon” (WAT, 1955: 334)
 268. *hel-uit* → “(*onfyn*) In 'n hoë mate; vreeslik” (HAT, 1994: 360)
 269. *volbek* → “Nie meer so jonk nie” (HAT, 1994: 1 224)

270. *grootbek* → “Iemand wat grootpraat ... Grootpraterig” (HAT, 1994: 318)
271. *klap-in-die-bek* → “Konsertinahek ... met 'n spar wat die onversigtige oopmaker maklik 'n hou (klap) i/d gesig kan gee” (WAT, 1976: 51)
272. *stertriem* → “Kort baaibroekie” (HAT, 1994: 1 019)
273. *smoelneuker* → “Swingel aan 'n hekpaal, waarmee 'n draadhek toegemaak word; ook, die konsertinahek self” (HAT, 1994: 964) (ook *bekslaner*, *bekneuker*, *borsneuker*)

Dit is nie altyd maklik om plat taal van onfyn taal te onderskei nie. **Plat taal** verwys gewoonlik na “die natuurlike menslike funksies of na seks of die geslagsdele” (HAT, 1994: xii) en is daarom krasser en meer aanstootlik as onfyn taal. Vergelyk die volgende voorbeelde van platvloerse geestigheid:

274. *gatjapon* → “Skertsende benaming vir *manel*” (WAT, 1957: 43)
275. *gatstompie* → “(skerts.) Miskoek – veral wanneer dit as brandstof gebruik word” (WAT, 1957: 44)
276. *gatsaag* → “fiets” (uit die spreektaal)
277. *gatgebreke* → “skete” (Boonzaier, 1989: 233)
278. *stofpoepertjie* → “buksie” (GAS, 1995: 361)
279. *snotkoker* → “neus” (GAS, 1995: 341)

Sekere woorde mag 'n geestige betekenislement hê, maar word as **sensitiewe** terme beskou aangesien sekere groepe mense (van 'n sekere ras, bevolkingsgroep, geloof, of sosiale stand) die woorde as aanstootlik kan ervaar. **Rassismes** is lekseme wat as rassisties ervaar word, soos *kaffer*, *hotnot* en *meid*. Vergelyk die volgende komposita met rassismes as stamme:

280. *loshotnot* → “Sonder bande wat jou bind” (WAT, 1994: 392)
281. *meidebekruipers* → “skoene wat sag loop; tekkies” (Boonzaier, 1989: 235)
282. *meidestert* → “uintjiesoort met 'n raapvormige ‘kos’” (Boonzaier, 1989: 235)
283. *kafferhalfkroon* → “Skertsende naam vir 'n pennie” (WAT, 1968: 131)
284. *kafferverwurg* → “Sterk Turkse tabak” (WAT, 1968: 137)

Komposita soos bostaande, sowel as die kwetsende stamme, word tans sover moontlik vermy ter wille van beleefdheid en sensitiwiteit teenoor diegene wat aanstoot mag neem. In die

teenswoordige gees van demokrasie in Suid-Afrika (na 1994), word “sensitiewe” en “rassistiese” leksikale items soos bostaande ook in kontemporêre leksikografiese werke met meer sensitiwiteit en omsigtigheid benader en omskryf. Vergelyk die volgende riglyne ten opsigte van die hantering van sensitiewe leksikale items in die *WAT* (Buro van die *WAT*, 1994):

“Daar word spesiale riglyne gevolg ten opsigte van die opname of lys van ‘rassismes’, ‘seksismes’, ‘sensitiewe leksikale items wat afwykings, gebreke of sekere gestigmatiseerde siektes by die mens aandui’, en ‘sensitiewe leksikale items binne ‘n sosiale en politieke struktuur’. Volledig rassistiese simplekse word byvoorbeeld gelemmatiseer, maar nie verklaar nie, as *rassisties* geëtiketteer en komposita met rassistiese komponente word nie gelemmatiseer nie. Alle seksistiese leksikale items word gelemmatiseer, as *seksisties* geëtiketteer en metatalig sensitief gehanteer. ‘Sensitiewe leksikale items’ (byvoorbeeld *tering*, *kanker*, *vigs*, ens.) word eweneens met groot omsigtigheid in die metataal gebruik en ‘sosiaal en polities sensitiewe leksikale items’ (byvoorbeeld *plakker*, *regime*, *demand*, ens.) word wel gelemmatiseer, maar sover moontlik nie in die metataal gebruik nie.”

Plat, onfyn, rassistiese en ander sensitiewe taal word in fyner besonderhede bespreek in terme van eufemisme en disfemisme in hoofstuk 7.

4.10 Verouderde humoristiese samestellings

In die **verouderde taal** kom 'n groot aantal eksosentriese komposita voor. Hierdie woorde is in baie gevalle so treffend en geestig-beskrywend dat dit betreurenswaardig is dat die woorde nie meer algemeen gebruik word nie. Vergelyk die volgende woorde:

- 285. *hondebloed* → “Skertsende naam vir *drop*” (WAT, 1972: 361)
- 286. *geelbek* → “Boerenaam vir die polka, ontleen a/d liedjie wat gew. daarby gesing word” (WAT, 1957: 69)
- 287. *boerematriek* → “(*skerts.*; *veroud.*) Aanneming tot lidmaat na katkisasie” (HAT, 1994: 99)
- 288. *dagtoorts* → “Die son” (WAT, 1955: 17)
- 289. *kraaibees* → “(*veroud.*, *skerts.*) Perd” (WAT, 1991: 56)

290. *kurkhoed* → “Berede polisieman” (WAT, 1991: 443)

Hierdie woorde is **argaïsmes**, oftewel “woorde wat heeltemal of feitlik heeltemal verdwyn het” (Meyer e.a., s.j.: 54). Argaïsmes word soms nog in die taal van oumense gehoor en word natuurlik nog in groot hoeveelhede gevind in die ouer letterkunde. Sou so 'n woord nou weer deur 'n paar taalgebruikers, of in nuwe letterkunde gebruik word, is dit waarskynlik dat die woord weer deel van die omgangstaal kan word, bes moontlik met 'n nuwe, aangepaste betekenis. Vergelyk ook:

291. *donkiebrekfis* → “(skerts.) Benaming vir 'n harde, gew. wit hoed van ruwe strooi met 'n plat bol en rand en met 'n band om ... kenmerkende drag van sekere inrigtinge” (WAT, 1955: 242)
292. *nierknyper* → “1 Ouderwetse soort saal. 2 Klapbroek. 3 Mansbroek wat sonder kruisbande gedra word” (HAT, 1994: 699)
293. *bobbejaanboud* → “(skerts.) Ou pangeweer” (HAT, 1994: 96)
294. *goewermentshuisie* → “Kleinhuisie, privaat” (WAT, 1957: 342)
295. *hakskeenpleister* → “Benaming vir die waardelose papiergeld in Tvl. en die O.V.S. uitgegee ... gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (WAT, 1972: 37)

Woorde soos hierdie het noodgedwonge verouderd geraak, omdat die voorwerpe of referente wat dit benoem, ook verouderd is. Die voorwerpe word nie meer vervaardig nie en kan moontlik nog net in museums of ander versamelings van antieke ware gevind word. Die moontlikheid dat die samestellings wat dit op geestige wyse benoem weer ten volle in gebruik geneem gaan word, is dus uiters skraal.

'n Interessante kenmerk van verouderde humoristiese komposita is dat hoe meer verouderd die woorde raak, hoe sterker is die geestige element daarvan. Sekere komposita verkry weer eers werklik 'n geestige kleur sodra dit verouderd en weinig gebruiklik word. Net soos wat verouderde voorwerpe soos geld, kleredrag, vervoermiddels, ensovoorts vir die hedendaagse mens eienaardig, snaaks of amusant is, net so is die verouderde taalgebruik dikwels 'n bron van plesier.

4.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n bespreking gelewer van **humor** as 'n funksie van eksosentriese komposita. Daar is gepoog om 'n breë studie te doen van verskillende soorte woorde wat ontstaan het en gebruik word ter wille van die amusante. Terwyl sekere eksosentriese komposita hul ontstaan te danke het aan die geestigheid en spotlustigheid van die Afrikaanssprekende, is daar in sommige gevalle gebruik gemaak van bestaande endosentriese komposita wat humor as semantiese kenmerk aangeneem het om op te tree as geestige eksosentriese uitdrukkings.

Volksetimologie en **gewestelike taal** is ryk bronne van humoristiese eksosentriese komposita vir allerlei verskillende sake, veral benamings van mense, plante en diere. Terwyl sekere uitdrukkings onfyn of plat mag wees, is baie hiervan onteenseglik tog ook besonder spitsvondig en kleurvol. Afgesien van die rykdom geestige eksosentriese komposita wat tans in gebruik is (selfs al is die woorde skaars of die gebruik daarvan gelokaliseerd) is ook hierdie soort woorde nie immuun teen die veranderings van tyd nie en mag selfs die kleurvolste uitdrukking verouderd en in onbruik raak.

'n Sekere mate van humor vorm 'n integrale deel van byna alle eksosentriese komposita. By die meeste van die komposita is 'n element van skalkse humor teenwoordig in die blote feit dat die woorde ondeursigtig is en hul leen tot **dubbelsinnigheid, satire, ironie, woordspeling**, ensovoorts. In hierdie hoofstuk is egter slegs die groepe komposita waar die element van geestigheid baie opvallend is, bespreek. Soos wel in ander hoofstukke gesien kan word, tree humoristiese komposita ook op as byvoorbeeld dier- en plantame, byname vir persone, eufemismes, disfemismes, fatiese uitdrukkings, tussenwerpsels, beskrywingsmiddele en andere.

HOOFSTUK 5

ETNOBIOLOGIESE NAAMGEWING

5.1 *Inleiding*

Die vernaamste semantiese eienskap en funksie van die sub tipe eksosentriese komposita wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is **naamgewing** of **benoeming** binne die **etnobiologiese nomenklatuur**. Hierdie komposita kan gesien word as die resultaat van die proses van “naamgewing van plant- en dierspesies” in Afrikaans, 'n proses wat steeds produktief is. Onder hierdie soort woorde word bedoel eksosentriese samestellings met die kategorie van “naamwoord”, wat “van die standpunt van die leek die ‘naam’ is van 'n saak” (De Villiers, 1967: 168).

Naamgewing is waarskynlik die belangrikste referensiële funksie wat eksosentriese komposita verrig. Eerstens word daar ingegaan op komposita binne die semantiese veld van **diernaamkunde** of **terionimie** en daarna word ook gekyk na **plantnaamkunde**. Beide groepe komposita word bespreek en toegelig met voorbeelde. Daar word onder andere melding gemaak van Swanepoel se navorsing rakende plant- en diername, met spesifieke verwysing na sy artikel *Oor die unieke en die universele in die Afrikaanse en Nederlandse etnobiologiese nomenklatuur* (2001).

Swanepoel (2001: 258) maak die volgende opmerking met betrekking tot naamgewing by plante en diere:

“[N]aas die morfologiese kenmerke van spesies en hulle voortplantingswyse – die kenmerke waarop wetenskaplike taksonomieë berus – [is] veel meer konseptuele kenmerke van spesies ter sake ... vir die leek, soos habitat, voeding, nuttigheidswaarde vir die mens, die mens se emotiewe reaksie op 'n dier of plant en die assosiatiewe verband tussen plant of dier, mense, historiese gebeure en geloof of bygeloof. Spesies word dus nie net *an sich* as entiteite ervaar en benoem nie, maar die taalgebruiker se hele kennissistiem speel in hierdie konseptualisering en benoeming 'n rol.”

Bovermelde stelling word in hierdie hoofstuk ondersoek na aanleiding van benoemingsmotiewe en die kennissisteme waaruit die naamgewer put om sekere dier- en plantspesies te benoem.

In hierdie studie sal die term “naamgewing” ter wille van afbakening gebruik word slegs met betrekking tot die name van diere, voëls, visse en plante, en sal die name van plekke en persone, asook enige nie-lewende voorwerpe voorlopig geïgnoreer word. 'n Afsonderlike hoofstuk word aan slegs die benoeming van persone toegewy, naamlik hoofstuk 6. Name vir nie-lewende referente word onder andere in hoofstukke 4, 7 en 8 bespreek.

5.2 *Diername*

Eksosentriese komposita bied 'n baie ryk bron van lekseme wat aangewend word vir naamgewing of benoeming. Die volgende voorbeelde is verdeel in verskillende klasse om kortliks te wys watter groot verskeidenheid van hierdie samestellings as diername voorkom:

Diere:

1. *langnek* → “kameelperd” (GAS, 1995: 180)
2. *beesbyter* → “Taamlike groot, sterkgespiede hond” (WAT, 1950: 352)
3. *koeskop* → “olifante sonder tande” (AE, 1967: 509, s.v. *poenskop*)
4. *bosduiwel* → “'n Aap uit Wes-Afrika” (WAT, 1950: 500)
5. *veelvraat* → “Pelsdier van die martergeslag” (HAT, 1994: 1 154)

Insekte en spinnekoppe:

6. *krompokkel* → “langhoringsprinkaan” (WAT, 1991: 241)
7. *vetvreter* → “Haarskeerder [spinnepkop]” (HAT, 1994: 1 205)
8. *brandassie* → “soort muggie wat ... brandende gejeuk veroorsaak” (NW, 1988: 76)
9. *kokerjuffer* → “Algemene benaming vir die larwe van enige verteenwoordiger v/d insekteorde Haarvlerkiges” (WAT, 1976: 683)

Reptiele en amfibieë:

10. *blinkogie* → “Groot geitjie met uitpeuloë” (HAT, 1994: 92)
11. *rinkhals* → “[slang] met 'n opmerklike ring, band om die hals” (HAT, 1994: 862)
12. *horingsman* → “Dikkopadder ... *horingsmanslang*” (WAT, 1972: 406)
13. *gorrelliedjie* → “Benaming vir 'n klein paddatjie” (WAT, 1957: 360)
14. *kop-en-duik* → “'n akkerdis” (Kok, 1947b: 13)

Visse en skulpdiere:

15. *vyfvinger* → “Wit stompneus” (HAT, 1994: 1 255)
16. *poenskop* → “soort dolfyn /walvis” (AE, 1967: 509)
17. *glasryp* → “deursigtige, balievormige manteldiere wat i/d see leef” (WAT, 1957: 291)
18. *mooimeisie* → “Bonkige vissie” (WAT, 1996: 528)
19. *kaalkop* → “soort vis ... volkset. uit Mal. (*ikan*) *kakap* (Mal. *ikan*, ‘vis’...) ” (AE, 1967: 316)


Voëls:

20. *hamerkop* → “Bruin, reieragtige voël” (HAT 1994: 337)
21. *dagbrekertjie* → “Enigeen van drie voëlsoorte v/d fam. *Turdidae*” (WAT, 1955: 12)
22. *flapflappie* → “Klein, vaalbruin voëltjie” (WAT, 1955: 705)
23. *bosmusikant* → “'n Wewervoël ... aldus genoem weens sy wilde sang wat afgewissel word deur strelende klanke” (WAT, 1950: 501)

In die res van hierdie proefskrif sal “diernaam” gebruik word as 'n oorkoepelende term wat verwys na name van soogdiere, insekte, reptiele, visse, see- en skulpdiere, voëls, ensovoorts, aangesien al hierdie benamings as een groep eksosentriese komposita bespreek word.

Ter inleiding van die hoofstuk, die volgende diagrammatiese voorstelling van die konseptuele vermenging wat plaasvind by eksosentriese komposita wat optree as diernaam:

24. *trapsuutjies* → “Kameleon, verkleurmannetjie” (HAT, 1994: 1 100)



FIGUUR 5-1: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING TRAPSUUTJIES

Die belangrikste element van konseptuele vermenging wat in hierdie soort woorde plaasvind, is die wysiging van enige woordsoort in die invoermateriaal, na 'n selfstandige naamwoord, wat gevolglik kan optree as diernaam in die afvoer. Die samestelling *trapsuutjies* is 'n beknopte beskrywing van die wyse waarop die diertjie voortbeweeg. Soos gesien sal word, is hierdie soort beskrywende benamings van diere, en veral ook bahuvrihi-samestellings, baie algemeen in Afrikaans. By ander subtipes diernaam is daar soms meer komplekse benoemingsmotiewe en gevolglik meer komplekse prosesse van konseptuele vermenging wat plaasvind, voordat die woord as 'n diernaam herken en gebruik kan word, afhangende van die buitetalige werklikheid of konseptuele areas waarna verwys word in die diers naam.

5.2.1 Algemene name versus alternatiewe benamings

Daar kan 'n onderskeid getref word tussen lekseme wat die algemeen-gebruikte name van diere is, en alternatiewe benamings vir diere wat minder gebruik word of in die streektaal voorkom. Die volgende eksosentriese samestellings funksioneer as óf die enigste Afrikaanse name vir die diere wat dit benoem, óf die name wat die hoogste gebruiksfrekwensie onder standaardtaalgebruikers het:

25. *duisendpoot* → “Insek van die klas *Diplopoda* met 'n lang, dun lyf met baie litte, en 'n paar pote by elke lit” (HAT, 1994: 176)
26. *skilpad* → “vierpotige, koudbloedige dier met 'n horingagtige dop” (NW, 1988: 458)
27. *luiperd* → “Groot, gespikkelde roofdier, *Panthera pardus*” (HAT, 1994: 632)
28. *trouphant* → “voëls. ... wsk. d. oordrag v. *trouphant* n.a.v. kleurryke en spoggerige voorkoms v. voël” (AE, 1967: 660)
29. *naaldekoker* → “Vlieënde insek met 'n baie dun middel” (HAT, 1994: 685)
30. *verkleurmannetjie* → “Stadig bewegende akkedis ... met die vermoë om sy kleur aan te pas by sy omgewing” (HAT, 1994: 1 177)
31. **Ook:** *suikerbekkie, ystervark, spinnekop, meerkat, pikkewyn*

Die morfologiese kompleksiteit van sekere van hierdie diername is debatteerbaar. Woorde soos *skilpad*, *luiperd*, *trouphant*, *meerkat*, *pikkewyn*, en vele andere, kan deur sommige morfoloë geklassifiseer word as morfologies-simplekse woorde. Ter wille van meer volledigheid word die woorde in hierdie proefskrif egter as eksosentriese komposita gelys, aangesien (stam)dele binne die woorde onderskei kan word, wat ooreenstemming toon met simplekse in die leksikon. Die volgende eksosentriese komposita is minder bekend en het 'n laer gebruiksfrekwensie in die taal, aangesien dit **alternatiewe** benamings vir diere is:

32. *padloper* → “Landskilpad” (HAT, 1994: 778)
33. *neushoring* → “koggelmander, ouvolk” (NW, 1988: 464)
34. *dikvel* → “benaming vir die olifant” (WAT, 1955: 179)
35. *druivevoet* → “Hond” (WAT, 1955: 348)
36. *kiepietjelowater* → “Weinig gebruiklike benaming vir die mierleeu” (WAT, 1968: 655)

37. *rooibaadjie* → “Voetganger(sprinkaan)” (HAT, 1994: 871)
38. *houtbek* → “Gans” (WAT, 1972: 424)
39. *boer-met-die-varke* → “Seevark, tornyn” (WAT, 1950: 468)
40. **Ook:** *brandewyndraer* (perd), *doekvoet* (haas), *klipneuker* (akkedis / klipbaber), *seeperd* (walrus)

Hierdie soort lekseme is legio in Afrikaans met die taalgebruikers se klaarblyklike voorliefde vir alternatiewe benamings of “byname” vir diere van alle soorte. Die meeste van hierdie soort eksosentriese benamings vorm egter deel van **volks- en streekstaaluitdrukkings** en word nie algemeen gebruik nie. As alternatiewe, betreklik onbekende benamings mag hierdie samestellings dalk selfs beskou word as minder belangrik as hul meer algemene sinonieme. Tog sou die taal soveel armer gewees het sonder hierdie woorde. Eksosentriese komposita soos hierdie funksioneer nie slegs as benamings nie, maar ook as interessante beskrywings van die diere. Meer komplekse benoemingsmotiewe as bloot die referensiële is dus hier ter sprake. Dit tree op as bron van kleur en geestigheid, en lewer bewys van die taalgebruiker se siening van en houding teenoor die betrokke dier. Vergelyk die volgende alternatiewe benamings wat nie een in die algemene verklarende woordeboeke, naamlik die *HAT* (1994) of *Nasionale woordeboek* (1988) voorkom nie:

41. *houtgesig* → “Benaming in N.-Kaapland vir 'n jakkals” (WAT, 1972: 427)
42. *bontbaadjie* → “(gewest.) Benaming vir 'n luiperd” (WAT, 1950: 482)
43. *evashennetjie* → “Benaming in dele v/d O.V.S. vir die hoep-hoep” (WAT, 1955: 626)
44. *draaihorings* → “koedoe” (WAT, 1955: 293)
45. *glasemaker* → “Naaldekoker” (WAT, 1957: 288)
46. *ja-oompie / orige-oompie* → “rysmier” (WAT, 1968: 32)
47. **Ook:** *akkermannetjie* (kwikstertjie), *gee-my-water* (mierleeu), *kokkejis* (gogga), *koggelmannetjie* (koggelmander), *poeskop* (olifant / walvis), *kooipister* (oogpister)

Sekere van hierdie obskure benamings se onbekende status is te wyte aan die feit dat dit relatief onbekende diere benoem of onbekende diersoorte binne 'n sekere genus:

48. *ourooi* → “(streektaal) Rooilewerik” (WAT, 2000: 876)

49. *helspyker* → “langbeen-riethaan” (Boonzaier, 1989: 234)
50. *kaalkop* → “Swartaasvoël” (WAT, 1968: 98)
51. *hekka-eenderm* → “Renosterbos-sprinkaan” (WAT, 1972: 145)
52. **Ook:** *botterjors* / *droëntydjie* / *kousbeentjie* / *kwikstertjie* / *groenpootruiter* / *ghaaibout* / *vaatjievolaak* (voëlsoorte), *domkop* / *fransmadam* / *hangberg* / *hangberger* / *korthol* / *kortelholletjie* / *mokkelkop* / *seevarkie* (vissoorte), *geitemelker* (naguiltjie), *groenbosnimf* / *praguiltjie* (motsoorte), *grootossie* / *grootvarkie* (skulpsoorte), *see-engel* / *seevos* (haaisoorte), *waterdraer* (by), *hawermannetjie* (ruspe), *timmerliedjie* (padda), *toonsnyer* (tor)

Die volgende benamings vir diere het ontstaan as gevolg van **humor** of spot met die spesifieke dier se voorkoms, veral 'n baie opvallende, vreemde of snaakse aspek van die dier se voorkoms:

53. *vuilbaard* → “Leeu” (HAT, 1994: 1 251)
54. *joggemlangasem* → “Volksnaam vir enigeen van verskeie soorte sprinkane ... waarsk. so genoem na die aanhoudende getjilp v/d mannetjie” (WAT, 1968: 58)
55. *klierkop* → “Kalkoen” (WAT, 1976: 253)

Humoristiese eksosentriese name van diere soos bostaande voorbeelde is volop in veral gewestelike Afrikaans. Hierdie soort lekseme word in meer detail bespreek in hoofstuk 9 wat handel oor die voorkoms van eksosentriese komposita in dialekte en sosiolekte.

In sommige gevalle was diername by die ontstaan daarvan wel deursigtig, maar het met verloop van tyd 'n ondeursigtige aard aangeneem. Dit kan ook wees dat sekere kenmerke van 'n dier in sy naam genoem word, maar dat die herinnering hiervan vervaag het of aan die meeste mense onbekend was. Vergelyk die volgende voorbeelde:

56. *hoe-diep-is-die-water* → “Hottentotsgot: *As kleingoed het ons die hottentotsgot gevang, a/d pote vasgehou en as die diertjie uit senuweeagtigheid sy agterlyf op en neer beweeg, die vraag gestel: Hoe diep (hoog, laag) is die water?* (volgens A. de V.)” (WAT, 1972: 309)

57. *kameelperd* → “*giraf* ... 'n verkorting v. sy Ndl. naam *kameelpardel* / *kameelpaard* ... sy bou het aan 'n kameel en sy vlekke aan 'n panter laat dink en aan hom die naam *kameelpanter* besorg” (AE, 1967: 327, 328)
58. *skoelapper* → “vlinder ... (letterlike betekenis van dele) in toep. daar op vlinders m. bruin, rooi of swart gevlekte vlerke wat aan lappe op 'n skoen of kleed laat dink” (AE, 1967: 587)
59. *haarskeerder* → “soort spinnekop met lang hare” (NW, 1988: 181);
 “Die geloof bestaan dat die haarskeerder snags 'n mens se hare afvreet en as hy toevallig in 'n vrou se bos hare beland het, nie sal wegkom voor hy al haar hare of wel 'n deel daarvan met sy kragtige kake afgeskeer het nie” (WAT, 1972: 19)

Bostaande benamings het egter tot so 'n mate in die volksmond verander, of die herkoms van die name is so onbekend, dat die lekseme vandag glad nie meer beskou kan word as beskrywende benamings vir die diere nie.

5.2.2 Bestaande endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het

Soos ook op ander gebiede word daar dikwels van bestaande endosentriese komposita in die woordeskat gebruik gemaak om diere te benoem. So 'n kompositum het dus betekenisuitbreiding ondergaan om 'n dier te beskryf na aanleiding van 'n opvallende punt van ooreenkoms in die voorkoms of aard van die dier en die saak wat oorspronklik deur die endosentriese samestelling benoem is. Vergelyk:

60. *skoorsteenveër* → “(ibis)voëls. ... ben. n.a.v. sy ‘swart kop, nek en stert, in teenstelling met die wit van sy lyf’ ” (AE, 1967: 588)
61. *laksman* → “vleisvretende voëltjie ... [met] die kenmerkende gewoonte om sy prooi aan skerp voorwerpe soos pendorings of doringdrade op te hang” (WAT, 1994: 43)
62. *voetganger* → “vlerklose sprinkaan” (NW, 1988: 579)
63. *skaapwagttertjie* → “soort voëltjie” (NW, 1988: 453)

64. **Ook:** *kaapse-nooientjie* (vis), *houtkapper* (voël), *kousbandjie* (slang), *mooimeisie* (koekoek), *mooinooientjie* (vis), *sondagsrokkie* (schoenlapper), *swartmantel* (voël), *holbakkie* (skulp)

Hierdie komposita is ondeursigtig as diernaam. Om te verstaan hoe die betrokke dier aan sy naam gekom het, is “a knowledge of the artefacts connected with the society in which the compound is formed” (Bauer, 1979: 47) noodsaaklik. Dit is nodig om oor buitetalige kennis te beskik, dit wil sê, om te weet hoe 'n regte skoorsteenveër lyk, of wat 'n laksman en skaapwagter doen, om te verstaan hoekom dié spesifieke benaming aan 'n dier gekoppel is. Let wel:

“Once the terms have been accepted into the vocabulary of the language it is, of course, no longer necessary that the speaker should be aware of the original basis for the comparison, which may, indeed, change as society changes” (Bauer, 1979: 47).

So word *laksman* byvoorbeeld as die algemene naam van die spesifieke soort voëltjie gebruik, sonder dat die taalgebruiker noodwendig bewus is van die oorsprong van die benaming wat lê in die grusame punt van ooreenkoms tussen die voël en 'n menslike laksman. By die volgende voorbeelde van hierdie verskynsel is die verband tussen die oorspronklike samestelling of frase se letterlike betekenis en die figuurlike betekenis as eksosentriese diernaam nog onduideliker:

65. *blikslaertjie* → “'n Klein soort donderpaddatjie” (WAT, 1950: 433)
66. *daeraad* → “ben. v. versk. visse v.d. fam. *Sparidae*, via Ndl. *dorade* uit Port. en Sp. *dorado* ... “verguld” (AE, 1967: 131, s.v. “albakoer”)
67. *Engelsmanne* → “Rooierige vissoort” (WAT, 1955: 554)
68. *kakiebroek* → “balbytermier” (WAT, 1968: 148)
69. *koringboer* → “Koringkriek” (WAT, 1984: 427)
70. *ouvolk* → “groterige akkedissoort” (NW, 1988: 377)
71. *vier-en-sewentig* → “Besonder lekker eetvis” (HAT, 1994: 1 206)

Ten spyte van die feit dat bestaande Afrikaanse samestellings geneem is om bovermelde diere te benoem, is dit onmoontlik om uit die betekenis van die woordkorrelate van elke lekseem af te lei watter dier ter sprake is, en selfs om af te lei dat dit hoegenaamd 'n dier is wat benoem word. Hierdie soort name is dus volkome arbitrêr, “dit wil sê dat daar geen aantoonbare verband tussen

[die] naam of morfologiese dele daarvan en konseptuele kenmerke gelê kan word nie” (Swanepoel, 2001: 255).

5.2.3 Sinekdogee en bahuvrihi-komposita

Sekere diername lewer bewys van 'n **beskrywende** benoemingsmotief by die taalgebruiker. 'n Besondere of kognitief opvallende eienskap van 'n dier, vis, voël, reptiel of insek se voorkoms kan aanleiding gee tot die ontstaan en gebruik van 'n sekere naam. Vergelyk die volgende voorbeelde van **bahuvrihi**-samestellings:

72. *bontpoot* → “Soort bosluis” (HAT, 1994: 102)
73. *bloukop* → “Bloukopkoggelmander” (WAT, 1950: 451)
74. *blinkhaar* → “'n Afrikanerskaapas met wit, glansende, stywe hare” (WAT, 1950: 436)
75. *rooibekkie* → “enigeen van verskeie soorte voëltjies met 'n rooi snawel” (NW, 1988: 427)
76. *stompneus* → “steenbras met 'n stomp kopprofiel” (NW, 1988: 495)
77. *swartoor* → “rooikat” (GAS, 1995: 375)
78. *swartwitpens* → “Groot ... wildebok” (HAT, 1994: 1 056)
79. *swartkopgeelgat* → “Die swartkoppige geelgatvoël” (HAT, 1994: 1 055)

Bahuvrihi-komposita, ook genoem **possessiewe komposita**, tree dikwels op as diername om kenmerkende of unieke eienskappe van die dier te beklemtoon. 'n Bahuvrihi-samestelling soos *rooibekkie* noem die (mees) opvallende liggaamsdeel van die voël, naamlik sy rooi bek, as naam van die voël as geheel. Die stylfiguur **sinekdogee** is dus ter sprake, “waarby 'n geheel deur 'n deel aangedui word” (HAT, 1994: 919). Aangesien die benoemingsmotief by hierdie soort woorde “beskrywing” is, is hierdie woorde semanties gemotiveerd, “dit wil sê daar kan 'n ‘verklarende’ verband belê word tussen 'n naam vir 'n entiteit en die konseptuele kenmerke wat ons mentale representasie van die betrokke entiteit uitmaak” (Swanepoel, 2001: 255).

Bahuvrihi-komposita, soos bostaande voorbeelde, kan ook optree as die **bepalerstam** van beskrywende endosentriese komposita soos die volgende lekseme:

80. *rooibekvoël, stompneusvis, stompneussteenbras, bontpootbosluis, swartoorkat, bloukopkoggelmander, blinkhaarskaap, swartkopgeelgatvoël*

Hierdie ongereduseerde endosentriese komposita is selfs beter beskrywend en natuurlik ook heeltemal deursigtig as diername. Die ongereduseerde woorde vertoon egter maklik lomp, wat moontlik die grootste rede is vir die meer algemene gebruik van die bahuvrihi-komposita as die langer endosentriese komposita. Soms bly sekere van die ongereduseerde name, soos *bloukopkoggelmander*, in werklikheid steeds die meer gebruiklike naam vir die dier.

Bahuvrihi-samestellings kom voor as benamings vir 'n wye verskeidenheid diere:

81. *agarm* (seekat), *beenbek* (hoender), *blouruggie* (weekdiertjie), *bontoog* (eensellige dier), *bontstert* (luiperd), *bottelneus* (dolfyn), *dikpens* (koringkriek), *dikvoet* (haas), *eenogie* (springhaas), *eenooog* (skaaldiertjie), *goudogie* (insek), *groenbaadjie* (brommer), *houtgesig* (jakkals), *knopkies* (*bobbejaan*), *knopkop* (esel), *kommetjiekou* (donkie), *kommetjievoet* (perd), *koueneus / steekbaard* (hond), *kringgat* (waterbok), *kraalnetvlerkie* (insek), *rooineusie* (insek), *skaamoog* (haai), *smalneus* (aap), *sweetneus / natneus* (bees / os)

Bostaande woorde kan gebruik word as algemene benamings vir enige dier van die spesie, byvoorbeeld enige seekat kan 'n *agarm* genoem word, aangesien almal van die spesie daardie opvallende eienskap deel. Daar word egter dikwels spesifiek van bahuvrihi-komposita gebruik gemaak om binne 'n sekere genus, tussen verskillende **diersoorte** of **-rasse** te onderskei:

82. *bloupoot* (sekere soort bosluis), *geelgesig* (soort skaap), *blinkbandlyfie / pylstert / mimosanagpouoog* (motsoorte), *blinkhaar / draaihoring / hanghoring / korthoring* (bees- en skaaprase), *blouwitpens / blouwitrib / blouwitrug / blouwolhaar* (boksoorte), *bakkop / blouhals / swartkop / swartbakkop* (slangsoorte), *dikkoppie / kopervlerkie / kortstertjie / kusdubbelstert / rooitip / silwervlekkie / swaelstert* (skoelappersoorte)

Bahuvrihi-komposita is spesifiek 'n baie gewilde vorm van benaming vir voëls en visse soos deur die volgende groepe voorbeelde geïllustreer kan word:

83. **voëlsoorte:** *bloukeeltjie, blouborsie, bontrokkie, dikkop, dikbekkie, fraiingpoot, geelbek, saagbek, botterstert, bottergat, geelgat, geelstert, glasogie, groenkop, kersogie, kraaloë, kareeogie, krieogie, krombek, kruisbek, kuifkop, kweperkop, langasem, langstertjie, langtoon, liniaalstert, meelogie, piekeloog, rooiborsie, streepkoppie, swartkoppie, wipstert, witogie*
84. **vissoorte:** *bloukoppie, blouneusie, blouoog, blouvel, blaarbek, bontrok, dikbekkie, dikkop, dikoog, glasoog, geelstert, kolstert, kraalogie, kraalgrootogie, platkop, papegaaibek, peuloog, pylstert, saagbek, sluierstert, stompneus, witoog*

Alhoewel bahuvrihi-samestellings wel tot 'n redelike mate deursigtig is as die name van die diere wat dit benoem, is dit tog nie endosentriese komposita nie, aangesien die lekseme in werklikheid slegs 'n **deel** van 'n geheel benoem. Betekenisuitbreiding vind dan plaas sodat die samestelling ook die geheel (wat die benoemde deel besit) kan aandui. As sulks is bahuvrihi-samestellings semanties redelik deursigtig, wanneer die betekenis van die samestelling aan die taalgebruiker bekend is. Die woorde sou egter ook enige ander sake of diere wat die eienskap besit soos aangedui deur die woord, kon benoem, wat aan die samestellings 'n semanties ondeursigtige, dubbelsinnige en potensieel misleidende karakter verleen. 'n Woord soos *bontpoot* sou op dieselfde wyse byvoorbeeld ook 'n hond, kat, perd of enige ander dier, voël of insek met bont pote kon benoem. Dit sou selfs gebruik kon word as 'n benaming vir iemand wat bont kouse of skoene dra, of 'n stoel of tafel met pote wat bont gekleur is. Dit is daarom 'n algemene verskynsel dat 'n enkele bahuvrihi-samestelling 'n hele paar verskillende diere, voëls of visse wat 'n sekere kenmerk in gemeen het, kan benoem. Vergelyk onder andere *dikkop, dikbekkie, kraalogie* en *witogie*, wat elk na meer as een dier kan verwys. Konseptuele vermenging is daarom noodsaaklik om sin te maak van die deel-geheelbetrekking wat heers tussen bahuvrihi-komposita en die meer volledige, ongereduseerde endosentriese samestellings.

5.2.4 Eksosentriese komposita as beknopte beskrywings van diere

Afgesien van spesifiek bahuvrihi-samestellings kan die **voorkoms** van diere ook beskryf word deur ander soorte eksosentriese samestellings. Vergelyk die volgende beskrywende name wat 'n duidelike prentjie skilder van die dier wat elkeen benoem:

85. *stokkieduiwel* → “Spooksprinkaan” (HAT, 1994: 1026); “Insek ... wat na 'n dor takkie en 'n verdorde blaar lyk” (HAT, 1994: 992, s.v. “spooksprinkaan”)
86. *duitsevlag* → “rooiborskokkewiet ... 'n swart voël met 'n rooi bors waarvan die kleure ooreenstem met dié v/d Duitse vlag” (WAT, 1955: 386)
87. *neushoring* → “Renoster” (HAT, 1994: 698)
88. *seeperdjie* → “seevissie ... met 'n kop soos 'n perd s'n, wat regop swem” (NW, 1988: 440)
89. *seeolifant* → “Groot rob met as neus 'n slurpie” (HAT, 1994: 901)
90. *warmassie* → “Klein muggie” (HAT, 1994: 1 262)
91. *knopkieriekop* → “Skertsende benaming vir 'n volstruis” (WAT, 1976: 502)
92. *wandelende-tak* → “stokinsek” (uit die spreektaal)
93. **Ook:** *baardman* (stekelvinvis), *baardmannetjie* (voël), *bloublasie* (seediertjie), *doodskop* (vis), *doodskop* (motby), *grondpêrel* (dopluis), *horingsman* (skaap met horings), *koningrooibekweduweetjie* (voël), *haringgraat* (poliep), *japsnoetneus* (muis), *katjiestreepkop* (voël), *kalwerkop* (vis), *roubanddraer* (mot), *streepesel*, *stokstertjie*, *stranddubbeltjie* (seediertjie), *venusgordel* (seedier), *stokkiesduiwel* (insek), *see-eier / seekastaiing* (seedier), *soutvaatjie* (voël), *varkbek* (vis)

Vergelyk ook die name van verskillende skoenlapperspesies wat besonder tekenend is:

94. *bergnooientjie*, *boskoningin*, *dagpou-oog*, *dikkoppie*, *heuningspringertjie*, *herfsblaarswerwer*, *kalaharioranjepuntjie*, *koningkopervlerkie*, *langstertadmiraal*, *kwaggasandmannetjie*, *rootip*, *silwervlekkie*, *sondagsrokkie*, *swaelstert*, *tuinrootjie*

Die funksie van woorde soos hierdie is duidelik nie slegs **benoeming** nie, maar ook **beskrywing** van die diere.

Sekere eksosentriese komposita kan ook 'n aanduiding gee van 'n ander besonderse of kognitief prominente **eienskap** van die dier wat benoem word, nie noodwendig slegs die voorkoms van die dier nie. Vergelyk die volgende lekseme:

95. *janlui* → “Vaal voël wat ... baie lui is om te vlieg; i/d mooiweer sit dit graag bo-op die top van 'n bossie en as dit gehinder word, kruip dit by voorkeur i/d bossies weg liewers as om op te vlieg” (WAT, 1968: 30)
96. *roltoe* → “duisendpoot” (NW, 1988: 425)
97. *klipkous* → “groot, eetbare slak wat aan seerotse klou” (NW, 1988: 255)
98. *grasdraer* → “Groot S.A. rysmier ... wat stukkies gras of stokkies aandra na sy nes i/d grond” (WAT, 1957: 395)
99. *miskruier* → “Soort kewer ... waarvan die wyfie 'n bolletjie mis vorm wat sy wegrol en in 'n gaatjie begrawe nadat sy 'n eier daarop gelê het” (HAT, 1994: 669)
100. *nuusdraer* → “Enigeen van verskeie voëls, bv. die naguil of die dagbrekertjie” (WAT, 2000: 229)
101. *springsterte* → “[grondvlooie] ... met 'n gevurkte aanhangsel aan die agterlyf, waarmee hulle groot spronge kan maak” (HAT, 1994: 997)

Verdere soortgelyke voorbeelde kan gegee word van diere wat benoem word na aanleiding van kenmerkende **gedrag** of 'n sekere kenmerkende **handeling** wat dit uitvoer:

102. *slangverklikker* → “Voëltjie wat deur sy luidrugtigheid die teenwoordigheid van 'n slang verrai” (HAT, 1994: 953)
103. *sandkruiper* → “Soort gevlekte sandhaai wat met sy snuit in die sand vroetel” (HAT, 1994: 895)
104. *doodhouertjie* → “enigeen van verskeie soorte donker kewertjies v/d fam. *Elateridae* wat hulle teen hulle vyande beskerm deurdat hulle by aanraking volkome bewegingloos word en in elke opsig die indruk maak dat hulle dood is” (WAT, 1955: 248)
105. *heuningwyser* → “heuningvoël ... wat die gewoonte het om deur sekere geluide mense en diere na byneste te lok en dan v/d uitgehaalde koeke die was en ander reste te eet” (WAT, 1972: 238)
106. *watertrapper* → “[soort voël] ben. n.a.v. sy vermoë om oor water heen te skeer” (AE, 1967: 710)
107. *oogpister* → “Grondkewer wat 'n brandende vog kan uitskiet” (HAT, 1994: 746)

Bostaande diername funksioneer in werklikheid as beknopte beskrywings van die diere se gewoontes (bv. *slangverklikker*, *sandkruiper* en *doodhouertjie*) en vermoëns (bv. *watertrapper* en *oogpister*). Die volgende benamings wys ook op kenmerkende gedrag of ander tiperende eienskappe van die diere wat dit benoem:

108. *balbyter* (mier), *blaasoppie* (vis), *blaasop / opblaser* (padda), *boomsingertjie* (insek), *boskoning* (leeu), *bosmens* (oerang-oetang), *gatmaker* (spinnepkop), *gomlastieboek* (kat / dassie), *hakskeenbyter* (hond), *halfbek* (vis), *hoogpister* (kewer), *stokkiesdraer* (rysmier)
109. **Voëlsoorte:** *draaihals*, *raasgat*, *slangwyser*, *stinkpot*, *steltloper*, *waterploeër*, *wipgatjie*

In baie gevalle is dit maklik om uit 'n dier se naam af te lei wat die **habitat** van die dier is. Vergelyk die volgende sprekende voorbeelde:

110. *blaartonnaar* → “'n Vlieg ... waarvan die larwes i/d blare van boontjies, ertjies, tamaties en sekere onkruidgewasse tonnel” (WAT, 1950: 428, s.v. “bladtonnaar”)
111. *boskindjie* → “'n Boomliewende nagapie” (WAT, 1950: 500)
112. *boomsloper* → “'n Klein knaagdiertjie wat oordag in bome slaap” (WAT, 1950: 489)
113. *klipspringer* → “klein wildsbokkie wat in rante of berge hou” (NW, 1988: 255)
114. *klipsuier* → “suigvis” (De Stadler, 1994: 128)
115. *sandloper* → “Soort langbeenvoël wat op strande of droë rivierbeddings langs die kant van die water loop om kos te soek” (HAT, 1994: 895)
116. *seeduiwel* → “roofvis met 'n plat liggaam en 'n lang stert” (NW, 1988: 439)
117. **Ook:** *bankbloue / sandbloue* (vissoorte), *bergduiwel* (akkedis), *kliploper* (bok), *blaarroller / bladroller* (mot), *poelsnip / boskelkie / strandloper* (voëlsoorte)

Sekere diere vertoon vir die menslike waarnemer besonder eienaardig, snaaks of lagwekkend. Dit het tot gevolg dat so 'n enkele spesie in die volkstaal benoem kan word met 'n hele reeks eksosentriese komposita:

118. Vir **kameleon:** *verkleurmannetjie*, *trapsuutjies*, *trapsoetjies*, *karoohotnot*, *ousopie*, *traagloper*, *skurwejantjie*, *jantjiesoetjiesrapper*, *jantjiesoetjiesstrap*, *jantjiesoetjiesdraf*, *jantjietrapsuutjies*, *jantrapsoetjies*, *ouvolk*

119. Vir **doodhouertjie**: *doodhouer, doodhouergogga, dooitoktokkie, jandooi, ghanna-ghoetjie, goggatjiedoodhouer, vermufte-jan*
120. Vir **daarmannetjie** (inseksoort): *adam-en-eva, gat-gat, kapkarretjie, remskoentjie, kruiwastoter, rooineusie, wamakertjie*
121. Vir **donkie**: *apostelperd, asbek, asbok, asmannetjie, asjas, duiweleier, eseloor, gannapens, gannatol, geelbek, haasoor, jerusalemkanarie, katperd, kommetjiekrou, langoor, laatvy, sandtrapper, stofjas, slapoor, vaaltorra, vaalkaros, vaaljas*
122. Vir **roofsprinkaan**: *hottentotsgot, hotnotsgot, goddelouta, hoogwater, houtduiwel, outatjie-Jesus*
123. Vir **blaasopsprinkaan**: *blaasop, huidjie-hu, huidjie-eenasem, huidjie-eenderm, bêrend-eenderm, katjie-eenderm, katjiepieter-eenderm, eenderm, klaas-eenderm, pieter-eenderm, bêrend-langasem, joggemlangasem, koffiemeul, langasem*
124. Vir **krimpvarkie**: *krimpystervarkie, rolystervarkie, krulvarkie, krulystervarkie, oprolvarkie, rolvarkie, rolopvarkie, stekelvarkie, bolstervarkie*
125. Vir **vark**: *jan-platoor, jan-teunis, bottelbek, kolbroek, wielneus*

Hierdie diere vertoon elk 'n baie besondere en unieke aard en voorkoms, wat dit duidelik onderskei van ander diere. Dit het tot gevolg dat die dier in verskillende streke verskillende name kry, waarmee gepoog word om die unieke eienskap te beskryf. “Elkeen van hierdie leksikale variante perspektiveer, deur die keuse en ordening van leksikale elemente in 'n naam, die organisme telkens vanuit 'n ander perspektief” (Swanepoel, 2001: 258). Die name word ook gebruik met 'n addisionele benoemingsfunksie, waardeur die talgebruiker met die dier se eienaardigheid die spot dryf en die aandag op daardie eienskap vestig.

'n Groot hoeveelheid naamgewingsamestellings benoem diere in terme van die soort **voedsel** wat dit inneem:

126. *haringkoning* → “Die sonvis *Zeus faber*, wat op harings jag maak” (WAT, 1972: 95)
127. *heuningbek* → “Klein voëltjie met 'n uitsonderlike lang snawel waarmee hy die heuning uit blomme suig” (WAT, 1972: 234)

In sommige gevalle word 'n enkele samestelling as benaming gebruik vir verskillende soorte diere wat op dieselfde prooi jag maak, of waarvan (soms verkeerdelik) aanvaar word dat hulle op 'n sekere prooi jag maak:

143. *lammervanger*

1. “adelaar, arend” (GAS, 1995: 179)
2. “Berghaan” (HAT, 1994: 603)
3. “Kouvoël [ooibruin arend]” (WAT, 1994: 50)
4. “Lammergier” (WAT, 1994: 50); “donker gekleurde aasvoël” (WAT, 1994: 49, s.v. “lammergier”)
5. “witkruisarend” (GAS, 1995: 179)
6. “bruinarend” (GAS, 1995: 179)
7. “Enigee van 'n paar jakkalssoorte, veral die rooijakkals” (WAT, 1994: 50)
8. “Iets wat lammers vang ... [o.a.] Bobbejane ... breëkoparend” (WAT, 1994: 50)

Die woord *lammervanger* kan dus gebruik word as benaming vir enige arend, soos gesien by (1), en meer spesifiek vir enige van die arende en ander roofvoëls wat daarna genoem is, asook ander (soog)diere waarvan aanvaar word (dikwels verkeerdelik) dat hul lammers vang. Vergelyk ook die volgende soortgelyke voorbeelde:

144. *miervreter / miereter*

1. “erdvark” (NW, 1988: 321)
2. “ietermago” (WAT, 1996: 369); “Grofgeskubde ... reptielagtige soogdier ... wat op miere e.d. lewe” (HAT, 1994: 410, s.v. “ietermago”)
3. “die mieregel” (WAT, 1996: 369); “eierlêende soogdiere ... met 'n lang, dun, buisvormige snoet sonder tande, 'n lang dun tong waarmee hfs. miere en rysmiere gevreet word” (WAT, 1996: 367, s.v. “mieregel”)
4. “soogdiersoorte v.d. fam. *Myrmecophagidae* van Sentraal- en S.Amer.” (WAT, 1996: 369)
5. “Mierleeu” (WAT, 1996: 369)
6. “[verskillende] voëls” (WAT, 1996: 369)
7. “sommige reptiele” (WAT, 1996: 369)

145. *kuikendief*

1. “Geelbekwou” (WAT, 1991: 370)
2. “Enige lid v/d roofvoëlgeslag *Circus*” (WAT, 1991: 370)
3. “roofvoëls van die geslag *Accipiter* [hawik]” (HAT, 1994: 350)
4. “Jakkalsvoël” (WAT, 1991: 370)
5. “Rooivalk(ie)” (WAT, 1991: 370)
6. “(veroud.) Donderpadda” (WAT, 1991: 370)
7. “Iem. of iets wat kuikens steel ... [bv.] die stinkmuishond en die slangmuishond” (WAT, 1991: 370)

Bostaande voorbeelde illustreer hoe maklik beskrywende lekseme soos *kuikendief* en ander soortgelyke samestellings as polisemiese name vir verskillende diere, voëls, ensovoorts kan optree. Feitlik enige hond, kat, slang, roofvoël, reptiel, jakkalsagtige en katagtige roofdier kan byvoorbeeld onder sekere omstandighede 'n *kuikendief*, *hoenderdief*, *paddavreter*, *voëlvreter* of iets soortgelyks genoem word.

Sekere eksosentriese naamgewingskomposita soos die volgende is besonder interessant in die Afrikaanse leksikologie:

146. *hotnotsgot* → “Enigeen van 'n aantal vleisetende insekte van die fam. *Mantidae*” (HAT, 1994: 396); Die benaming *hotnotsgot*, ook *hottentotsgot*, berus op die verering van hierdie insek deur die Hottentot. Die voorkoms van die insek dra verder by tot die “godsdienstige” assosiasie van die woord *hotnotsgot*: die insek het 'n besonder lang voorborsstuk en getande voorpote wat hy altyd omhoog hou, byna in 'n “biddende houding” (AE, 1967: 239)
147. *doodskloppertjie* → “Enigeen van sekere soorte klein kewers v/d fam. *Anobiidae*, wat gew. in ou hout lewe en aantel. I/d voorjaar, as die geslagte mekaar soek, word daar m/d kop teen die sye v/d tunnels i/d hout geklop. Bygelowiges het vroeër gemeen dat die geklop die dood voorspel” (WAT, 1955: 251)

148. *hanekraai* → “Rusper v/d wingerdpylstermot ... Dit dank sy naam a/d bygeloof dat 'n persoon wat daardeur gebyt is, net sal leef tot die hane die volgende more kraai” (WAT, 1972: 82)

Godsdiens, bygeloof en mites kan dus ook 'n rol speel in die benaming van 'n sekere dier. Die oorsprong van die naam kan met verloop van tyd vergete raak, sodat die Afrikaanse taalgebruiker so 'n beskrywende naam kan gebruik sonder om enige idee te hê van die betekenis wat dit eintlik dra en die redes waarom die naam oorspronklik aan die dier toegeken is. Hoewel die etimologie en oorsprong van sekere morfologies-komplekse diername duister mag wees vir die taalgebruiker, en hoewel naamgewing met behulp van eksosentriese komposita 'n sekere mate van semantiese ondeursigtigheid mag toon, is dit duidelik dat die taalgebruiker sy hele kennissisteen inspan en van veel meer benoemingsmotiewe as blote naamgewing gebruik maak, om die fauna en flora in sy ervaringswêreld te benoem.

5.2.5 Klanknaboetsende name

Net soos wat sekere diername die voorkoms, habitat of voedsel van die dier noem of beskryf, is daar 'n groep eksosentriese komposita wat die **geluid** beskryf wat die dier voortbring. Hierdie soort lekseme word **onomatopeïese** of **klanknaboetsende** name genoem. In sommige van die diername word die soort geluid genoem op dieselfde wyse as wat ander kenmerkende eienskappe van die dier in 5.2.4. genoem is, vergelyk:

149. *duinpieper* → “Sangvoël” (WAT, 1955: 383)
150. *klapklappie* → “sekere soorte lystertjies, so genoem weens die klapperende geluid wat hulle soms met hulle vlerkies maak wanneer hulle opvlieg” (HAT, 1994: 529, s.v. “klappertjie”)
151. *katlagter* → “soort lyster wat 'n skel babbelgeluid maak” (NW, 1988: 244)
152. *knorhaan* → “Benaming vir verskillende seevisse wat 'n knorrende, krassende geluid voortbring” (WAT, 1976: 513)
153. *knorpot* → “sekere visse ... n.a.v. knorrende of trommelende geluide” (WAT, 1976: 514)
154. *sing-singertjie* → “[sonbesie] wat aanhoudend en deurdringend skree op warm somerdae” (HAT, 1994: 103, s.v. “boomsingertjie”)

Afgesien van bostaande diername wat die geluid beskryf wat die dier maak, het heelwat voëlname in die volksmond ontstaan as suiwer **nabootsings** van die geluide wat die voëls kenmerkend maak. By hierdie onomatopeïese voëlname bestaan daar 'n **metonimiese relasie** sodat die “tipiese roep [as naam] vir die dier as geheel” (Swanepoel, 2001: 258) optree.

155. *kelkiewyn* → “Namakwapatrys ... so genoem na die geluid wat dit maak as dit vlieg” (HAT, 1994: 511)
156. *dokterhaarhoff* → “Klanknabootsende benaming vir 'n vlakke- of paddakorhaan na aanleiding van sy eienaardige geskree” (WAT, 1955: 228)
157. *digteby* → “Klanknabootsende naam, veral vir die bokmakierie en die kokkewiet” (HAT, 1994: 149)
158. *piet-my-vrou* → “Klanknabootsende naam vir 'n groterige, bruin koekoek ... wat sy raserige uitroep, veral aan die begin van die lente, eindeloos herhaal” (HAT, 1994: 797)
159. *jawragtie* → “Klanknabootsende benaming vir 'n swartkorhaan na aanleiding van sy eienaardige geskree” (WAT, 1968: 38)
160. **Ook:** *piet-tjou-tjou, bokmakierie, jankwakedop, piet-ses-perde-wa, bietjierëen*

In sommige gevalle het een of meer van die sogenaamde “stamme” nie regtig woordkorrelate nie, aangesien dit slegs die **geluid voorstel** wat die voël maak. Bestaande woorde in die taal is soms gebruik om die geluide te verteenwoordig sodat die lekseme nie bloot as simplekse beskou kan word nie, maar eerder as eksosentriese komposita wat heeltemal ondeursigtig is ten opsigte van die betekenis van die samestellende dele. Ander kan egter as simplekse woorde geklassifiseer word:

161. *hok-hok* → “bromvoël ... (wat hok-hok-hok roep)” (WAT, 1972: 337)
162. *gor-gor* → “Klanknabootsende naam vir 'n karnivore vissoort” (WAT, 1957: 359)
163. *koekoek* → “voëlsoort van veral die geslag *Cuculus* ... so genoem na die geluid wat dit maak” (HAT, 1994: 553)
164. *tinktinkie* → “Bruinerige singvoëltjie ... so genoem na die piepgeluidjies wat hy maak” (HAT, 1994: 1 084)
165. *toktokkie* → “swart kewer wat 'n toktokgeluid maak deur met sy agterlyf teen die grond te tik” (HAT, 1994: 1 092)
166. *kokkewiet* → “voël met 'n roep soos die naam aandui” (NW, 1988: 260)

Hierdie woorde is suiwer klanknabootsend en aangesien dele soos *gor-*, *tink-* en *-wiet* nie woordkorrelate het nie (buiten om 'n geluid voor te stel), is hierdie lekseme eintlik simplekse. Tog het die woorde die voorkoms van samestellings, meer spesifiek reduplikasiesamestellings, veral dié wat met 'n koppelteken geskryf is en dié wat 'n woorddeel besit wat lyk of dit 'n woordkorrelaat het soos *kok-* en *hok-*. Vergelyk ook die bespreking van hierdie problematiese kwessie in afdeling 2.4.

Afgesien van klanknabootsende diername soos hierbo, tree ander **reduplikasiesamestellings** ook op as ondeursigtige dier- en voëlname, byvoorbeeld:

- 167. *doemdoempie* → “Soort muggie” (HAT, 1994: 156)
- 168. *koes-koester* → “... algemene benaming vir die koester” (WAT, 1976: 634)
- 169. *gat-gat* → “Insek, ook bekend as *daarmannetjie*” (WAT, 1957: 43)
- 170. *kon-kon* → “soort akkedis / geitjie” (AE, 1967: 364)
- 171. *kwikkwikkie* → “Kwikstertjie” (WAT, 1991: 523)
- 172. *dirkdirkie* → “Geelbruin kortstertlystertjie” (WAT, 1955: 195)
- 173. **Ook:** *hoep-hoep* (voël), *dik-dik* (bok), *tjor-tjor* (steenbras)

By sommige van hierdie soort reduplikasiesamestellings is daar geen betekenisverband tussen die diernaam en die samestellende dele se woordkorrelate nie, en is die woorde semanties heel ondeursigtig. By ander is die herhalende woorddeel wel funksioneel:

- 174. *kwikkwikkie*: *kwik* kan gebruik word as 'n werkwoord vir die “op-en afbeweging” wat sekere voëls met hul sterte maak (WAT, 1991: 522, s.v. “kwik”).
- 175. *koes-koester*: so genoem “vanweë die voëltjie se gewoonte om te koes wanneer hy hardloop of om plat te val of te lê wanneer gevaar dreig” (WAT, 1976: 635, s.v. “koester”); die herhaling van die werkwoordelike deel *koes* is dus funksioneel om hierdie eienskap van die voël te beklemtoon.

In woorde soos bostaande voorbeelde het die herhalende woorddeel die funksie om die aard van die dier te beskryf, en hierdie eienskap terselfdertyd ook te beklemtoon deur middel van die herhaling daarvan. Tog is dit onmoontlik om uit die voorkoms van 'n woord soos *koes-koester* te kan aflei watter dier ter sprake is, of selfs dat dit wel 'n voël, dier of insek is wat genoem word.

5.2.6 Dubbelsinnige lekseme

Samestellings wat diere benoem kan baie verwarrend wees as die letterlike betekenis van die samestellings se woordkorrelate in ag geneem word. 'n Heeltemal verkeerde afleiding kan soms gemaak word ten opsigte van die voorkoms en aard van die dier, wat in werklikheid totaal anders is as dit wat van die woord se stamme afgelei kan word. Vergelyk:

176. *seekat* → “weekdier met agt vangarms voorsien van suiers” (NW, 1988: 440)
177. *berghaan* → “Groot, swart arend” (HAT, 1994: 75)
178. *seeleeu* → “groot soort rob” (NW, 1988: 440)
179. *seehond* → “Pelsrob met 'n baie waardevolle pels” (HAT, 1994: 900)
180. *gouduiltjie* → “Bruinagtige mot ... voorvlerke voorsien van 'n mooi, groot, metaal- en goudglansende vlek” (WAT, 1957: 369)
181. *goudhaantjie* → “Bladkewer v/d fam. *Chrysomelidae*, met metaalkleurige skynsel” (WAT, 1957: 365)
182. *streepdassie* → “Soort vis met dwarsstrepe oor die sye” (HAT, 1994: 1 035)
183. *wildeperd* → “soort gestreepte vis” (NW, 1988: 605)
184. *jerusalemkanarie* → “Donkie” (WAT, 1968: 43)
185. **Ook:** *mierleeu*(insek), *woudapie* (voël), *muishond* (mongoes), *wildehoender* (tarentaal), *waterhondjie* (draaitor), *doodhoofsmot* (grootby)

Die beginstamme in bostaande voorbeelde is funksioneel ten opsigte van hul betekenis in die afsonderlike woorde waarin dit voorkom, maar nie net is die betekenis van die eindstamme nie van toepassing op die geheelbetekenis van die samestellings nie, die woorddele is ook baie verwarrend en misleidend. Vergelyk ook die volgende twee lekseme:

186. *seekoei* → “Plantetende, nie-herkouende, amfibiese soogdier met 'n plomp liggaam” (HAT, 1994: 900)
187. *seekalf* → “Jong seerob” (HAT, 1994: 900)

Terwyl die twee eksosentriese komposita op die oog af twee diere van dieselfde soort benoem, is daar in werklikheid geen verband tussen die diere nie. By hierdie soort dubbelsinnige lekseme is daar geen manier om slegs uit die betekenis van die woordkorrelate 'n korrekte afleiding te maak van watter dier ter sprake is nie.

5.2.7 Samestellings met einame

'n Groot persentasie eksosentriese komposita wat optree as diername besit 'n **persoonsnaam (antroponiem)** as een of meer van die samestellende dele. Vergelyk:

188. *jakob-regop* → “Swart voël met 'n wit bors ... [o]ok genoem *dagbrekertjie*” (WAT, 1968: 22)
189. *jakobsmantel* → “Sint Jakobskulp” (WAT, 1968: 23)
190. *jan-van-gent* → “meeu, seegans” (GAS, 1995: 139)
191. *adambek* → “'n Soort vis” (WAT, 1950: 54)
192. *groenpiet* → “bosvoël” (WAT, 1957: 425)
193. *skimmeljan* → “kewer” (De Stadler, 1994: 126)
194. *skurwejantjie* → “Ouvolk” (HAT, 1994: 947)
195. *klaasneus* → “insekte-etende soogdiertjies v/d fam. *Macroscelididae*” (WAT, 1976: 14)
196. *bontstefanie* → “'n Vissoort” (WAT, 1950: 43)
197. *janlangpoot* → “dier v/d geledpotige orde *Opiliones (Phalangida)*, wat baie na 'n spinnekop lyk ... ; basterspinnekop” (WAT, 1972: 397)

Sekere van hierdie lekseme is die algemene name van die diere wat dit benoem, vergelyk:

198. *janbruin* → “Enigeen van twee soorte visse van die fam *Sparidae*” (HAT, 1994: 465)
199. *janfrederik* → “sangvoëltjie ... so genoem na sy liedjie wat bestaan uit vier note van verskillende toonhoogte, wat na ‘*jan-fre-de-rik*’ klink” (WAT, 1968: 29)
200. *janblom* → “groot reënpadda” (NW, 1988: 230)
201. *jangroentjie* → “Suikerbekkie(soort) waarvan die mannetjie in die broeityd metaalgroen is” (HAT, 1994: 465)
202. *platanna* → “Padda met gladde, plat lyf” (HAT, 1994: 802)

Die grootste hoeveelheid van hierdie soort diername kom egter voor in die verskillende taalvariëteite van Afrikaans, as gewestelike taal en volksname:

203. *karelgrootog* → “Volksnaam ... vir die vissoort *Boopsoidea inornato*” (WAT, 1968: 335)
204. *kleinjantjie* → “tinktinkie” (GAS, 1995: 152)
205. *jakobgrootoog* → “Benaming vir die vissoort meer algemeen bekend as *galjoensnoek, jakopewer*” (WAT, 1968: 22)
206. *jankatonnie* → “Volksnaam vir die gewone erdwurm” (WAT, 1968: 30)
207. *jannie-se-kitaar* → “Sekretarisvoël” (WAT, 1968: 30, s.v. “jannieseketaars”)
208. *kokkatrina* → “bont(kop)korhaan” (WAT, 1976: 686)
209. *jandooi* → “Doodhouergogga” (WAT, 1968: 28)
210. *klaaseenderm* → “Huidjiehu [blaasopsprinkaan]” (WAT, 1976: 13)
211. Ook vir **koringkriek**: *adam-ewige-pens, abram-ewige-pens, abramboekpens, abramdikpens*
212. Ook vir **hamerkop**: *janbêrend, klaashamerkop, bêrendplathals, bêrendslaparm, bêrendlangasem, bêrendplathans, bêrendplatnaels*
213. Ook vir **janfrederik**: *janfreek, jandederik, janpiedewiet, janpierewiet, jankakedop, jankakerdop, jankwakedop, jankwakedak, jantat, jantattera*
214. Ook vir **tiptol**: *klaaskluitjiegorgel, klaaskluitjieskop, pietkluitjiegorgel, pietkluitjiekorgel, piet-piet-petatta*
215. Verdere **vissoorte**: *jantjietoontjies, bontfanie, jandorie, slimjannie, jakobswart*
216. Verdere **voëlsoorte**: *swartpiet, Katryn-platvoet, janfiskaal, japie-japie, janpiek, pietmajol, geelgatpiet, bloujan, piet-hotnot*

Afgesien van benoeming, is die funksie van bostaande soort woorde ook om “lokaliteitsgebonde kleur” (Du Plessis, 1995: 17) aan die taal te verskaf. Die grootste hoeveelheid diername met 'n antroponiem as een of meer van die samestellende dele is deel van die volkstaaluitdrukkings in Afrikaans, en heelwat hiervan word skertsend gebruik (vergelyk hoofstuk 4).

5.3 *Plantname*

Die Afrikaanse woordeskat bevat 'n wonderlike verskeidenheid lekseme wat die rykdom fauna en flora van Suid-Afrika weerspieël. Baie van hierdie lekseme is gelede terme, waarvan 'n groot hoeveelheid deel uitmaak van die klas eksosentriese komposita. Die idiomatiese aard van hierdie

soort komposita, verleen aan naamgewingsamestellings 'n besonder interessante semantiese voorkoms. Vergelyk die onderstaande ter inleiding van die verskeidenheid eksosentriese komposita wat binne die konseptuele veld van plantname voorkom:

Bome:

- 217. *aapkop* → “Rooihaakdoring[boom]” (HAT, 1994: 12)
- 218. *buig-my-nie* → “'n Boom waarvan die takke maklik afbreek” (WAT, 1950: 548)
- 219. *suursak* → “Oos- en Wes-Indiese boomsoort ... [volksetimologies uit] Ndl. *zuurzak*” (Kruger, 1995: 61)
- 220. *wag-'n-bietjie* → “soort akasia met haakdorings” (NW, 1988: 595)

Blomplante:

- 221. *moederskep-oppies* → “'n blomsoort” (Kok, 1947b: 13)
- 222. *akkermeisie* → “'n Geharde bolplant wat groepies deftige, knikkende blommetjies dra” (WAT, 1950: 129)
- 223. *sonkieltjie* → “blom- en pln. ...Eng. *jonquil* (sedert 17e eeu) ... [via Fr.] uit Lat. *juncus*, ‘biesie’, n.a.v. vorm v. blare” (AE, 1967: 606)
- 224. *juffertjie-in-die-groen* → “Baie gewilde tuinblom, *Nigella damascena*” (WAT, 1968: 77)

Vetplante:

- 225. *koesnaatjie* → “Volksnaam vir 'n eetbare ... vetplantjie” (WAT, 1976: 635)
- 226. *oukoei* → “Sukkulent [vetplant] ... gekenmerk deur pers tot swart blomme” (WAT, 2000: 869)
- 227. *vetkousie* → “pln. ... ben. dui wsk. op feit dat dit 'n vetplant van 'n bep. vorm is” (AE, 1967: 686)
- 228. *bulbees* → “'n Namakwalandse vetplant met kort stammetjie, plat, vleisagtige blare met persbruin kolle ... glo baie giftig vir vee” (WAT, 1950: 557)

Struike:

- 229. *bergbruidjie* → “skaambloom, trots van Franschhoek” (GAS, 1995: 47)

230. *appelliefie* → “Struik met geel bessies waarvan konfyt gekook word” (HAT, 1994: 48)
231. *engelsmannetjie* → “Benaming vir 'n struikgewas wat 'n kring rooi lintblomme dra” (WAT, 1955: 554)
232. *gister-vandag-en-môre* → “verbleikblom” (uit die spreektaal)
233. *hoe-langer-hoe-liewer* → “struikagtige klimplant” (WAT, 1972: 323)

Skadelike gewasse:

234. *voëlent* → “Woekerplant ... wat aan bome groei uit saad wat voëls daar laat val het” (HAT, 1994: 1 221)
235. *maerman (-netjie)* → “Bolplant wat geneeskundig gebruik word; baie giftig vir vee” (HAT, 1994: 639)
236. *drabok* → “groenagtige, giftige onkruid” (NW, 1988: 112)

Veldplante:

237. *hanetjies-en-hennetjie* → “Klein, rooskleurige veldplant” (WAT, 1972: 82)
238. *bobbejaanboek* → “'n Soort veldplant” (WAT, 1950: 456)
239. *bobbejaanskoen* → “Benaming vir veldplante met groenagtige blomme” (WAT, 1950: 457)
240. *engelsman-se-kind* → “bossie met geel blommetjies wat veral in vleie groei en vinnig versprei” (WAT, 1955: 554)


Ander:

241. *boetie-van-versfeld* → “'n Soort kruie” (WAT, 1950: 471)
242. *paddakombers* → “Drade van alge wat die oppervlak van staande water bedek” (HAT, 1994: 777)
243. *duiwelsnuifdosie* → “Benaming vir enigeen van verskillende soorte spoordraende buikswamme” (WAT, 1955: 390)
244. *heksebotter* → “jellieagtige swam” (WAT, 1972: 149)
245. *blouboeta* → “Benaming vir rog – weens die blou skynsel daarvan” (WAT, 1950: 449)

Soos gesien is daar 'n baie groot verskeidenheid eksosentriese komposita wat optree as benamings vir plante van alle soorte. In hierdie proefskrif sal die lekseem “plant” gebruik word as 'n oorkoepelende term vir bosse, bome, struik, blomplante, vetplante, veldplante, skadelike gewasse, grasse, swamme, ensovoorts, sonder om telkens in te gaan op die presiese aard van die organisme.

Die konseptuele vermenging wat plaasvind by eksosentriese komposita wat optree as plantname kan met behulp van die volgende diagrammatiese voorstelling uitgebeeld word:

246. *jakobregop* → “blom of plant v/d geslag *Zinnia* ... gewilde tuinplant met helderkleurige blomhofies aan stywe regop stingels” (WAT, 1968: 22)



FIGUUR 5-2: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING JAKOBREGOP

Soos by figuur 5-1 gesien, is die belangrikste element van konseptuele vermenging by die woorde wat in hierdie hoofstuk bespreek word, die verandering van enige woordsoort in die invoere, na 'n selfstandige naamwoord wat kan optree as dier- of plantnaam. By *jakobregop* vind ons 'n antroponiem of eienaam as een van die invoere, 'n algemene verskynsel by beide dier- en plantname. Dit wil voorkom asof taalgebruikers maklik van bestaande eiename gebruik maak om ander sake te benoem, veral diere en plante. Die kognitiewe proses wat by *jakobregop* plaasvind, behels dus 'n betekenisverruiming vanaf “naam van manlike persoon” na “naam van plant”. Terselfdertyd word die plant nader omskryf deur die gebruik van *regop* as invoer. Hierdeur word die voorkoms van die plant se kenmerkende blomstingels benoem.

5.3.1 Algemene name versus alternatiewe benamings

Baie eksosentriese komposita wat optree as plantname, het die uitsluitlike funksie van naamgewing. Dit wil sê, hierdie komposita is die enigste name van die plante, of dit is die algemeen-bekende name wat die meeste taalgebruikers ken en gebruik:

- 247. *hen-en-kuikentjie* → “Volksnaam vir verskeie plante, veral (a) *Chlorophytum comosum*” (WAT, 1972: 188)
- 248. *katjiepiering* → “Groenblywende struik” (WAT, 1968: 417)
- 249. *olifantsvoet* → “Tweehuisige rankplant ... wat 'n eetbare knol tot 1 m in deursnee vorm wat hfs. bogronds voorkom en bedek is met groot, hoekige, houtrige skubbe” (WAT, 2000: 283)
- 250. *vergeet-my-nietjie* → “fyn, blou tuinblommetjie” (NW, 1988: 558)
- 251. *speldekussing* → “Enigeen van verskeie *Leucospermum*-soorte, so genoem omdat die lang style van die blom met knopvormige stempels bo-aan soos kopspele uit die blomhofies steek” (HAT, 1994: 986)

In teenstelling met bostaande plantname is die volgende woorde alternatiewe benamings vir die plante wat dit benoem:

- 252. *aldagmooier* → “(gewest.) Naam vir die tuinblom jakobregop” (WAT, 1950: 144)
- 253. *duiwelsdrek* → “Gewestelike benaming vir 'n knolvormige swam ... meer bekend onder die naam *duiwelsnuif*” (WAT, 1955: 389)

254. *goutrou* → “Ander naam vir die soort mielie wat meer algemeen bekend is as *kleintrou*” (WAT, 1957: 371)
255. *jankrap* → “Naam vir *kloudoring*” (WAT, 1968: 30)
256. *kom-soen-my* → “vir die *wag-'n-bietjie*” (Kok, 1947b: 13)
257. *maak-gou* → “vir *gifblaar*, omdat die uitwerking daarvan so snel geskied” (Kok, 1947b: 13)
258. *moeder-met-die-kindertjies* → “krismisroos” (GAS, 1995: 207)
259. **Ook:** *aardrook* / *kaapsekêrel* / *knapsiekêrel* (knapsekêrel), *knipmussie* (goudpapawer), *knopkêrel* (bloudissel), *koning-van-kandië* (maartblom), *kop-en-gat* (koppiesvy), *kopgeër* (bobbejaanghaap), *moederharslaggies* (oupa-pyp-in-die-bek), *murg-van-groente* (murgpampoer), *soekende-basie*, *soetpappie* (jakkalskos)

Plantname soos bostaande voorbeelde is volks- of spreektaaluitdrukkinge of dit maak deel uit van gewestelike taal. Hierdie soort woorde het dus addisionele funksies naas benoeming, soos byvoorbeeld humor, beskrywing en beklemtoning van opvallende eienskappe van die plant en selfs die houding wat persone teenoor die plant het. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om af te lei uit die woordkorrelate van 'n woord soos *duiwelsdrek* watter saak of voorwerp ter sprake is, maar dit is wel duidelik dat die naam geskep is met 'n baie negatiewe konnotasie. Hoewel die meer algemene woord *duiwelsnuif* ook 'n negatiewe konnotasie het, word dit soveel meer beklemtoon en veel sterker uitgedruk in die plantnaam *duiwelsdrek*.

5.3.2 Bestaande endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het

Baie plantname in Afrikaans is algemene endosentriese samestellings wat in die volkstaal van toepassing gemaak is op sekere plante. Assosiatiewe oordrag of metaforiese uitbreiding het plaasgevind sodat die samestellings gevolglik 'n addisionele figuurlike betekenis verkry het. Hierdie metaforiese betekenis as plantnaam is dikwels redelik deursigtig vanweë die voorkoms van die plant wat dit benoem. Vergelyk die betekenis van die volgende samestellings:

260. *gansmis* → Endosentriese: “Mis van 'n gans” (WAT, 1957: 26)
 Eksosentriese: “plantjie ... met neerliggende takkies wat na gansmis lyk” (HAT, 1994: 235)

261. *botterlepel* → Endosentries: “Lepel waarmee botter bewerk word” (WAT, 1950: 508, s.v. “botterlepel”)
Eksosentries: “Benaming vir die botteragtige vruggie van 'n boom langs die Langeberge i/d distrik Swellendam” (WAT, 1950: 508)
262. *gifbeker* → Endosentries: “Beker met 'n giftige drank gevul” (WAT, 1957: 259)
Eksosentries: “Giftige sampioen” (WAT, 1957: 259)
263. *geldbeursie* → Endosentries: “Beurs(ie) waarin iemand sy (sak)geld dra” (HAT, 1994: 252)
Eksosentries: “Bolgewas, *Albuca canadensis*, of die doosvrug daarvan” (HAT, 1994: 252)
264. *boesmanpyl* → Endosentries: “gifpyl v.d. Boesmans” (AE, 1967: 173)
Eksosentries: “Plant met lang, dun, skerp vrugte (sade)” (WAT, 1950: 470)

Ander woorde wat ook as deursigtige endosentriese komposita voorkom, maar betekenisuitbreiding ondergaan het om plante te benoem, is die volgende:

265. *beesbul, boesmansoog, boesmanvingertjie, bokdrolletjie, bokspoortjie, bottervaatjie, bruidstrane, draaiorreltjie, duiwelsdis, duiwelsklou, duiwelstou, dwergmannetjie, gansspoor, goudmyn, haarmus, haarnaalde, handjievool, handskoentjie, hartslaggies, hemelsleutel, heuningpot, hondepis, hondsdoed, hongerdood, horlosierat, hottentotskappie, hottentotstoontjie, hottentotstou, inkpotjie, jobstrane, jodeluis, jongmansbaard, jongnooienslokke, josefsrok, kaalगतjies, kafferalmanak, kafferbruid, kaffervadoek, kalfspoeg, kinderkop, kinderpiel, kooigoed, koperdraad, kougoed, kragman, krulkop, langbeen, moedermussie, monniksbaard, monnikskap, mooinooientjie, nooiensborsie, nooienshaar, olifantspore, oumannetjie, oumansbaard, ouseidsnuif, ounooi, paddadou, paddaslym, perdepis, poeierkwas, ridderspoor, sieketroos, skaapdrolletjie, sneeubal, sneeuwitjie, snotbel, snotterbel, suikerkan,*

tonteldoek, velskoentjie, verfkwas, vingerhoedjie, vinkeiers, voëllym, voëlstront, vrouehaar, vuurpyl, waterglas, wedevrou, weeskinders

Die meeste van hierdie woorde beskryf die plant in terme van die voorkoms van die saak wat deur die endosentriese kompositum benoem word. By die volgende naamgewingskomposita benoem die oorspronklike endosentriese samestellings liggaamsdele van diere, voëls, ensovoorts.

266. *hanepoot* → Endosentries: “Poot van 'n hoenderhaan” (WAT, 1972: 82)

Eksosentries: “Wit of rooi tafeldruiwe soort” (HAT, 1994: 343)

267. *perdestert* → Endosentries: “Stert van 'n perd” (HAT, 1994: 792)

Eksosentries: “Dronkgras wat 'n dier wat daaraan vreet, laat waggel of steier” (HAT, 1994: 792)

268. *bobbejaanstert* → Endosentries: “Stert van 'n bobbejaan” (WAT, 1950: 457)

Eksosentries: “'n Halfstruikagtige, taai veldplant” (WAT, 1950: 457)

269. *olifantoor* → Endosentries: “Oor van 'n olifant” (WAT, 2000: 282)

Eksosentries: “plante v.d. geslagte *Alocasia* en *Colocasia*... wat groot, donkergroen, hart- of skildvormige blare het” (WAT, 2000: 283, s.v. “olifantsoor”)

270. **Ook:** *aapstert, adderkop, addertong, akkedispoot, akkedisstert, (akker)leeuklou, beeskloutjie, beesneus, beestong, bereoor, blouboktoontjies, bobbejaanarm, bobbejaanoog, bobbejaanoor, bobbejaantoontjie, bobbejaanvingertjies, bobbejaansool, bokhorinkie, bokkloutjie, bokoog, buffelshoring, donkieoor, drakekop, duikershoring, eseloor, ganskop, gansogie, gansvoet, geitjietoon, haasballetjies, haaskwas, haasoor, haaspoortjie, haasstert, haastepel, haastong, hanebelle, hanekam, hanekammetjie, hanespoor, hertsoog, hoenderbel, hoenderkloek, hoendertong, hoenderspoor, hoendervoet, hondegesig, honde-oor, hondstong, jakkalsoor, kalfsoor, kalkoenbel, kalkoenslurp, katklou, katnaels, katstert, kattedoortjie, kraanvoëlbek, kwaggabal, kwaggalong, leeubekkie, muistepeltjies, olifantspoot, ooievaarsbek,*

ostong, perdeklou, papegaaibek, perdebloed, perdepram, perdetande, rooislankop, rotstert, skilpadtoontjie, slangkop, slangtong, varkneusie, varkoor, varkstert, voëlkloutjie, volstruistone

Groot hoeveelhede van hierdie soort woorde kom in Afrikaans voor, waar die woord wat 'n sekere liggaamsdeel van 'n dier benoem, uitgebrei is om ook 'n plant te benoem wat 'n sekere ooreenkoms met die liggaamsdeel het.

5.3.3 Sinekdogee en bahuvrihi-komposita

Nes diere word 'n groot verskeidenheid plantspesies benoem na aanleiding van 'n besondere of opvallende eienskap van die plant se voorkoms. Vergelyk die volgende voorbeelde van **bahuvrihi**-samestellings wat veral as name van bome voorkom:

- 271. *kromhout* → “(skerts.) druiwestok” (NW, 1988: 274)
- 272. *stinkblaar* → “Kruidagtige, eenjarige plant ... met giftige blare en sade en 'n onaangename reuk” (HAT, 1994: 1 023)
- 273. *groenhart* → “Enigeen van 'n paar tropiese boomsoorte ... waarvan die kernhout groenerig is” (HAT, 1994: 312)
- 274. *oliepit* → “Wildepruim” (WAT, 2000: 279)
- 275. *swartbas* → “Wildekattjiering” (HAT, 1994: 1 055)
- 276. *kattjiedriehaar* → “verskillende meerjarige kruidgewasse, almal gekenmerk deur drietallig samegestelde blare” (WAT, 1968: 417)
- 277. **Ook:** *bloubloei, blouhaak, bloubekkie, botterpit, hardebeentjie, krulblaar, kattjieringblaar, kringgat, korttak, lepelhout, melkpitjie, rooibas, rooihoutjies, soetpeul, swarthaak, vaalblaar, velskoenblaar, witbloei*

Bahuvrihi-komposita tree op as plantname om kognitief kenmerkende of unieke eienskappe van die plant te beklemtoon. 'n Bahuvrihi-samestelling soos *groenhart* noem die (mees) opvallende eienskap van die boom, naamlik die feit dat die kernhout of “hart” groen van kleur is, as naam van die boom as geheel. Die stylfiguur **sinekdogee** is dus ter sprake, “waarby 'n geheel deur 'n deel aangedui word” (HAT, 1994: 919).

5.3.4 Eksosentriese komposita as beknopte beskrywings

Sekere plantname is eintlik **beknopte beskrywings** van die plante se voorkoms, aard, habitat, gebruik, ensovoorts. Die volgende woorde beskryf die **voorkoms** van die plante wat dit benoem:

278. *halfmens* → “Die vetplant *Pachypodium namaquanum* ... met 'n dik, onvertakte stam wat ... die plant op 'n afstand effens na 'n mens laat lyk” (HAT, 1994: 333)
279. *moederkappie* → “soort wilde orgidee met 'n kap oor die boonste kelkblaar” (NW, 1988: 325)
280. *oom-Paul-se-pyp* → “'n Brasiliaanse klimop ... met groot hartvormige blare en blomme wat aan 'n kromsteelpyp herinner” (WAT, 2000: 562)
281. *kommetjietewater* → “... struik, waarsk. so genoem n/d kommetjievormige blom waarin dikw. dou of reën versamel sodat, wanneer die donkerrooi hartjie daardeur skyn, daaraan die voorkoms van tee verleen word” (WAT, 1984: 62)
282. *koppie-in-die-piering* → “Enigee van verskeie tuin- en veldplante waarvan die blom se vorm ooreenkoms vertoon met 'n koppie en piering” (WAT, 1984: 400)
283. *broek-en-baadjie* → “'n wilde blomsoort” (Kok, 1947b: 13)
284. *gebakte-eier-met-sout-en-peper* → “Bolandse trewasoort ... met wit kelkblare en goudegeel kroonblare en lip, lg. met bruin spikkels” (WAT, 1957: 48)
285. **Ook:** *baardmannnetjie, bebroeide-eiers, bergroos, bloudak, blouhemel, bloukappie, blouknoop, bloumuur, blou-uil, bloukeurtjie, bobbejaanpyp, bobbejaansnuif, bontbaadjie, dikvoet, duimpiesnuif, duisendknoop, duisendskoon, duisendskoentjies, druipendhartjies, fynporselein, gebakte-eier, geelkappie, geelkoppie, geelpampoentjies, hakiesteek, hamerstert, hen-en-kuikens, houtspinnepok, hottentotshaar, inkpoppie, jonkmansknoop, kaalkousie, kelkiewyn, kliproos, klipsweet, knippiesnuif, kooltjievuur, koolvuur, koppie-en-piering, kousies-en-skoentjies, kraanoog, kruis-van-Malta, Kruger-se-pyp, melk-en-brood, melktou, nagskaduwee / nagskade, oupapyp, oupa-pyp-in-die-bek, oupa-se-pyp, oupa-se-hoed, perdekapok, paddastoel, platvingers, rooibeentjie, rooihaartjie, rooi-ivoor, rooi-opslag, rooikwas,*

skoonma-se-tong, slymstok, sout-en-peper, Sjinese-lantern, vinger-en-duim, voetangel, wildewingerd

Alhoewel daar nie uit 'n woord soos *kommetjietewater* afgelei kan word dat dit 'n plant is wat ter sprake is nie, is sommige van die woorde besonder goeie beskrywings van die belangrikste of mees opvallende eienskappe van die plante wat dit benoem. Vergelyk die volgende plantname wat ook as endosentriese komposita voorkom en die **voorkoms** van die plante baie mooi beskryf in terme van die voorwerpe wat deur hul endosentriese poliseme benoem word.

286. *jodebaard* → “Outydse huis- en vensterplant ... [met] behaarde blare ... en wit blomme in 'n los pluim” (WAT, 1968: 52)
287. *tweelingsusters* → “pln. ... ben. n.a.v. blomme paarsgewyse aan stingel” (AE, 1967: 663)
288. *doringkroon* → “Die plant *Euphorbia splendens* ... 'n doringrige struik met rooi blommetjies” (HAT, 1994: 266)
289. *bruidsluier* → “'n Sierplant uit Suid-Europa, wat kenbaar is aan 'n groot massa klein, wit blommetjies” (WAT, 1950: 541)

Baie beskrywend is ook die groot hoeveelheid “pypies” en “klokkies”, waar die woorde byna as endosentriese komposita geklassifiseer kan word, met “pypie” en “klokkie” wat betekenisuitbreiding ondergaan om te beteken “plant met pypie- of klokvormige blomme”:

290. *aandpypie* → “Enigeen van verskeie soorte *Gladiolus*” (HAT, 1994: 3)
291. *blouklokkie, geelklokkie, kersfeesklokkies, koningklokkie, georgeklokkie, sneeuklokkie, bakpypie, blouppypie, bergpypie, botterpypie, bontrokpypie, geelpypie, kanolpypie, pakpypie, rooipypie, sandpypie, vleipypie*

Hiermee saam kan ook die plantname genoem word wat *ster, naels, winde* en *reën* as eindstam bevat, en sodoende gebruik word as 'n beskrywing van die plant of die blomme daarvan:

292. *bloureën* → “'n Vlinderblommige heester of klimplant ... [met] helderblou, welriekende blomme wat tot trosse verenig is” (WAT, 1950: 452)
293. *koringsterretjie, herfsblouster, herfssterretjie, bergnaels, bergnaeltjie, rooinaels, turknaels, geelreën, akkerwinde, haagwinde, purperwinde,*

Net soos sekere samestellings beskrywings is van die voorkoms van die plante, beskryf die volgende samestellings die **aard** van die plante wat dit benoem:

294. *doodgaan-en-weer-opstaan* → “Benaming vir die aromatiese struikie *Myrothamnus flabellifolia* ... [s]o genoem, omdat dit in droë tye feitlik al sy water afgee en dood lyk, maar net na 'n reën of as dit in water geplaas word, weer groen ontluik” (WAT, 1955: 247)
295. *kruidjie-roer-my-nie* → “Baie gevoelige plant ... wat by die minste aanraking sy blare toevou” (HAT, 1994: 587)
296. *boer-in-die-nag* → “'n Geurige, geel aandblom” (WAT, 1950: 468)
297. *vieruurtjie* → “Sierplant met geel, rooi of wit blomme wat teen vieruur smiddags oopgaan” (HAT, 1994: 1 207)
298. *kanniedood* → “'n Aalwynplant, *Aloe variegata*, ... baie goed bestand teen droogte” (HAT, 1994: 490)
299. *noordpool* → “Enigeen van 'n aantal klein vetplantsoorte ... met sappige, doringlose, knobbelrige stingels ... waarvan die punte noordwaarts gebuig is” (WAT, 2000: 202)
300. *boesmanspieël* → “'n Uiters eienaardige soort Namakwalandse vygie, so genoem vanweë die aard van een soort van sy blare” (WAT, 1950: 470)
301. *gedaanbreek* → “die lekkerbreekbos of -boom ... so genoem omdat die hout baie maklik en morsaf, d.w.s. klaar en gedaan breek” (WAT, 1957: 58)
302. **Ook:** *bittersoet, brandtong, dooddrukker, haarwurger, hondepatat, hongerkou, jakkalspis, jeukgonna, jeuktong, heksemelk, eendagmooi, kanniedoodnie, kopseer, ploegbreker, sewejaartjie, slaapbol, sterkman, soetkop, soetpop, taaiman, vlieëvanger*

Bostaande voorbeelde beskryf die voorkoms van plante in terme van 'n ander saak of voorwerp waarmee dit 'n ooreenkoms toon. Die volgende plante is weer benoem na aanleiding van die **gebruik** daarvan of **praktiese nut** wat dit inhou vir die mens:

303. *hotnotsriem* → “Namakwalandse struikie ... waarvan die bas soms gebruik word om stokke aanmekaar te bind” (HAT, 1994: 396)

304. *hardekool* → “Groot boomsoort ... [wat] uitstekende brandhout is aangesien die kole lank bly gloei” (HAT, 1994: 345)
305. *besemgoed* → “Grasagtige plante met stewige halms, gebruik om besems van te maak” (WAT, 1950: 384)
306. *slanghoutjies* → “plantesoort ... met straalblommetjies en 'n doosvrug, vroeër gebruik o.a. as 'n middel teen slangbyt” (HAT, 1994: 953)
307. **Ook:** *agostou, bergbesem, boesmanseep, boesmangif, hotnotskooigoed, lammerlat, jakkalsgare, bobbejaantou, tien-os-tou, matjiesgoed, hardematjiesgoed*

Hierdie woorde gee telkens 'n leidraad tot die gebruik van die plant wat dit benoem. Die **habitat** waarin die plant voorkom kan ook in sy naam genoem word:

308. *trots-van-de-Kaap, trots-van-Franschhoek, trots-van-Indië, bergbruidjie, bergnaels, sandpypie, vleipypie, woudreus*

Andere beskryf weer die funksie van plante as **voedselsoort**, en noem terselfdertyd die mens of dier vir wie dit as voedsel dien:

309. *botter-en-brood* → “onkruid ... met 'n klein, ronde vrug wat dikw. deur kinders geëet word” (WAT, 1950: 507)
310. *bobbejaankos* → “Veldplant met sappige blare” (HAT, 1994: 96)
311. *misbredie* → “Enigeen van verskeie soorte onkruid ... wat goed aard in ryk, bemeste grond, en dikw. gebruik word as voedsel in brediegeregte; sin. *marog*; *wildespinasie* ... naam te danke aan die geil grond waarin dit groei” (WAT, 1996: 420)
312. *varkslaai* → “Plant van die vygiefamilie, met blare wat varke graag vreet” (HAT, 1994: 1 149)
313. **Ook:** *aapsekos, brakslaai, brakslaaikougoed, bokdruwe, hasekos, hottentotsbrood, hotnotsbrood, hottentotskougoed, jakkalskos, johannesbrood, kaffermanna, kougoed, perdeslaai, varkbrood, varkkos, volstruiskos*

Op dieselfde wyse as wat die aandag in bostaande voorbeelde gevestig word op die nut van sekere plante as voedsel, net so word gebrek aan praktiese nut by onkruid beskryf as “duiwels”:

314. *duiwelskêrel* → “Enigeen v/d lastige, eenjarige onkruidsoorte *Bidens pilosa* en *B. pinnata*” (WAT, 1955: 389, s.v. “duiwelskerwel”)
315. **Ook:** *blouduiwel, rooiduiwel*

Die bepaler element *duiwel-* word veral dikwels pejoratief gebruik om gevaarlikheid, giftigheid en ander negatiewe eienskappe soos 'n parasitiese aard, aan te dui:

316. *duiwelsnaaigare* → “inheemse en uitheemse *Cuscuta*soorte ... stingelparasiete wat, sodra die saadjie ontkiem, vasslaan om 'n geskikte voedsterplant om op te teer, suiertjies ontwikkel, alle regstreekse verbinding m/d aarde verloor en hulle toespits op 'n ryke vertakking van lang, dun, garingagtige stingels” (WAT, 1955: 390)
317. *duiwelasem* → “Benaming in Namakwaland vir dagga” (WAT, 1955: 388)
318. **Ook:** *duiwelsaas, duiwelsbrood, duiwelsdis, duiwelsdrek, duiwelsklou, duiwelsnuif, duiwelsnuifdosie, duiwelsand, duiwelstou, duiwel-se-vingerhoed*

Eksosentriese komposita soos die voorbeelde in hierdie afdeling het dus 'n verdere funksie naas naamgewing, naamlik die beskrywing, so kort en bondig moontlik, van die voorkoms, aard of enige ander uitstaande kenmerk van die plant wat benoem word.

5.3.5 Samestellings met eiename

By sekere eksosentriese komposita wat optree as plantname vind ons 'n assosiasie met persone. Dikwels besit die plantnaam dan 'n **persoonsnaam** as een of meer van die samestellende dele. Vergelyk:

319. *Adam-se-rib* → “Benaming vir verskeie plante, o.m. sommige geslagte en soorte v/d fam. *Polemoniaceae*” (WAT, 1968: 23, s.v. “jakobsleer”)
320. *dawidskroon* → “Sierplant” (WAT, 1955: 46)
321. *josef-se-rokkie* → “Driekleuramarant” (WAT, 1968: 71)
322. *georgeklokkie* → “Egte bloupypie ... met 'n klokvormige, blou tot violetblou blom” (WAT, 1957: 159)
323. *jakobstaf* → “Struik v/d geslag *Fouquieria* ... wat v/d basis af vertak ... met lang, reguit takke” (WAT, 1968: 23)

324. *judaspenning* → “tweejarige kruidgewasse uit Europa ... [met] ovale vrugte elk met 'n groot, silwerblink, vliesagtige skeiwand wat a/d takke bly sit nadat die saad geval het” (WAT, 1968: 76)
325. *janbloed* → “Benaming i/d suidelik Kalahari vir die struikie *Talinum caffrum*” (WAT, 1968: 28)
326. *Aprilbaadjie* → “'n Regop, eenjarige plant ... [met] gepaarde, dig teen die stam gedrukte saadhuissies wat verflenterd lyk na oopspringing; waarsk. so genoem n/d verflenterde baadjie gedra deur 'n ou plaasjong, April” (WAT, 1950: 243)
327. *jobskraaltjies* → “Eenjarige gras waarvan die sade na krale lyk” (HAT, 1994: 468)
328. *klaasklokker* → “Benaming vir die bergamot(peer)” (WAT, 1976: 13)
329. *meidjiewillemse* → “tandpynbessie” (AE, 1967: 635, s.v. “tandpynbessie”)
330. **Ook:** *Aäronskelk, aronskelk, adamsnaald, cloete-se-oor, dawidjiesgoed, grietjierom, haakoos, jaapoortjie, jakobjong, jakobsladder, jakobsleer, janblaai, jantjebarend, johnnie-se-trossie, jupiterbaard, Kaatjie-vrek, katstertkarelpoepe, klaasasgat, swartdirk, vlytige-Liesbet*

Wanneer plant- en diername wat 'n persoonsnaam of antroponiem as een van die stamme bevat, met mekaar vergelyk word, kan die afleiding gemaak word dat die gebruik van 'n antroponiem tog nie presies dieselfde funksie in die twee groepe dra nie. By diername is die antroponiem-samestelling gewoonlik 'n variant, selde gebruiklik, deel van die geselstaal of volkstaaluitdrukkings, en hoofsaaklik 'n middel waarmee lokaliteitsgebonde kleur of humor aan die taal verskaf word (vergelyk 5.2.7).

Plantname met 'n antroponiem as een of meer van die samestellende dele is minder dikwels deel van die volkstaaluitdrukkings in Afrikaans. Vergelyk die volgende:

331. *hendrikmietjie* → “Volksnaam vir die blomplant *valeriaan*” (WAT, 1972: 188)
332. *katjiegert* → “Volksnaam vir die struik *Pteronia stricta*” (WAT, 1968: 417)
333. *Josefskleed* → “Volksnaam vir ... *Coleus* (fam. *Labiatae*), wat veral gekweek word om hulle bont blare” (WAT, 1968: 72)
334. *judasoor* → “Volksnaam vir 'n onreëlmatig gelobde, skulp- of oorvormige, bruingrys tot swart trilswam” (WAT, 1968: 76)

As daar na bostaande voorbeelde gekyk word, is dit duidelik dat selfs die antroponiem-samestellings wat as volksname in leksikografiese werke aangegee word, soos byvoorbeeld *hendrikmietjie* en *Josefskleed*, nie slegs as alternatiewe benamings in Afrikaans voorkom nie. Die eksosentriese samestellings is die algemeen-gebruikte name van die plante en die gebruik van die eiename in die woorde is óf toevallig, óf dit vorm deel van die beskrywende aard van die woorde, maar dit blyk wel duidelik dat hierdie antroponiem-samestellings nie in die leksikon voorkom slegs om kleur of humor aan die taal te verskaf nie.

5.4 *Samevatting*

In hierdie hoofstuk is gekyk na etnobiologiese **naamgewing** as 'n baie noodsaaklike funksie wat eksosentriese komposita in Afrikaans vervul. Diername en plantname is as twee groepe naamgewingskomposita afsonderlik in besonderhede bespreek. By albei groepe woorde is aandag gegee aan eksosentriese komposita wat as **algemene benamings** vir diere en plante gebruik word, teenoor dié woorde wat minder-gebruiklik is of deel uitmaak van gewestelike taal. Ook is beskryf hoedat groot hoeveelhede endosentriese komposita metaforiese betekenisuitbreiding ondergaan het om op te tree as dier- en plantname.

Daar is kortliks gekyk na die voorkoms van **bahuvrihi-samestellings** as naamgewingskomposita, asook die groot hoeveelhede ander eksosentriese komposita wat optree as beknopte **beskrywings** van diere sowel as plante. **Klanknabootsende** en **reduplikatiewe** dier- en veral voëlname is bespreek, en daar is kortliks gewys op die **dubbelsinnige aard** van sekere eksosentriese diername. Ten slotte is eksosentriese naamgewingskomposita met 'n **antroponiem** of persoonsnaam as een of meer van die stamme bespreek. Deurlopend kan waargeneem word dat hoewel referensiële **benoeming** die hoof funksie van hierdie soort samestellings is, dit tog nie die enigste benoemingsfunksie of -motief van eksosentriese naamgewingskomposita is nie. Eksosentriese dier- en plantname word ook gebruik ter wille van humor, om kleur aan die taal te verskaf en om diere en plante op 'n eiesoortige en besondere wyse te beskryf in terme van kenmerkende eienskappe wat dit vertoon.

HOOFSTUK 6

BYNAME

6.1 Inleiding


In hierdie hoofstuk word **persoonsbenoeming** bespreek as 'n belangrike funksie van eksosentriese samestellings. Mense het van die vroegste tye af “aan mekaar by-, spot- of skimname gegee” (Coetzee, 1948: 91). Eksosentriese samestellings, en veral bahuvrihi-samestellings leen hul uitstekend tot gebruik as persoonsname. Vergelyk ter inleiding die volgende voorbeelde:

1. *boekvreter* → “Persoon wat gedurig studeer of buitensporig baie boeke lees en hulle as’t ware verslind” (WAT, 1950: 463)
2. *gansloper* → “Voetganger wat by die oorsteek van 'n straat die verkeersreëls verontagsaam” (HAT, 1994: 235)
3. *kerriebek* → “iem. wat baie vloek, gekruide taal gebruik” (WAT, 1968: 593)
4. *kwaksalwer* → “1. onbevoegde persoon wat met waardelose middele probeer dokter. 2. onbevoegde dokter. 3. bedrieër” (NW, 1988: 279)
5. *maltrap* → “Wilderige persoon wat allerlei mal streke uithaal” (HAT, 1994: 643)
6. *petrolkop* → “motorwerktuigkundige” (uit die spreektaal)
7. *duiwelsadvokaat* → “Persoon wat ter wille van die redenasie allerhande besware teen 'n goeie saak opper” (HAT, 1994: 177)

Byname word aan mense gegee om verskillende redes, aangesien die **benoemingsmotiewe** van mense verskil. Individuele byname kan gegee word om 'n lang eienaam te vermy of te verkort, dit kan dien as 'n positiewe affekmiddel, byvoorbeeld as troetelnaam, of om bewondering uit te druk teenoor iemand, of dit kan gebruik word om 'n sekere aspek van iemand te beskryf of te beklemtoon. “Nicknames can serve not only as thumbnail character sketches, or illustrations of quirks of personality” (Morgan e.a., 1979: 5), maar ook as beknopte beskrywings van eienaardige of opvallende fisieke kenmerke van individue. Byname ontstaan ook as beskrywings van groepe persone wat 'n besondere beroep volg, persone van 'n sekere ras, nasionaliteit, godsdiens, of wat 'n ander tiperende eienskap deel.

Hierdie bespreking kan ingelei word met die volgende diagram van die konseptuele vermenging wat plaasvind by eksosentriese komposita wat optree as byname:

8. *krismiskat* → “iem. met opvallende, dikw. oordadige of smaaklose versierings aan sy (haar) persoon of klere” (WAT, 1991: 207)



FIGUUR 6-1: VERMENGING IN EKSOSENTRIESE SAMESTELLING *KRISMISKAT*

In die samestelling *krismiskat* word gebruik gemaak van 'n kernstam wat ook as ongelede woord figuurlik as 'n persoonsnoemer optree, hetsy met 'n positiewe of negatiewe affektiewe waarde. Die mees algemene figuurlike gebruik van *kat* is negatief vir “aggressiewe (katterige) vrou” of neerhalend vir “los meisie / flerrie”. Hoewel sterk affektiewe waardes waargeneem kan word by die figuurlike gebruik van *kat*, is 'n geestige element gewoonlik afwesig. Die geselstaalterm *krismiskat* tree slegs op as 'n ondeursigtige persoonsnaam, met geen alternatiewe deursigtige, letterlike betekenis as byvoorbeeld “kat wat as Kersgeskenk gegee / ontvang word” nie. Konseptuele vermenging vind plaas om slegs sekere kenmerke wat met Kersfees geassosieer word, naamlik “versiering” en die potensieële “oordadigheid” van hierdie versierings en feesviering, oor te dra na die afvoer. Hierdie oordrag word ondersteun deur die gebruik van spesifiek die ligter, geestige geselstaalterm *krismis* in die samestelling, en nie die neutrale woord *Kersfees* nie. Terwyl *kat* gewoonlik figuurlik gebruik word om slegs vroulike persone te benoem, is die afvoer *krismiskat* heeltemal ongemarkeerd wat geslag betref. In die afvoer vind ons 'n vermenging van die ligte spot en humor van *krismis*, met die negatiewe, beledigende en neerhalende emotiewe waarde van *kat* as persoonsnoemer. So 'n persoon, 'n *krismiskat*, dink dus hy is *krismis*.

6.2 *Affektiewe waardes van eksosentriese komposita wat optree as persoonsname*

Persoonsname kan in drie klasse ingedeel word na aanleiding van die affektiewe waarde of konnotasie wat dit toon. Byname kan naamlik positief, neutraal of negatief van aard wees:

9. **Positief:** *hartedief* → “Vertroetelend gesê van of teenoor iemand wat ... jou liefde gewen het; liefling” (HAT, 1994: 348)
10. **Neutraal:** *doutrapper* → “Persoon wat vroeg opstaan” (HAT, 1994: 164)
11. **Negatief:** *gatvlooi* → “Indringerige persoon” (WAT, 1957: 44)

'n **Spottende** of **geestige** element maak deel uit van die meeste eksosentriese komposita wat optree as byname:

12. *bokryer* → “(skerts.) Vrymesselaar” (HAT, 1994: 100)
13. *klaasneus* → “Spottende benaming vir 'n persoon met 'n lang neus” (WAT, 1976: 14)

14. *fynporselein* → “Persoon wat baie verfynd of fyntjies in voorkoms en gedrag is – soms spottend gebruik” (WAT, 1955: 784)
15. *kragapie* → “sterk man; spierbouer” (uit die spreektaal)
16. *voetveeg* → “iemand se slaaf” (HAT, 1994: 1 224) (ook *vloermat*)

Ritchie (2005: 277) voer aan, soos reeds vermeld, dat sekere instansies van grappe en humor “constitute an attack by the joke teller on the target of the joke, sometimes an individual but often a group”. Hierdie aspek kan duidelik waargeneem word by skertsende benamings vir persone soos bostaande voorbeelde waar die benoemde persoon die teiken van die humor is.

Benamings kan selfbenoemend, tweedepersoonsnoemend of derdepersoonsnoemend gebruik word. Die volgende is voorbeelde van uitings met **selfbenoemende** gebruik van die eksosentriese samestelling:

17. Jou *skattebol* is nog baie lief vir jou. (troetelnaam vir *liefling*)
18. Hierdie ou *latswaaier* smag darem nou na 'n vakansietjie! (spotnaam vir *onderwyser*)

Dit spreek vanself dat die selfbenoemende gebruik van negatiewe skimp- en spotname nie so algemeen voorkom nie, aangesien 'n persoon homself daardeur beledig. In instansies van selfspot en ironie kom sulke negatiewe selfbenoemingsgevalle egter wel voor.

Wanneer byname **tweedepersoonsnoemend** optree, word hierdie woorde **vokatiewe** of **aanspreekvorme** genoem, oftewel taalbousels “wat gebruik word om tweedepersoonsnoemend met een of meer lewende wesens te praat” (Van Jaarsveld red., 1982: 3), byvoorbeeld:

19. *Poplap*, jy lyk pragtig! (troetelnaam vir *dogtertjie*)
20. Jou *domkop*, klim af daar! (skelnaam / goedge spotnaam vir *persoon wat dom optree*)
21. *Haai-hierjy*, kom hier! (minagtende aanspreekvorm vir *iemand*)
22. Jou *poephof*, wat doen jy! (kru skelnaam vir 'n *veragtelike persoon*)
23. Waar is die emmer, *houtkop*? (minagtende haatnaam vir *swarte of anderskleurige*)

Byname vir individue, sowel as groepe persone, hetsy met 'n positiewe, neutrale of negatiewe aard, “are usually bestowed by peers in a variety of informal social situations” (Morgan e.a., 1979: 98). Eksosentriese benamings wat diens doen as vokatiewe is dus slegs bruikbaar in informele

interaksie, soos trouens die meerderheid van alle eksosentriese komposita deel uitmaak van die geselstaal of informele omgangstaal. Die woorde kan gebruik word as troetelname, bewonderende name, spotname (goedig of minagtend), skelname en haatname. Volgens Combrink (in Van Jaarsveld red., 1982: 14) spreek die vokatiewe “'n waarde-oordeel oor die aangesprokene uit en gee die spreker se houding teenoor die aangesprokene te kenne”. Die funksie van hierdie soort vokatiewe wissel vanaf die oogmerk om mee te vlei of te vertroetel, tot om te beledig, verkleineer, onderdruk, provokeer of uit te skel. Persone wat byname aan ander gee, of van reeds-bestaande byname gebruik maak as vokatiewe, hetsy dit 'n vriend, vyand, kennis of familielid is, 'n kind op die speelterrein van sy skool, 'n werkskollega, of 'n teenstander op enige terrein, “it is clear that whoever he or she may be ... is [in] a role of power” (Morgan e.a., 1979: 115). Veral negatiewe spot- en skelname wat gebruik word as vokatiewe, lewer blyke van die naamgewer se gevoel van mag en eie superioriteit.

Feitlik al die benamings wat in hierdie hoofstuk bespreek word, kan gebruik word in 'n **derdepersoonsnoemende** situasie. Mense is lief daarvoor om *sotto voce* te praat oor ander mense (gewoonlik in hul afwesigheid), en in sulke gevalle word daar besonder baie gebruik gemaak van byname en spotname. Vergelyk die volgende:

24. Sonet se seuntjie is 'n regte klein *aspatat*. (Vertederende troetelnaam vir 'n *snuiter*)
25. Sy is getroud met 'n *Duineboer*. (Neutrale, skertsende naam vir *bewoner van 'n sandererige, duinagtige streek*)
26. Ou *Osbound* was darem vandag weer kwaai! (Spottende individuele bynaam vir 'n onderwyser)
27. Ons ouderling is maar 'n *slapjan*. (Beledigende naam vir 'n *swakkeling* of *lui aard*)
28. Die pes van 'n *bottelbek* het my verneuk. (Skimpnaam vir 'n *Jood*)
29. Daardie *gatvlieg* het hom behoorlik ingewurm by hulle. (Plat invektief vir 'n *indringerige, kruiperige persoon*)

Sulke benamings kan dus wissel vanaf name met 'n gunstige gevoelswaarde, neutrale name en byname wat plaend of lig-spottend gebruik word, tot skindernaam wat negatiewe kritiek verwoord, asook skimp- en haatname. Die gebruik van derdepersoonsnoemende byname “to express disapproval and contempt is a way of reducing a powerful person’s status to manageable proportions” (Morgan e.a., 1979: 143). 'n Persoon wat in 'n posisie van mag is of 'n hoër

statusposisie beklee, soos 'n ouer, onderwyser, werksbaas of 'n leier op enige gebied, met ander woorde, die spreker se “meerdere”, word op hierdie wyse gereduseer tot die spreker se eie vlak of laer.

Daar word vervolgens in fyner besonderhede gekyk na eksosentriese komposita soos dit in drie klasse ingedeel kan word volgens emotiewe waarde, naamlik positiewe, neutrale en negatiewe benamings.

6.2.1 Positiewe persoonsname

Die twee hoofgroepe positief-gelaaide eksosentriese komposita wat optree as byname is troetelname en bewonderende name. Die volgende samestellings word gebruik as troetelname of liefdesnaampies, gewoonlik vir babas en kinders, of vir 'n geliefde:

30. *asjas* → “Klein snuiter, klein vabond – dikwels liefkosend gebruik” (WAT, 1950: 280)
31. *ooilam(metjie)* → “(*geselstaal; skertsend*) Meisie ... Iets, dikw. enigste besitting, wat kosbaar is” (WAT, 2000: 559)
32. *kwylbekkie* → “vertederend van 'n baba met 'n kwylmond” (WAT, 1991: 532)
33. *poplap* → “Aangename, vriendelike dogter ... Aanspreekvorm vir 'n meisie of jongerige vrou” (HAT, 1994: 811)
34. *hartdrostertjie* → “Liefkosingsterm” (WAT, 1972: 106)
35. **Ook:** *hartedief, hartpit, hartlap, hartkruipertjie, hartlam, appelliefie, hertekrone, aapstert, ounooi, poppergoed, roosknoppie, soetkoekie, suikerklontjie, skattebol, skatlam*

Benamings soos bostaande word veral as nadertrekkende of vertederende **vokatiewe** gebruik. Soos gesien tree diername en eksosentriese samestellings met 'n diernaam as stam dikwels op as troetelname, liefkosende name of vleiname.

Sommige benamings het spesifiek 'n komplimenterende funksie en verwoord iemand se bewondering vir 'n ander. Vergelyk die volgende uitroepe van bewondering:

36. *beeskalf!* → “uitroep van byval teenoor iem. wat iets geprester het” (WAT, 1950: 352)
37. *biesiepol* → “2. (*fig.*) 'n Mooi meisie. 3. I/d uitroep *Jou biesiepol!* – skerts. gebruik om bewondering uit te druk” (WAT, 1950: 411)
38. *bulperd* → “Gawe, flukse kêrel” (HAT, 1994: 116)
39. *Ramkat!* → “Manlike persoon wat besonderlik goed geprester het ... uitroep van bewondering” (HAT, 1994: 836)
40. **Ook:** *bulkalf, bulvulling, ramslang* (Boonzaier, 1989: 233, 296)

Sekere ander benamings het nie so 'n sterk gevoelswaarde van bewondering en komplimentering as bostaande woorde nie, maar het tog 'n duidelike positiewe konnotasie:

41. *bittereinder* → “persoon wat tot die einde volhard uit pligsgevoel of getrouheid” (NW, 1988: 61)
42. *durfal* → “waaghals” (NW, 1988: 120)
43. *kanniedood* → “Iemand wat oud maar taai is of 'n groot uithou vermoë besit” (HAT, 1994: 490)
44. *langasem* → “Persoon of dier wat veral fisies oor 'n groot uithou vermoë beskik” (WAT, 1994: 83)

Hierdie woorde spreek van 'n (moontlik onwillekeurige) bewondering van iemand se goeie hoedanighede. Hulle is egter meer neutraal en word daarom nie op dieselfde wyse as byvoorbeeld *ramkat* as uitroep van onverbloemde bewondering en goedkeuring gebruik nie.

6.2.2 Neutrale persoonsname

Dit is soms moeilik om te onderskei tussen suiwer skertsende benamings (sonder 'n negatiewe konnotasie) en beledigende of spottende byname wat dikwels ook amusant is. In hierdie afdeling sal slegs kortliks ingegaan word op benamings wat nie 'n opvallende negatiewe, **beledigende** aard het nie, soos:

45. *droomkop* → “(dag)dromer, ... mymer, peinser” (GAS, 1995: 79)
46. *bakvissie* → “(*skerts.*) opgeskote meisie van 14 tot 18 jaar” (NW, 1988: 37)

47. *houtbeen* → “Bejaarde, iem. van wie die bene al styf geword het” (WAT, 1972: 424)
48. *lekkerbek* → “Persoon wat baie lief is vir lekker eet en drink en dikw. ook in dié verband erg kieskeurig is” (WAT, 1994: 191)
49. *blouknoop* → “n Geheelonthouer” (WAT, 1950: 451)
50. *waaghals* → “iem. wat baie waag, roekeloos is” (NW, 1988: 594) (ook *durfal*)
51. *eenspanjaard* → “Persoon wat hom eenkant hou en nie met ander mense om gaan nie” (WAT, 1955: 440) (ook *eenspaaier*, *eenspanjer*)

Ook die volgende is neutrale benamings wat gebruik word sonder om neerhalend of beledigend te wees:

52. *boekwurm* → “persoon wat meestal in boeke verdiep is” (NW, 1988: 68)
53. *buiteperd* → “Iemand wat nie die gunsteling, bv. vir bevordering of 'n bepaalde posisie is nie” (HAT, 1994: 115)
54. *dakvink* → “Motorryer wat sy arm deur die venster steek om aan die dak van die voertuig vas te hou” (HAT, 1994: 129)
55. *doekgoed* → “Vroumense, d.w.s. rokdraers” (WAT, 1955: 219)
56. *eenhoringbul* → “Iem. wat altyd alleen is” (WAT, 1955: 434)
57. *oukêrel* → “(*geselst.*) Pa, vader” (HAT, 1994: 773)

Ook vir “pa”: *oubok*, *oubokkie*, *ouballie*, *outop*, *outoppie*

In bostaande gevalle word die benoemde persoon waarskynlik nie met die nodige respek aangespreek of bespreek nie, maar die woorde het elk tog 'n min of meer neutrale gevoelswaarde. Daar skuil nie 'n angel in die byname nie, en daarom word hul nie as negatief ervaar nie. Die volgende neutrale benamings is meer geestig van aard:

58. *botterbek* → “Iem. glad van tong” (WAT, 1950: 507)
59. *duiwelstoejaer* → “Iem. wat gebruik word om allerlei dienste en ongereelde werksaamhede te verrig; ... handlanger” (WAT, 1955: 390)
60. *Enakskind* → “n Reusagtige persoon” (HAT, 1994: 196)
61. *grasweduwee* → “getroude vrou wie se man tydelik afwesig is” (NW, 1988: 174) (manlike vorm is *graswewenaar*)
62. *gansbors* → “Hees persoon” (HAT, 1994: 234)

63. *hardebaard* → “volwasse man” (uit die spreektaal)
64. *houtos* → “teruggetrokke persoon” (Boonzaier, 1989: 269)
65. *tropsluitertjie* → “(skerts.) laaste kind” (NW, 1988: 533)
66. *wederhelf (te)* → “(ietwat skerts.) Eggenoot, eggenote” (HAT, 1994: 1 266)
67. *jantjie-sonder-erg* → “Iem. wat ongeërg is, onbekommerd voortgaan” (WAT, 1968: 31)

Ook byname vir verskillende beroepe vorm deel van die groep neutrale benamings wat oor die algemeen skertsend of plaend gebruik word:

68. *befdraer* → “(skerts.) Predikant” (WAT, 1950: 353)
69. *boetebessie* → “(skerts.) vroulike parkeermeterbeampte” (NW, 1988: 69)
70. *donkiedrywer* → “(skerts.) Onderwyser” (WAT, 1955: 242)
71. *elleridder* → “Skertsende benaming vir 'n winkelklerk, veral in 'n klerasiewinkel” (WAT, 1955: 531)
72. *galgetrooster* → “Skertsende benaming vir die geestelike wat 'n ter dood veroordeelde in sy laaste oomblikke bystaan” (WAT, 1957: 12)
73. *goggakoning* → “(skerts.) Insektekundige” (WAT, 1957: 344)
74. *hoenderwyser* → “onderwyser” (uit die spreektaal)
75. *janmaat* → “matroos” (NW, 1988: 230)
76. *lammervanger* → “skoolbesoekbeampte” (GAS, 1995: 179)
77. *padpredikant* → “padwyser ... hy wys die weg aan wat hy self nie bewandel nie” (Coetzee, 1943: 20)
78. *swartspan* → “kerkraad” (GAS, 1995: 376)

Byname vir polisiemanne is besonder algemeen. Dit kan die gevolg wees van die opmerklieke voorkoms van 'n polisieman in uniform, maar moontlik lê hierin ook dalk 'n eufemistiese of taboeïstiese element verskuil. Net soos eksplisiete verwysings na die bese vermy word (vergeelyk hoofstuk 7), het veral kriminele oortreders waarskynlik 'n begeerte om nie “die ding by die naam te noem nie”, om die woord *polisie* eerder sover moontlik te vermy of te vervang met verbloemings.

79. *komkommerkuit* → “Berede of verkeerspolisieman” (WAT, 1984: 37)
80. *hardebeen* → “Skertsende benaming vir 'n polisieman” (WAT, 1972: 90)

81. **Ook vir “(berede) polisieman”:** *gougryp, bottelbeen, bloubottel, bloujas, platpoot, gesperbeen, doringhakskeen, goewermentpaal, hardehoed, hardekuit, koperknoop,*

In die meeste van hierdie verbloemende benamings kan 'n ondertoon van spot met die voorkoms van polisiemanne waargeneem word. Hierdeur word die taalgebruiker se disrespek vir die hand van die gereg betoon en word gepoog om die polisie as minder ernstig en vreeswekkend voor te stel. Hulle is as 't ware eintlik maar net 'n klomp onkapabele *komkommerkuite, bloujasse,* ensovoorts, en hoef nie gevrees of gerespekteer te word deur die kriminele klas nie. Hierdie uitspraak word ondersteun deur die waarneming wat gemaak is dat daar min of geen soortgelyke spotname vir ander persone wat uniform dra, soos hospitaalpersoneel, die bemanning van skepe en vliegtuie, skoliere, ensovoorts, is nie. Die enigste ander beroep wat met behulp van 'n redelik wye verskeidenheid byname benoem word, is dié van verskillende tipes boere:

82. *agtervelder* → “onbeskaafde, onkundige boer” (WAT, 1950: 125)
83. *mieliepapper* → “Mielieboer” (WAT, 1996: 366)
84. *Koringtrapper* → “Koringboer uit Malmesbury se omgewing” (WAT, 1984: 432)
85. *wolkweker* → “Boer wat wolskape aanhou; wolboer” (HAT, 1994: 1 286)

'n Mate van vooroordeel en/of minagting teenoor boere mag dalk hierin weerspieël word, alhoewel die meerderheid van die benamings nie regtig as skel- of skimname beskou kan word nie, maar eerder as skertsende spotname sonder 'n angel. Meer hieroor later in die hoofstuk in die afdelings wat handel oor benamings vir bewoners van verskillende streke en plattelanders.

Die volgende byname vir persone wat in sekere beroepe staan, is minder neutraal en toon 'n spottende aard. Die spotname is van so 'n aard dat persone wat daardeur benoem word moontlik mag aanstoot neem:

86. *heksemeester* → “Iemand wat besonder knap of bedrewe in iets is” (WAT, 1972: 149)
87. *inkpot* → “Neerhalende benaming vir 'n kantoorwerker of 'n joernalis” (WAT, 1972: 577)
88. *janklaas* → “hanswors, grapmaker” (NW, 1988: 230)
89. *klipneuker* → “Skertsende benaming vir 'n geoloog” (HAT, 1994: 540)

90. *pennelekker* → “(skerts.) Klerk” (HAT, 1994: 790)
91. *seerob* → “Egte seeman” (HAT, 1994: 902)
92. *kripvreter / kripperd* → “(skerts.) staatsamptenaar” (NW, 1988: 273)

Topografiese ligging kan by bepaalde gemeenskappe “die gevoel van nasionale samehorigheid laat vervaag en verdwyn” (Coetzee, 1948: 91). Dit lei daartoe dat mense van een gemeenskap, streek, dorp of provinsie, byname aan persone van 'n ander gemeenskap gee:

93. *Blikoor* → “Spotnaam vir 'n Ondervelder, veral v/d Vrystaat” (WAT, 1950: 433)
94. *duinemol* → “Skertsende benaming vir 'n bewoner van duinestreek, veral i/d S.W. Kaapprovinsie” (WAT, 1955: 382)
95. *Granietboer* → “benaming vir 'n inwoner v/d Paarl” (WAT, 1957: 390)
96. *mielieboer* → “Transvaler of Vrystater” (uit die spreektaal)
97. *Sandtrapper* → “Vrystater” (GAS, 1995: 306)
98. *Vaalpense* → “Transvalers” (Coetzee, 1948: 92)
99. *Viskoppe* → “die inwoners van Bredasdorp, Hermanus en Mosselbaai” (Coetzee, 1948: 94)
100. *woltoon* → “spotnaam vir iem. uit die Kaapprovinsie” (NW, 1988: 609)
101. *wynboer* → “Kapenaar” (uit die spreektaal)
102. *Dinamietboer* → “Skertsende benaming vir inwoner van Somerset-Wes” (WAT, 1955: 183)
103. *Rosyntjietone* → “Bolanders” (Coetzee, 1948: 92)
104. *Vlaktebobbejane* → “Piketbergers” (Kok, 1947a: 16)

Woorde soos bostaande voorbeelde word dikwels op sportgebied gebruik as name van sportspanne, veral rugbyspanne, van dorpe of provinsies, soos die woord *Mielieboere* ook diens doen as die naam van die “[p]rovinsiale rugbyspan van W.T.vl” (WAT, 1996: 364). Die byname noem gewoonlik bloot die belangrikste kenmerk van die distrik of dorp wat dit onderskei van ander plekke. Sulke name vir persone van sekere streke of dorpe word dus nie neerhalend of beledigend gebruik soos baie ander byname nie. Sommige sulke name kan dalk selfs oorspronklik uitgedink wees deur 'n gemeenskap om hulself te benoem, veral wanneer hulle trots is op 'n sekere uitstaande kenmerk van hul streek of dorp, en om 'n gevoel van solidariteit te skep.

Sommige benamings vir persone van 'n sekere nasionaliteit, godsdienstige of politieke oriëntasie kan ook redelik neutraal, hoewel skertsend, gebruik word:

105. *Kaaskop* → “Skertsende of skimpende benaming vir 'n Hollander” (HAT, 1994: 476)
106. *padda-eter* → “'n Fransman” (Kok, 1947a: 16)
107. *Rooinek* → “Spottende bynaam vir 'n Engelsman” (HAT, 1994: 872)
108. *Skrefiesoog* → “skertsende benaming vir 'n Sjinees of Japanees” (uit die spreektaal)

Die oorgrote meerderheid van hierdie soort persoonsname het egter 'n prediserende funksie as skel- of haatname, soos in die volgende afdeling gesien kan word.

6.2.3 Negatiewe persoonsname

'n Groot groep eksosentriese komposita is affekties gelaai, hetsy as beledigende skelname of as troetelname. Volgens Smuts (1958: 25) kan die Afrikaanse volksaard leer ken word uit 'n vergelyking van die spot- en skelname in Nederlands en Afrikaans. Afrikaans is veel armer aan skelname, maar blykbaar ryker “aan name waarin die neiging tot spot en skerts uiting vind” (Smuts, 1958: 25), soos die volgende:

109. *droëntydsvoëltjie* → “Maer, pieperige persoon” (WAT, 1955: 332)
110. *eenpotjie-knapsak* → “Vrypostige kind wat altyd in grootmense se geselskap indring” (WAT, 1955: 437)
111. *Gatjieponner* → “Spotnaam deur die Doppers gegee aan aanhangers van ander Afrikaanse kerke omdat hulle 'n gatjapon dra” (WAT, 1957: 43)
112. *pantoffelheld* → “Persoon wat onder die pantoffel staan, wie se vrou oor hom baasspeel” (HAT, 1994: 781)
113. *dermtrekker* → “1. Persoon wat vreeslik kan terg ... 2. Persoon wat senutergend temerig is ... 3. Persoon wat voortdurend sanik, twis” (WAT, 1955: 91)
114. *Jan-suur-in-die-maars* → “'n aanstellerige persoon” (Kok, 1947b: 13)
115. *hempie-raak-my-gatjie-nie* → “Iem. wat gou kwaad word, baie kort van draad, liggeraak is” (WAT, 1972: 187)

Die toekenning van emotiewe byname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan spotsug en geestigheid, sowel as nays, haat, afkeuring, vooroordeel en onverdraagsaamheid teenoor andere. Onder hierdie byname tel ook “verkleinerende, swets- en slegsêvokatiewe” (Van Jaarsveld red., 1982: 14). “Ascriptions of mental or physical inadequacy” (Allan & Burrige, 1991: 28) word veral by voorkeur gebruik as disfemistiese benamings. In hierdie afdeling sal beledigende skel-, skimp- en haatname ingedeel word in drie hoofgroepe: (1) name wat te doene het met vooroordeel teen 'n hele **groep mense** wat stereotipes 'n sekere saak in gemeen met mekaar het; (2) name wat te doene het met **karaktereienskappe** van individuele persone; en (3) **liggaamlike eienskappe** van individuele persone.

6.2.3.1 Benamings vir groepe persone

Mense het meestal 'n mate van stereotiperende vooroordeel, xenofobie of vreemdelinge-haat teenoor persone van 'n ander ras, kultuur, nasionaliteit, politieke oriëntasie of godsdiens. Selfs wanneer die presupposisies wat gemaak word ten opsigte van andere nie noodwendig **negatief** is nie, het 'n mens wel dikwels wanopvattinge van persone wat in 'n sekere opsig “anders” is as jyself. Byname vir sulke groepe persone kan neutraal wees, maar die politieke terrein en haatspraak is veral 'n ryk teelaarde vir invektiewe, skelname en haatname:

- 116. *armoedpens* → “Boesman met 'n boepens” (uit die spreektaal)
- 117. *blouasem* → “Naturel” (WAT, 1950: 448)
- 118. *knopstert* → “Tipe Boesman by wie die agterste opvallend knopvormig en groot is, en ver uitstaan” (WAT, 1976: 509)
- 119. *witvel* → “Skelnaam vir 'n blanke” (uit die spreektaal)
- 120. *rooihuid* → “Indiaan” (NW, 1988: 427)
- 121. *streepkop* → “Boesman” (GAS, 1995: 366)

Byname en skelname soos bostaande voorbeelde sinspeel op “stereotypes about particular ethnic and religious groups, women, and other social categories, often focusing on lower status and powerless groups” (Ritchie, 2005: 277). Deur skelname soos hierdie word die spreker, meerderheidsgroep, hoër sosiale klas of ander soortgelyke groep se siening van en houding teenoor sekere persone, veral minderheidsgroepe, dus verwoord.

Haatname het 'n baie sterk negatiewe gevoelswaarde en het gewoonlik te doene met rassiespanning en godsdiens. In die besonder kan daar gelet word op die groot verskeidenheid skelname wat 'n aanduiding is van vooroordeel jeens anderskleuriges. Vergelyk die volgende skelname:

- 122. *Varkstert* → “Spotnaam vir 'n Sjinees” (HAT, 1994: 1 149)
- 123. *Kerriebek* → “Neerhalende benaming vir 'n Indiër” (WAT, 1968: 593)
- 124. *Lemoenkop* → “(skertsend of rassisties) Maleier ... weens die rooi keppie wat hy dra” (WAT, 1994: 201)
- 125. *kraaibek* → “Neerhalende benaming vir 'n manspersoon, gew. 'n bruinman of swartman” (WAT, 1991: 57)

Ook vir “swarte”: *bitterbek, deurtrekker, houtkop, klipkop, korrelkop, kroeskop, korreltjieskop, kurktrekkerkop, makasterkop, matraskop, peperkop, peperkorrelkop, knopneus, platneus, gamsketel, Kamsketel, jasman, swartvel, swartnerf, swartasem, gifasem, blinkasem, stinkasem, vaalasem*

Aan name soos bostaande kleef daar 'n stigma, en daar word al hoe meer gepoog om die gebruik van sulke name te staak, veral skelname soos hierdie, wat in werklikheid terme van ondergeskiktheid en minderwaardigheid is. Persoonsname soos bogenoemde voorbeelde het 'n **prediserende funksie**, dit wil sê die woorde word gebruik “om die spreker of hoorder se oordeel of houding uit te druk” (De Villiers, 1976: 98). Die byname spreek van 'n neerhalende, honende, minagtende en veroordelende houding in die taalgebruiker (gewoonlik die spreker) teenoor die aangesprokene of 'n derde persoon. Terselfdertyd word 'n gevoel van solidariteit geskep by die gewaande superieure ras of etniese groep, wanneer ander rasse of groepe met behulp van pejoratiewe byname beskryf word.

Die eie, unieke aard van enige individu van 'n ander ras, godsdiens, kultuur, ensovoorts, word in werklikheid met behulp van prediserende bynaamgewing ontken en misken. Met 'n bynaam soos *Kerriebek* word daar byvoorbeeld te kenne gegee dat **alle** Indiërs deur die bank lief is vir kerrie. Hoewel dit op sigself nie 'n negatiewe eienskap is nie, word 'n negatiewe houding uitgedruk in hierdie woord, soos blyk uit die gevoelswaarde van minagting wat spreek uit die gebruik van *bek*

eerder as *mond* (vergelyk ook ander byname met *-bek* as stam, soos *Bottelbek*, *Suurbek*, *geelbek*).
Vergelyk ook die volgende:

126. *kromneus* → “Neerhalende of spottende benaming vir 'n Jood” (WAT, 1991: 241)

Ook vir “Jood”: *Bondeldraes*, *Bottelbek*, *kaaskop*, *haakneus*, *Lappiesmous*, *Platvoet*,
Platpoot, *Suurbek*

Anti-Semitisme of jodehaat is 'n baie ou en wêreldwye verskynsel. Jode word tradisioneel veral gesien as geldgierige smouse. Die naam *Jood* kan selfs figuurlik gebruik word met die prediserende betekenis “[n]eerhalende benaming vir 'n geldgierige persoon en liefs te vermy; geslepe sakeman” (HAT, 1994: 470). Dit is dus nie vreemd dat soveel pejoratiewe benamings vir Jode ook in Afrikaans voorkom nie.

Nêrens is die mens se gewoonte om diegene wat van homself verskil te sien as blote minderwaardige stereotipes so duidelik as in die ontstaan en gebruik van prediserende persoonsname nie. Die individuele kenmerke van enige persoon binne so 'n groep is vir die buitestaander van geen belang nie, slegs die paar kenmerkende, uitstaande eienskappe van die meerderheid persone wat tot die groep behoort. So kan 'n Jood 'n *kromneus* of *haakneus* genoem word, ten spyte daarvan dat hy 'n reguit neus mag hê, en 'n swarte met langer, gladde hare kan steeds honend *kroeskop* of *peperkorrelkop* genoem word. Almal word eenvoudig oor dieselfde kam geskeer, sonder aansien des persoons. Vergelyk ook die volgende benamings vir kleurlinge:

127. *Half-koffie-half-melk* → “kleurling (sinspeling op gelaatskleur)” (Coetzee, 1948: 93)

128. *daggaroker* → “Skeldnaam vir 'n lui, slegte Kleurling” (WAT, 1955: 14)

129. *goiingtot* → “Skertsende benaming vir 'n [verflenterde] Kleurling” (WAT, 1957: 344)

Ook vir “kleurling”: *draaihoring*, *bloubek*, *geelbek*, *houtskouer*, *bitterasem*, *galasem*,
galpil, *galtoon*, *ghriesnek*, *gladdehaar*, *glasnek*, *gomtot*,
patattavel

Soortgelyke skelname kom ook voor vir blankes wat blas van kleur is, en waarvan vermoed word dat so 'n persoon van gemengde bloed kan wees:

130. *blouvy* → “Skimpnaam vir 'n blanke met 'n baie donker vel” (WAT, 1950: 454)

131. *Geelbek* → “Skimpnaam vir 'n baster” (WAT, 1957: 69)

132. **Ook vir “baster”:** *kwartnaatjie, halfnaatjie, blouselbok, bloupruim, boomklimmer*

Skelname soos hierdie word nie net gebruik om die spreker se houding teenoor die persoon wat negatief benoem word uit te druk nie, maar dit dien in baie gevalle ook as 'n **provokasie-middel**. “Nicknames are deliberately used as weapons ... Weapons, too, are both defensive and offensive” (Morgan e.a., 1979: 99). Persone word uitgelok en uitgedaag tot 'n geveg of tweestryd (verbaal of fisies) deur die gebruik van hierdie wapens, en die uitdaging word dikwels aanvaar deur 'n soortgelyke bynaam terug te slinger na die instigeerder. Soms is dit informele situasies van spot en terg, veral by kinders op die speelterrein, maar dit kan ook gewelddadige situasies wees met ernstige gevolge vir die naamgewer en/of die benoemde persoon.

Heelwat skelname spruit uit en spreek van die destydse politieke harwar tussen Boer en Brit in Suid-Afrika. Die meeste van hierdie benamings het waarskynlik ontstaan in die tyd van die Anglo-Boereoorlog toe die onverdraagsaamheid tussen die Engelse en die Boere 'n hoogtepunt bereik het. Die vele benamings vir Boere wat met die Engelse saamgewerk het in oorlogstye, soos die Tweede Wêreldoorlog, wys dat die Afrikanervolk geen simpatie met diesulkes gehad het nie:

133. *Hanskakie* → “Minagtende benaming vir 'n Afrikaner wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog na die Britse kant oorgeloop het” (HAT, 1994: 344)
134. *Boslanser* → “lafhartige bugers wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met hul vee n/d Bosveld gevlug het i.p.v. op kommando te bly” (WAT, 1950: 501)
135. *Kakieridders* → “Boere aan Engelse kant tydens die Tweede Wêreldoorlog” (Coetzee, 1948: 93)
136. *Witkop* → “pligversakers aan Boerekant tydens die oorlog van 1899-1902” (Coetzee, 1948: 93)
137. *Hendsopper* → “Iem. wat hendsop, veral [minagtend of veroordelend] toegepas op 'n burger v/d Tvl. en Vrystaat wat hom gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vrywilliglik a/d Engelse oorgegee het”(WAT, 1972: 188)
138. **Ook:** *Kakieboer, Rooilussie, Rooivlerk, rooieriem*

Soos gesien kan word, wissel die graad van die negatiewe konnotasie en emotiewe waarde van die persoonsname in hierdie afdeling. Party is wel haat- of skelname soos *swartnerf* en *bitterasem*, terwyl ander meer spottend en/of beskrywend is, soos *gatjieponner*.

Skelname word veral gebruik om die spreker of hoër sosiale klas se gewaande superioriteit te beklemtoon, ten koste van die gevoelens en menswaardigheid van die hoorder of persoon van 'n laer sosiale stand. Afgesien van “aggressively insulting and disparaging innuendo” (Ritchie, 2005: 277), funksioneer hierdie woorde ook as 'n middel om swakkeres, armes en anderskleuriges te onderdruk. Solank as wat 'n persoon gereeld deur middel van 'n negatiewe benaming of skelnaam hoor dat hy sleg, lelik of op die een of ander wyse minderwaardig is, is die kans groot dat hy dit minstens ten dele gaan glo. Op hierdie wyse vind dan verbale onderdrukking en mishandeling plaas deur middel van die gebruik van eksosentriese komposita as prediserende byname. Net soos die vele grappe gebaseer op ras, etniese groep, godsdiens en geslag, vind ons dat benamings soos hierdie “often serve the dual purpose of excluding the target group and enhancing the social solidarity of the joke teller and audience” (Ritchie, 2005: 277).

Die sogenaamde “battle of the sexes” is 'n bron van heelwat benamings vir mans en vrouens, wat gewoonlik prediserend gebruik word deur 'n lid van die een geslag vir iemand van die teenoorgestelde geslag. Die negatiewe eienskappe wat deur die een geslag aan die ander toegedig word, word verwoord in spot- en skelname, soos die volgende vir vrouens:

- 139. *bloukous* → “Neerhalende benaming vir 'n geleerde vrou wat haar van die stereotipe vroulike take distansieer” (HAT, 1994: 95)
- 140. *kolekrapper* → “Vrou, veral eggenote” (WAT, 1976: 703)
- 141. *rissiepit* → “Kwaai, parmantige, kyfagtige vroumens” (HAT, 1994: 863, s.v. “rissie”)
- 142. **Ook vir “kwaai vrou”:** *draakwyfie, gifangel, gifkouer, gifmotjie, helbesem, helleveeg, kaaiman, rissiepit, tierwyfie, viswyf*

Vir mans is daar die volgende skelname, almal egter weinig gebruiklik:

- 143. *bobbejaanmannetjie, knopdinges, knopdapper, knopgat, knopkierie, knopstert*

Van vrouens word ook verwag om getroud te wees voor 'n sekere ouderdom. 'n Oujongkêrel word gesien as vry, ongebonde en gelukkig in sy enkelingskap. Hierteenoor is 'n ouer vrou wat nog nie getroud is nie gewoonlik 'n voorwerp van bespotting, verkleining en jammerte.

144. *bakoondryer* → “Oujongnoui wie se huwelikskanse min geword het” (WAT, 1950: 320)

145. *bokwagter* → “Oujongnoui; oujongkêrel” (WAT, 1950: 477)

146. *hokskaa* → “Ouerige meisie wat alleen ongetroud gebly het terwyl haar susters almal getroud is” (WAT, 1972: 338)

Klassnobisme, sowel as intellektuele snobisme, lei ook tot die pejoratiewe gebruik van byname. Tussen stedelinge en plattelanders, net soos tussen dorpsbewoners en plaasbewoners, heers daar in baie gevalle 'n mate van agterdog, gramskap, snobisme, afkeuring en selfs vyandskap. Baie stedelinge sien neer op plattelanders, veral plaasbewoners, wat hulle dan beskou as “boers”, dit wil sê, as ongesofistikeerd, agterlik, dom en onopgevoed:

147. *dorpsjapie* → “Neerhalende benaming vir iemand wat minder verfynd sou wees omdat hy van 'n dorp af kom en nie van die stad nie” (HAT, 1994: 163)

148. **Ook vir “boer” of “plattelander”:** *bakoor, blikoor, boslanser, ghaapgrawer, plaasjapie, plotpadda, sandtrapper, takhaar, velskoendraer*

Die gebruik van stereotipe persoonsname soos dié waarvan in hierdie afdeling melding gemaak is, spruit voort uit vrees, haat, vooroordeel, geringskatting, en vele ander negatiewe emosies teenoor sekere groepe mense wat verskil van die spreker self. Al die mense in so 'n groep word oor dieselfde kam geskeer, en sonder aansien des persoons tot dieselfde mate negatief beoordeel.

6.2.3.2 Benamings wat individuele persone se karaktereienskappe beskryf

“[T]erms of insult or disrespect, some of which invoke slurs on the target’s character” (Allan & Burrige, 1991: 28) is volop in Afrikaans. Individue (en groepe) verkry binne 'n ommesientjie byname na aanleiding van veral negatiewe karaktereienskappe wat by hulle opgemerk word. Die volgende benamings benoem 'n verskeidenheid afkeurenswaardige karaktereienskappe wat by mense gevind word:

149. *houtpop* → “iem. wat nie selfstandig kan dink of handel nie” (NW, 1988: 208)

Een sfeer waarbinne pejoratiewe byname baie algemeen is, het te doene met **moraliteit**. Karaktertrekke soos “oneerlikheid, gemeenheid, slordigheid, domheid, lossinnigheid of onsedelikheid, verwaandheid, praatsiekheid, dronkenskap” (Smuts, 1958: 25) en vele andere is eienskappe wat vinnig aanleiding gee tot die skep van skelname vir 'n sekere tipe persoon:

- 150. *buikdienaar* → “Vraat, gulsigaard” (HAT, 1994: 114)
- 151. *baantjiesjaer* → “Iemand wat op (ongoorloofde wyse) invloed gebruik om 'n aanstelling te kry” (HAT, 1994: 56)
- 152. *drinkpens* → “(plat) Dronklap” (WAT, 1955: 330)
- 153. *flessetrekker* → “swendelaar, bedrieër” (WAT, 1955: 709)
- 154. *flapuit* → “iemand wat alles uitblaker” (NW, 1988: 142)
- 155. *hekseketel* → “Vabond” (WAT, 1972: 149)
- 156. *komkommernek* → “Onontwikkelde onopgevoede persoon” (WAT, 1984: 38)
- 157. *losbol* → “ligsinnige, losbandige persoon” (NW, 1988: 303)

Dat die skepping en gebruik van hierdie soort verbale wapens in Afrikaans 'n uiters produktiewe proses is, blyk uit die uitgebreide reekse sinonimiese skelname vir persone wat 'n sekere afkeurenswaardige eienskap vertoon:

- 158. *liegbek* → “(skeltaal) Leuenaar” (WAT, 1994: 277)
Ook vir “leuenaar”: *spekskieter, duimsuier, kafverkoper, lieghans, knopedraaier*
- 159. *snoeshaan* → “grootprater” (NW, 1988: 472)
Ook vir “grootprater”: *grootmond, grootbek, grootmeneer, grootgaan, blaaskaak, praalhans, spoghaan, spoghans, windbroek, windgat, windlawaaai, druktemaker, leeumelker*
- 160. *draaiorrel* → “Persoon wat aanhoudend praat” (WAT, 1955: 295)
Ook vir “iemand wat aanmekaar praat / raas”: *lawaaimaker, babbelbek, raasbek, ratelbek, kekkelbek, skreeubek, slaaibek, snaterbek, babbelkous, klets-kous, kekkelkous, rammelkous, ratelkous, langasem, praatal, praatgraag, praatvaar, praatjestrooier, raasbol, raaswater, skreeubalie*

161. *skinderbek* → “skinderaar” (GAS, 1995: 326)
Ook vir “skinderaar”: *agterklapper, Antjie-tatarat, kwaadprater, lastertong, hamerkop, giftong, losbek, nuusdraer, praatjestrooier, skindertong, slangtong, storiedraer*
162. *pottekrapper* → “Gierigaard” (HAT, 1994: 814)
Ook vir “gierigaard”: *geldhaai, geldpiet, geldwolf, geldsak, gulsbek, gulshals, gulskop, gulssak, grypvoël, goudwolf*
163. *dreunribbetjie* → “Parmantige, weerbarstige persoon” (WAT, 1955: 312)
Ook vir “parmant”: *dreunyster, krielhaantjie, kapokhaantjie, rammetjie-uitnek, bokhans*
164. *snotneus* → “2 (*minagt.*) onvolwasse mens; kind, snuiter. 3. klein of onbenullige parmant” (NW, 1988: 472)
Ook vir “snuiter”: *knoetskop, knopkop, kortkop, penkop, knopgat, snotkop, snotlepel, klitskop, natneus, hanskuiken, uilskuiken, kêskuiken, piepkuiken, semelkuiken, melkbaard, melkpens, melkmuil*
165. *laventelhaan* → “Man wat oordrewe aandag aan sy uiterlik bestee” (HAT, 1994: 607)
Ook vir “laventelhaan”: *blinknerf, blinkmeneer, swierbol, pierewaaier, poumannetjie*
166. *kyk-in-die-pot* → “Onbeskeie, nuuskierige toeskouer wat hom graag met ander mense se sake bemoei” (HAT, 1994: 598)
Ook vir “nuuskierige agie”: *bemoelial, potkyker, langneus*

Veral skynheiligheid, geveinsdheid of huigelagtigheid, die ondeug agter 'n masker van moraliteit, word geredelik met behulp van veral ironies-spottende name benoem:

167. *manteldraaier* → “iem. wat sy standpunt, party verander volgens omstandighede” (NW, 1988: 313)
Ook vir “manteldraaier”: *bontbaadjie, bontperd, draadsitter*

168. *tweegatjakkals* → “Iemand wat hom anders voordoën as wat hy werklik is”
(AIVU, 1994: 376)

Ook vir “veinsaard”: *tweegesig, Janusgesig, tweestertjakkals, duinemol, duineboer, onderkruiper, hakskeenbyter, heuningjagter, draadtrekker*

Kruiperigheid word veroordeel en met behulp van benamings soos die volgende uitgewys wanneer daar met of van so 'n persoon gepraat word:

169. *gatlækker* → “(plat) Walglike vleier” (WAT, 1957: 43)

Ook vir “kruiperige persoon”: *gatkruiper, gatvlooi, gatvlieg, inkruiper, handlekker, duisendpoot, pluimstryker, kopknikker*

In aansluiting hierby is die groot verskeidenheid spottende benamings waarmee enige swak karaktertrekke in 'n persoon beklemtoon word, soos luiheid, lafhartigheid, en ander. Vergelyk in die eerste plek die volgende benamings vir persone wat as sleg, swak of niksbeduidend beskou word:

170. *hoenderverdriet* → “Iem. wat weinig uitrig; sukkelaar” (WAT, 1972: 326)

Ook vir “niksbeduidende persoon”: *aslêer, askoek, bakvanger, Belialskind, blikskater, boslanser, deugniet, drolletjiedrie, eende-eier, gompot, gomtor, gomtros, kwajong, flierefluiter, niksnuts, nikswerd, eendkuif, oliekoek, selonskuiken, Dassiestrater, swartskaap, krimpgat, jan-kalbas, jan-toet, jan-straatveër, huislêer, eendstert, lakseerjas, mispunt, semelbroek, semelgat, sameraapsel, straatslyper, sieltjie-sonder-sorg, takhaar, uilskuiken, vrotvel, windeier*

171. *trap-in-water* → “'n sukkelaar wat ongeluk op ongeluk kry” (Boonzaier, 1989: 246)

Ook vir “swakkeling”: *basjan, brekebeen, duineboef, hierjy, haai-hierjy, knopgat, Kaatjie-vrek, miskoek, melkdermpie, papklaas, saloheld, sielepoot, skimmelbrood, slapbroek, slapjan, sitkamerheld, suutjiespoep*

Benamings vir stadige, dooierige of vervelende persone is ook volop:

172. *droogstoppel* → “saai, vervelige persoon” (NW, 1988: 115)
Ook vir “saai persoon”: *derdegelui, droëlewer, dooilong, druiloor, harmansdrup, jantjie-suutjiespoep, jandooi, jandrel, jansalie*

Ledigheid is die duiwel se oorkussing, en die renons wat mense in luiheid het word uitgebeeld in die kleurvolle benamings vir persone wat lui is, wat by uitbreiding ook benamings insluit vir boemelaars en werkloses:

173. *winkelinspekteur* → “werkloses wat doelloos in die strate op en afstap en in die winkelvensters kyk” (Coetzee, 1943: 20)
174. *donkieoor* → “Lui mens; lamlendige skepsel” (WAT, 1955: 343)
Ook vir “luisaard”: *dagdief, houtlepel, lotuser, luilak, broeksitter, derdegelui, stoepsitter, tuissitter, houtvuurslag, dagsteler, slaphandjies*
175. *sjerrieranker* → “dranklustige bedelaars” (Coetzee, 1943: 20)
Ook vir “boemelaar”: *blommekind, bondeldraer, landloper, lanterfanter, leeglêer, leegloper, lieplapper, stompiesoeker, straatslyper*

Dapperheid is 'n edel kenmerk wat bewondering afdwing, terwyl lafhartigheid verfoei word. Vergelyk die volgende honende skelname vir lafaarde:

176. *broekskyter* → “Niksbeduidende persoon, wat bv. grootpraat en baie lafhartig is” (WAT, 1950: 533)
Ook vir “lafaard”: *bangjan, banggat, bangbroek, bangskyter, durfniet, jabroer, jansalie, haasvreter, haashart, kouehart, lafbek, lamsak, melkgesig, melkdermpie, melkmuil, ouseid, papbroek, slapbroek, slagat, slapjan, windbroek*

In die maatskaplike samelewing word daar sekere vereistes aan mense gestel ten opsigte van hul persoonlikheid en houding teenoor andere. Daar word verwag dat mense vriendelik, behulpsaam en gasvry moet wees. Is hierdie kwaliteite afwesig, verkry persone gou skimpname soos die volgende:

177. *kripbyter* → “twissieke persoon” (NW, 1988: 273)

Ook vir “twissieke, koppige persoon”: *hardegat, hardekoejawel, hardekop, drifkop, heethoof, klipkop, korrelkop, kwaadwater, hardenek, vuurvreter*

178. *dwars-in-die-weg* → “Verkeerde, dwarskoppige persoon” (WAT, 1955: 404)

Ook vir “knorrige mens”: *grompot, grolpot, knorpot, brompot, brombeer, brombees, kruidjie-roer-my-nie, hempie-raak-my-nie, hempiegeraak, knopbek, dikbek, dikmond, diklip, langlip, dwarsdrywer, dwarskop, dwarstrekker, dwarskyker, dermtrekker, krielkop, kwaaikop, dwarsneus, nukkebol, nukkop, suurgesig, stywenek, styfkop*

In samehang met bostaande voorbeelde kan die volgende benamings gegee word vir persone wat ander afknou, mishandel of onderdruk:

179. *bullebak* → “Norse, onbeleefde vent ... Afknouer” (HAT, 1994: 116)

180. *dwingeland* → “tiran, onderdrukker” (NW, 1988: 121)

Ook vir “bullebak”: *bloubaard, bloedhond, donderjaer, duiweljaer, ringeloor*

Losbandige gedrag is 'n oortreding van die samelewing se morele wette, en persone wat hulself hieraan skuldig maak kry gou 'n “slegte naam”. Persone met andersoortige seksuele voorkeure, soos homoseksualiteit, word ook dikwels veroordeel en pejoratiwiserend benoem:

181. *rioolboor* → “gay man” (Van Huyssteen 1998: 2)

182. *hoerjaer* → “ontugtige persoon” (WAT, 1972: 330)

183. *byslaap* → “bywyf” (NW, 1988: 85)

184. *geilpoot* → “Iem. wat hom aan singenot oorgee; wellusteling” (WAT, 1957: 95)

185. *stoutpootjie* → “Vryer wat nie sy hande kan tuishou nie” (HAT, 1994: 1 031)

186. *katelknaap* → “jong minnaar van 'n ouer dame” (uit die spreektaal)

187. *lammervanger* → “Ouerige persoon wat romanties betrokke raak by 'n veel jonger persoon of persone v.d. teenoorgestelde geslag” (WAT, 1994: 50)

188. *vroetelpappie* → “'n ryk man wat vrygewig is teenoor 'n jong vrou, in ruil vir seksuele gunste (Eng. *sugar-daddy*)” (uit die spreektaal)

Ook vir “vroetelpappie”: *vroetelvarkie, troeteloompie*

189. *sekskatjie* → “Aantreklike jong vrou wat deur suggestiewe gebare, houdings, taal, e.d. blyke van sterk ontwikkelde seksualiteit gee” (HAT, 1994: 904)

Ook vir “sekskatjie”: *seksbom, sekspot, prikkelpop, lokpop, sekspop, flerriedoeks, flerrieghaai, drosterwyfie, gifding, karmetrie*

Ook met domheid en dom optrede by andere het die meeste mense min geduld, en hulle laat hul misnoeë blyk in skimname soos die volgende:

190. *dufkop* → “Dom, onkundige, onintelligente persoon” (WAT, 1955: 376)

Ook vir “dom persoon”: *botterkop, druilloor, domoor, domkop, donderkop, dikkop, dwasekind, houtkop, koolkop, kaaskop, kalfskop, klipkop, eselkop, ganskop, fonteinkop, semelkop, skaapkop, slaapkop, vleiskop, klipsteen, toekop, uilskuiken, uilspieël, janplank*

Hoewel intelligensie 'n positiewe eienskap is, word oormatige slimheid, en veral iemand wat homself slim probeer hou, as negatief ervaar. Hiermee word die spot gedryf met behulp van name soos die volgende:

191. *wysneus* → “Iemand wat hom verbeel dat hy baie of alles weet, wat dink dat hy baie verstand het” (HAT, 1994: 1 292)

Ook vir “wysneus”: *beterweter, beterweet, langkop, skoolvos, slimkop, slimjan, slimkoos, slimkous, wyshoof*

Die volgende is skelname wat moontlik meestal spruit uit jaloesie vir 'n troetelkind of gunsteling persoon:

192. *halsbandjie* → “Lieflingskind” (WAT, 1972: 54)

Ook vir “troetelkind”: *blou-ogie, neskuiken, roksbandjie, witbroodjie, kasplant, skootsittertjie, skoothondjie, suikerklontjie*

'n Groot verskeidenheid algemene skelname kom voor wat funksioneer as 'n middel om aan die taalgebruiker se disrespek, haat, vooroordeel en veragting teenoor 'n ander uiting te gee:

193. *addergebroedse, bliksemskind, donderskind, duiwelskind, hondsvot, hondepatat, galgaas, luishond, satanas, swynhond, helhond, varknek, vrotvel*

Dikwels word name van “ander dinge egter as skelname op die mens toegepas soos benaminge vir weersverskynsels, bv. *donder*, *bliksem*, of benaminge aan die onderwêreld ontleen, bv. *hel*, *duiwel*” (Smuts, 1958: 25). Skel- en haatname is dikwels ook besonder kru, met die disfemistiese gebruik van “tabooed bodily organs and effluvia in naming and addressing, and dysphemistic ascriptions of mental and physical inadequacy in naming and addressing” (Allan & Burrige, 1991: 120):

194. *drekgogga, kakjas, snotneus, dreungat, strontgat, moerhond, poephol*

Meer oor disfemistiese aanspreekvorme en benamings in hoofstuk 7. Hiermee word die afdeling oor spot- en skelname vir persone wat 'n sekere negatiewe karaktertrek of ander individuele eienskap vertoon, afgesluit.

6.2.3.3 Benamings wat individuele persone se voorkoms beskryf

Met die klem wat deurentyd al hoe meer op liggaamlike skoonheid val, is dit nie vreemd dat soveel spottende benamings ontstaan vir persone wat nie beantwoord aan die samelewing se vereistes van wat mooi is nie. Liggaamlike kenmerke soos “buitengewone lengte of korthed, dik- of dunheid, besondere lelikheid en selfs liggaamsgebreke” (Smuts, 1958: 25) gee aanleiding tot spotname soos die volgende:

195. *bosduiwel* → “Persoon wat slordig gekleed is en (of) ruie, woeste baard en hare het” (WAT, 1950: 500)

196. *wildewragtig* → “persoon met 'n onversorgde voorkoms” (NW, 1988: 606)

197. **Vir “lelike persoon”:** *apebakkies, bobbejaanbakkies, goggabangmaak, spieëlbreker, voëlverskrikker*

Soos gesien, “nicknames very often home in on just those characteristics [one] would prefer to forget” (Morgan e.a., 1979: 5), karaktereienskappe, sowel as fisieke eienskappe. Daar word veral maklik die spot gedryf met persone se liggaamsbou. Vergelyk die kwetsende name vir oorgewig persone en mense (veral mans) wat kort van postuur is:

198. *wolsak* → “Dik, lomp persoon” (HAT, 1994: 1 286)

Ook vir “vet persoon”: *potjierol, robbeknol, speknek, spekbuik, dikmaag, katjiepens, dikpens, kaboesak, diksak, vetsak*

199. *kopivaproppe* → “bukse” (GAS, 1995: 165)
Ook vir “bukse”: *stoftrappertjie, stofpoepertjie*

Die volgende samestellings word gebruik om die spot te dryf met 'n verskeidenheid opmerklike, “lelike” fisieke eienskappe van persone:

200. *baberbek* → “Persoon met 'n groot mond” (WAT, 1950: 314)
 201. *knopgevrete* → “[persoon met 'n] gesig vol knoppe” (WAT, 1976: 500)
 202. *bakboud* → “Iem. met bakbene” (WAT, 1950: 318)
 203. *drielip* → “[iem. met] 'n gesplete bolip” (WAT, 1955: 321)
 204. *kwylbaard* → “(*neerhalend*) Manlike persoon wat baie kwyl, of wat so baie praat dat die kwyl daardeur uit sy mond loop” (uit die spreektaal)

Soos hierbo gesien, maak Afrikaanssprekendes graag gebruik van “insults and epithets ascribing physical and mental abnormalities to people” (Allan & Burrige, 1991: 152). In hierdie gevalle word die aandag op 'n baie onsensitiewe, onbedagsame wyse gefokus op 'n lelike, vreemde of onaangename fisieke kenmerk van iemand, waaroor die benoemde in baie gevalle skaam of sensitief is.

6.3 *Strukturele groepe byname*

In hierdie afdeling word gekonsentreer op byname soos dit in groepe gedeel kan word op grond van sekere kenmerke wat dit vertoon, veral ten opsigte van die struktuur van die samestellings:

6.3.1 **Endosentriese komposita wat betekenisuitbreiding ondergaan het**

In plaas daarvan om nuwe woorde te skep as benamings, word daar dikwels van bestaande woorde en veral samestellings gebruik gemaak om op te tree as byname vir mense. Die woorde ondergaan dus betekenisuitbreiding sodat dit persoonsnoemend kan optree. Vergelyk die volgende:

205. *suurpruim* → **Endosentriese:** “Wildepruim” (HAT, 1994: 1 052)
Eksosentriese: “Iemand met 'n onvriendelike, onvergenoegde gesig”
 (HAT, 1994: 1 052)

206. *bedelsak* → **Endosentries:** “Sak vir aalmoese” (WAT, 1950: 344)
Eksosentries: “Persoon wat onophoudelik om iets vra” (WAT, 1950: 344)
207. **Ook:** *draaiorrel, dryfhout, kalkoeneier, kruidjie-roer-my-nie, laatlam, remskoen, roosknoppie, suikerklontjie, soetkoekie, trekpleister, vloerlap, witbroodjie*

'n Woordvorm wat baie dikwels persoonsnoemend gebruik word is die **bahuvrihi-samestelling**, “wat besit(ing) aandui” (HAT, 1994: 57). Vergelyk die volgende:

208. *elsneus* → **Endosentries:** “Skerp, reguit, gew. lang neus” (WAT, 1955: 534)
Eksosentries: “Iem. met so 'n neus, veral as skelnaam gebruik” (WAT, 1955: 534)

Die woord *elsneus* kan dus geanaliseer word as enersyds 'n endosentriese, deursigtige samestelling, andersyds as 'n eksosentriese samestelling wat optree as beskrywende benaming vir 'n persoon, wat die eienskap besit soos deur die stamme aangedui. Omdat hierdie soort samestelling die **besit** van 'n sekere eienskap of saak aandui, word dit ook **possessiewe samestellings** genoem. Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

209. *bloubaadjies* → “Gewoontemisdadigers wat in blou bandietpakke geklee word” (WAT, 1950: 448)
210. *gryskop* → “Bejaarde persoon” (HAT, 1994: 322)
211. *Blourok* → “Neerhalende benaming van ander geloofsgenootskappe vir 'n lid van die Spade Reënbeweging” (HAT, 1994: 95)
212. *haasbek* → “Iem. met 'n haasbek (mond waarin 'n tand of 'n aantal tande ontbreek, veral die [boonste] voortande” (WAT, 1972: 23)
213. *perdebylyfie* → “dame met 'n baie dun middeltjie soos dié van 'n perdeby” (uit die spreektaal)
214. *Rooibaadjie* → “Benaming vir 'n Engelse soldaat, wat vroeër 'n rooi baadjie gedra het as deel van sy uniform” (HAT, 1994: 871)
215. *swartmanel* → “Iemand wat 'n swart manel dra, bv. 'n kerkraadslid” (HAT, 1994: 1 056)
216. **Ook:** *japsnoetgesig, hothandjie, langbeen, langhaar, voshaar, vaalhaar, sproetgesig, pruilbek, spitsbaard, skeefnek, vlasbaard, wipneus*

Bahuvrihi-komposita dui nie net die **letterlike**, sigbare besit van 'n eienskap, liggaamsdeel, kledingstuk, ensovoorts aan, soos in die woorde hierbo nie. Dit kan ook figuurlik of metafories gebruik word om die besit van 'n eienskap aan te dui:

- 217. *addertong* → “Lasteraar; kwaadsprekende, venynige persoon” (WAT, 1950: 55)
- 218. *grootkop* → “vername, belangrike, invloedryke persoon” (NW, 1988: 177)
- 219. *hangoor* → “Mismoedige, lustelose mens” (HAT, 1994: 344)
- 220. *loskop* → “Ligsinnige persoon” (HAT, 1994: 628)
- 221. *wipstert* → “iem. wat gou vererg is” (NW, 1988: 607)
- 222. *botterhand / bottervingers* → “(Iemand met) hande (vingers) waaruit iets maklik gly” (HAT, 1994: 106)

By bahuvrihi-samestellings vind ons dat “analogiewerking en kontaminasie 'n belangrike rol speel, veral weens die sug na afwisseling, en dat woorde wat hulle daartoe leen 'n groot aantal samestellings vorm en feitlik in voor- en agtervoegsels ontwikkel” (Smuts, 1958: 25). Die name van sekere liggaamsdele, soos *kop*, *mond*, *bek*, *been*, *neus* en *oog*, is vir die woordskepper uiters geskik vir gebruik in saamgestelde persoonsname. Vergelyk die volgende reekse neutrale benamings:

- 223. *blouoog* → “persoon met blou oë” (NW, 1988: 66)
Ook: *bruinoog, groenoog, donker oog, swartoog, blinkoog, grouoog, katoog, grootoog, klapoog, eenoog, glasoo*
- 224. *pankop* → “man met 'n kaalkop” (NW, 1988: 380)
Ook: *witkop, rooikop, swartkop, bleskop, borselkop, koringkop, krulkop, kringkop, ringkop, poenskop, wolkop, kaalkop, ligtekop, donkerkop*

Die volgende benamings is voorbeelde van bahuvrihi-komposita wat spottend of beledigend gebruik word:

- 225. *grootmond, ratelbek, vloekbek, grootbek, vuilbek, kwylbek, krombeen, rietbeentjie, hoepelbeen, horrelbeen, horrelklou, horrelpoot, horrelvoet, hotklou, donderdye, bossiekop, kalbaskop, oukop, sopkop, kriewelkop, eenoog, krapoog, skeeloog, uiloog, uitpeuloog, langneus, platneus, knopneus, haakneus, kromneus, hangpens, riempens,*

boggelrug, kromrug, bakore, speknek, haaslip, komkommerkuit, druiwevoet, visbek, volmaangesig, holbene, holboude

Aangesien die meeste bahuvrihi-samestellings oorspronklik as endosentriese komposita ontstaan het, het die woorde eintlik **betekenisuitbreiding** of **-oordraging** ondergaan om ook die **persoon** te benoem wat die spesifieke eienskap besit soos wat uit die samestellende dele afgelei kan word.

Een van die gewildste vorme van persoonsbenoeming het te doene met betekenisuitbreiding van **diername**. Hierdeur word name van diere wat tradisioneel met bepaalde menslike eienskappe of gedrag geassosieer word, toegepas op die mens self, “[ascribing] to them the unflattering characteristics of various animals” (Allan & Burridge, 1991: 152). Die volgende diernaam-samestellings tree figuurlik op om die rol van beledigings, skimpe en ander negatiewe taalvorme te vervul:

226. *bloedsuier* → **Endosentries:** “'n Bloedsuiende wurm” (WAT, 1950: 440)
Eksosentries: “Persoon wat op onregmatige wyse uit ander probeer voordeel trek” (WAT, 1950: 440)
227. *belhamel* → **Endosentries:** “Oorspr. 'n hamel wat die bel dra en deur die trop gevolg word” (WAT, 1950: 367)
Eksosentries: “aanhitser, opruier, opperste kwaaddoener – altyd in ongunstige sin gebruik ... deugniet, wat gewoonlik die voortou neem by kattedwaad” (WAT, 1950: 367)

Vergelyk ook die volgende verskeidenheid diername wat op soortgelyke wyse betekenisuitbreiding ondergaan het om as benamings vir mense op te tree:

228. *bobbejaanmannetjie, pakesel, werkesel, uilskuiken, bloedhond, donderpadda, handperd, voorbok, eendvoël, Aprilsvlieg, skoothondjie, langasemkriek, kapokhaantjie, katlagter, katjie-eenderm, miskruier, neskuiken, heuningvoël, speurhond, tierwyfie*

Dit is baie algemeen om dierlike eienskappe van toepassing te maak op persone. Hierdie diername word by uitstek gebruik as spotname, beledigende byname en ander negatiewe

benamings, met die uitsondering van slegs 'n klein hoeveelheid woorde soos *oilammetjie* en *beeskalf* wat positief gebruik word.

6.3.2 Reekse skelname met produktiewe stamme

Sekere woorde leen hulself uitstekend tot die gebruik daarvan as stamme in eksosentriese komposita. Dit lei dan tot die ontstaan van uitgebreide reekse benamings, soos reeds gesien by bahuvrihi-samestellings met byvoorbeeld *-kop*, *-been* en *-oog* as stam. Veral name van kledingstukke figureer dikwels as tweede stamme in benamingsamestellings, sodat so 'n stam feitlik as 'n **agtervoegsel** beskou kan word. Vergelyk samestellings met *kous*:

229. *klakous* → “Iemand wat gedurig, oormatig kla” (HAT, 1994: 527)
230. *babbelkous, brabbelkous, droomkous, draaikous, drelkous, drentelkous, flenterkous, flodderkous, kekkelkous, kermkous, klaagkous, kletskous, kriewelkous, leuterkous, neulkous, praatkous, ratelkous, slodderkous, sloerkous, slonskous, slimkous, talmkous, vitkous, vroetelkous*

Die stam *-kous* verloor in hierdie soort komposita die oorspronklike betekenis van “nousluitende bedekking van wol, sy katoen, nylon, ens. vir die voet” (HAT, 1994: 579), en tree hier op as persoonsvormer met die betekenis “persoon wat baie [werkwoord]”. Dit lei daartoe dat woordvorming met *-kous* as tweede stam steeds produktief is, en met nog baie werkwoorde verbind kan word om soortgelyke benamings te vorm. Moontlike benamings wat op hierdie wyse kan ontstaan is *leeskous, werkskous, konkelkous, suipkous, skreekous*, ensovoorts. Ander name van kledingstukke wat as 'n eindstam in soortgelyke woorde voorkom as persoonsvormer is *jas* en *broek*:

231. *flenterjas, asjas, grapjas, bloujas*
232. *bangbroek, flenterbroek, slapbroek, windbroek, papbroek,*

Sekere ander saakname wat lei tot reekse benamingsamestellings is *sak, lap, pot* en *balie*:

233. *kaboesak* → “Benaming vir 'n kort en dik persoon” (WAT, 1968: 122)
- Ook met –sak:** *diksak, bedelsak, goedsak, geldsak, gulssak, grapsak, lamsak, luisak, pakvetsak, soutsak, vreetsak, vetsak, windsak, wynsak*

234. *smeerlap* → “gemene, liederlike, oneerlike vent” (NW, 1988: 470)
Ook met –lap: *jammerlap, poplap, dronklap, suiplap, teerlap, vloerlap*
235. *grompot* → “Iemand wat oor alles grom, klae, ontevrede is” (HAT, 1994: 314)
Ook met –pot: *knorpot, brompot, grolpot, klaagpot, gompot, lolpot, neulpot, draaipot, koffiepot, heuningpot, bierpot*
236. *tjankbalie* → “1. Kind wat gedurig skree, huil ... 2. Iemand wat gedurig sanik” (HAT, 1994: 1 085)
Ook met –balie: *grensbalie, huilbalie, skreeubalie, kakbalie*

Sommige stamme is ook produktief as eerste stamme in benamingsamestellings:

237. *teertou* → “slordige, onbeduidende mens” (NW, 1988: 514)
Ook met teer-: *teerlap, teerputs, teerkan, teertang*
238. *gompot* → “Nikswerd persoon” (HAT, 1994: 298)
Ook met gom-: *gomtor, gomtoto, gomtros, gomtrommel*
239. *aspatat* → “swaap, niksnuts” (NW, 1988: 32)
Ook met as-: *asgat, askoek, askluit, aslêer, asmanel, asportret*
240. *flenterkous* → “Persoon wat daar verflenterd, gehawend, slordig verwaarloos uitsien; soms ook, veragterde, agteraf persoon” (WAT, 1955: 708)
Ook met flenter-: *flenterfiela, flenterfloors, flenterfoelie, flentergat, flenterjafta, flenterjak, flenterjas, flenterkaiing, flenterkantoor, flenterkatiera, flenterkatoing, flenterkatryn, flenterklaas, flenterkonvooi, flenterlyf, flentermajol, flentermatras, flenterpatiera, flenterstert, flentersaartjie*

'n Interessante waarneming wat by hierdie woorde gemaak kan word, is die feit dat elke reeks woorde wat dieselfde beginstam deel, ook sinonieme van mekaar is. Dus, elke benaming met *teer-* as beginstam beteken “slordige persoon”, almal met *gom-* beteken “nikswerd persoon”,

almal met *as-* beteken “niksnuts” en die hele groep met *flenter-* as beginstam beteken “verflenterde, slordige persoon”.

Skelname besit dikwels 'n **diernaam** “wat prediserend op mense toegepas word” (De Villiers, 1976: 96) as eindstam:

- 241. *blindemol* → “'n Baie onoplettende persoon” (WAT, 1950: 434)
- 242. *gifkapater* → “Iem. wat met geheime knoeiery moeilikheid veroorsaak” (WAT, 1957: 261)
- 243. **Ook:** *boekwurm, lokvink, nagwolf, grondwolf, goudwolf, botterbul, padvark, haarbok, laventelhaan, toeterbuffel, motorbuffel, geldhaai, plotpadda, drekgogga, krismiskat, melkmuil, suurmuil, straatgans, swartskaaap, tweestertjakkals*

Hierdie soort eksosentriese komposita is in werklikheid vergelykings of “[c]omparisons of people with animals conventionally ascribed certain behaviors” (Allan & Burridge, 1991: 28).

Nes sekere saakname is daar sekere diernaam wat besonder produktief is in die skep van eksosentriese benamings, veral dié met 'n negatiewe gevoelwaarde:

- 244. *wynvlieg* → “Strawwe drinker” (HAT, 1994: 1 292)
Ook met –vlieg: *gatvlieg, brandewynvlieg, biervlieg, kroegvlieg*
- 245. *tronkvoël* → “Persoon wat al dikwels in die tronk was; geharde misdadiger” (HAT, 1994: 1 105)
Ook met –voël: *geluksvoël, spotvoël, lokvoël, nagvoël, doodsvoël*

Daar is 'n natuurlike neiging om **eiename** of antroponieme as stamme te gebruik in persoonsnoemende eksosentriese komposita:

- 246. *janhagel / janhael* → “Gepeupel, gespuis” (WAT, 1968: 29)
- 247. *Judasneus* → “Skimpnaam vir 'n veinsaard” (WAT, 1968: 76)
- 248. *Hansie-my-kneg* → “handlanger, bediende” (WAT, 1972: 87)
- 249. *jakobregop* → “Persoon met 'n baie regop houding” (WAT, 1968: 22)
- 250. *Evaskind / evasdogter* → “(skerts.) Vroulike persoon” (HAT, 1994: 205)

251. **Ook:** *Daantjie-langverwag, Daantjie-onverwag, dorpsgawie, Dirk-Boontjie, flentersaartjie, flenterkatryn, flenterklaas, flenterfloors, Janusgesig, Jobsbode, jobstrooster, Kaatjie-vrek, papklaas, slimkoos*

Eiename wat herhaaldelik opduik in byname is *Jan, Jantjie, Piet* en *Hans*. Vergelyk die volgende reekse byname:

252. *piet-verdriet* → “iemand wat gedurig kla” (uit die spreektaal)

Ook met *piet*: *piet-verniet, geldpiet, pietsnot, knorpiet*

253. *jantjie-van-alles* → “Iem. wat vir allerhande werk gebruik [kan] word; faktotum” (WAT, 1968: 31)

Ook met *jantjie-*: *jantjie-gou-gou, jantjie-suutjiespoep, jantjie-sonder-erg, jantjie-sekuur*

254. *janhen* → “vrouagtige mansmens” (NW, 1988: 230)

Ook met *jan*: *janrap, jangat, jantoet, jan-straatveër, jandooi, jandrel, janplank, jan-pampoens, jan-alleman, janbalie, jan-burger, jandun, jangroentjie, jan-halfverniet, jan-kalbas, jan-kol, jan-publiek, jan-laventel, janknaphand, jan-regmaak, jan-mielies, jan-plesier, jansalie, janklaas, jan-taks, janmaat, jansaliepop, domjan, slimjan, slapjan, basjan, groenjan, langjan, vaakjan*

255. *lieghans* → “Manlike leuenaar” (WAT, 1994: 277)

Ook met *hans*: *spoghans, bokhans, praalhans, skraalhans, langhans, hanswors*

Vroulike eiename is onproduktief in die vorming van spotname vir persone. Die manlike eiename, soos *Jan* en *Piet*, verander meestal na **ongemarkeerd** wat geslag betref, sodra dit gebruik word binne spotname soos dié hierbo. Woorde soos *jan-pampoens, jantjie-van-alles, pietsnot* en andere kan dus net so maklik as benamings vir vroulike persone gebruik word as vir mans.

6.3.3 Samestellende afleidings met die persoonsvormer *-er*

'n Ryke verskeidenheid samestellende afleidings tree op as benamings vir persone. Hierdie gelede vorme is deursigtig as benamings, wat gevorm is met behulp van die substantiveerder en persoonsvormer *-er*, maar dikwels ondeursigtig wat die inhoud van die stamdele aanbetref. Vergelyk:

256. *drumpelvreter* → “Persoon wat baie rondkuier, tot vervelens toe besoeke aflê, selde tuis is” (WAT, 1955: 356)
257. *duiweljaer* → “Lastige, kwelsieke persoon” (WAT, 1955: 388)
258. *gifdrinker* → “Kind wat graag n/d geselskap van ouer mense luister en dus dinge hoor (indrink) wat vir hom skadelik is” (WAT, 1957: 261)
259. *panlekker* → “Iemand wat graag 'n ander se kos eet” (HAT, 1994: 781)
260. *toontrapper* → “iem. wat met die tone na binne loop” (NW, 1988: 527)
261. *vlieëvanger* → “(skerts.) Iemand wat altyd met 'n oop mond sit” (HAT, 1994: 1 216)
262. *vuurvreter* → “Heethoof, ekstremis ... [persoon] wat geen vrees ken nie” (HAT, 1994: 1 254)
263. **Ook:** *aslêer, agtervelder, baantjiesjagter, binnevetter, boekevreter, bokryer, bobbejaanvanger, boomklimmer, dagsteler, damduiker, dermtrekker, deurtrekker, draadsitter, draadkouer, druktemaker, dwarskyker, elmboogligter, engeltjiesmaker, flessetrekker, gatkruiper, ghaapgrawer, gifkouer, handlekker, hakskeenbyter, heuningjagter, klipneuker, koringtrapper, kripvreter, kripbyter, lammervanger, pennelekker, sandtrapper, stofpoepertjie, tropsluitertjie*

Al bostaande voorbeelde is maklik herkenbaar as persoonsnoemende gelede woorde, weens die teenwoordigheid van die substantiveerder *-er*. Tog is die aard van die persoon wat benoem word ondeursigtig en in sommige gevalle misleidend. So is 'n *bobbejaanvanger* nie iemand wat letterlik bobbejane vang nie, maar 'n dokter of vroedvrou wat help met die geboorte van kinders, in hierdie woord skertsend en figuurlik beskryf as “bobbejane”. Heelwat van hierdie woorde kan ook diens doen as deursigtige benamings vir persone, soos iemand wie se werk dit wel is om bobbejane te vang, iemand wat gif gedrink het, of iemand wat in 'n sirkus vertonings lewer as

vuureter. Die woorde is egter meer bekend in hul funksie as eksosentriese komposita wat optree as idiomatiese beskrywings van verskillende soorte persone.

6.4 *Samevatting*

In hierdie hoofstuk is 'n beskrywing aangebied van eksosentriese komposita wat optree as benamings vir mense. Die persoonsname word gebruik om die spreker se gevoelens mee uit te druk, 'n hele spektrum gevoelens soos liefde, bewondering, vertedering, spot, haat, hoon, distansiëring, vrees, veragting, vooroordeel, en vele ander. Daar kan ook gesê word dat die benamings meestal 'n **affektiewe krag** het, naamlik om mee te vertroetel of bewondering uit te druk, om te terg, te beledig, mee uit te skel, ensovoorts. Sekere byname is redelik neutraal en word merendeels gebruik om 'n persoon in 'n sekere beroep, met 'n sekere voorkoms of ander uitstaande kenmerk, **beskrywend** te benoem, sonder om noodwendig te bewonder of te beledig. By die meeste van die neutrale benamings is ook 'n element van tergering of spot teenwoordig, soos trouens ook by baie van die positief- en negatiefgelaaide benamings. Selfs by die grofste skelname en vloekwoorde vind ons 'n mate van **geestigheid**. Die gemiddelde Afrikaanssprekende blyk dus 'n redelike sin vir humor te hê wat tot uiting kom in benaminge vir hulself en ander. Dit wil egter ook voorkom asof die Afrikaanssprekende eerder geneig is om te beledig as om te komplimenteer. Hierdie afleiding kan gemaak word op grond van die klein hoeveelheid benamings wat positief gebruik word, teenoor dié wat 'n negatiewe gevoelswaarde teenoor die benoemde persoon laat blyk.

Eksosentriese komposita maak 'n aansienlike deel uit van die korpus Afrikaanse skel- en byname. Heelwat samestellings ondergaan betekenisuitbreiding of –oordraging om figuurlik op te tree as eksosentriese benamings. Die skepping van nuwe eksosentriese komposita is ook 'n baie produktiewe wyse waarop nuwe benamings ontstaan. Soos gesien is daar 'n paar woorde wat uiters geskik is om gebruik te word as stamme in hierdie soort persoonsname. Dié stamme wissel vanaf woorde vir kledingstukke en diere, tot einame en growwe of vulgêre taboe-woorde.

Ten slotte kan die bevinding gemaak word dat **persoonsbenoeming** een van die vernaamste funksies van eksosentriese komposita is. Die aard van eksosentriese komposita maak hierdie woorde besonder gewild om gebruik te word as byname vir allerlei verskillende soorte persone.

HOOFSTUK 7

EUFEMISME EN DISFEMISME

7.1 *Inleiding*

Die voorkoms van ekspressiewe waardes of affek in taal word in hierdie hoofstuk bespreek soos dit vergestaltung vind in die gebruik van eksosentriese komposita as eufemismes en disfemismes. Eksosentriese komposita word dus in hierdie afdeling bespreek soos wat dit funksioneer as **modaliteitsmiddele**. 'n Modaliteitswoord of –middel word gebruik om uitdrukking te gee aan die spreker of skrywer se houding en gevoelens. Die belangrikste affektiewe assosiasies van eksosentriese komposita is in hoofsaak **versagting** en **versterking**, asook verskillende aspekte van **humor**.

'n **Stylfiguur** is 'n uitdrukking “wat 'n styleffek teweegbring deur 'n besondere formulering of deur 'n gebruik van 'n woord, wat afwyk van die gewone” (HAT, 1994: 1 044). So 'n stylfiguur word op besondere wyse figuurlik of nie-letterlik gebruik ter wille van die effek wat die taalgebruiker daarmee wil bereik. **Eufemisme** is 'n stylfiguur of vorm van beeldspraak wat ter wille van versagting en verbloeming gebruik word, terwyl **disfemisme**, in kontras daarmee, 'n versterkende funksie het.

Eufemisme kan ook gedefinieer word as die **melioratiewe** gebruik van sekere woorde, dit wil sê woorde met 'n gunstige of positiewe affek. Hierteenoor staan disfemisme, wat **pejoratief** gebruik word, met 'n ongunstige of negatiewe betekeniskonnotasie.

7.2 *Die eufemisme as versagter*

Die eufemisme as taalverskynsel het 'n hele paar verskillende fasette, soos in hierdie afdeling gesien kan word. Die belangrikste, oorkoepelende funksie van die eufemisme soos dit in al sy fasette waargeneem kan word, is die skep van **versagtende affek**. Ter wille van versagting word dikwels juis eksosentriese samestellings geskep, omdat hierdie soort lekseme reeds semanties

ondeursigtig is, en daarom ideaal is vir gebruik as eufemismes. Vergelyk die volgende samestellings:


1. *jerusalemponie* → “Luis; weeluis” (WAT, 1968: 43)
2. *groendakkies* → “Verdoeselende benaming ... vir 'n gestig vir sielsiekes” (HAT, 1994: 312)
3. *voetvinger* → “(eufem.) Toon” (HAT, 1994: 1 224)
4. *Dassiestraat* → “Verbloemende benaming vir die agterbuurt van 'n dorp of stad” (WAT, 1955: 42)

Met bostaande woorde in gedagte kan **eufemisme** as stylfiguur in die eerste instansie as volg gedefinieer word: die omskrywing of “aanduiding van iets aanstootliks of onaangenaams deur 'n benaming of uitdrukking wat minder onaangename voorstellings opwek of die gevoeligheid van hoorder of leser spaar” (WAT, 1955: 617). Die funksie van bostaande eufemismes is dus om iets onaangenaams (soos 'n gestig vir sielsiekes) of onfatsoenliks (soos luise) versagend uit te druk. Eufemismes kan daarom beskryf word as “alternatives to expressions that, for one reason or another, have too many negative connotations to felicitously execute Speaker’s particular communication in a given context” (Allan & Burridge, 1991: 26).

Eufemisme kan ook beskou word as “'n taalaspek van *taboe*” (De Villiers, 1976: 13) wat twee hoofvertakkings het: Een aspek van taboe het te doen met dít wat **heilig** en **gewyd** is, en aan die ander kant kan dit verwys na iets wat **onheilig**, **gevaarlik** of **onrein** is. In beide gevalle is dit verbode om hierdie dinge te aanskou of aan te raak. Volgens De Villiers (1976: 13) dui die feit dat die **noem** van sekere woorde ook taboe is, op die beskouing “dat 'n ding en sy ‘naam’ 'n eenheid is”. Dit is as ‘t ware asof die ding wat verbode is nie “aangeraak” mag word deur sy regte naam te gebruik nie. Daar is dan té 'n noue kontak tussen die spreker en die taboe-onderwerp. Die ondeursigtige aard van eksosentriese komposita maak hierdie tipe woorde ideaal vir gebruik as vaer, eintlik “vermomde” verwysings na iets wat taboe is.

Die konseptuele vermenging wat plaasvind in eufemistiese eksosentriese komposita kan met behulp van die volgende diagrammatiese voorstelling aangedui word:

5. *laventelplaas* → “skertsende benaming vir rioolplaas” (Lubbe, 1970: 443)



FIGUUR 7-1: VERMENGING IN EKSOCENTRIESE SAMESTELLING LAVENTELPLAAS

In bostaande voorbeeld kan waargeneem word hoedat ironie en humor ingespan word as middele om versagting en verbloeming teweeg te bring vir 'n saak wat, hoewel 'n noodsaaklike deel van ons lewe, tog ook 'n uiters onaangename konnotasie vertoon vir die taalgebruiker.

Die verskillende wyses waarop eufemismes gebruik kan word ter wille van verbloeming of versagting, word vervolgens puntsgewys bespreek.

7.2.1 Eufemismes wat ontstaan as gevolg van bygeloof en ontsag

Taalmagie is 'n aspek van **taaltaboe** wat spesifiek te doen met geloof of bygeloof in die onsigbare en bonatuurlike (Lubbe, 1970: 1). **Taalmagie** het spesifiek te doene met die

verskynsel dat daar in sommige kulture geglo word dat sekere sake, voorwerpe of persone 'n magiese krag het, wat gevaarlik is en vermy moet word. Daar bestaan so 'n noue verband tussen hierdie taboeïstiese sake en die woorde wat dit eksplisiet benoem dat “'n mag losgelaat kan word wat die spreker nadelig kan tref” (Lubbe, 1970: 2). Na hierdie sake word dan veiligheidshalwe eerder verwys met behulp van verbloemde, indirekte verwysings. “Word die taboe-kwaliteit misken, tree daar nadelige gevolge vir die oortreder in, want in die persoon of voorwerp skuil daar 'n mag wat vreeswekkende gevolge kan meebring vir die persoon wat dit ontketen” (Lubbe, 1970: 2). Vir hierdie vreeswekkende woorde ontstaan dan **bygeloofseufemismes**, waarmee daar op 'n ontwykende, verbloemde wyse na selfs die mees onheilspellende sake verwys kan word. Soortgelyk hieraan ontstaan sekere eufemismes vir sake wat heilig en gewyd is, waarvoor die spreker 'n groot ontsag het en daarom nie té direk en ligtelik daarna wil verwys nie.

Religieuse ontsag en selfs 'n mate van godsdienstige vrees het tot gevolg dat daar na God verwys word op 'n ontwykende, eerbiedige manier, deur middel van name soos die volgende:

6. *Algoeie, Alleenheerser, Allerhoogste, Almagtige, Almoëndheid, Alomteenwoordige, Alsiende, Alwyse, Hoërhand, Opperwese, Oppergesag, Onnoembare, Voorsienigheid, Hemelvader, Hemelkoning, Hoërhand, Vredevors*

Vergelyk ook die volgende soortgelyke samestellings:

7. *Drie-eenheid* → “Vader, Seun en Heilige Gees” (HAT, 1994: 168)
8. *Saligmaker* → “Jesus Christus” (HAT, 1994: 892)

Deur hierdie benamings word God nie alleen met die hoogste eerbied en ontsag genoem nie, maar word in werklikheid ook 'n beknopte beskrywing gegee van die verhewenheid en wonderlikheid van die Opperwese. Die noodsaaklikheid van verbloemde uitdrukkings soos hierdie, lê vir die Christen daarin dat dit verbode is om die naam van God “ydel” te gebruik. Om name soos *God*, *Here* en *Jesus* te misbruik is gelyk aan **profaniteit** of **godslastering**, met ander woorde, die ontheiliging van die heilige, die bespotting van iets wat verhewe en gewyd is.

Terwyl dit taboe is om die naam van die Opperwese te gebruik uit **godsdienstige ontsag**, word eufemistiese name vir die duiwel gebruik meer uit vrees vir die bonatuurlike en die gevaarlike. Baie van die benamings vir die duiwel is in Afrikaans gebore in 'n vroeër tyd, toe ons voorvaders

uit bygeloof “dikwels selfs gevrees het om sy ware naam te noem” (Smith, 1962: 579). Die duiwel word gesien as die bron van alles wat boos is; hy is tegelykertyd vreesaanjaend, afskuwelik, en tog ook aantreklik en verleidelik, hy is skrand, maar tog ook dom, en altyddeur is hy gevaarlik. Die taboeïstiese gevoelswaardes van ontsag en vrees is waarneembaar in die volgende benamings vir die duiwel:

9. *helhond, hellevors, heldraak*

Die meerderheid byname vir die duiwel is komies, geringskattend en familiêr. Vergelyk die volgende benaming vir die Bose:

10. *Asmannetjie* → “Een v/d verskillende, min of meer skertsende benamings vir die duiwel” (WAT, 1950: 281)

Met baie van die byname word daar spottend verwys na sekere opvallende kenmerke van die gestalte van die duiwel. In die eerste plek die volgende benamings wat melding maak van sy voete, kloue, pote of tone:

11. *(ou) Kopertoen, Drietoen, Haarvoet, Kantvoet, Swartvoet, Driervoet, Makouvoet, Donkieklou, Veerpoot, Swartpoot, Horrelpoot, Hans-horrelpoot, Perdeklou, Platvoet, Karel-Klipvoet, Koperkroon, Groottoen, Woltoon, Tientoon, Elftoon, Vaaltoen*

In die volksgeloof van sommige volke word die duiwel voorgestel “met net een groot, skitterende oog in die middel van sy voorhoof” (Lubbe, 1970: 132). Vergelyk die volgende beskrywende name:

12. *(ou) Blinkoog, Eenoog, Loeroog, Rooi-oog, Karel-grootoog*

Die duiwel word meestal voorgestel met 'n stert, wat dan ook in sekere benamings genoem word:

13. *Kromstert, Krulstert, knakstert, Daantjie-knakstert, Ankerstert, Pylstert, Mikstert, Langstert, Piet-langstert*

'n Ander uitstaande kenmerk van die duiwel is sy paar horings, wat dan ook in sekere van sy byname genoem word:

14. *(ou) Horingsman, Horingmannetjie, Bokhorinkies*

Deur die duiwel te sien met 'n stert, kloue of pote, en 'n paar horings, word sy dierlikheid uitgebeeld en hierdie dierlikheid word maksimaal beklemtoon in elkeen van die benamings wat so 'n dierlike liggaamsdeel van hom noem. Om die waarheid te sê, hy word dikwels voorgestel “in die gestalte van 'n bok” (Lubbe, 1970: 133), kompleet met bokhorings en bokpote:

15. (ou) *Bokvoet(jies), Bokkloutjies, Bokspootjie, Bokspoor, Bokbaard, Bokkop, Jasbok, Hendrik-Bok*

In verband met ander liggaamsdele ook nog die volgende duiwelsname:

16. (ou) *Kopernaël, Klamhandjies, Blikoor, Vuur tong, Wolvinger, Gratebene, Holbene, Holboude, Vuilbaard, Vaalgesig, Oupa-Langoor*

Na aanleiding van die kledingstukke wat die duiwel sou dra, ontstaan weer die volgende benamings:

17. (ou) *Vaalkaros, Vaaljas, Swartjas, Rooimus, Kliphoed*

Sekere name vir die duiwel is ontleen aan die “assosiasie met duisterheid en swartheid, asook met die brandstof van sy woonplek” (Lubbe, 1970: 134). Vergelyk die volgende voorbeelde:

18. (ou) *Swarthandjie, Swart-Jasper, Swart-Piet, Swartslang, Swartbles, Steenkoolmannetjie, Pikhakskeen, Haantjie-pik*

Eiename soos *Herrie, Hans, Joos* en vele ander word ook gebruik om die duiwel te benoem. Vir die doel van hierdie studie kan die volgende samestellings met verskillende (algemene) eiename genoem word:

19. (ou) *Bloukoos, Piet-potlood, Stink-Sarel, Skelm-Jantjie, Karel-grootoog, Karel-klipvoet, Pieter-vonkies, Rooi-Gert, Heintjie-pik*

Soortgelyk aan die veelvuldige name vir die duiwel, bestaan daar ook bygeloofseufemismes vir ander bangmaakwesens. Die volgende eksosentriese komposita tree op as verbloemde byname vir die tokkelossie en ander bangmakers:

20. *blinkoog, eenoog, voetoog, ringeloor, paaiboelie, boeman, donderjaer, Janjaars*

Soos gesien is daar by die meeste van hierdie bygeloofseufemismes 'n sterk element van humor teenwoordig. Dit is asof die taalgebruiker die bese probeer besweer deur middel van humor, en daardeur wys die name juis 'n gevoel van disrespek, in sterk kontras met die eerbiedige toon van die uiters respekvolle benamings vir God. Verder is die attributiewe gebruik van die woordjie *ou* saam met hierdie benamings baie algemeen, waardeur 'n verdere gevoel van geestigheid, afkeer, gemeensaamheid, bejammering, disrespek, irritasie of belediging aangedui word. Tog, ten spyte van die disrespek van die byna verkleinerende, amusante benamings vir die duiwel, voel die taalgebruiker hom waarskynlik nie heeltemal gerus in die noem van Satan by die regte naam nie, en word die eufemismes dus gebruik met 'n mengelmoes gevoelens, wat insluit disrespek en verkleinering, maar ook vrees, ontsag en versigtigheid.

Terwyl die taalgebruiker nie graag die duiwel by die naam noem nie, so word ook die woord *hel* vermy met behulp van veral eksosentriese komposita soos die volgende:

21. *grootvuur, warmplek, doderyk, dodewêreld, onderwêreld, skimmeryk, onderaardse, jammerpoel, moerland, vaevuur*

Dit wil voorkom asof die taalgebruiker by eufemismes vir die woord *hel* nie sover kon kom om van spot en humor gebruik te maak soos by die eufemismes vir *duiwel* nie. Die *hel* word konstant as 'n vreesaanjaende plek of saak uitgebeeld. Die gebruik van hierdie omskrywings spruit voort uit bygeloof en vrees vir die bonatuurlike, wat in hierdie geval terselfdertyd ook die gevaarlike, die dood is.

7.2.2 Eufemismes wat ontstaan uit vrees of ontsag vir die dood

“People’s horror of death, and their extreme reluctance to name it directly” (Allan & Burrige, 1991: 153), gee aanleiding tot 'n groot variasie versagtende terme of **bygeloofseufemismes** vir alle sake wat met die **dood** verband hou. Net soos wat mense 'n vrees of ontsag het vir God, vir die bonatuurlike, vir Satan en die *hel*, en eerder verbloemend na hierdie sake verwys, so ook huiwer mense om eksplisiet na die dood te verwys. Die dood is 'n gevaarlike wêreld waarvoor daar liefers met 'n ompad gesels moet word. Dit is in die eerste plek baie belangrik om die dood versagtend uit te beeld as iets wat nie gewelddadig is nie, 'n saak wat nie gevrees hoef te word nie.

Daarom word daar 'n groot verskeidenheid eufemistiese uitdrukkings gebruik om na allerlei aspekte van die dood te verwys, waaronder die volgende:

22. **sterf:** *omkom, inslaap, insluimer, wegval*

Soos hier gesien kan word, is hierdie eufemismes algemene omskrywings van verkleining of litotes, wat die voorstelling van die dood versag en die pynlike indruk op die luisteraar demp. Dit is daarom veral paslik om hierdie vae uitdrukkings te gebruik wanneer daar met 'n naasbestaande van 'n oorledene gepraat word. Die uitdrukkings skep 'n meer aanvaarbare beeld van slaap of rus. Die dood is die einde van die lewe, die einde van die bekende ervaringswêreld. Daar is noodwendig 'n vrees vir dít wat hierna volg, die onbekende. Vir die Christen, sowel as ander religieuse groepe, is die dood ook nie slegs 'n einde nie, maar 'n nuwe begin, 'n soort reis. Vergelyk die volgende omskrywings wat hierdie aspek van doodgaan noem:

23. **sterf:** *heengaan, heenreis, afreis, sieltoog, uitgaan, uitvaar, opvaar, wegglip, weggaan, wegval, verbygaan, vooruitgaan, daarheen*

Die gelowige sien dus die dood as die oorgang na die ewige lewe, met die hemel as die oorledene se geestelike bestemming:

24. **die dood / hemel:** *hiernamaals, vaderhuis, voortbestaan, Hoëland, rusplaas, rusplek, skaduland, rotsland*

Mense verkies om nie te gereeld en te eksplisiet aan hul eie mortaliteit herinner te word nie. Die meerderheid persone se lewens is redelik ver verwyder van enige onmiddellike interaksie met die dood of aspekte wat daarmee verband hou. In die moderne samelewing vind ons vertroosting daarin dat “hospitals and other institutions that care for the dying, and the funeral industry that disposes of the dead, ensure that we are well insulated from both these things” (Allan & Burrige, 1991: 158). Die volgende (onaangename) aspekte van die dood word by voorkeur deur eufemismes omskryf om ons verder te isoleer teen té noue kontak met die dood:

25. **begrawe:** *wegbêre, weglê, indra, inspit*
26. **begrafnis:** *teraardebestelling, uitvaart, uitgang*
27. **begraafplaas:** *dodeakker, godsakker, kerkhof, rusplaas, rusplek, dodetuin*
28. **kis:** *kiaathoutkatel, swartskapies, rusoordjie*

Die oorsprong van die gebruik van eufemismes soos al bogenoemde voorbeelde in hierdie afdeling lê in die (natuurlike) vrees vir die dood, die onafwendbare, finale einde van 'n mens se lewe. Ander motiewe wat kan lei tot die ontstaan en gebruik van sulke eufemismes is bygelowigheid, grillerigheid en fyngesoelheid ten opsigte van verskillende aspekte van die dood, by die spreker/skrywer asook by die hoorder/leser. Die woorde wat ontstaan as eufemismes vir die onaangenaamhede van die dood is gewoonlik vaag en neutraal soos *weglê* en *rusplek*, of dit is verhewe taal soos *teraardebesteding* en *uitvaart*. Terwyl 'n term soos *inspit* op die oog af besonder oneerbiedig voorkom, word hierdie uitdrukking onder andere in Namakwalandse Afrikaans as 'n neutrale eufemisme gebruik, sonder enige negatiewe konnotasie.

In die volgende idiomatiese omskrywings vir “op sterwe lê” word ook gebruik gemaak van ondeursigtige komposita, wat die woord *sterwe* of *sterfbed* vervang ter wille van verbloeming:

29. **op sterwe lê:** op *apegape* lê, op sy *elf-en-dertigste* wees, in *beseringstyd* leef

Om die onaangenaamheid van die werklikheid te bewimpel ontstaan ook eksosentriese komposita wat optree as versagtende omskrywings van *hoë ouderdom* of *bejaardheid*:

30. *aandskemering*, *aandskof*, *lewensaand*, *aanduur*, *pruiketyd*, *rustyd*, *herfsjare*, *vergevorderdheid*, *afdraand*, *skemertyd*

In samehang hiermee kan ook genoem word dat mense, uit vrees vir hul eie kwesbaarheid, vir die onafwendbare disintegrasie van die liggaam, huiwer om ernstige siektes soos kanker by die naam te noem. Dit is weereens 'n geval van 'n ampse bygelowigheid om nie 'n te noue kontak met so 'n ernstige siekte te maak deur sy regte, onverbloemde naam te noem nie. Ook speel **empatie** 'n groot rol in die gebruik van hierdie woorde; die taalgebruiker wil die gevoelens spaar van diegene wat hom aanhoor, veral mense wat self aan die siekte ly, of persoonlik betrokke is by siekes.

Vergelyk die volgende eksosentriese komposita wat siektes benoem:

31. *bewekoors* → “Volksnaam vir malaria” (WAT, 1950: 407)
 32. *breinstorms* → “epilepsie” (Lubbe, 1970: 231)
 33. *groenstaar* → “Gloukoom” (HAT, 1994: 312)
 34. *druipoog* → “Dakrioma, oogontsteking veroorsaak deur die toegroei v/d traanpunte” (WAT, 1955: 346)
 35. *rooivonk* → “Skarlakenkoors” (HAT, 1994: 873)

Minder ernstige siektes word soms ook benoem deur omskrywings, maar aangesien die gevoel van vrees vir hierdie siektes ligter of heeltemal afwesig is, toon dié woorde dikwels 'n element van geestigheid of spot. Let veral op die verskillende benamings vir jeuksiektes:

36. *gougryp* → “Griep” (WAT, 1957: 370)
 37. *rooi hond* → “1 Jeukende huiduitslag ... 2 ... Duitse masels” (HAT, 1994: 872)

Ook vir “jeuksiekte”: *jolliejeuk, lekkerkrap, help-my-krap*

Ook vir sekere vorme van doodmaking of geweld, byvoorbeeld moord, selfmoord, verdrinking, doodstraf, verkragting, en andere, is daar eufemismes met behulp waarvan taalgebruikers soms eerder na hierdie sake verwys. In hierdie studie is egter slegs die eufemismes wat eksosentriese samestellings is van belang, en aangesien daar geen sulke voorbeelde opgespoor is nie, word daar nie verder op hierdie soort woorde ingegaan nie.

Bygeloofseufemismes toon verskillende skakeringe (soos hierbo geïllustreer), vanaf 'n bygelowige vrees vir die bose en die dood, tot 'n grootse ontsag en skroom teenoor die heilige, vanaf 'n spottende verkleining van vreeswekkende of ernstige sake tot 'n “fyngvoelige ontsiening van wat onself of ander sou kan seermaak” (Lubbe, 1970: 100).

7.2.3 Die eufemisme as middel tot fatsoenlikheid

Sekere onderwerpe, asook die eksplisiete woorde wat hierdie sake benoem en beskryf, wek afkeer by mense en kwets die skaamtegevoel. Ter wille van fatsoenlikheid of welvoeglikheid ontstaan daar dan eufemistiese plaasvervangers of “avoidance terminology” (Allan & Burrige, 1991: 26) vir die woorde wat aanstoot kan gee aan die hoorder/leser. Vergelyk ter inleiding die volgende voorbeelde van hierdie verskynsel:

38. *droom-in-die-kooi* → “Eufemistiese wisselnaam vir *pis-in-die-kooi*, die pinkie” (WAT, 1955: 344)
 39. *adamskind* → “nudis” (GAS, 1995: 141, s.v. “kaalbasloper”)
 40. *maagslaner* → “Smoelneuker (konsertinahek)” (WAT, 1996: 7)
 41. *kaalstert* → “kaalgat” (GAS, 1995: 141)
 42. *kokkerot* → “kamoeffling vir *kakkerlak*” (Lubbe, 1970: 437)

43. *daskruie / dassiekruie* → “Benaming vir dassiepis” (WAT, 1955: 41)
44. *oogspuiter / oogskierter / wateroog* → “(eufemisties) Oogpister” (WAT, 2000: 557)

Eufemismes word dus gebruik om **onfyn, smakelose** of **plat uitdrukkings** te versag, veral woorde wat 'n aanstootlike woord soos *pis* of *gat* as een van die stamme besit. Die begeerte om eufemismes soos hierdie te skep en te gebruik is 'n neiging wat voortvloei uit die mens se instink om onaangenaamhede te vermy ter wille van “common decency” (De Villiers, 1976: 13).

Vergelyk ook die volgende woorde:

45. *bangkat* → “lafaard ... eufemisme vir *banggat*” (WAT, 1950: 329)
46. *hondepataat* → “(oumenstaal) Skeldnaam, meestal eufemisties gebruik” (WAT, 1972: 363)
47. *tweestertjakkals* → “(fig.; eufem.) Opportunis, tweegatjakkals” (HAT, 1994: 1 111)
48. *agterwêreldkruiper* → “gatkruiper” (uit die spreektaal)

Bostaande voorbeelde tree op as eufemismes van skeltaal, maar is tog steeds skelname. Hierdie stelling mag dalk paradoksaal voorkom. Hoe kan 'n eufemisme wat per definisie 'n **versagnmiddel** is, gebruik word as 'n **skelnaam** of **invektief**? Hoe kan 'n mens versagtend uitskel? Dit kan egter wel gebeur, soos hierbo gesien, deur 'n graadverskil te bewerkstellig tussen die oorspronklike skelnaam as die mees intensiewe vorm, en die “flouer” eufemistiese uitdrukking.

Lekseme soos bostaande voorbeelde kan **eufemistiese disfemismes** genoem word. Hoewel die term eufemistiese disfemisme selfweersprekend mag voorkom, beskryf dit eintlik die aard van sekere woorde baie duidelik. Hierdie stelling kan verduidelik word aan die hand van taalhandelings, soos bespreek in De Stadler (1989: 446 e.v.). 'n **Lokutiewe daad** of lokusie word verrig wanneer 'n spreker 'n bepaalde uiting met sy bepaalde semantiese inhoud genereer. Die spreker het 'n bepaalde bedoeling met die gebruik van die lokusie. Hierdie bedoeling of handeling wat agter die lokusie verskuil lê word die **illokutiewe krag** of illokusie genoem (byvoorbeeld dat die lokusie as 'n bevel, vraag, suggestie, ensovoorts, beskou moet word). Die perlokusie of **perlokutiewe effek** binne die taalhandeling is die spesifieke effek wat die spreker probeer verkry by sy gehoor (soos om te amuseer, vermaak, skok, affronteer, ensovoorts). 'n Woord soos *hondepataat* word as skelnaam gebruik, met 'n **disfemistiese illokutiewe krag**; terselfdertyd word

die krag van die woord versag sodat die taalgebruiker deur die gebruik daarvan 'n eufemistiese of versagtende **perloutiewe effek** by sy gehoor verkry.

By eufemistiese disfemismes maak 'n element van **humor** gewoonlik ook deel uit van die semantiese inhoud van die woord, wat in die meeste gevalle afwesig is in die oorspronklike invektief. In die eerste plek word ten minste die sterk-gekreude taal van die intensiewe invektiewe vermy met behulp van die eufemismes. Vergelyk die volgende woorde wat almal eufemistiese verdraaiings is van die woord *hardegat*:

49. *hardekoejawel, hardekwas, hardekaiings, hardelyf, harderibbetjie, hardevet, hardgestryk, hardenek, dreunbors*

Buiten vir *dreunbors*, is al die ander woorde steeds samestellings met *hard(e-)* as die eerste stam. Die woorde is dus almal vervormings van *hardegat*, met die stam *-gat* in elke woord deur 'n neutrale teenhanger vervang. Al die woorde het steeds nog net dieselfde negatiewe betekenis as die oorspronklike *hardegat*, maar slegs deur die enkele ongewenste element, naamlik *gat*, te vermy, word 'n meer geestige gevoelswaarde in die woorde verkry en val die vervormings sagter op die oor. Let ook op die volgende verwensing waar die woorde *hel* of *duiwel* vermy word:

50. *heenskeer, heenskeel* → “n/d duiwel ... gaan” (WAT, 1972: 127)

Ook in ons kraguitroepe van groot verbasing, verrassing, verontwaardiging of ontsteltenis, word gebruik gemaak van verbloemende uitdrukkings om die gevoeligheid van die hoorder of van die spreker self te spaar. Hierdeur ontstaan dan kraguitdrukkings, besweringe en kragterme wat as eufemistiese disfemismes geklassifiseer kan word, soos die volgende:

51. *(o) gomaslaai* → “waarsk. eufemisties vir *gotta*” (WAT, 1957: 352, s.v. “gonna”)
52. *(o) gorrelgat* → “[uitroep] i.p.v. *o gats*” (Lubbe, 1970: 55)
53. *(o) krismisrose* → “versagtende uitroep om veral verbasing uit te druk” (uit die spreektaal)
54. *allematjiesgoed* → “Grappige verbloeming van *allemagtig*” (WAT, 1950: 155)

Ook: *allamagistraat, allemaggies, allemakkies, allamatjies, allamantjies, allemapstieks, allemaggentagtag, allamastig, allamensig, allemintig, allerkragtie, allajosie, allawêreld*

Hierdie soort uitdrukkinge staan bekend as **bastervloeke**, oftewel “versagte, vermomde vloek[e]” (NW, 1988: 40). Ook by bastervloeke het ons te make met 'n teenstrydigheid in die aard van die woorde. Van Huyssteen (1998: 2) maak die volgende opmerking:

“Afhangende van die fisiese, psigologiese, sosiokulturele en makrotekstuele kontekste word verskillende **illokutiewe intensies** en **perlokutiewe effekte** geaktiveer (byvoorbeeld vloek, skok, skerts, ensovoorts). Boonop oefen die verskillende kontekstuele veranderlikes 'n belangrike invloed uit op die waarskynlike betekenis van ... uitdrukkinge ...” (my beklemtoning)

Na aanleiding van die **teenstrydigheid** ten opsigte van illokutiewe intensie en perlokutiewe effek, wat waargeneem kan word in woorde soos bostaande voorbeelde, kan hierdie bastervloeke ook eufemistiese disfemismes genoem word. Die woorde word steeds gebruik met die illokutiewe krag of intensie van vloek, dit wil sê met 'n negatiewe illokusionêre krag, maar terselfdertyd is die perlokutiewe effek van hierdie woorde versag en word die lokusie van die taaluitings herken as eufemisties.

By die ontstaan van bostaande kraguitdrukkinge het 'n godsdienstige aspek waarskynlik 'n rol gespeel, naamlik om nie die naam van God, die Almagtige, ydellik te gebruik nie. Uit bygelowigheid word die woord *hel* ook liefsvormig gebruik. Tesame hiermee word die gevoelens van die hoorder natuurlik ook gespaar deur eerder die vermomde uitdrukkinge te gebruik. Vergelyk ook die volgende bastervloeke waar “onweloweglike” of ander taboe-woorde liefsvormig gebruik word:

55. *(o) gattapatatta* → “uitroep van verbasing, ontsteltenis, ens.” (uit die spreektaal)
56. *(o) vaderland* → “versagend vir *Vader*, wat reeds versagend is vir *God*” (Lubbe, 1970: 111)
57. *holtand* → “verwensing en uitroep i.p.v. *hol*” (Lubbe, 1970: 417)
58. *helpen* → “As uitroep van verbasing [i.p.v. *hel*]” (WAT, 1972: 170)
59. *drekmeyer* → “verbloemend vir *drek*, na aanleiding van die van *Dreckmeyer*” (uit die spreektaal)
60. *o-help-my-druppels* → “Uitroep van ontsteltenis, verrassing [i.p.v. *hel*]” (WAT, 1972: 170)

Hierdie soort verbloemingsuitdrukkings het waarskynlik spontaan ontstaan wanneer 'n spreker uit verbasing of ontsteltenis die kragwoorde *gat* en *hel* of ander “verbode” woorde met 'n taboe-kwaliteit reeds gebruik het en onmiddellik daarna probeer het om dít wat reeds gesê is, te versag en te verbloem. Daar kan na willekeur enige “onskuldige” woord aan die kragwoorde gelas word om dit te versag, of soos in die geval van *allemagtig*, word slegs 'n deel van die woord vervang met 'n ander woorddeel. Die uiteinde is in ieder geval dieselfde, die woorde kan steeds gebruik word as kragtaal, met 'n disfemistiese illokusionêre krag, maar die spreker se gewete word gesus aangesien hy nie die oorspronklike eksplisiete kragwoorde gebruik nie, en terselfdertyd word enige aanhoorder se sensitiewe gevoelens gespaar. Deur dus slegs 'n klank in 'n aanstootlike woord te vervang of te verander met behulp van vernuftige woordspeling, word die onaangename of negatiewe affek van die woord getemper, sonder dat die semantiese waarde van die woord verlore gaan, aangesien almal nog steeds die verwysing na die taboe-onderwerp verstaan. Deur so 'n klankverandering word daar as't ware 'n sluier van fatsoenlikheid rondom 'n onfatsoenlike saak gedrapeer, terwyl die ware aard van die saak nog duidelik genoeg verstaanbaar of afleibaar is. Daar word dan 'n kompromis gemaak tussen die oorweldigende of onwillekeurige begeerte om te vloek, en die morele afkeer in (of selfs vrees vir) vloek.

By veral bastervloeke word die kettingreaksie aangetref dat die eufemistiese vorm van 'n kragterm noodwendig deursigtig raak, gevolglik nie meer beantwoord aan die beleefdheidskriteria van eufemisme nie, en dat nuwe eufemismes voortdurend geskep moet word. Om dus een bastervloek te skep as versagting van 'n vloekwoord, lei in baie gevalle tot die skep van menigvuldige nuwe bastervloeke. Daarom is daar vir 'n woord wat as te grof of onfatsoenlik bestempel word, soos *magtig* of *allemagtig*, later 'n wye verskeidenheid verbloemende sinonieme. Vergelyk ook die eufemismes vir die kragterm *kragtig*, wat reeds 'n versagting van *magtig* is:

61. *allakarbonkels, allekriek, allaknipmeswil, allakrintag, allerkrachtie, alla-aarde*

Dieselfde effek kry ons in die verbloemende eksosentriese komposita wat kan optree in die plek van die kragwoorde *bliksem* en *donder*:

62. *blikskottel* → “skelwoord as versagting van *bliksem*” (WAT, 1950: 433)

Ook: *blikemmer, blikskater, blikslaer, blikhouer, blikkastrol, bliksement, bliksementemmer*

63. *Donderdag* → “versagting vir *donder*, as s.nw. en veral as werkwoord” (uit die spreektaal)

Ook: *aandons, indons, opdons* i.p.v. *aandonder, indonder, opdonder*

Soos reeds in afdeling 7.2.1 gesien is moet sekere woorde weens **taalmagie** liefers nooit uitgespreek word nie, aangesien daar 'n (bose) mag losgelaat kan word wat die spreker nadelig of selfs noodlottig mag tref (Lubbe, 1970: 1). Die woorde *donder* en *bliksem* geld teenswoordig nog as **taboeewoorde**. Spore van bygeloof is nog te vinde in die gebruik al dan nie, van hierdie woorde. Donar was die god van donder in die Germaanse mitologie, met Thor as sy eweknie in die Skandinawiese mitologie (WAT, 1955: 238). Volgens Lubbe het die meeste eienskappe van die heidense Donar (en Thor) by kerstening van die Germane oorgegaan op die “hoofduiwel (Satan) van die Christelike geloof” (1970: 119). Enige woorde wat met hierdie gode verband hou, dit wil sê woorde in verband met onweer, soos *donder* en *bliksem*, is dus oorspronklik vermy weens taalmagie. Dit is egter onwaarskynlik dat die deursnee moderne Afrikaanse taalgebruiker enigsins bewus is van die oorspronklike beweegredes om eufemismes vir *donder* en *bliksem* te skep en te gebruik. Albei hierdie woorde is egter wel vandag nog in volle gebruik as kragterme, en die versagtende wisselvorme of bastervloeke hierbo genoem, is daarom meer aanvaarbaar vir algemene gebruik. Die taboeïstiese aard van *bliksem* en *donder* lei selfs daartoe dat neutrale endosentriese komposita wat een van hierdie stamme bevat, soos *bliksemstraal* en *donderweer*, liefers vermy word.

'n Eufemistiese bastervloek soos *blikskottel* kan soms selfs met gevoelswaardes van **bewondering** of vertroeteling gebruik word, veral as dit in die diminutief gebruik word, vergelyk:

64. Jou klein *blikskottel*! (Bewonderend of trots gebruik vir byvoorbeeld 'n kind wat besonder goed in 'n eksamen presteer het.)

In die Afrikaanse taalgemeenskap kan daar 'n “distaste for certain bodily effluvia and the organs that vent them” (Allan & Burridge, 1991: 52) waargeneem word. Ter wille van welvoeglikheid word direkte benamings van sekere intieme liggaamsdele, natuurlike liggaamsfunksies, geslagsake, persoonlike higiëne en enigiets wat as vuil of plat beskou kan word, vermy in “ordentlike” geselskap, asook in gemengde geselskap met lede van beide geslagte teenwoordig.

Vergelyk die volgende omskrywings vir sekere **liggaamsdele** of uitdrukings wat betrekking het op die liggaamsdele:

- | | | | |
|-----|---------------------------------|---|--|
| 65. | <i>agterbaks</i> | → | “met groot boude” (uit die spreektaal) |
| 66. | <i>voorstewe</i> | → | “Vrou se borste” (HAT, 1994: 1 237) |
| 67. | <i>vooruitstrewend</i> | → | “met groot borste” (uit die spreektaal) |
| 68. | <i>goedbedeeld / welbedeeld</i> | → | “met groot borste” (uit die spreektaal) |
| 69. | <i>molstoter</i> | → | “jong dogter wie se borste begin ontwikkel” (Lubbe, 1970: 420) |

Die primêre middel van vermyding of versagting wat by hierdie voorbeelde (behalwe *molstoter*) gebruik is, is die vervanging van die aanstootgewende woorde deur woorde uit 'n ander sfeer. In hierdie geval word eksplisiete woorde binne 'n taboe kennisdomein vervang deur bestaande “onskuldige” endosentriese komposita, wat nou betekenisuitbreiding ondergaan om diens te doen as ondeursigtige eksosentriese komposita. Hierdeur word die aandag dan afgetrek van die “aanstootlike” sake en word die gevoelens van die taalgebruiker gespaar.

Liggaamsdele wat te doene het met uitskeiding en seksuele omgang, dus “the vagina, anus, and penis are restricted as to mentionability, being only freely and readily mentionable to a doctor, lover, close friend, or the like” (Allan & Burrige, 1991: 54). Vergelyk ook die volgende benamings vir die skaamdele (*skaamdele* en *privaatdele* self eufemismes wat uitdruklik dui op gevoelens van skaamte wat gepaardgaan met hierdie liggaamsdele en -funksies):

- | | | | |
|-----|--------------------|---|---|
| 70. | <i>privaatsake</i> | → | “skaamdele” (GAS, 1995: 320, s.v. “skaamdele”) |
| 71. | <i>doedelsak</i> | → | “(eufem.) Manlike geslagsdele” (WAT, 1955: 218) |
| 72. | <i>bokspoor</i> | → | “Skertsende benaming vir die vroulike skaamdeel” (WAT, 1950: 476) |
| 73. | <i>venusberg</i> | → | “Onderste gewelfde gedeelte van die buik by die vrou by die skaamdele” (HAT, 1994: 1 160) |

Ook: *venusheuwel, skaamberg, skaamheuwel*

Deur middel van **metaforiek** as kognitiewe meganisme word 'n taboe kennisdomein (soos die seksuele) metafories geïnterpreteer en beskryf in terme van 'n nie-taboe kennisdomein. Dit het dan verbloeming of versagting tot gevolg. Hoewel baie van hierdie woorde kru voorkom, is hulle

tog eufemismes aangesien hulle gebruik word in die plek van eksplisiete woorde wat heeltemal taboe is. Oor die werklike “versagtende” funksie van bostaande voorbeelde kan gedebatteer word. Die woorde *doedelsak* en *bokspoor* is byvoorbeeld besonder beskrywende name vir die manlike en vroulike geslagsdele en daarom waarskynlik vir baie taalgebruikers juis nie verbloemend nie. Die eufemistiese aard van hierdie woorde lê dus as’t ware in die **keuse** van die woorde deur 'n sekere persoon in 'n sekere situasie. Allan en Burridge (1991: 20) maak die volgende opmerking:

“It follows that, although we believe all euphemisms can be analyzed as the preference for one expression over another, we do not believe that one term will always necessarily be ‘dispreferred’ while the other is concomitantly a ‘euphemism’ – in such a way that they ought to be thus characterized in the dictionary.”

Van Huyssteen (1998: 15) beaam hierdie siening:

“Aangesien die fisiese, sosiale, psigologiese en makrotekstuele kontekste 'n belangrike rol speel in die gebruik van uitdrukkings wat na aspekte van die seksuele domein verwys, kan uitdrukkings óf eufemisties óf disfemisties funksioneer. In die een situasie kan *roede* 'n eufemisme wees en in 'n ander situasie 'n disfemisme.”

Sou 'n persoon dus in 'n sekere **situasie** voel dat die woord *bokspoor* meer gepas en verbloemend is (byvoorbeeld in die teenwoordigheid van kinders), dan neem die woord 'n eufemistiese aard aan in daardie situasie, terwyl dieselfde woord in 'n ander situasie as 'n disfemisme gebruik en geïnterpreteer kan word.

Ter wille van fatsoenlikheid word die anus en/of boude met behulp van eufemismes benoem. Vergelyk die groot hoeveelheid eksosentriese komposita wat optree as alternatiewe benamings vir hierdie deel van 'n mens se anatomie:

74. *agterent, agterkant, agterpant, agterplaas, agterstel, agterstewe, agterwêreld, agterwerk, sitplek, sitvlak, sitwêreld, onderent, bakoond, garsland (gatseland), bontkoei*

Hoewel Lubbe (1970: 415 e.v.) die meeste van bostaande woorde lys as eufemismes vir *anus*, is die woorde aan hierdie navorser meer bekend in hul gebruik as sinonieme vir *boude*. Wanneer hierdie eufemismes die woord *anus*, asook die plat woorde *gat* en *hol* vervang, het hulle 'n sterker effek van versagting en verbloeming. Word hulle gebruik as eufemismes vir *boud* of *boude*, is hul funksie eintlik geestigheid of spot, en slegs tot 'n mindere mate werklik versagting, aangesien die woord *boud(e)* nie werklik as plat, aanstootlik of onfatsoenlik beskou word nie.

In verwensings, beledigings en uitroepe word platvloerse woorde soos *gat* of *hol* (wat albei baie algemeen gebruik word in hierdie hoedanigheid) ter wille van welvoeglikheidsredes soms vervang deur die sagter, eufemistiese vorme. Vergelyk die verskil in **fatsoenlikheidsgraad** van die volgende pare:

75. *Sy gat pla hom!* (Uiters onwelvoeglik en kras)
Sy agterwêreld pla hom! (Meer fatsoenlik, geestig en aanvaarbaar in “ordentlike”
 geselskap)
76. *Jou hol!* (Onwelvoeglik, maar *hol* is tog reeds 'n eufemisme vir *gat*)
Jou holtand! (Skertsend, en heelwat minder beledigend)

'n Gevoel van preutsheid of skaamte lei daartoe dat ook die name van kledingstukke wat enige van die intieme liggaamsdele bedek, verkieslik vermy word, veral in gemengde geselskap. Vergelyk die volgende omskrywings vir damesonderklere:

77. *slingervel* → “buustelyfie” (uit die spreektaal)
 78. *boerebeursie* → “buustelyfie” (uit die spreektaal)
 79. *knyptang* → “korset” (Lubbe, 1970: 430)

Ook die woord *gulp* is verbode in welvoeglike geselskap aangesien dit deel is van die kleding wat die geslagsdele bedek. Om iemand diplomaties en verbloemend daarop te wys dat sy/haar gulpknope los of die rittssluiters oop is, word die volgende uitdrukking gebruik:

80. *staldeer* (staan oop) → “gulp” (HAT, 1994: 1 004)
 81. *kantoordeer* (staan oop) → “gulp” (Lubbe, 1970: 430)
 82. (dit is) *eenuur / twee-uur / drie-uur* → “aanduiding van watter knoop los is”
 (Lubbe, 1970: 430)

Om die gevoeligheid van die taalgebruiker te spaar, word sekere **liggaamsfunksies** wat 'n onaangename beeld wek, liefs nie by die naam genoem nie. Vergelyk:

- 83. *ou-Kaatjie* → “maandstonde” (WAT, 1968: 112, s.v. “Kaatjie”)
 - 84. *deurtrekker* → “Doek deur vroue gebruik tydens maandstonde” (WAT, 1955: 124)
 - 85. *haasore* → “outydse sanitêre doekie” (uit die spreektaal)
 - 86. *jongosinspanery* → “Braking” (WAT, 1968: 65)
 - 87. *opbring* → “Vomeer” (HAT, 1994: 758)
- Ook vir “vomeer”:** *uitpak, deurbring*

Liggaamsfunksies soos hierdie het 'n hoë onnoembaarheidsgraad, wat lei tot die vermyding van eksplisiete verwysings daarna in “ordentlike” geselskap. Vergelyk ook die volgende verskeidenheid eufemismes vir *urineer*, *ontlas(ting)* en *diarree*:

- 88. *kamerverlaat* → “om n/d toilet te gaan” (WAT, 1968: 205)
- 89. *nommer-een* → “(eufemisties) Behoefte om te urineer, of die urine self” (WAT, 2000: 187, s.v. “nommer”)
- 90. *nommer-twee* → “(eufemisties) Behoefte om te ontlas, of die ontlasting self” (WAT, 2000: 187, s.v. “nommer”)
- 91. *deurloop* → “Maagwerking, diarree” (WAT, 1955: 113)
- 92. *loslywig* → “met 'n maag wat werk” (uit die spreektaal)
- 93. *stoelgang* → “Ontlasting” (HAT, 1994: 1 024)
- 94. *slagyster* → “bol mis (ook t.o.v. mense gebruik)” (HAT, 1994: 952)
- 95. **Ook vir “ontlas”:** *vuilmaak, katsit, kleistoot, foutmaak, hoopmaak, deurstraling (hê), opelyf (hê), slagyster (stel)*

Soos reeds bespreek is daar heelwat van hierdie soort komposita wat waarskynlik vir vele taalgebruikers juis kruer en meer platvloers voorkom as hul neutrale sinonieme, vergelyk *slingervel*, *jongosinspanery*, *loslywig* en 'n *slagyster* stel. Die keuse tussen sinonieme berus op die konteks en styl, “and one expression will often be more acceptable than another within a given style” (Allan & Burridge, 1991: 20).

Lekseme soos *jongosinspanner* is dus randelemente van eufemisme as prototipiese kategorie. Tog is die woorde wel ondeursigtig, verbloemend en daarom terselfdertyd in 'n sekere sin ook versagend. Hierdie soort woorde kan derhalwe geklassifiseer word as **disfemistiese eufemismes**. By disfemistiese eufemismes is die lokusie disfemisties, terwyl die illokusionêre krag daarvan steeds eufemisties is. Anders gestel, hoewel so 'n woord gebruik word as eufemisme, word hierdie eufemistiese effek op 'n kru wyse bereik, nie werklik as versagting nie, maar wel darem as **vermomming** of verbloeming.

Daar is verder ook geen rigiede riglyne van watter soort dinge dit is wat aanstoot mag gee aan 'n ander nie. Sekere mense bloos oor iets waaroor andere lag, kry skaam oor gebeure en sake wat vir ander 'n bron van humor en vermaaklikheid is. Eufemismes word dan ook nie altyd slegs ter wille van verbloeming gebruik nie, maar ook om te spot met sekere sake. “Humor is often used as a means of coming to terms with the less happy aspects of our existence” (Allan & Burrige, 1991: 173). Net soos wat die rykdom van humoristiese eufemismes vir die duiwel (soos bespreek in afdeling 7.2.1) wys dat die mens probeer om sy vrees te verbloem met spot, op dieselfde wyse probeer mense om die aanstootlikheid of erns van sekere ander sake af te breek deur middel van spot. Terwyl sekere kru en onaangename sake soos die laer liggaamsfunksies onvermydelik deel van 'n mens se lewe is, verdraai en vermom die taalgebruiker die woorde wat na hierdie sake verwys, sodat die voorstellings wat met die woorde gewek word, eerder snaaks as onaangenaam is. Die groot verskeidenheid verbloemende benamings vir toilette en kamerpote lewer verder bewys van hierdie stelling:

96. **kamerpot:** *bloukoos, eenoor, gemaktoestel, kamergerief, koos-hand-in-die-sy, koos-met-die-een-oor, nagviool, naggerief, nagspieël, uilspieël*

97. **toilet:** *gemakshuisie, gemakstoel, goewermentshuisie, parlamentshuisie, kleinhuisie, kamerverlaat, fluitplek, akkediskas, grasleeutjie, waterplek, buitegebou, dubbeljoesie*

Die verbloemingsmiddele in hierdie uitdrukkings is die gebruik van geestige semantiese ondeursigtigheid soos by *koos-hand-in-die-sy* en *akkediskas*, of vaagheid soos by sekere van die woorde wat ook as neutrale, deursigtige endosentriese komposita kan optree soos *gemakstoel*, *buitegebou*, ensovoorts. Dieselfde vaagheid as versagtingsmiddel kom ook voor wanneer daar

gepraat word van 'n toilet as 'n *kleedkamer*, *ruskamer* of *badkamer*, al word daar nie daarbinne gerus of verklee nie, en al is daar geen bad nie.

Ordentlikheid, oftewel “taboo of delicacy” (De Villiers, 1976: 15) lei tot die ontstaan en gebruik van welvoeglikheidseufemismes vir **geslagsake** en enigiets wat met die seksuele te doen het. Vergelyk die volgende eksosentriese kompositum:

98. *pleierspier* → “penis” (Van Huyssteen, 1998: 2)

Volgens Van Huyssteen (1998: 2) word eufemistiese uitdrukkings gebruik “met 'n illokutiewe intensie van vermaak of skerts, en het prototipies 'n perlokutiewe effek van amuseer” soos waargeneem kan word by woorde soos *pleierspier*.

Daar bestaan onder andere heelwat omskrywinge om geslagsgemeenskap en masturbasie te bespreek, vergelyk:

99. *aangaan* → “(eufem.) Aanstalties maak of besig wees om te paar” (WAT, 1950: 13)
100. *omgaan* → “Geslagsgemeenskap hê” (WAT, 2000: 294)
101. *omgang* → “Geslagsgemeenskap” (WAT, 2000: 294)
102. *draadtrek* → “masturbeer” (Van Huyssteen, 1998: 4)
103. *tekeregaan* → “gemeenskap hê” (uit die spreektaal)
104. *boudslaan* → “vleeslike gemeenskap hê” (WAT, 1950: 509)
105. *deurdrif* → “gemeenskap hê” (Lubbe, 1970: 397)
106. *byslaap* → “1. Geslagtelike gemeenskap ... 2. Bedgenoot ... 3. Man of vrou met wie iem. saamleef sonder om wettige getroud te wees” (WAT, 1950: 569)
107. *lekkerkry* → “n Orgasme kry” (WAT, 1994: 192)
108. *handviool speel* → “masturbeer” (WAT, 1972: 80)
109. *riemrukker* → “masturbeerder” (Lubbe, 1970: 412)
110. *draadtrekker* → “Masturbeerder” (HAT, 1994: 164)

By woorde soos hierdie is dit nie seker of dit die gevoelens van die hoorder/leser is wat gespaar moet word, en of dit die spreker/skrywer se eie sensitiwiteit en kiewelrigheid ten opsigte van die

aanstootlike sake is wat lei tot die gebruik van die woorde nie. In die meeste gevalle is dit waarskynlik 'n kombinasie van beide redes. Uitdrukkings soos *boudslaan* en *deurdruf* word deur Lubbe (1970: 397) as disfemisties beskou, maar vir hierdie navorser toon die woorde egter nie 'n opvallende **ongunstige** gevoelswaarde nie. Aangesien die uitdrukkings wel verbloemend en ondeursigtig is en terselfdertyd ook 'n mate van geestigheid besit, word dit hier onder welvoeglikheidseufemismes ingedeel.

By bostaande voorbeelde vind ons weereens 'n teenstrydigheid in die illokusie en perlokusie van die uitdrukking. 'n Woord soos *boudslaan* kan gebruik word met 'n **illokutiewe intensie** van verbloeming. Die hoorder kan egter die woord anders ervaar as wat bedoel word. Die perlokutiewe effek van *boudslaan* kan egter disfemisties wees, byvoorbeeld skok, affrontering, walging, ensovoorts. Uitdrukkings soos hierdie, wat bedoel of gebruik word as eufemismes, maar die teenoorgestelde effek bereik, kan **disfemistiese eufemismes** genoem word. Van Huyssteen (1998: 3) maak die volgende waarneming en gevolgtrekking:

“Afhangende van die konteks kan 'n seksuele uitdrukking wat met 'n eufemistiese intensie gebruik word, 'n disfemistiese effek op die hoorder hê. Die taalgebruiker moet dus voortdurend sensitief wees met betrekking tot die konteks waarbinne seksuele uitdrukkings gebruik word ten einde kommunikasie tussen spreker en hoorder te laat slaag.”

Eufemismes vir geslagsake word gebruik om fatsoenlikheidsredes en uit sedelike skaamte. Sekere eufemismes word gebruik vir geslagtelike gemeenskap binne en buite die huweliksband, maar veral vir ongeoorloofde seksuele omgang buite die huwelik is daar 'n groot verskeidenheid verbloemende, dikwels spottende omskrywings. Vergelyk in dié opsig die volgende uitdrukkings vir die daad of gedrag:

- 111. *brandsteek* → “ongeorloofde omgang (hê)” (WAT, 1950: 521)
- 112. *losbandig* → “sedeloos; onsedelik” (HAT, 1994: 628)
- 113. *rondloop* → “om 'n buite-egtelike verhouding te hê” (uit die spreektaal)

Die volgende eufemismes beskryf persone wat by buite-egtelike verhoudings of onwettige geslagsgemeenskap betrokke is:

114. *draadspringer* → “persoon wat 'n buite-egtelike verhouding het; geskeie persoon” (Lubbe, 1970: 398)
115. *horingdraer* → “Bedroë eggenoot (wie se vrou owerspel pleeg)” (WAT, 1972: 405)
116. *loskopdolla* → “Vrou van los sedes; ontugtige vrou” (HAT, 1994: 629)
117. *bywyf* → “Vrou wat met 'n man buite die eg saamlewe” (WAT, 1950: 571)
118. *bysit* → “bywyf” (WAT, 1950: 569)
119. *nagvlinder* → “prostituut” (WAT, 2000: 43)

Ook vir “prostituut”: *aandvlinder, kwaadkat, klamkat, ligtekooi, nagblom*

Welvoeglikheidseufemismes, soos hierbo bespreek, is nie beperk tot slegs die menslike sy van die aanstootgewende sake nie. Ons probeer ook ter wille van fatsoenlikheid om bepaalde woorde wat met potensieel-aanstootlike sake van diere te doene het, te vermy of te verbloem, maar weereens kan daar by die volgende voorbeelde gesien word dat sekere van die woorde 'n perlokutiewe effek mag hê wat teenstrydig is met die illokutiewe intensie van die woorde as eufemismes:

120. *perdevy* → “Bolletjie perdemis” (HAT, 1994: 792)
121. *haaneier* → “(nie alg., eufem.) Hoendermis” (WAT, 1972: 9)
122. *oomskaap* → “ram” (Van der Merwe e.a., 1970: 135)
123. *regmaak* → “(eufem.) Kastreer” (HAT, 1994: 846)
124. *bysit / bybring* → “B/d vroulike diere bring vir kopuleerdoeleindes” (WAT, 1950: 569)
125. *deurloop* → “Dek” (WAT, 1955: 112)
126. *elandsboontjies* → “testikels, veral van skaaplammetjies” (Lubbe, 1970: 424)
127. *wapendraer* → “enige manlike dier” (Boonzaier, 1989: 272)
128. *snuifdraer* → “vroulike (dier)” (Boonzaier, 1989: 272)

Eufemismes soos dié wat in hierdie afdeling bespreek is, word gebruik uit 'n gevoel van skaamte by die spreker/skrywer, om nie aanstoot te gee nie en om die fyner gevoelens van andere in ag te neem. Hierdie soort lekseme word ook gebruik om ligweg die spot te dryf of om ironiese kommentaar te lewer op sake, liggaamsfunksies en liggaamsdele wat deur die meerderheid persone as enigsins onaangenaam, onwelvoeglik of kru beskou word. Die gebruik van hierdie woorde is veral algemeen in die omgewing van kinders, om nie die onskuld van die kind onnodig

te skend nie. Baie persone gebruik dan eerder omskrywings wat, hoewel self moontlik kru en tot 'n sekere mate disfemisties, ten minste wel verbloemend is.

7.2.4 Eufemismes gebruik ter wille van beleefdheid

Beleefdheidseufemismes sluit aan by die omskrywende uitdrukkings van die vorige afdeling. **Welvoeglikheidseufemismes** word primêr gebruik om nie aanstoot te gee nie, en om die norme van 'n fatsoenlike gesprek te handhaaf, terwyl **beleefdheidseufemismes** hul ontstaan te danke aan mense se versigtigheid, hoflikheid of onsekerheid. Beleefdheidseufemismes kan ook soos volg omskryf word:

“Eufemismes van hierdie klas vind ons veral ten opsigte van ondeugde en liggaamlike gebreke van die mens. Die verbloemende uitdrukking versag die voorstelling, hoewel dit die gewenste begripsassosiasie opwek. Ons wil slegs die kans verminder om andere se gevoelens te kwets.” (Botha, 1934: 13)

Verwysings na enige swakhede en gebreke, veral liggaamsgebreke en ander eienaardighede, word liefers vermy of minstens verbloem, net soos direkte verwysings na siektes (reeds bespreek). Soms word daar ook van beleefdheidseufemismes gebruik gemaak om woorde wat as effens kras of onbeleefd opgeneem kan word, te vermy in 'n sekere situasie. Vergelyk die volgende:

- 129. *hardhorend* → “dowerig” (HAT, 1994: 345)
- 130. *oorgewig* → “vet” (GAS, 1995: 244)
- 131. *buikdienaar* → “Persoon wat graag lekker eet, wat hom dikw. ooreet ... gulsigaard, vraat” (WAT, 1950: 549)
- 132. *ondergronds* → “onwettig” (HAT, 1994: 723)
- 133. *grootpraat* → “Spog” (HAT, 1994: 319)
- 134. *windmaak* → “grootpraat” (GAS, 1995: 470)
- 135. *storiendraer* → “klikbek ... (ver)klikker” (GAS, 1995: 363)
- 136. *loslippig* → “geneig tot ... skinder, [om] vertroulikhede oor te vertel of kwaad te praat” (HAT, 1994: 396)
- 137. *hanglip / dikmond* → “dikbek” (WAT, 1955: 177)

Dit is byvoorbeeld meer hoflik en taktvol om iemand te beskryf as *oorgewig* en *hardhorend*, as *vet* en *doof*. Om te sê iemand is besig met *ondergrondse* aktiwiteite klink meer misterieus en terselfdertyd minder krimineel, as om die onverbloemde woord *onwettig* te gebruik. Met behulp van beleefdheidseufemismes “word alles verbloem wat sedelik algemeen afgekeur word” (Lubbe, 1970: 236), soos onder andere oneerlikheid, bedrog en diefstal. Vergelyk die volgende woorde wat spesifiek te doene het met **leuentaal**:

- 138. *spekskiet* → “(by)jok, ... (by)lieg, grootpraat” (GAS, 1995: 347)
- 139. *oordryf* → “byjok, bylieg, grootpraat, spekskiet” (uit die spreektaal)
- 140. *voortborduur* → “byjok, spekskiet” (uit die spreektaal)
- 141. *boksprong* → “Allerhande ekskuse maak om uit 'n moeilikheid te kom” (WAT, 1950: 476)
- 142. *toljan* → “(leuen); 'n grappige of volksetimologiese vervorming van Eng. *tall yarn*” (Lubbe, 1970: 339)
- 143. *blomskoot* → “(iron.) 'n Leuen” (WAT, 1950: 656)
- 144. *tweegesig* → “verraaier, opportunist, huigelaar” (uit die spreektaal)
- 145. *storieverteller* → “leuenaar” (GAS, 1995: 363)
- 146. *spekskieter* → “grootbek” (GAS, 1995: 348)

Die lis van leuenaars en bedrieërs word ook ter wille van beleefdheid of versigtigheid op die volgende maniere omskryf:

- 147. *deurtrapte* → “Listig, geslepe, ervare in kwaaddoen” (HAT, 1994: 144)
- 148. *agterbaks* → “skelm; in die geheim, agter iemand se rug” (HAT, 1994: 32)
- 149. *uitgeslape* → “Listig, slim, slu, skelm” (HAT, 1994: 1 120)
- 150. *onderduims* → “Agterbaks, skelm” (HAT, 1994: 723)

Dit is duidelik dat hierdie sake nie “aanstootlik” is in die ware sin van die woord soos die sake in die vorige afdeling oor welvoeglikheidseufemismes nie. Tog is eufemismes geskep vir hierdie begrippe, en die rede hiervoor is omdat die taalgebruiker vrees om onhoflik voor te kom, iemand onnadenkend in die gesig te vat of sleg te laat voel. As daar byvoorbeeld vir iemand gesê word dat hy *spekskiet*, sal die persoon waarskynlik nie beledig voel nie, terwyl dit wel die geval sal wees as daar reguit vir hom gesê word dat hy *lieg*. Daar kleef dus 'n negatiewe, onaangename gevoelswaarde aan woorde soos *lieg*, *listig* en *slu* asook benamings soos *skelm*, *verraaier*,

leuenaar, ensovoorts, sodat daar gebruik gemaak word van allerlei verbloemingsuitdrukkings om hierdie sake te benoem. Om dieselfde redes word eksplisiete woorde soos *bedrog pleeg* of *bedrieg* vervang deur figuurlike taal, wat die sake minder ernstig uitdruk:

151. *uitoorlê* → “Op 'n slim, slinkse wyse die oorhand kry oor ...” (HAT, 1994: 1 126)
152. *onderkruip* → “d.m.v. onderhandse metodes benadeel, verdring of tot 'n val bring” (WAT, 2000: 371)
153. *onderdeurspring* → “Fop, bedrieg, kul” (HAT, 1994: 723)
154. *koudlei* → “op 'n slinkse manier kul, bedrieg” (WAT, 1991: 34)
155. **Ook vir “bedrieg”:** (*iemand*) *inloop, inklim, inruk, insit, insluk, intrek, insleep, aanloop, omloop, omverloop, omstoot, toesit, toetrap, toetrek, toesleep, toestek, uittrek, uitlig, uitsit, vaskeer, vastrek, voorspring, inspan, blinddoek, pypkan, doodspring, doodsit, droogsit, dronkslaan, rysmier*

'n Ander afkeurenswaardige saak wat verband hou met bedrog, en wat op soortgelyke wyse met handskoene aangepak word, is diefstal. Die volgende eksosentriese komposita tree op as verbloemings in verband met **diefstal**:

156. *langvingers (hê)* → “steel” (uit die spreektaal)
157. *klaviervingers (hê)* → “steel” (Lubbe, 1970: 337)
158. *langhand* → “Geneig om te steel” (WAT, 1994: 89)
159. *verdonkermaan* → “Verduister; ... steel” (HAT, 1994: 1 167)
160. *vaslê* → “(stud.) Steel” (HAT, 1994: 1 151)
161. *langvingerig* → “geneig om te steel” (NW, 1988: 286)

In vergelyking met *bedrog* is daar opvallend veel minder verbloemings vir *steel*, en daar is geen eksosentriese komposita gevind wat optree as eufemismes vir spesifiek *dief* of *diefstal* nie. Dit kan moontlik te wyte wees aan 'n ernstiger siening van hierdie sake by mense. Dit is nog moontlik om 'n kullery of bedrog met behulp van eufemismes af te maak as iets wat nie té ernstig of krimineel van aard is nie, maar diefstal bly DIEFSTAL. Dit kan ook wees waarom daar nie soveel eufemismes vir ernstige morele oortredings en misdade soos moord of verkragting bestaan nie (vergeelyk 7.2.3). Eufemismes vir hierdie sake kom wel voor, maar heelwat minder as wat 'n

mens sou kon verwag. Dit wil voorkom asof die mens eerder wegdeins van hierdie onderwerpe en die eksplisiete woorde daarvoor, en dit op geen manier kan goedpraat of versag nie. Daar is dus 'n korrelasie tussen die hoeveelheid eufemismes vir 'n saak en die erns of afkeurenswaardigheid van die saak. Die “ligter” sondetjies soos grootpraat, leuens vertel en bedrog kan nog goedgepraat en verbloem word; daar kan ook 'n mate van amusantheid hierby waargeneem word. Om te steel is al erger, maar kan soms nog tot 'n mate gekondoneer word, terwyl moord, verkragting en selfmoord totaal onaanvaarbaar is, sodat daar op geen wyse verskoning gevind of lig gemaak kan word van hierdie sake nie. Derhalwe is daar baie min eufemismes wat hierdie ernstige morele oortredings benoem of beskryf, en geen wat dieselfde mate van spot toon as die omskrywings vir bedrog nie.

Vervolgens 'n bespreking oor 'n paar sake wat elk met behulp van 'n groot groep beleefdheidseufemismes omskryf word. Die sake wat hier bespreek gaan word is hofmakery, dronkenskap en straf.

Woorde en uitdrukkings wat met die **liefdeslewe**, meer spesifiek die seksuele, te doen het, is reeds bespreek in 7.2.3. Volgens Lubbe (1970: 377) ontwikkel woorde wat met die liefdeslewe verband hou dikwels spoedig “a.g.v. herhaaldelike en dikwels onverfynde gebruik, in 'n pejoratiewe rigting, en dan word ander weer in hulle plek gestel”. So het die woord *vry* 'n ongunstige, hinderlike gevoelswaarde verkry aangesien die geslagtelike daarin versluier lê. Die woord *vry* is egter nog nie werklik taboe nie en word (nog) nie as **onweloweglik** beskou nie, hoewel effens platvloers. Verbloemende omskrywings vir *vry* of die bymekaarwees van verliefdes word eintlik meer ter wille van hoflikheid en versigtigheid gebruik as geselstaalterme:

162. *vlerksleep* → “Die hof maak; na 'n nooi vry” (HAT, 1994: 1 216)

163. **vry**: *opsit, aankap, aanklamp, aanlê* (by), *afsaal, hoekgooi, visvang, katterjag, katterjag, handjie-lê, bladsit, banksit, lê-bank-sit, koudlei, flikflooi, koekeloer, polliedink, poppelaan, trekkebek, njammie-njammie, likkewaanstaan, likkewaanry, likkewaansit, soetlandsit, hoedophang, wakkerbly, goggatik, skaapogies* (gooi), *kalfsoë / grootoë / skaapoë* (maak), *aandskof* (ry), *varkoor* (gooi), *aandklasse* (loop), *voetjie-voetjie* (speel), *akkelpienies* (gooi), *akkeltasdraaie* (maak), *dwarsperd* (ry), *haantjie-haantjie* (speel)

Ligte spot met verliefdes of “vryers” lê opgesluit in die meeste van hierdie omskrywings, soos afgelei kan word uit die geestige element in die meeste van die uitdrukkings. Die volgende gemoedelike sêgoed word gebruik om op skertsende wyse verbloemend te verwys na ander aspekte van hofmakery of vryery. Van 'n vryer kan die volgende gesê word:

164. hy is 'n / hy hou hom: *kalkoenhaan, hoenderhaan, tortelduif, voëlfisant*
 165. hy hou hom / hy hou sy lyf: *maanhaar, wolhaar, konfytpot, knipmes, latjiebeen*

Die vryer se meisie word onder andere genoem:

166. *trekpleister, veervoet, aantrekkingskrag, halsbandjie*

'n Aspirant-vryer het dikwels met mededinging te doen, en as 'n man sy mededinger se hand in die as geslaan het, word die volgende omskrywings gebruik om dit te beskryf:

167. (die mededinger is) *koudgelei, drooggesit, koudgesit, uitgesit, soutsak gesit*

Al die eufemismes hierbo wat te make het met verskillende aspekte van hofmakery toon 'n element van skalkse humor en spot. Die woorde kan egter ook uit beleefdheid, sensitiwiteit of versigtigheid gebruik word om iemand nie in die gesig te vat of in die verleentheid te stel deur té openlik te verwys na iets wat hy/sy as persoonlik, intiem en broos mag beskou nie.

Die Afrikaanse idioom-skat is ontsaglik verryk met 'n besonder groot groep beleefdheidseufemismes wat verband hou met **drank** en **dronkenskap**. Vergelyk die volgende skertsende uitdrukkings:

168. *skaapsteker* → “'n drankie in stilte (ge)neem” (Lubbe, 1970: 299)
 169. *bokmelk* → “Wyn” (WAT, 1950: 475)
 170. *grootpraatdruppels* → “(skerts.) Sterk drank” (WAT, 1957: 466)
 171. *moses-in-die-mandjie* → “Bottel brandewyn, gew. in 'n omhulsel van vlegwerk” (WAT, 1996: 553)

Daar is 'n oorweldigende hoeveelheid gemoedelike omskrywings vir “sterk drank”, veral “brandewyn” en “selfgestookte brandewyn” wat in verskillende bronne waargeneem is:

172. *grapsap, raaswater, rooiwater, hotelwater, huppelwater, sterkwater, malwater, kieliewater, boerelawaaiwater, spraakwater, trooswater, kwaaiwater, hardewater,*

kookwater, vuurwater, warmwater, boerblits, kafferblits, voerblits, perskeblits, kettingblits, gooiblits, Keimoesblits, witblits, witklip, withond, bokgal, dop-en-dam, perskebrand, doringdraad, hakiesdraad, hardehout, klippie-met-damwater, kliphout, helsop, helsap, helvuur, helwater, raasbek, tiermelk, kasaterwater, kareelat, kareedou, slingersous, slingerolie, bobbejaantrane, dikvoet, slanggif, brandvoetjie, ghwaapsous, vaaljapie, blouperd, boegoebelaar, palmietsop, jandoedel, Jan-se-hand, driemaaldeer

Ook vir “wyn” bestaan daar talle benaminge in die geselstaal:

173. *kromhoutsap, druiwesop, kromhoutsop, beesbloed, osbloed, bokbloed, hoenderbloed, bokmelk, akkedisolie, een-pond-een, Here-pik-my (volksetimologies uit Jerepigo)*

Besonder humoristies is die volgende benamings vir “sterk drank”, veral “brandewyn” uit Lubbe (1970: 293-299):

174. *brandebiertjie, hanepootekstrak, Boland-sous, pa-ja-vir-ma, rinneweersappies, huismoles*

In kroegtaal heet verskillende soorte drank en mengeldrankies onder andere:

175. *kerkvenster* → “n glasie kwart met brandewyn en verder water” (Lubbe, 1970: 293)
 176. *kraanwater* → “kleurlose drankie soos wodka en jenewer” (Lubbe, 1970: 299)
 177. *mooimeisie* → “Drankie gemaak van 2 dele brandewyn en 1 deel suiker en met suurlemoenblare gegeur” (WAT, 1968: 77, s.v. “juffertjie-in-die-groen”)
 178. *groenmamba* → “Pepermentlikeur” (HAT, 1994: 312)
 179. *jangroentjie* → “Pepermentlikeur” (WAT, 1968: 29)
 180. *half-om-half* → “n drankie bestaande uit die helfte bier en die helfte limonade” (HAT, 1994: 333)
 181. *juffertjie-in-die-groen* → “Drankie gemaak van brandewyn en suiker” (HAT, 1994: 471)

Al hierdie benamings vir sterk drank en soorte drankies is eufemisties van aard aangesien dit gebruik word om die woord *drank* te vermy. Dit is wel so dat van hierdie benamings ietwat kru

is, en moontlik dalk juis die negatiewe aspekte van sterk drank en drankmisbruik beklemtoon, vergelyk *helsop*, *helwater*, *malwater*, ensovoorts. Die woorde is egter in die eerste plek **skertsend** van aard, en tweedens word die benamings versag deur die woord *drank* te vermy, selfs net as 'n stam binne hierdie samestellings, of dit te vervang deur 'n verwysing na ander “onskuldiger” vloeistowwe, soos *water*, *melk*, *sop*, *sap*, *bloed*, *druppels* en selfs nie-vloeistowwe soos *blits* en *perd*. Verder word die semantiese ondeursigtigheid van die eksosentriese komposita hier gebruik om die aandag verder weg te lei van die begrip “sterk drank”. Vergelyk ook die volgende:

182. **sopie:** *dagbrekertjie*, *hartversterkertjie*, *hartversterkinkie*, *ottermaklottertjie*, *regmakertjie*, *regrukkertjie*, *opkikkertjie*, *skrikmakertjie*, *tweevingertjie*, *blymakertjie*, *afsakkertjie*, *keelnatmakertjie*, *keelspoeling*, *kopskoot*, *brandasem*

In hierdie eufemismes word dieselfde middels tot verbloeming gevind as in die eufemistiese benamings vir sterk drank: humor, die afwesigheid van ondubbelsinnige stamme soos *drank* of *sopie*, en die gebruikmaking van eksosentriese komposita, eerder as semanties deursigtige woorde. 'n Ekstra graad van versagting word verder teweeggebring deur middel van **diminutivering** van die eksosentriese komposita en die algemene gebruik van *ou* voor die verkleinwoorde, byvoorbeeld “Gee my 'n *ou dagbrekertjie*” of “Ek is lus vir 'n *ou hartversterkertjie*”. Die woorde kan wel in die onverkleinde vorms ook optree as eufemismes, maar die verkleinde vorms is veel meer effektief in hul funksie as verbloemingsmiddele. Dus, die eufemistiese illokusionêre krag van byvoorbeeld (*ou*) *regmakertjie* en (*ou*) *tweevingertjie* is sterker as die onverkleinde vorme *regmaker* en *tweevinger*.

In aansluiting by bostaande woorde is daar 'n verdere groep eksosentriese komposita wat verskillende aspekte soos dronkenskap, babelas, dronk persone en kroë op geestige wyse probeer verbloem. Een rede vir die groot verskeidenheid eufemismes wat verband hou met hierdie sake is die afkeuring van drankmisbruik in 'n beskaafde samelewing, maar andersyds lyk dit asof daar bloot vrye teuels gegee is aan die volkshumor om die spot te dryf met besopenes:

183. *kelderkoors* → “drankmisbruik” (GAS, 1995: 78, s.v. “drankmisbruik”)
 184. *getewater* → “Effens besope” (WAT, 1957: 202)

185. *blouduiwels* → “Erge graad van dronkenskap; horries” (WAT, 1950: 450)
Ook vir “dronk”: *aangeklam, hoenderkop, kiepkop, vuurwarm, topswaar, loodoog, halfgaar, swaarhoofdig, mooilyf, loslyf, lekkerlyf, vuurbek, gebalsemkopiva, natgegooi, kromskop, hoogstukkend, hoogwater, hoogaan, goedgeswael, pypstop, seervoetjies, rondevotjies, stroopkop, sewe-en-'n-half, een-en-'n-driekwart, hande-agter-die-rug, wingerd-ver heen*
186. *Bacchusfontein* → “(skerts.) Kantien of ander drinkplek waar sterk drank verskaf word” (WAT, 1950: 315)
Ook vir “kroeg / kantien”: *krymekaar, souskombuis*
187. *nathals* → “Iem. wat alkoholiese drank misbruik” (WAT, 2000: 71)
Ook vir “drinker”: *brandewynvlieg, brandewynpens, brandewynswik, dronklap, drinkpens, elmboogligter, kantienlêer, kantienloper, wynsak, wynneus, wynvlieg, kroegvlieg, kroegloper, dopsteker, rubberman, drinkebroer, bottelbaba, koekneus, woestynkind, droëlewer, kantienbesem*
188. *haarpyn* → “Onaangename gevoel na 'n oormatige drinkery; babelaaas” (HAT, 1994: 328)
Ook vir “babelaaas”: *wingerdgriep, dikkop, drankkop, dronkverdriet, nadors, nafees, kelderkoors, kromhoutkoliek, druiwestuipe, braksiekte, katogies, rooirantjies-oë*

Al hierdie eksosentriese uitdrukkings wat drank, dronkenskap, en verwante sake op 'n geestige wyse benoem, vorm deel van die informele geselstaal en maak in baie gevalle deel uit van 'n sekere dialek of sosiolek. Hoewel woorde soos *dronkverdriet, hoenderkop, kroegvlieg* en *dronklap* op die oog af dalk nie lyk soos eufemismes nie, is die woorde tog verbloemings van die eksplisiete woorde *babelaaas, dronk* en *drinker*, veral omdat 'n amusante noot aangeslaan word. Die spot word gedryf met dronkenskap en die nagevolge daarvan, asook met persone wat in hierdie toestande verkeer. Deur eerder die geestige omskrywings vir die eksplisiete woorde te

gebruik, word daar “versagtend, verontskuldigend, vergoeilikend in(gewerk) op die omstanders” (Lubbe, 1970: 262). Let ook op die verskil tussen byvoorbeeld *dronklap* as versagter en *suiplap* as versterker.

Ten slotte nog die volgende tekenende uitdrukkings vir “drink” of “sterk drank gebruik” waar die drankbottel gepersonifieer word in eksosentriese skeppings, ter wille van verbloeming en veral humor:

189. *langnekkaatjie* → “Bottel sterk drank” (WAT, 1994: 92)
190. *langnekkaatjie soen, kromnekkaatjie soen, langnek-susie soen, swartgiet soen, kurkhoedmannetjie soen, na die dunnektannie vry*

'n Verdere groot groep versagtende beleefdheidseufemismes het te doene met **bakleiere** en **straf**, veral lyfstraf. Vergelyk die omskrywings vir “slaan”:

191. *opdots, deurdruf, deurloop, afstof, afpoeier, afransel, opfieks, uitklop, oorveeg / oorkonkel gee*

Hierdie omskrywings kan gebruik word vir “slaan” as lyfstraf en ook vir 'n bakleiere. Die volgende woorde het meer te doene met “slaan” as 'n vorm van lyfstraf:

192. *siepsopbraaiboud, siepsous-en-braaiboud, streepsuiker, help-my-druppels, (laat) touspring, (laat) riemspring, (laat) bokspring, stertpeper, kopdokkie (gee)*

Beide bostaande groepe woorde word gebruik uit beleefdheid in 'n gesprek, waar dit aanstoot kan gee om direk te verwys na 'n bakleiere of lyfstraf (veral met die hedendaagse afkeer in en afkeur van enige vorm van lyfstraf). Die verbloemings vir lyfstraf word ook gebruik om die straf makliker te maak vir die kind. Ter illustrasie die volgende twee voorbeeldsinne:

193. Vanaand kry jy 'n *pak slae!*
194. Vanaand kry jy *siepsopbraaiboud!*

Die eerste klink meer na 'n dreigement, terwyl die tweede uiting met sy element van humor en verbloeming van die ware saak minder verskrikking inhou vir die kind. Natuurlik weet die kind wel waarvan gepraat word, maar die gebruik van die versagtende uitdrukking mag (hopelik) 'n aanduiding wees van 'n ligter straf! En selfs al sou die straf presies ewe erg wees, dui die tweede

uiting 'n opvallend **sagter** houding teenoor die bestrafde aan, en in die aanhoor van die eufemisme kan die bestrafde dit ook agterkom en daaruit gerusstelling put. Wat straf betref is dit nie net lyfstraf wat die skepping en gebruik van eufemismes ontlok nie, maar ook mondelingse straf:

195. **berispe:** *aanspreek, aanpraat, aanpak, optrek, afkam, afhaal, vastrap, vasvat, bandvat, voorkry, kortvat, roskam, insê, invryf, invlieg, invaar, insout, inpeper, inklim, inseep, lossteek, slegsê, taaisê, teregwys, uitbesem, uitbrand, uittrap, uitkryt, uitvreet*

Op soortgelyke wyse vermy die taalgebruiker woorde soos *kwaad* en *ontsteld*, ten gunste van geestiger uitdrukkings soos die volgende:

196. *omgekrap, omgeëllie, omgesukkel, omgesukkeld, omgepluk, opgeruk, dikmond*

As **kwantiteit** as maatstaf gebruik kan word, is dit duidelik uit hierdie groot hoeveelheid woorde dat die taalgebruiker wegstrem van die gebruik van 'n onverbloemde term soos *berispe* of *raas*, net soos *drank*, *dronk* en *drinker*. Weereens, selfs al mag sekere van die alternatiewe uitdrukkings soos *slegsê* en *uitvreet* op die oog af lyk asof dit die handeling van “berispe” eerder sterker en meer onaangenaam uitdruk, is die woorde steeds verbloemings. Die gebruik van *berispe* en *raas* (*met*) dui op 'n saaklike, ernstige, onpersoonlike houding in die spreker, terwyl die gebruik van die verbloemings oor die algemeen 'n tikkie humor aan die situasie verleen. Die geestigheid word in baie gevalle versterk omdat daar met die gebruik van eksosentriese samestellings die beeld opgeroep kan word van die letterlike, deursigtige betekenis van die woord, byvoorbeeld iemand wat met 'n roskam besig is om die aangesprokene letterlik te *roskam* asof hy 'n perd is.

'n Sekere groep uitdrukkings tree op as **algemene eufemismes**. Hierdie uitdrukkings is baie vaag, sodat dit feitlik enige betekenis kan aanneem en enige plat, onfatsoenlike of onbeleefde uitdrukking kan vervang:

197. *so-en-so* → “een of ander dinges” (HAT, 1994: 971)
198. *dit-en-dat* → “soortgelyk aan *so-en-so*” (uit die spreektaal)
199. *watsenaam* → “Benaming vir iets of iemand waarvan of van wie die spreker nie die naam kan onthou nie *of nie wil gebruik nie*” (HAT, 1994: 1 266, my beklemtoning)

200. *watsegoedgeid* → “Naam vir 'n saak, toestand, eienskap, gesindheid, ens. wat 'n mens gebruik as hy nie op die oomblik die presiese naam kan onthou of wil gebruik nie” (HAT, 1994: 1 266)

Dié woorde kan optree as soortnaamwoorde, eiename, werkwoorde, adjektiewe, bywoorde ensovoorts. Dit kan in weklikeheid enige woord, uitdrukking of frase vervang, soms omdat die spesifieke, korrekte uitdrukking nie onthou kan word nie, maar dikwels ook as 'n verbloemende omskrywing vir iets wat die spreker/skrywer eerder nie by die naam wil noem nie. Dit is veral gewild vir gebruik as vervangings van vloek- en skeltaal, sowel as enige onweloweglike uitdrukkings. Die gebruik van so 'n omskrywing is gewoonlik ook geestig en hierdie geestigheid kan uitgebuit word deur (onnodig) baie daarvan te gebruik, sodat die omskrywings later die aard van ekspletiewe of stopwoorde aanneem. Ter illustrasie die volgende eufemistiese sin, met twee moontlike bron-sinne waarvoor dit as omskrywing sou kon dien:

201. ***Watsenaam*** sal die ou *so-en-so-se watsegoedgeid* nog *dit-en-dat*!

- *Jan* sal die ou *bliksemse drol* nog *opdonder*! ('n Onweloweglike, aanstootlike uiting.)
- *Die polisie* sal die ou *skelm gemors* nog *arresteer*! ('n Onversigtige, onbeleeftde uiting.)

'n Uiting soos bostaande sin kan dus wyduiteenlopende betekenis dra, afhangende van watter woorde die eufemismes in 'n gegewe situasie vervang. So 'n uiting kan natuurlik ook met opset dubbelsinnig en/of misleidend gebruik word deur die spreker, of dit kan met opset verkeerd verstaan en opgeneem word deur die hoorder.

Verskillende grade van **geestigheid** kan waargeneem word by feitlik al die eufemismes wat in hierdie afdeling genoem is, behalwe by die verbloemde benamings vir God en sekere uitdrukkings wat te doene het met die dood, begrafnis en ouderdom. Dit is daarom duidelik dat “versagting” as sulks nie die enigste funksie van die eufemisme is nie. Eufemisme is eerder **verbloeming**, 'n vorm van beeldspraak wat voorkom in enige geval waar die naam van 'n saak of verskynsel doelbewus vervang word deur 'n woord wat enigsins verdoeselend is. Deur herhaalde gebruik word enige eufemisme noodwendig deursigtig en is dan nie werklik meer 'n verbloeming van die saak nie. Weekley beskryf dit só: “A euphemism is doomed from its birth” (De Villiers, 1976:

15). Die gevolg hiervan is dat nuwe verbloemende omskrywings telkens opnuut geskep moet word, om die ou, afgesaagde uitdrukkings te vervang as geskikte eufemismes met 'n effektiewe versagtende illokusionêre krag. Hieraan het die proses van eufemisme-skepping sy produktiwiteit te danke.

Eksosentriese komposita, wat *per se* semanties ondeursigtig is, is uiters geskik om op te tree as eufemismes. Dit is ook maklik en natuurlik om reeds-bestaande samestellings te gebruik as eufemismes vir sake, al is daar geen korrelasie tussen die oorspronklike verskynsel wat deur die woord benoem is en die (onaangename) verskynsel of taboe-saak wat verbloemend benoem word nie. Eufemisme is dus 'n **dinamiese** taalverskynsel, met veral die welvoeglikheidseufemismes en beleefdheidseufemismes wat voortdurend verander, vermeerder of verdwyn.

7.3 Die disfemisme as versterker

Disfemisme is die gebruik van “'n skertsende of ruwe woord of uitdrukking van 'n onaangename of aanstootlike aard ter vervanging van 'n aangener en juister benaming of beskrywing van 'n begrip” (WAT, 1955: 197). Disfemisme word dus aangewend as 'n versterkende modaliteitsmiddel, om sake op 'n kras of aanstootlike wyse uit te druk, of om opsetlik 'n negatiewe beeld van 'n sekere saak te skep. Vergelyk die volgende:

- 202. *duiwelsdrek* → “**1.** Gomhars van skermbloemige plante ... **4.** Volksnaam vir haarlemmerolie” (WAT, 1955: 389)
- 203. *gatskuur* → “rondry” (uit die spreektaal)
- 204. *opvreet* → “duld” (GAS, 1995: 252)
- 205. *muispis* → “Fyn motreën” (WAT, 1996: 578)
- 206. *soustannie* → “vet vrou” (NW, 1988: 477)

“A **dysphemism** is an expression with connotations that are offensive either about the denotatum or to the audience, or both, and it is substituted for a neutral or euphemistic expression for just that reason” (Allan & Burridge, 1991: 26). Disfemismes en eufemismes lê dus aan weerskante van 'n neutrale woord of uitdrukking, met disfemisme as draer van negatiewe affek, en eufemisme as draer van positiewe, of ten minste versagtende affek.

Disfemisme kan verder gedefinieer word as 'n uiterste reaksie teen pedantiese, hoogdrawende of deftige taalgebruik, met positiewe, sowel as negatiewe gevolge. In sommige opsigte kan disfemisme beskou word as 'n goeie middel om die geselstaal kleurvol en genotvol te maak, en word daarvan gebruik gemaak om die taalgebruiker te bevry van die stremmende styfheid van hoogdrawende taal. Vergelyk die volgende kleurvolle eksosentriese komposita:

- 207. *bekstuk* → “(plat) Mond” (WAT, 1950: 363)
- 208. *spookpis* → “Q20, vloeibare olie” (uit die spreektaal)
- 209. *dreungat* → “Spoggerig, windmakerig; grootpraterig, astrant” (WAT, 1955: 312)
- 210. *hoëhol* → “trots (Bolandse Afrikaans)” (Boonzaier, 1989: 252)
- 211. *jakkalspis* → “Jakkalsreëntjie” (WAT, 1968: 20); “Ligte reëntjie met sonskyn daarby ... motreëntjie” (HAT, 1994: 464, s.v. “jakkalsreëntjie”)
- 212. *hondehel* → “Kaal vlakte, gelyk wêreld” (WAT, 1972: 362)

Hoewel bostaande woorde plat of onfyn is en geensins in formele gespreksituasies tuis hoort nie, kan die optimale beskrywende en kleurvolle aard van hierdie eksosentriese samestellings nie misken word nie. Tekenende plant- en diername met 'n plat of kru stam soos die volgende kom ook voor:

- 213. *strontjaer* → “strontvoël” (AE, 1967: 621)
- 214. *perdepis* → “Knoppiesdoring” (HAT, 1994: 792)
- 215. *kaalgatjies* → “Volksnaam vir *viooltjies*” (WAT, 1968: 97)
- 216. *snotterbel* → “Soort waterplant” (HAT, 1994: 968)
- 217. *perdepram* → “Boom met knopperige stam” (HAT, 1994: 792)
- 218. *katstertkarelpoep* → “knolplant *Antholyza ringens*, hanekam” (WAT, 1968: 436)

Eksosentriese komposita soos bostaande het 'n negatiewe konnotasie, of verwoord sake en situasies wat as negatief ervaar kan word, al is dit nie werklik disfemisties nie. Andersyds word daar in baie gevalle 'n gevoel weerspieël van “minagting vir die maatskappy se begrippe van fatsoen en sedelikheid” (Lubbe, 1970: 52), soos by die volgende:

- 219. *dikpens / boepens* → “Wat gevorderde swangerskap toon” (WAT, 1955: 177)
- 220. *kruywa-stoot* → “verwagting wees” (uit die spreektaal)

By bostaande voorbeelde is die sake wat deur die disfemismes benoem word neutraal, sonder enige negatiewe konnotasie. Deur middel van die disfemismes word die sake egter versleggend, verergerend of veronaangenamend uitgedruk. Die woorde word dus **pejoratief** gebruik, dit wil sê “[o]ngunstig van betekenis” (HAT, 1994: 789). Disfemismes word veral ook gebruik om begrippe wat reeds 'n **negatiewe konnotasie** het, nóg slegter en meer aanstootlik uit te druk, soos in die volgende voorbeelde waargeneem kan word:

- 221. *hondestront* → “uiters onaangename moeilikheid” (WAT, 1972: 365)
- 222. *gatslag* → “ramp, katastrofe, doodhou” (uit die spreektaal)
- 223. *kaalgat* → “doodarm; sonder besittings” (NW, 1988: 234)
- 224. *gatvol* → “buikvol, kwaad, vies” (GAS, 1995: 97)
- 225. *omgemoer* → “(plat; minder gebruiklik) Omgekrap” (WAT, 2000: 296)
- 226. *gatkant-vorentoe* → “verkeerd, verkeerd-om” (uit die spreektaal)
- 227. *kakdroogmaak* → “pejoratief vir *droogmaak* of *aanjaag*” (uit die spreektaal)

Negatiewe disfemiese antwoorde op 'n begroetingsvraag is algemeen:

- 228. *gatkraak* → “(plat) I/d uitdr. *dit sal gatkraak gaan*, baie moeilik, broekskeur gaan” (WAT, 1957: 43)

Ook: *broekskyt, balledruk, skyt-skyt*

Sake wat met die seksuele te doene het, “tabboed bodily organs, bodily effluvia, and sexual behaviors” (Allan & Burrige, 1991: 28) word dikwels met disfemistiese terme en uitdrukkings benoem. Hoewel die taboewoord of -saak vermy of ten dele verbloem word, is die rede hiervoor nie altyd kiesheid nie, maar juis die begeerte om te skok of te prikkel. Die bekende of meer neutrale term word ontwyk en “met kwaaijongagtige genoegdoening” (Lubbe, 1970: 396) vervang deur 'n ruwe, plat disfemisme. Hierdie soort eksosentriese komposita funksioneer dus **prediserend**, “om die spreker of hoorder se oordeel of houding uit te druk” (De Villiers, 1976: 98). Die houding wat weerspieël word in die volgende woorde is negatief, veroordelend en neerhalend:

- 229. *hoerekas* → “bordeel” (GAS, 1995: 125)
- 230. *hoerdop* → “Kind buite die eg gebore” (WAT, 1972: 329)

'n Duidelike verskil kan byvoorbeeld waargeneem word in die spreker se siening van en houding teenoor 'n buite-egtelike kind, soos dit weerspieël word in sy woordkeuse tussen die eufemisme *liefdeskind*, teenoor die disfemisme *hoerdop*. Disfemismes word dus gebruik vir “things one wishes to show disapproval of, and things one wishes to be seen to downgrade” (Allan & Burrige, 1991: 27). Soortgelyk hieraan is die volgende voorbeelde van onweloweglike taal wat weer te make het met sekere liggaamsdele en die sogenaamde laer liggaamsfunksies:

231. *gatkruip / gatlek* → “(plat) Iem. se guns probeer verwerf deur walglike, kruipende vleierey en gedienstigheid” (WAT, 1957: 43)
232. *poepketel* → “toilet” (Lubbe, 1970: 441)
233. *gatvel* → “'n baar naturel” (WAT, 1957: 44)

Sekere disfemismes is ware **vulgarismes**, dit wil sê vulgêre uitdrukkings “wat nie deur welopgevoede mense gebruik word nie” (HAT, 1994: 1 251). Sterk disfemismes is volop in die taal van die laer sosiale klasse, in agterbuurttaal en sleng, asook in sekere sosiolekte wat veral deur jongmense en/of mans gebruik word, soos studentetaal, tienertaal, asook weermagtaal, seemanstaal en boewetaal. Vergelyk die bespreking van hierdie sosiolinguistiese variëteite in hoofstuk 8. “[I]t is apparent that the use of taboo terms in epithets and expletives is sometimes a display of macho - a sign of masculinity” (Allan & Burrige, 1991: 119), wat veroorsaak dat disfemisme in 'n sekere sin ook beskou word as mannetaal. Coetsee (s.j. 10) beweer dat die vrou se “senustel baie sensitiewer is as dié van 'n man en hierdie eienskap kom tot uiting in [haar] taal”. Die veralgemenende opmerking gevolglik gemaak word dat dit blyk asof mans meer geneig is tot die gebruik van disfemistiese uitdrukkings, terwyl vrouens oor die algemeen meer geneig is om eufemismes te gebruik.

Eksosentriese komposita maak 'n groot deel uit van die disfemisme-woordeskat. Net soos by eufemismes, is dit natuurlik vir die taalgebruiker om alternatiewe benamings (hetsy versagend of versterkend) te skep deur bestaande woorde saam te voeg. By disfemismes word daar veral gebruik gemaak van bestaande plat, vulgêre of onfatsoenlike taboe-stamme wat dan gekoppel word aan ander stamme om doelbewus aanstootlike samestellings met 'n **versterkende affek** te skep. Aanstootlike woorde en skelwoorde wat uiters algemeen as stamme voorkom in disfemisme-samestellings, is die volgende: *pis*, *gat*, *snot* en *hoer*. Vergelyk die volgende:

234. *dreungat* → “Spoggerig, windmakerig; gootpraterig” (WAT, 1955: 312)

235. *boerdonders* → “Benaming vir sterk, swaar, growwe stewels of boerskoene” (WAT, 1950: 466)
236. *hoerejong* → “reël wat slegs ten dele gevul is bo aan 'n bladsy of kolom, iets wat as 'n lelike tipografiese fout beskou word” (WAT, 1972: 329)
237. *snotpsalm* → “gekerm, geskreeu, jeremiade” (GAS, 1995: 341)

Sekere eksosentriese komposita kan as disfemismes geklassifiseer word na aanleiding van die teenwoordigheid van sensitiewe taboe-woorde of “rassismes”, soos *kaffer-*, *-hotnot* en *-meid-*, wat as kwetsend en aanstootlik deur sekere rasse en etniese groepe beskou word:

238. *handhotnotjie* → “Handwortelbeentjie” (WAT, 1972: 73)
239. *oumeid* → “neerhalend; t.o.v. manlike persone” (WAT, 2000: 871)
240. *kafferbal* → “Eiervrug” (WAT, 1968: 129)
241. *kafferhond* → “(veroud.) Benaming vir 'n kakkerlak” (WAT, 1968: 131)
242. *kafferalmanak* → “Naam ... vir *Haemanthus katharinae* of ... bloedblom” (WAT, 1968: 129)
243. *kafferhulp* → “Enigeen van verskeie v/d groter soorte *Hypoxis* ... met tulpagtige blomme” (WAT, 1968: 137)
244. *kaffervadoek* → “Vadoekplant” (WAT, 1968: 137)
245. *kafferblits* → “Goedkoop, soet lekkergoedklontjies” (WAT, 1968: 129)
246. *kaffertjie-onder-die-kombers* → “[soort gereg] Minder algemeen vir *oumeid-onder-die-kombers*” (WAT, 1968: 137)

Daar word tans beleefdheidshalwe gepoog om sensitiewe uitdrukkings soos hierdie, wat as aanstootlik ervaar word deur sekere rasse, te vermy of te vervang deur eufemismes. In sommige gevalle waar die aanstootlike woorde nie neutrale eweknieë het nie, word sulke woorde geskep, en word taalgebruikers aangemoedig om die eufemismes te gebruik uit sensitiwiteit teenoor andere. In kontemporêre leksikografiese werke word hierdie soort woorde of uitdrukkings geëtiketteer as “rassisties” of “tans as rassisties aangevoel”, om die aandag daarop te vestig dat die woorde liefs vermy behoort te word. Vergelyk ook die bespreking van die riglyne by die opname van “rassismes” in die WAT in afdeling 4.9.

Disfemismes word dikwels gebruik om die spot te dryf met iets of iemand, of om die aandag te vestig op die lagwekkende van 'n sekere situasie. Daarom is disfemismes dikwels snaaks en lagwekkend, soos bostaande voorbeelde, selfs al krimp 'n deel van die hoorder ineen van skaamte of ongemak oor die kru, spottende, kwetsende en onsensitiewe woordkeuse van die spreker.

Disfemistiese skelname word opsetlik in die plek van neutrale woorde gebruik ter wille van 'n versterkende affek. Die volgende woorde word gebruik as algemene disfemistiese skelwoorde wat spreek van uiterste veragting, haat of hoon:

- 247. *moerskont* → “growwe skelw.” (AE, 1967: 427)
- 248. *broekskyter* → “(plat) Niksbeduidende persoon, wat bv. grootpraat en baie lafhartig is” (WAT, 1950: 533)
- 249. *swynhond* → “Gemene vent; skurk – veral as skeldwoord” (HAT, 1994: 1 059)
- 250. **Ook:** *drekgogga, luishond, poephol, satanas, hondepatat, hondsvot, helhond, dondersteen, donderskind, galgaas, jan-drel, kakjas, kakbalie, kafferluis, moerhond, peskop, smeerlap, smeerkanis, snotkop*

Volgens Allan en Burrige maak taboe-uitdrukkings “goeie”, dit wil sê, **kragtige** disfemistiese skelname uit, vir dieselfde rede as waarvoor dit as treffende beledigings gebruik kan word, naamlik “using taboo terms – whether for insult, as epithets, or expletives – is to savor Hearer’s adverse reaction” (1991: 118). Met behulp van hierdie woorde word dus 'n definitiewe skokreaksie by die hoorder(s) en aangesprokene ontlok. Sulke invektiewe het dikwels 'n stam wat as platvloers of onwelvoeglik beskou word:

- 251. *pis-in-die-kooi* → “(plat) Kind, persoon wat sy bed nat maak” (HAT, 1994: 799)
- 252. *kak-in-die-kooi* → “Niksbeduidende vent” (WAT, 1968: 149)
- 253. *kranskakker* → “(skerts.) Lid van 'n skiet- of burgerlike kommando” (WAT, 1991: 134, s.v. “kranswagter”)
- 254. *pietsnot* → “onbenullige vent” (NW, 1988: 389)
- 255. *jangat* → “Dom, onhandige sukkelaar” (WAT, 1968: 29)
- 256. **Ook:** *poephol, kakjas, kakbalie, knopgat, snotneus, snotlepel, snotkop, hoerjaer, hoerkind, drolletjiedrie*

Die mees produktiewe plat stam is *-gat-*, wat in 'n groot hoeveelheid onkiese skelname as veral eindstam optree:

257. *strontgat* → “heethoof, iesegrim, knorpot” (GAS, 1995: 367)

258. **Ook:** *asgat, maergat, slapgat, flentergat, banggat, bakleigat, hardegat, draaigat, luigat, krimpgat, kakgat, gomgat, dronkgat, semelgat, stinkgat, vuilgat, gatvlooi, gatvlieg, gatlækker, gatkruiper*

Hierdie growwe skel- en vloekwoorde word gebruik teenoor enigiemand wat 'n spreker wil beledig of uitskel. Alhoewel daar selfs by sekere van hierdie plat invektiewe steeds 'n geestige element bespeur kan word, is die benamings van so 'n growwe aard dat die gebruik daarvan liefste vermy is.

Omdat taboe-woorde soos *moerskont, donderskind* en *poephol* kragtige of treffende disfemismes uitmaak, is dit ook geskik as **ekspletiewe** of stopwoorde. Om die waarheid te sê, “the very fact that a term is taboo may improve its value as autocathartic: the breaking of the taboo is an emotional release” (Allan & Burrige, 1991: 118). Dit is ironies dat juis dieselfde uitdrukkinge wat vermy word as taboe, op die ou end deur persone gebruik word as stopwoorde en tussenwerpsels, en wel deur sommige persone as so 'n integrale deel van hul woordeskat, dat (vir hierdie persone) die woorde se taboe-kwaliteit verbleek en selfs verdwyn. Dis egter onwaarskynlik dat die meerderheid van bostaande skelwoorde in die algemene leksikon van die deursnee-Afrikaanssprekende neutraal gebruik kan word, daarvoor is die woorde eenvoudig té platvloers en intens. Die volgende skelwoorde is minder intens, en kan daarom met 'n meer neutrale en selfs positiewe emotiewe waarde gebruik word:

259. *blikskottel, blikskater, blikslaer, skorriemorrie, windgat*

Hierdie soort benamings, soos *blikskottel*, kan dus ook as eufemismes optree vir die veel kruier terme hierbo, soos *kakgat*. 'n Uiting soos die volgende kan selfs bewonderend gebruik word, in plaas van dat die gebruiklike skelwaarde aan die benaming geheg word:

260. Jou klein *blikskottel*! Jy het dit reggekry!

261. So 'n *windgat*! Hy het sowaar die resies gewen!

Sommige mense vermy die gebruik van woorde wat selfs net 'n klankooreenkoms met disfemistiese uitdrukkings soos bostaande toon. Op dieselfde wyse word samestellings soos *blikskottel* in sekere situasies vermy, selfs in hul gebruik as neutrale endosentriese samestellings, en word voorkeur gegee aan sinonieme soos *skottel* en *sinkskottel*. In ander gevalle weer word sulke dubbelsinnige woorde juis gebruik, “humorously, as a tease” (Allan & Burrige, 1991: 29).

Vreemd genoeg kan **disfemismes** soms ontstaan as **eufemismes**. Eufemismes kan (soos vroeër vermeld) uiters amusant wees, sodat die eienskap van “versagting” afwesig is en die eufemisme eintlik gebruik word om 'n sekere situasie of saak minder ernstig, noodlottig of kras uit te druk. Dit is veral 'n algemene verskynsel by woorde vir sake wat tradisioneel algemeen as onfatsoenlik, onwelvoeglik of “vuil” beskou word, soos liggaamsdele en –funksies en ander sake wat met die geslagtelike verband hou. Vergelyk nou die volgende voorbeelde:

262. *voorosse* → “Borste van 'n vrou” (HAT, 1994: 1 234)

263. *agterosse* → “(... *skerts., plat*) Boude (van 'n mens), stêre” (WAT, 1950: 121)

264. *agterpoort* → “(*skerts., effens plat*) Anus” (WAT, 1950: 122)

Talle disfemismes soos hierdie het 'n **eufemistiese kern**. Die komposita het moontlik ontstaan as eufemistiese omskrywings, maar met verloop van tyd het die woorde as eufemismes afgesaag geword, gewoonlik as gevolg van 'n hoë gebruiksfrekwensie of omdat daar 'n gevoel is dat die woorde verbloemend, maar nie versagter genoeg is nie. Die eufemisme is dan in werklikheid meer suggestief as die oorspronklike woord wat vermy word. Daar moet dan opnuut eufemismes geskep word wat wel aan die nodige vereistes van die taalgebruiker beantwoord.

Eufemismes is veronderstel om sagter, meer fatsoenlike, beleefde of verfynde uitdrukkings te wees as die woord wat dit vervang, terwyl disfemismes onfatsoenlike, onverfynde of platvloerse uitdrukkings is. Wanneer sekere omskrywings egter tot so 'n mate in die taal veralgemeen dat die eufemistiese, versagter inslag daarvan heeltemal verlore gaan, word hierdie woorde wat oorspronklik eufemismes was, later dikwels beskou as “plat” taal wat onvanpas is in die meeste gespreksituasies. Hier het 'n mens te doene met 'n skynbare paradoks, waar die eufemisme, wat by definisie 'n versagter of verbloemmiddel is, nou in plaas van versag, die saak eerder sterker uitdruk.

“Like euphemism, dysphemism is not necessarily a property of the word itself, but of the way it is used” (Allan & Burridge, 1991: 28). In enige situasie is daar sekere woorde waaraan voorkeur gegee kan word, wat dan met 'n eufemistiese illokusionêre krag gebruik word, en ander wat as disfemismes of “dispreferred counterpart(s)” (Allan & Burridge, 1991: 31), liefs vermy behoort te word. Vergelyk die volgende:

265. **doodgaan:** *afklop, afklap, afhaak, afklap, afkerf, afklink, afknip, afraak, afblaker, afklok, uitklok, uitspan*
266. **dood:** *koue-kaiings, klaarpraat, koustêre*

Die mens wil egter nie altyd sy vrees vir die dood, die gevoel van magteloosheid wat dit in hom ontlok, erken nie. Daarom word daar nie altyd met groot respek na die dood verwys nie. In die volgende uitdrukkings word die dood (soos by die doodseufemismes) voorgestel as 'n oord, plek of land. Waar die doodseufemismes egter verhewe en ernstig is, is die volgende voorbeelde platter en ligsinniger:

267. *bokveld toe, Kapaailand toe, Bosveld toe, Grasveld toe, Vaalhang toe, moerland toe, grootklomp toe*

Vergelyk ook die volgende komiese, familiêre beskrywings vir verwante aspekte van die dood, soos die begrafnis, doodskis, ensovoorts :

268. **begrawe word:** *grondbaadjie aantrek, grondkometers aantrek / oorhang, ingespit word*
269. **gekis word:** *kispak aantrek, houtmanel dra, houtbaadjie aantrek, houtjas aantrek, houtpas kry*
270. **doodmaak:** *afmaak, afmaai, afblaker*

Uitdrukkings soos *afklop, uitklok* en *bokveld toe* is moontlik oorspronklik geskep as eufemismes om eksplisiete verwysings na die dood te vermy en dit te versag. Humor is in hierdie uitdrukkings doelbewus aangewend om die onaangenaamheid van die dood te verdoesel. 'n Hoë gebruiksfrekwensie van die uitdrukkings, asook die feit dat daar nie eers die geringste mate van respek vir die dood getoon word nie, lei egter daartoe dat hierdie uitdrukkings juis as aanstootlik en onfatsoenlik geïnterpreteer kan word. Die woorde het dus verander vanaf eufemismes na disfemismes, “die teenoorgestelde van eufemisme” (Van der Merwe e.a., 1970: 135). Ons het

hier te doene met **pejoratiwisering** of **betekenisverslegting**, wat lei na 'n verandering vanaf die een uiterste na die ander uiterste vorm van beeldspraak.

Word 'n sekere uitdrukking soos *bokveld* / *Kapaailand toe* in 'n sekere situasie gebruik om verbloemend na die dood te verwys, byvoorbeeld in die geselskap van kinders, tree die uitdrukking as eufemisme op. Sou dieselfde uitdrukking egter op 'n begrafnis gebruik word, in 'n ernstige, somber situasie, sou dit verseker as ligsinnig, onsensitief, pejoratiwiserend en aanstootlik ervaar word en daarom in die gegewe situasie as disfemisties geklassifiseer kan word.

Dit is dus nie altyd moontlik om 'n sekere woord te klassifiseer as óf 'n eufemisme, óf 'n disfemisme nie. Wat een persoon as 'n verbloemende eufemisme mag gebruik of interpreteer, mag 'n ander persoon dalk as 'n aanstootlike disfemisme aanvoel. Afhangende van verskillende persone se interpretasie van die woorde, kan baie van die eufemisme-voorbeelde in hierdie hoofstuk dan ook beskou word as disfemismes, oftewel “mislukte eufemismes” – as woorde wat dalk hul ontstaan te danke mag hê aan verbloeming en versagting, maar wat nou optree as disfemismes. Die feit dat eufemismes sowel as disfemismes nie-rigiede, veranderlike grense het, en dat vele uitdrukkings beide eufemisties en disfemisties aangewend kan word, afhangende van die situasie, en ook die bestaan van disfemistiese eufemismes en eufemistiese disfemismes, gee selfs aanleiding tot 'n term “**X-femisme**” (Allan & Burridge, 1991: 29) as sambreelterm om die volledige groep te benoem.

7.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is eksosentriese komposita bespreek as woorde wat gebruik word met 'n besondere affektiewe krag. Een van die vernaamste funksies van eksosentriese komposita is die oordra van taalgebruikers se houding teenoor en gevoelens ten opsigte van die sake wat hulle bespreek. Taalgebruikers kan neutrale, positiewe of negatiewe gevoelens ervaar teenoor sekere onderwerpe, wat dan weerspieël word in hul woordkeuses. Daar kan byvoorbeeld gebruik gemaak word van woorde wat 'n versagtende (gewoonlik positiewe) affek het, of woorde wat 'n versterkende (gewoonlik negatiewe) affek dra.

Die **eufemisme** as stylfiguur is bespreek en daar is aangedui dat eufemismes optree as draers van 'n **versagtende affektiewe krag**. Daar is gewys op die geskiktheid van eksosentriese komposita om op te tree as versagtende of verbloemende uitdrukkings, as gevolg van die semantiese ondeursigtigheid van die woorde. Hoewel daar in ons moderne, verligte eeu 'n neiging is om meer openlik oor taboe-sake te praat, sal daar waarskynlik altyd 'n behoefte wees aan die gebruik van eufemismes.

Disfemisme, die teenoorgestelde van eufemisme, is 'n **affektiewe versterkingsmiddel**. Weereens maak die aard van eksosentriese komposita hierdie woorde uiters geskik om op te tree as versterkende of verslegtende disfemismes. Eksosentriese komposita tree dus pejoratief op as modaliteitsmiddele wat deur die taalgebruiker ingespan word om op ekspressiewe wyse uiting te gee aan sy (negatiewe) gevoelens.

Die wens om iets onaangenaams op 'n vriendeliker, aangenamer of sagter wyse te sê, is die oorsaak van 'n belangrike en steeds produktiewe woordvormingsproses. Terselfdertyd ondervind persone die drang om aan hul gevoelens van wrewel, haat, skok of selfs net verrassing uiting te gee, dikwels met behulp van plat, disfemistiese woorde, wat gebruik word juis om te skok en te ontstel. Beide soorte X-femisme-vorming lei tot die voortdurende vernuwing, uitbreiding en verryking van die Afrikaanse leksikon en idioom-skat.

HOOFSTUK 8

GEWESTELIKE EN SOSIOLINGUISTIESE VARIËTEITE

8.1 *Inleiding*

In enige taal kom omvangryke **variasie** voor, dit wil sê die “verskynsel van verskeidenheid binne een taal” (Du Plessis, 1995: 14). Wardhaugh (1998: 5) verklaar hierdie verskynsel soos volg:

“When we look closely at any language, we will discover time and time again that there is considerable internal variation and that speakers make constant use of the many different possibilities offered to them. No one speaks the same way all the time and people constantly exploit the nuances of the language they speak for a wide variety of purposes.”

Die term “**variëteit**” word gebruik om te verwys na “enige vorm van taal wat op meer as een analisevlak sistematies te onderskei is van 'n ander vorm van dieselfde taal” (Du Plessis, 1995: 10). Ook in die Afrikaanse taallandskap kan verskillende variëteite soos **dialekte**, **sosiolekte**, **style** en **registers** waargeneem word as patroonmatige sisteme van stelle linguistiese items met “met 'n ooreenstemmende geografiese en/of sosiale en/of taalkontakverspreiding” (Du Plessis, 1995: 14).

Die onderskeid tussen tale, dialekte, sosiolekte en ander variëteite is relatief van aard, aangesien dit gegrond is op die subjektiewe oordeel van verskillende taalgebruikers. Wat vir een persoon 'n algemene gebruikswoord is, mag heeltemal onbekend aan 'n volgende wees. Onderlinge “interafhanklikheid van geografiese, sosiale en ook gespreksfaktore lei daartoe dat die Dialektologie en die Sosiolinguistiek in die praktyk moeilik van mekaar te skei is” (Du Plessis, 1995: 59). Dit is dus nie altyd moontlik om noukeurig te bepaal tot watter dialektiese of sosiolektiese variëteit 'n sekere woord of uitdrukking behoort nie.

In hierdie proefskrif word daar egter nie in fyn besonderhede ingegaan op detailaspekte van die variasietaalkunde nie. Daar word eerder gekonsentreer op die feit dat een van die vernaamste funksies van taal is dat dit optree as “**sosialiseringsmiddel**” (Marais, 2005: 3), waarmee sosiale

en/of streeksgebonde groepe persone met mekaar kommunikeer, en elke groep of **taalgemeenskap** se taalgebruik spreek van 'n unieke, gedeelde woordeskat en wyse van uitdrukking. Van groot belang in hierdie studie van eksosentriese komposita, is die feit dat so 'n omvangryke hoeveelheid van hierdie woorde deel is van die verskillende geografiese, sosiale en ander variëteite, en dus nie deel uitmaak van Standaardafrikaans nie.

8.2 *Gewestelike taal*

Geografiese beperkings soos bergreekse en riviere het taalgemeenskappe vroeër (soms heeltemal) van mekaar geïsoleer. So 'n gemeenskap het dan 'n eie, idiosinkratiese taalgebruik ontwikkel, dikwels met nuwe woorde en uitdrukkings wat geskep is na behoefte van die mense. Du Plessis (1995: 20) maak die volgende opmerking ten opsigte van die **dialektologie**:

“Waar die geografiese herkoms van die gebruiker die variasie voed, word van 'n geografiese dialek gepraat, en waar die variasie deur sosiale faktore gevoed word, word van 'n sosiale dialek gepraat. Geografiese Dialektologie is die studie van taalvariasie wat herlei kan word na die spreker se plek van herkoms.”

In hierdie proefskrif sal van die meer algemene term, “gewestelike taal”, gebruik gemaak word om te verwys na geografiese dialekte, sowel as sosiale dialekte, sonder om te verwys na die invloed van die **sosiale** konteks op die gebruik van 'n bepaalde woord. **Gewestelike taal** of **streekstaal** kan gedefinieer word as 'n woord of uitdrukking “wat veral in 'n bepaalde gebied gebruik is” (HAT, 1994: xi). Die woordeskat van die bewoners van bepaalde gebiede is ryk bronne van eksosentriese komposita soos die volgende:

1. *jankrewe* → “Swak, sleg” (WAT, 1968: 30)
2. *blou-blou* → “(gewest.) Sleg en half” (WAT, 1950: 449)
3. *brandhand* → “(gewest.) Sonder besittings, brandarm” (WAT, 1950: 519)
4. *dikoulap* → “(fig., gewest.) Kwaad, vies” (WAT, 1955: 177)
5. *doekvoet* → “(dial.) Benaming vir 'n haas” (HAT, 1994: 155)
6. *jakkalsvleis* → “Wild wat op onwettige manier i/d hande gekry is” (WAT, 1968: 21)
7. *hardehoed* → “(gewest.) Bynaam vir 'n polisieman in N.W. Kaapland” (WAT, 1972: 91)

8. *oom-en-tante* → “(streektaal) 'n Sop wat van gebreekte wit mielies en rooi Engelse boontjies gekook word” (WAT, 2000: 562)

Volkshumor, oorspronklikheid, spontaniëteit en beeldende beskrywing is maar enkele van die opmerklike eienskappe wat spreek uit gewestelike taal of streeksvariëteite:

9. *bobbejaanspieël* → “(gewest., skerts.) Mika” (WAT, 1950: 457)
10. *drobeen* → “(gewest.) Skertsende benaming vir 'n spook” (WAT, 1955: 330)
11. *fyntoing* → “Agtermekaar; baie netjies; windmaker” (WAT, 1955: 786)
12. *haaskooi* → “Agterkop” (WAT, 1972: 24)
13. *stroopstropie* → “Koesister” (HAT, 1994: 1 038)
14. *Namakwasterretjies* → “diamante” (Schoonees, 1960: 71)

Die meeste van hierdie soort woorde is eintlik ook deel van boeretaal of die plattelandse taalgebruik. Dit wil voorkom asof stedelike taal meer na die gebruik van Engelse (leen)woorde neig, en minder gebruik maak van eg-Afrikaanse vervormings en nuutskeppings. Vergelyk ook die volgende voorbeelde van gewestelike taal wat 'n sekere “plaas”-atmosfeer of plattelandse indruk skep:

15. *agterosmakos* → “(gewest.) Agterossambok” (WAT, 1950: 121)
16. *droëkeel* → “(gewest.) Drogie – bessie v/d droog-my-keel” (WAT, 1955: 331)
17. *bloukook* → “(gewest.) Benaming vir 'n nuwe ysterpot, omdat dit m/d kook die kos gew. blou kleur” (WAT, 1950: 451)
18. *bontspan* → “Stukkies vleis en vet wat aan 'n spit gebraai word” (WAT, 1950: 484)
19. *bokbek* → “(gewest.) Gesê van iem. met 'n lang lip omdat hy kwaad is” (WAT, 1950: 473)
20. *gansvet* → “(gewest.) Water” (WAT, 1957: 27)

Die spesifieke informele aard van gewestelike taalvariëteite het tot gevolg dat heelwat van hierdie soort woorde **aanstootgewend** kan wees weens die gebruik van stamme wat plat of kru is, of onaanvaarbaar is vir sekere etniese groepe. Vergelyk die volgende:

21. *bloumaagwerk* → “(gewest.) Benaming vir kasterolie, veral i/d Noordweste”(WAT, 1950: 451)
22. *draaihorning* → “(gewest.) Skertsende benaming vir 'n Kleurling” (WAT, 1955: 293)
23. *houthotnot* → “(gewest.) Houtgerus” (WAT, 1972: 427)
24. *hotnotsblymaak* → “(gewest.) Ligte reëntjie wat val, ophou en weer val” (WAT, 1972: 415)
25. *oumeidboud* → “Kiepersol” (WAT, 2000: 871)
26. *kafferpond* → “Skertsende naam vir 'n pennie” (WAT, 1968: 135)

In 'n detail-studie van Afrikaanse variasietaalkunde kan 'n groot verskeidenheid interne streeksvariëteite of dialekte waargeneem word. Onder andere vind ons variëteite soos Van der Merwe-Afrikaans, Griekwa-Afrikaans, Oosgrensafrikaans, Voortrekkerafrikaans, Oranjerivierafrikaans, Rehobothafrikaans, Riemvasmaakafrikaans, Botswana-Afrikaans, asook Transvaalse, (Oos-) Randse, Namibiese, Namakwalandse, Richterveldse, Bolandse en Kaapse Afrikaans as verskillende vorme van Niestandaardafrikaans. Geeneen van hierdie variëteite is staties van aard of goed-afgebakende prototipiese kategorieë nie. Sekeres, soos Voortrekkerafrikaans en Riemvasmakerafrikaans, bestaan nie meer nie, en is dus van groter belang in 'n diachroniese of historiese studie van Afrikaans. In hierdie proefskrif sal slegs Namakwalandse Afrikaans en Kaapse Afrikaans bespreek word as spesifieke streeksvariëteite wat by uitstek gebruik maak van eksosentriese komposita in hul spreekwoordeskat.

8.2.1 Namakwalandse Afrikaans

Kok (1947c: 19) maak die volgende opmerking in verband met **Namakwalandse Afrikaans**: “Wat gulle humor, tiperende benaminge en 'n mate van onstuimige ruheid betref, stem die taal van die Namakwalanders in baie opsigte ooreen met die polsende, lewendige studentetaal waar alle geekte, fletse uitdrukkinge sorgvuldig vermy word”. Vergelyk die volgende:

27. *amperkans* → “Op 'n haar na, byna” (Links, 1989: 46)
28. *buitetronk* → “opgeskorte vonnis” (Links, 1989: 49)
29. *kloekkloekies* → “lemoenbessies” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 38)
30. *pruttelbek* → “Iemand wat baie teëpraat” (Links, 1989: 56)

31. *vlambou* → “n Groot vuur ... Frans: flambeau” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 42)
32. *voetval* → “nederig en onderdanig om iets smEEK” (Kok, 1947c: 19)
33. *voldaan* → “kwitansie” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 43)

Possessiewe of bahuvrihi-samestellings is volop in hierdie innoverende streektaal, in die besonder as benamings vir diere:

34. *doekvoet* → “motorkar ... omdat hy so geluidloos beweeg ... in Namakwaland met sy baie sand” (Kok, 1947c: 19)
35. *biesiebeen* → “(gewest.) Fiets [omdat die speke soos biesies lyk]” (WAT, 1950: 411)
36. *kortkierie* → “man of vrou wat krom loop moontlik a.g.v. ouderdom’ ” (Links, 1989: 53)
37. *vernufkop* → “n Slim persoon of iemand wat goed kan leer” (Links, 1989: 60)
38. *beenbek* → “(skerts.) Hoender(haan)” (WAT, 1950: 349)
39. *gomlastiekvoet* → “dassie, kat. Opgeteken in Clanwilliam en Namakwaland” (WAT, 1957: 350)
40. *kraaklitte* → “ouerige kapaterbokke” (Kok, 1947c: 19)
41. *plankvoet* → “bobbejaan” (Kok, 1947c: 19)
42. *saalneus* → “kat” (Kok, 1947c: 19)
43. *sleppens* → “slang” (Kok, 1947c: 19)
44. *stywebeen* → “giraf” (Kok, 1947c: 19)
45. *vaalkaros* → “donkie” (Kok, 1947c: 19)

Die leefwyse van die bewoners van hierdie streek lei tot 'n skilderagtige, bodemgebonde spreekwoordeskat as 'n spieël van die wel en wee, die bestaan en geskiedenis van die taalgebruikers:

46. *droëntyd* → “somer” (Kok, 1947c: 19)
47. *kanniedood* → “malvas” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 39)
48. *roltoe* → “duisendpoot” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 41)
49. *voorspoor* → “Wet of reël of regulasie” (Links, 1989: 60)

50. *klapklappertjies* → “die peultjies van 'n rankplant (wat 'n klapgeluid maak as mens die wind uit die saad druk)” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 39)
51. *oeslandsnyertjies* → “brandende vonkies teen die swart pot (op die vuurherd)” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 42)

Namakwalandse samestellings soos die volgende getuig veral van spontaneïteit en 'n onkonvensionele sin vir humor en gekseerdery:

52. *agterdeursuiper* → “So 'n persoon is gewoonlik ruggraatloos, hy teer op ander se ongerief” (Links, 1989: 46)
53. *armmanskros* → “Die son” (Links, 1989: 46)
54. *draaimaag* → “honger” (Links, 1989: 49)
55. *droëpram* → “die jongste kind” (Links, 1989: 49)
56. *halfkop* → “Vergeetagtig” (Links, 1989: 51)
57. *kraaivleis* → “Perd – veral skerts. vir 'n mooi, spoggerige, pronkerige perd” (WAT, 1991: 59)
58. *lapprop* → “'n ongediplomeerde leerkrag” (Links, 1989: 53)
59. *oubakkies* → “Stuurs” (Links, 1989: 56)
60. *sleghalter* → “'n Nikswerd persoon” (Links, 1989: 57)
61. *winkelbakkies* → “vals (persoon)” (Links, 1989: 60)
62. *jantjiesoetjestrappier* → “Verkleurmannetjie ... In Clanwilliam en Namakwaland opgeteken” (WAT, 1968: 31)

Gesegdes uit Namakwaland:

63. dit het *slangleepsel* gereën → “net so 'n klein bietjie” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 43)
64. *tand-oor-skouer* met iemand wees → “baie ingenome met 'n persoon wees” (Aantekeninge oor Namakwaland, 1997: 44)

Dit is opvallend dat Namakwalanders graag “bekende woorde en uitdrukkings op die kop staanmaak, op die rug laat lê, afkap, middeldeer maak, bymekaar aanlas of herrangskik sodat iets

heel oorspronklik ontstaan” (Links, 1989: 44). Vergelyk die volgende bestaande endosentriese komposita wat in die mond van die Namakwalander 'n heel ander betekenis aanneem:

65. *aanroer* → “Om stadig aan te jaag” (Links, 1989: 45)
66. *aantreklik* → “siekerig” (Links, 1989: 45)
67. *asvaal* → “onskuldig” (Links, 1989: 47)
68. *brommeroog* → “konsertina” (Kok, 1947c: 19)
69. *speeklos* → “[Iemand] wat nie lekker voel nie” (Links, 1989: 58)
70. *varkhakskeen* → “viool (waarskynlik weens die vorm)” (Kok, 1947c: 19)
71. *voorvoet* → “Aanvang, begin” (Links, 1989: 60)
72. *vuurslag* → “'n Baie hartstogtelike man” (Links, 1989: 60)
73. *ystervark* → “'n gerf waarvan die stoppels ongelyk is” (Links, 1989: 60)

Namakwalandse Afrikaans toon 'n besondere aard van spontaneïteit, speelse humor en tekenende beskrywing. Dieselfde kenmerke kom ook voor in Kaapse Afrikaans.

8.2.2 Kaapse Afrikaans

Kaapse Afrikaans is “Afrikaans soos gepraat deur Kleurlinge – met inbegrip van Hottentots- en die meer dialektiese Griekwa-Afrikaans – veral deur die Kaapse Kleurlinge” (WAT, 1976: 222, s.v. “kleurling-Afrikaans”):

74. *beesbloed* → “(Kleurl.) Wyn” (WAT, 1950: 352)
75. *blinkding* → “(Kleurl.) Benaming vir die son” (WAT, 1950: 435)
76. *bloubottel* → “(gewest. Kleurl.) Voetkonstabel” (WAT, 1950: 449)
77. *blinkknopies* → “konstabel” (Kok, 1947c: 19)
78. *bobbejaanstert* → “(Kleurl.) Sekel” (WAT, 1950: 457)
79. *houtbank* → “(Kleurl., gewest.) Aanmekaar, bankvas, mooi” (WAT, 1972: 424)
80. *knypstert* → “(Kleurl., nie alg.) Lusteloos, traag, onwillig” (WAT, 1976: 529)
81. *koggelkop* → (Kleurl.; nie alg.) Sinekdogiese benaming vir die stampboor” (WAT, 1976: 663)

Volgens Jordaan (2004: 197) is die “sogenaamde ‘Kleurling-Afrikaans’ as minderwaardig en ‘afwykend’ gestigmatiseer”, soos trouens ook baie ander dialektiese en sosiolinguistiese variëteite. Daar kan egter nie getwyfel word dat die hierdie variëteit, deurspek met komiese uitdrukkings en figuurlike taal, bewys lewer van besondere kreatiwiteit en beeldryke, spottende gevatheid van die sprekers daarvan nie:

82. *beenbek* → “(Kleurl.) Spook” (WAT, 1950: 350)
83. *eenpond-een* → “(Kleurl. skerts.) Naam vir 'n goedkoop, swaar soort wyn – na bewering so genoem omdat 'n dop daarvan een sjieling kos en die boete weens dronkenskap een pond bedra” (WAT, 1955: 437)
84. *helwater* → “(Kleurl.) Sterk drank” (WAT, 1972: 171)
85. *gougryp* → “Polisiedienaar” (WAT, 1957: 370)
86. *krapmelk* → “Skerts. i/d geselst. van veral Kleurlinge gebruik vir water” (WAT, 1991: 138)
87. *malkroon* → “(mallemeule) < merry-go-round” (Boshoff, 1921: 344)
88. *natbaadjie* → “reën (Bolandse Afrikaans)” (Boonzaier, 1989: 239)
89. *toktokkiedop* → “(Bolandse Afrikaans) mandolien” (Boonzaier, 1989: 237)
90. *uintjie-yster* → “koevoet (Bolandse Afrikaans)” (Boonzaier, 1989: 237)

Volgens Nieuwoudt (1992: 163) is “sosiolinguistiese en geografiese faktore moeilik van mekaar te skei” en kan die dialektologie en sosiolinguistiek beskou word as interafhanklik van mekaar. Vir die doel van hierdie studie is dit nie belangrik om onderskeid te tref tussen dialektiese en sosiolinguistiese variëteite wat mekaar wedersyds beïnvloed en oorvleuel, soos die dialektiese Bolandse en Kaapse Afrikaans, en die sosiolinguistiese variëteit wat vroeër Kleurling-Afrikaans genoem is nie. Al drie variëteite word saam as Kaapse Afrikaans bespreek, met dien verstande dat dit 'n uitkenbare taalvariëteit is wat hoofsaaklik deur kleurlinge aan die Kaap gebesig word.

8.3 *Sosiolinguistiese variëteite*

Binne die sosiolinguistiek word “taal bestudeer soos wat dit binne en deur sosiale groepe gebruik word, met die klem op sowel die sosiale groep as op die linguistiese veranderlikes wat die groep gebruik” (Du Plessis, 1995: 88). Net soos geografiese variëteite, lewer **sosiale variëteite** of **sosiolekte** ook 'n beeld van die kulturele diversiteit en linguistiese kreatiwiteit van sekere

taalgemeenskappe of subkultuurgroepe. Hierdie taalgemeenskappe is nie noodwendig geografies gebonde nie, maar deel 'n sosiale agtergrondsituasie of subkultuur. 'n Groot verskeidenheid variëteite kan onderskei word op grond van verskillende groepe persone binne sekere subkulture.

Ouderdomsvariëteite soos oudenstaal, tienertaal en kindertaal kom voor. Binne **groepverwante variëteite** word veral verskillende subtypes **sleng** aangetref, soos “flaaitaal ... ‘army’-taal, bendetaal (skollietaal, tsotsitaal), tronktaal, studentetaal en skooltaal” (Marais, 2005: 18). “Every occupation and activity has its own specialized vocabulary or register” volgens Andersson en Trudgill (in Kruger, 2003: 3) wat tot gevolg het dat ons kan onderskei tussen verskillende **beroepstaalvariëteite** soos boeretaal, visserstaal, vaktaal en die taal van beroepslui of ambagslui. Binne sekere **maatskaplike** kringe kom ook spesifieke variëteite voor wat die “intellektuele peil van die sprekers, hulle agtergrond, woonbuurt, hulle maatskaplike status, ekonomiese ‘stand’ en die aard van hulle werk” (Coetsee, s.j.: 11) weerspieël. Hieronder ressorteer byvoorbeeld agterbuurttaal. Variëteite na aanleiding van **geslagsgroep** kan ook onderskei word, naamlik mannetaal, vrouetaal en gaytaal.

Soos in die volgende bespreking gesien kan word, oorvleuel hierdie variëteite, aangesien die groepe persone en die subkulture waarbinne hulle beweeg nie altyd duidelik van mekaar onderskei kan word nie. Aangesien mense nie in isolasie leef nie kan 'n enkele man byvoorbeeld in verskillende stadia van sy lewe verskillende variëteite gebruik: eerstens kindertaal, daarna tiener- en/of studentetaal, weermagtaal, en uiteindelik 'n sekere beroepstaalvariëteit in sy volwassenheid. Afhangende van veranderlikes soos sy ouderdom, asook sy sosiale, maatskaplike, ekonomiese en geografiese kringe, kan hy selfs van veel meer verskillende variëteite gebruik maak.

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat taalvariëteite oorvleuel. Dit gebeur ook dat woorde uit een kenmerkende sosiolek (of dialek) opgeneem word in 'n ander sosiolek of in Standaardafrikaans. So is sekere samestellings geleen uit die skeepvaart, met sy eiesoortige skeepsterme soos die volgende:

91. *aftakel, toetakel, botvier, tekortskiet, afskeep, opgeskeep, grootskeeps, oorstuur*

Hierdie samestellings kom tans in die algemene spreektaal voor as eksosentriese komposita. Vergelyk ook die volgende beskrywende woorde in **visserstaal** of **seemanstaal**:

92. *botterland* → “(skeepv.) Wolke wat die voorkoms het van verwyderde land, maar wat soos botter wegs melt as 'n mens naderkom” (WAT, 1950: 508)

93. *seeskuimer* → “seerower” (GAS, 1995: 308)

94. *pikbroek* → “Matroos, seeman” (HAT, 1994: 797)

Ook vir “matroos”: *seerot, seerob, janmaat*

Afrikaanse sosiolekte ryk aan geestige eksosentriese samestellings, wat vervolgens bespreek word, is onder andere studentetaal, tienertaal en weermagtaal.

8.3.1 Studentetaal en tienertaal

Afgesien daarvan dat dialekte en sosiolekte op 'n natuurlike, spontane wyse ontstaan en groei, word sosiolekte ook bewustelik gebruik om 'n mate van sosiale entiteit en eenvormigheid binne 'n groep te bevorder. Van 'n los groep studente, skoliere, troepe, werkers, familieledes, en ander sosiale groepe, word daar deur middel van so 'n kenmerkende, idiosinkratiese taalgebruik 'n hegte eenheid gemaak. **Studentetaal, skoliertaal en tienertaal** is ryk bronne van kleurvolle, vermaaklike, ligsinnige uitdrukkings, wat ook 'n groot hoeveelheid eksosentriese komposities insluit:

95. *boskerk* → “(stud.) Vryplek van 'n verliefde student” (WAT, 1950: 500)

96. *bokterrein* → “(stud.) Vryplek” (WAT, 1950: 476)

97. *drywende-eilande* → “soort nagereg met bolle styfgeklitste eier en jelliepoeier, in 'n dun vlasous” (uit die spreektaal)

98. *donderbalkie* → “(stud.) Vuurhoutjie, blitshoutjie” (WAT, 1955: 239)

99. *helsop* → “(stud.) Brandewyn” (WAT, 1972: 170)

100. *koeighries* → “(geselst., veral van studente en skoliere) Botter” (WAT, 1976: 563)

101. *kosmosakker* → “(... stud.) Baie bont rok” (WAT, 1991: 14)

102. *koshuisbrak* → “(skerts.) Inwoner van 'n koshuis” (WAT, 1991: 6)

103. *dorpsjapie* → “skolier of student wat in die dorp bly, teenoor *koshuisbrak*” (uit die spreektaal)

104. *vlooiatrasies* → “waatlemoenkonfyt” (uit die spreektaal)

Interessantheidshalwe kan ook die studente-uitdrukking *bokkologie* met die betekenis “[k]uns om te vry” (HAT, 1994: 100) genoem word, hoewel dit 'n afleiding is en nie 'n samestelling nie.

Groepe tieners, skoliere en studente praat dieselfde taal, soms byna soortgelyk aan 'n geheime taal. So 'n portuurgroep het hul eie sake, gebeurtenisse en persone van belang, asook kultuuraktiwiteite, sosiale funksies en sportsoorte waaraan daar saam deelgeneem word. Hulle is trots op dieselfde sake, 'n skool, kerk, universiteit, klub, dorp of omgewing, en kan as 'n eenheidsgroep bevooroordeelde wees teenoor ander groepe (van 'n ander skool, universiteit, kerk, werksituasie, sosiale klas, distrik, ensovoorts). Binne so 'n noue kring ontstaan grappies en staaltjies, eie aan die groep en hul belange, dikwels ten koste van 'n ander groep. Al hierdie aspekte word uitgebeeld in die taalgebruik van die groep, deur middel van 'n eenvormige styl en register, sowel as 'n gedeelde, kenmerkende woordeskat.

By **tienertaal** of **tienerafrikaans** kan “sterk vernuwende en vinnig veranderende registers” (Marais, 2005: 1) waargeneem word. Vergelyk die volgende kreatiewe nuutskeppings en leenvertalings in die Afrikaanse tienertaal:

105. *bakgat* → “Uitstekend .. Ook as uitroep van bewondering of om te kenne te gee dat iets op spoggerige, afwyserige wyse gedoen is” (HAT, 1994: 58)
106. *bosotter* → “negatiewe benaming vir iemand” (uit die spreektaal)
107. *besembek* → “man met 'n snor” (uit die spreektaal)
108. *flaterwater* → “korrigeervloeistof” (uit die spreektaal)
109. *spiertier* → “goed gebou en bewus daarvan” (Marais, 2005: 67)
110. *kastoe* → “dom” (Marais, 2005: 67)
111. *snortoffie* → “gay” (Marais, 2005: 67)
112. *visvang* → “meisies soek” (Marais, 2005: 67)
113. *sopstorie* → “leuen, liegstorie, veral vertel om simpatie te wek” (uit die spreektaal)
114. *uithang* → “kuier” (GAS, 1995: 410)
115. *uitrafel* → “wild partytjie hou; ontspan; vakansie hou” (uit die spreektaal)

Variëteite soos studentetaal, skoliertaal, koshuistaal en tienertaal oorvleuel tot 'n groot mate, met sekere gewilde uitdrukkings wat in al hierdie groepe voorkom. 'n Sterk geestige element is teenwoordig in hierdie variëteite, sodat die gevolgtrekking gemaak kan word dat studente- en

tieneruitdrukkings veral gebruik word ter wille van pret en speelse grapmakery. Terselfdertyd word **sosiale identiteit** deur die gebruik van sosiale variëteite of registers uitgedruk. Volgens Ponelis (1998: 11) funksioneer die **eiesoortigheid** van sosiale registers soos tienertaal “sowel inklusief (vir die interaksie tussen portuurs: medestudente, medebendeledede, vakgenote, kollegas, ens.) as eksklusief (om buitestaanders uit te sluit)”.

8.3.2 Weermagtaal

Die weermag is 'n uitstekende voorbeeld van 'n sosiale groep persone met 'n eiesoortige spreektaal. Net soos studentetaal en tienertaal, weerspieël weermagtaal as taalvariëteit ook “aanspraak op groepsidentiteit” (Marais, 2005: 6). In die eertydse Suid-Afrikaanse Weermag (1962-1994) was die troepe dan ook 'n besonder homogene groep van oorwegend jong, negentien- en twintigjarige blanke mans, pas klaar met hul skoolopleiding. Dieselfde geestigheid en spot van studentetaal word aangetref in eksosentriese komposita binne **weermagtaal**:

- 116. *aapkas* → “*Jump tower*” (Army-talk, 1997)
- 117. *bokkop* → “*Infantryman*” (Walker, 2007)
- 118. *olifantskilfers* → “(geselstaal of weermagtaal ...) Graanvlokkies” (WAT, 2000: 282)
- 119. *pikstel* → “*fork and spoon which slid into the handle of the knife*” (Walker, 2007)
- 120. *rooi-oog* → “*Russian 122 mm rocket*” (Army-talk, 1997)
- 121. *skiet-Piet* → “*The beret badge of the commando's*” (Walker, 2007)
- 122. *staaldak* → “*heavy steel helmet*” (Walker, 2007)
- 123. *slangvel* → “*Para smock*” (Army-talk, 1997)
- 124. *suurstofdief* → “*one who is so sick they are seen as stealing air from the healthy*” (Walker, 2007)
- 125. *varkpan* → “*Metal mess tin*” (Army-talk, 1997)
- 126. *vleisbom* → “*Paratrooper*” (Army-talk, 1997, s.v. “Para-bat”)
- 127. (op) *siwwiestraat* → “buite die weermagkamp” (uit die spreektaal)

'n Groot hoeveelheid tipiese weermaguitdrukkings is kru, soos te verstane as in ag geneem word dat die bron van hierdie skeppings jong mans is, wat bes moontlik poog om hard en ru, maar

terselfdertyd ook spitsvondig, onder mekaar voor te kom. Vergelyk die volgende disfemismes wat spreek van affektiewe waardes soos ontluistering en versterking, en dien as emosionele ontladingsmiddele:

128. *Altyd-deur-die-kak* → “ADK (Admin Diens Korps)” (Army-talk, 1997)
129. *ballas-bak* → “*laying around doing nothing, taking it easy*” (Walker, 2007)
130. *bliksemperdjie* → “*Tech Service Corps; tiffy*” (Army-talk, 1997)
131. *Blougat* → “*Somewhere between a Rower (nuwe troep) & Ouman (man wat al 2 jaar in weermag is)*” (Army-talk, 1997)
132. *bom-befok* → “*Crazy, mad. Usually suffering from shell shock*” (Walker, 2007)
133. *Owambo-piel* → “*Vienna sausages*” (Walker, 2007)
134. *pisvel* → “plastieklaken wat direk bo-oor die matras kom, om die matras teen urine te beskerm” (uit die spreektaal)
135. *pislelie* → “veselglas tregter wat in die grond gesteeek word, gebruik as urinaal” (vertaal uit Walker, 2007)
136. *snotneus* → “*American M79 grenade launcher*” (Walker, 2007)
137. *Soutpiel* → “*derogatory term for an Englishman*” (Walker, 2007)
138. *varkpiel* → “*Portable immersion heater*” (Walker, 2007)

Ten spyte van die enersydse aanstootlikheid van hierdie soort humoristiese woorde, is daar reeds vroeër in hoofstuk 4 melding gemaak van die sterk **emosionele impak** en trefkrag van humor wat sinspeel op die seksuele of aggressie. Ten spyte van die humoristiese impak van woorde soos hierdie, is dit te betwyfel of sulke kru woorde ooit in die algemene spreektaal opgeneem sal word, nie net omdat baie van die woorde sake benoem wat uitsluitlik te doene het met die weermag nie, maar ook omdat die uitdrukkings uiters onweloweglik is.

8.3.3 Kindertaal

Eksosentriese samestellings kan gebruik word om woorde of begrippe interessanter en terselfdertyd ook makliker te maak in **kindertaal**. “Kindertaal” word hier as sambreelterm gebruik vir kleutertaal of die taal van jong kinders, sowel as die taal wat volwassenes teenoor kinders gebruik. Vergelyk die volgende voorbeelde:

139. *bekstukkie* → “*(kindert.) Soentjie*” (WAT, 1950: 364)

140. *droomland* → “Die slaap” (HAT, 1994: 171)
141. *geelpiet* → “Kindernaam vir die stamper van 'n blom” (WAT, 1957: 75)
142. *oukat* → “(kindert.) Laaste” (WAT, 2000: 867)
143. *rondomtalie* → “Om en om in 'n sirkel, kring ... Mallemeule” (HAT, 1994: 870)
144. *woer-woer* → “Speelding vir kinders” (HAT, 1994: 1 285)
145. *tiktak* → “(kindert.) Horlosie” (HAT, 1994: 1 083)
146. *siepsop-en-braaiboud* → “(geselst.; kindert.) Pak slae” (HAT, 1994: 915)
147. *tjoek-tjoek / tjoeketjoe* → “trein” (GAS, 1995: 391)
148. *piepie-in-die-kooi* → “pinkie” (uit die spreektaal) (ook *droom-in-die-kooi*)
149. *potlekker* → “(skerts.) Wysvinger” (HAT, 1994: 814)
150. *langejaap* → “Middelvinger” (WAT, 1994: 87)

Nog vingername: *goggakraker, angelierbaard, luisekraker, luiseknipper, pottekrapper, vloieknipper*

Die volgende woorde is eufemistiese eksosentriese komposita wat spesifiek as kindertaal geskep is. Die verkleining van die woorde is 'n addisionele versagtingsmiddel:

151. *piepiemannetje* → “(kindert.) Penis” (Lubbe, 1970: 426)
152. *piepermannetje* → “(kindert.) Penis” (HAT, 1994: 797)
153. *tottermannetje* → “(kindert.; nie alg.) Penis” (HAT, 1994: 1 096)

In kindertaal kom 'n groot verskeidenheid reduplikasiesamestellings voor, veral as name van die tipiese speletjies wat kleuters en laerskoolkinders speel:

154. *aan-aan, bok-bok, dokter-dokter, juffrou-juffrou, hasie-hasie, hop-hop, hospitaal-hospitaal, huis-huis, kiek-kiek, skool-skool, toktokkie*

Dit wil voorkom asof kinders hul speletjies (en ander sake) by voorkeur met behulp van reduplikasie benoem. Ander speletjiesname in kindertaal is die volgende:

155. *drietjiekap, eenbeentjie, ellieroo, haak-en-kruk, hopmajantjie, onderhandjiesklap, jaap-lag-vir-my, jakkals-en-hond, kat-en-muis, kringetjies-en-kruisies, swartvark, tiktak-tol, warmpatat, wegkruipertjie, vroteier*

Soos gesien het elke sosiolek 'n eie, tiperende aard. So is Kleurling-Afrikaans geestig-beskrywend, studentetaal weerspieël die ligsinnigheid van studente, en weermagtaal is dikwels kru. In kindertaal word die sake wat van belang is vir kinders, soos speletjies, op die eenvoudigste wyse beskryf.

Elkeen van hierdie variëteite maak deel uit van die mees informele taalgebruik en sal uiters onvanpas wees in enige formele, saaklike situasie. Hierteenoor kan sekere sosiolekte, soos oumenstaal en kerктаal, of die taalgebruik binne spesifieke werksituasies ernstiger, meer formeel en selfs hoogdrawend wees.

8.4 *Styl en register*

As deel van die bespreking van eksosentriese komposita in sosiolekte, is dit belangrik om ook die variëteite van styl en register te noem. **Register** kan gedefinieer word as “gespesialiseerde taalvorme van 'n beroep of aktiwiteit” (Marais, 2005: 17), of variasie wat verband hou met die aard van die sosiale situasie. Die sosiale konteks van 'n gesprek of ander vorm van taalgebruik, die gespreksonderwerp en gespreksgenote bepaal die styl wat gebruik (behoort te) word. Met **styl** word bedoel variasie “wat korreleer met die vlak van formaliteit van die spraak” (Du Plessis, 1995: 24). Sonder om onnodig op detail rakende registers en style in die variasietaalkunde in te gaan, kan daar vir die doel van hierdie proefskrif slegs in breë trekke onderskeid getref word tussen **formele** en **informele** taalgebruik. Vergelyk die volgende:

- 156. *diknek* → “1. Parmantig, eiesinnig ... 2. Hoogmoedig” (WAT, 1955: 177)
- 157. *drie-om-vier* → “Oral soek” (WAT, 1955: 322)
- 158. *droëbek* → “teleurgesteld en verleë” (NW, 1988: 114)
- 159. *een-twee-drie* → “In 'n kits, baie gou” (HAT, 1994: 184)
- 160. *hardepad* → “Tronkstraf met harde arbeid” (WAT, 1972: 91)
- 161. *hardbekkig* → “Koppig, weerspanning, eiewys” (WAT, 1972: 90)
- 162. *help-my-eet(jie)* → “Aptytwekkertjie” (WAT, 1972: 170)
- 163. *knopbek* → “Kwaad of nukkerig” (WAT, 1976: 498)
- 164. *katspoegie* → “Klein entjie, tydjie, bietjie – moontlik so genoem na aanleiding v/d betreklike skaarsheid van mondvog by 'n kat” (WAT, 1968: 435)

165. *tjok-en-blok* → “boordensvol, ingeryg, oorvol” (GAS, 1995: 392)

166. *dreunlyf* → “Spoggerig, windmakerig” (WAT, 1955: 312)

Ook vir “spoggerig”: *bokwadreun, bokwadreunlyf, dreunbors, dreungat, dreunribbes, dreunyster, lekkerlyf*

167. *inkoejawel* → “Sleg, swak, ... vrotsig; agteraf, baie armoedig ... minderwaardig” (WAT, 1972: 573)

Ook vir “inkoejawel”: *inkastrol, inkatriena, inkatryn, inkokkewiet, inkwas, inskottel, ingat, instert*

Dit is duidelik dat spitsvondige uitdrukkings soos bostaande sonder twyfel deel uitmaak van die **informele geselstaal**. Volgens Lyons (1994: 581) is daar 'n “scale of formality” in tale. Volgens hierdie formaliteitskaal lei taalgebruikers af dat 'n sekere uitdrukking hoogdrawend en kil sal voorkom in 'n sekere situasie of konteks, en dat 'n ander uitdrukking weer heeltemal te familiêr of gemeensaam bevind sal word in 'n sekere situasie. **Formele taal** is by definisie kil, “waardig ... styf, ongenaakbaar” (HAT, 1994: 221, s.v. “formeel”). Dit spreek vanself dat volkshumor (en dit sluit in geestige eksosentriese komposita) hier min of geen plek het nie.

Let wel daarop dat daar geensins beweer word dat die gebruik van eksosentriese komposita **beperk** is tot slegs die informele register nie. Vergelyk die volgende voorbeelde van meer formele, breedsprakige of hoogdrawende taalgebruik wat ook eksosentriese komposita insluit, veral in vaste uitdrukkings:

296. *in ligtelaaie staan* → “sterk aan die brand, in volle vlam” (HAT, 1994: 621)

297. *betonoerwoud* → “die stad” (uit die spreektaal)

298. *opgeld doen* → “Sukses hê of nagevolg word” (WAT, 2000: 720)

299. *tranebrood* → “Wedervaringe, ondervindinge van ellende” (HAT, 1994: 1 098)

300. *twisappel* → “Iets wat aanleiding tot twis kan wees” (AIVU, 1994: 377)

301. *tranedal* → “Wêreld wat vol droefheid is” (HAT, 1994: 1 098)

In kontras met bostaande formele uitdrukkings, is informele taal onkonvensioneel, met 'n “intieme, kasuele ... styl” (Du Plessis, 1995: 23). Dit is tot hierdie onkonvensionele, informele

taalregister waartoe die meerderheid eksosentriese komposita in 'n gebruiksfrekwensie behoort.

Vergelyk die volgende voorbeelde van gemaklike **geselstaal**:

168. *afhaak* → “(*geselst.*) Trou” (HAT, 1994: 21)
169. *bloupad* → “Die see” (WAT, 1950: 452)
170. *bloubottel* → “Kasterolie, so genoem omdat dit vroeër meestal in 'n bottel met 'n donkerblou kleur verkoop is” (WAT, 1950: 449)
171. *garingbiltong* → “Rug(string)” (WAT, 1957: 29)
172. *halfaam* → “Groot, uitstaande maag; boepens” (HAT, 1994: 331)
173. *kopkrap* → “Geestelike inspanning, hoofbrekens” (HAT, 1994: 572)
174. *kraaines* → “hout wat te fyn is om kole te maak” (Boonzaier, 1989: 269)
175. *langasem* → “Volksrympie i.d. vorm van 'n langerige snelsêer wat gew. in een asem opgesê moet word” (WAT, 1994: 83)
176. *duiwelkantoor* → “Naam vir 'n onherbergsame bergstreek” (WAT, 1955: 389)
177. *koponderstebo* → “teneergedruk” (AIVU, 1994: 200)
178. *opdok* → “(*geselst.*) Betaal” (HAT, 1994: 758)
179. *riemtelegram* → “Onbevestigde, dikwels onkontroleerbare gerug” (HAT, 1994: 860)

Ook in informele idiomatiese uitdrukkings vind ons dikwels eksosentriese komposita, wat bydra tot die beeldende, idiomatiese krag van die uitdrukkings:

180. *kopstukke* gesels, iets *toeog* doen, *kaalkop* die waarheid vertel, *eendebeentjie* ry, *holruggery* (afgesaag), *draketande* saai (tweedrag), die *onderspit* delf, iemand *padlangs* die waarheid vertel, vir 'n *heen-en-weertjie* gaan

Informele **volksuitdrukkings** word by uitstek geskep ter wille van beskrywende humor. Dikwels is 'n onderliggende gevoel van spot of ironie te bespeur in die woorde:

181. *duiwelsgruis* → “Naamlekkers” (WAT, 1955: 389)
182. *jakkalstroutjie* → “Ligte reëntjie terwyl die son skyn” (WAT, 1968: 21, s.v. “jakkalstrouereëntjie”)
183. *klipkouse* → “Skurwe voete” (WAT, 1976: 312)
184. *opdollie* → “(*geselst.*) Jou mooi maak” (HAT, 1994: 758)
185. *duiwelsprenteboek* → “Skertsende benaming vir speelkaarte” (WAT, 1955: 390)

186. *help-my-druppels* → “Skertsende benaming vir [denkbeeldige] medisyne aangewend by iem. wat kleinserig is of sonder enige rede swarigheid maak oor 'n taak, 'n moeilikheid, siekte, ens.” (WAT, 1972: 170)
187. *hoenderverdriet* → “Onaanreklieke, nikswerd plek” (WAT, 1972: 326)
188. *opfi eks* → “'n Afspraak of ontmoeting reël, dikw. as 'n guns aan iem.” (WAT, 2000: 716)
189. *pantoffelregering* → “Oorheersing deur die vrou, veral in die huis” (HAT, 1994: 781)
190. *plastiekgeld* → “Skertsende benaming vir kredietkaarte e.d.” (HAT, 1994: 802)

Eksosentriese komposita soos hierdie maak deel uit van die **omgangstaal** of **geselstaal** wat daaglik gebruik word deur persone in informele situasies. Sekere van hierdie informele skeppings word baie algemeen gebruik en is bekend aan die deursnee Afrikaanse taalgebruiker, soos die volgende alombekende woorde:

191. *aanjaag* → “(*geselst.*; *onfyn*) 'n Gemors van iets maak” (HAT, 1994: 5)
192. *eina-eina* → “effentjies, skraps, ontoereikend” (uit die spreektaal)
193. *grootmeneer* → “baasspelerig” (HAT, 1994: 319)
194. *halsoorkop* → “in alleryl; oorhaastig, verward, sonder nadenke” (NW, 1988: 183)
195. *ja-nee* → “As stoplap of aanvoorwoord” (HAT, 1994: 465)
196. *japtrap* → “'n [Kort rukkie / kits]; klein entjie” (AIVU, 1994: 161)
197. *kaperjol* → “Bokkesprong ... Gekkestreek; kaskenade” (HAT, 1994: 494)
198. *liddoring* → “(Pynlike) horingagtige uitgroei sel, veral op die voete” (HAT, 1994: 618)
199. *naelskraap* → “Hittete, amper, byna” (HAT, 1994: 688)
200. *streepsuiker* → “(Pak) slae” (HAT, 1994: 1 035)
201. *soetsappig* → “Oordrewe sentimenteel” (HAT, 1994: 972)
202. *voetslaan* → “Loop, stap; te voet gaan” (HAT, 1994: 1223)

Ander geselstaalterme is nie noodwendig deel van enige streek- of sosiolinguistiese variëteit nie, maar is weinig gebruiklik en daarom ook **onbekend** aan die meeste taalgebruikers:

203. *doringbors* → “(fig.) Nukkerig; steeks” (WAT, 1955: 265)
204. *duimkop* → “(delw.) Groot diamant, blinkoog” (WAT, 1955: 381)
205. *janblaar* → “Jaloers” (WAT, 1968: 28)
206. *jaskalbas* → “(skerts.) gou-gou” (uit die spreektaal)
207. *fietskerneels* → “1. a. Klaar, afgehandel ... 2. Netjies, goedversorg ... deftig, swierig” (WAT, 1955: 683)
208. *komloertjie* → “(geselst., skerts.) Buitjie reën wat slegs vir 'n kort rukkie op een plek uitsak” (WAT, 1984: 40)
209. *kopnaat* (hê) → “Verstand, intelligensie” (WAT, 1984: 390)
210. *koudkrap* → “1. Afhandel, klaarkry ... 2. Haastig te werk gaan” (WAT, 1991: 34)
211. *koffieroer* → “Gew. skertsende benaming vir die strykloop van 'n perd” (WAT, 1976: 658)
212. *kwaadwater* → “II b.n. 1. In 'n slegte bui ... 2. Baie seer ... III bw. Baie vinnig, hard” (WAT, 1991: 465)
213. *een-pot-in-die-ander* → “Gereg bestaande uit verskeie kossoorte wat saam in een pot gekook word” (WAT, 1955: 437)

Die gebruik van humoristiese eksosentriese komposita soos bostaande voorbeelde (en trouens die meeste van die voorbeelde in die proefskrif) sou heeltemal onvanpas wees in enige meer formele gespreksituasie of formele geskrif. Maar die gebruik van Afrikaans is nie beperk tot die akademiese wêreld, beroepsituasies of ander formele kontekste nie. Inteendeel, dit is die gebruikstaal van studente, boere, beroepslui, plattelanders, stedelinge, geskooldes en ongeskooldes, mense van verskillende ouderdomme, rasse, kulture en sosiale posisies. Hierdie wyduiteenlopende soorte taalgebruikers, met hul sosiale en geografiese groepe waarbinne nuwe uitdrukkings kan ontstaan, maak van Afrikaans 'n heterogene, veranderlike, lewende taal.

8.5 *Samevatting*

In hierdie hoofstuk word eksosentriese komposita bespreek as beskrywende, kleurvolle leksikale items in verskillende variëteite van Afrikaans. Sonder om onnodig in te gaan op detail binne die variasietaalkunde, dialektologie en sosiolinguistiek, word daar in breë trekke onderskeid getref tussen sekere Afrikaanse variëteite. Eksosentriese komposita kom voor in verskillende soorte **gewestelike taal**. **Namakwalandse Afrikaanse** en **Kaapse Afrikaans** word bespreek as twee van die streeksvariëteite waar die gebruik van eksosentriese komposita, veral as humoristiese beskrywings, besonder volop is.

Sosiolinguistiese variëteite, soos onder andere ouderdomsvariëteite, groepverwante variëteite, sleng en beroepstaalvariëteite word voorgehou as sosiolekte waarin eksosentriese komposita ook 'n opvallende spreiding en funksionaliteit toon. Van besondere belang is **studentetaal**, **tienertaal**, **weermagtaal** en **kindertaal**, wat elk bespreek en toegerus word met voorbeelde. Die opmerking kan gemaak word dat geen geografies-gebonde of sosiale groep in volkome isolasie leef nie, wat tot gevolg het dat dialektiese en sosiolinguistiese variëteite mekaar oorvleuel en soms moeilik van mekaar te onderskei is.

Ten slotte word die variëteite van **styl** en **register** kortliks bespreek, met klem op **informaliteit** as register. Humor word deurlopend voorgehou as die belangrikste funksionele aspek van eksosentriese komposita, veral soos dit gevind word in (nie-algemene) gewestelike taal en sosiolinguistiese variëteite, maar ook in die informele taalgebruik van die deursnee Afrikaanssprekende.

HOOFSTUK 9

SLOT, SAMEVATTING EN BEVINDINGE

9.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n terugskouing aangebied van die inhoud van die proefskrif en 'n samevatting van die bevindinge waartoe gekom is. Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, word kortliks bespreek. Ten slotte word daar gewys op moontlike leemtes wat in die proefskrif voorkom. Redes waarom sekere aspekte en verwante temas van eksosentriese samestellings uit hierdie studie weggelaat is, word kortliks aangebied.

9.2 Terugskouing

Hoofstuk 1 bied 'n terreinafbakening van die studieveld wat gedek word in hierdie sintese oor die funksionele aspekte van eksosentriese komposita. Die korpus wat gedek is in die navorsing word bespreek as die spil waaróm die proefskrif as 'n taalbeskrywing draai. 'n Oorsigtelike blik word gegee op die inhoud van elke hoofstuk. Spesiale vermelding word gemaak van die teorie van konseptuele vermenging, wat van toepassing gemaak kan word op metaforiek in die algemeen en eksosentriese komposita in die besonder, om moontlike verklarings te bied vir sekere aspekte van hierdie sub tipe komposita.

In hoofstuk 2 word neweskikkende, endosentriese en eksosentriese komposita genoem as die drie primêre kategorieë saamgestelde lekseme. Die karakteristieke eienskappe van **eksosentriese komposita** word kortliks bespreek, met verwysing na die oorsigtelike verhandeling *'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita* (Van Niekerk, 2001). Belangrike agtergrondkennis in verband met eksosentriese komposita en die metaforiese, semanties ondeursigtige aard van hierdie samestellings word gegee, om 'n grondslag te lê vir die verdere analise van **funksionele aspekte van eksosentriese komposita** as konsentrasiekern van die proefskrif in die daaropvolgende hoofstukke.

Die kognitiewe proses van **konseptuele vermenging** of “blending” word in hoofstuk 3 uiteengesit aan die hand van veral *The way we think* deur Fauconnier en Turner (2003). Konseptuele vermenging kan beskryf word as 'n mentale proses wat voortdurend bewustelik en onbewustelik plaasvind in byna alle denk- en leerprosesse. Tydens hierdie proses word elemente van twee of meer verskillende invoer-domeine of begrippe as 'n denkbeeldige scenario of mengvorm voorgestel. Die mengvorm of “blend” wat as afvoer ontstaan, toon kenmerke van albei oorspronklike begrippe, asook ekstra elemente uniek aan die mengvorm. Na 'n uiteensetting van die wyse waarop konseptuele vermenging plaasvind in taalgebruik en taalverwerwing, word die proses van toepassing gemaak op die wyse waarop spesifiek eksosentriese komposita ontstaan, aangeleer en gebruik word.

Hoofstuk 1 tot 3 dien saam as 'n inleiding tot die res van die proefskrif. In hoofstuk 4 tot 8 word konseptuele vermenging as teoretiese raamwerk gebruik om sekere funksionele aspekte en anomaliese eienskappe van eksosentriese komposita te verklaar. Eksosentriese komposita vervul verskillende take van kardinale belang in die spreek- en skryftaal na gelang van die omstandighede en konteks waarbinne dit gebruik word. Woorde besit nie net 'n voorstellingsinhoud nie, maar ook 'n gevoelswaarde, soos duidelik waargeneem kan word in eksosentriese komposita wat, as affektmiddele, meer as net bloot 'n referensiële funksie het. In hoofstuk 4 tot 8 word daar telkens gekonsentreer op 'n enkele belangrike funksionele aspek van eksosentriese komposita, onderskeidelik humor, naamgewing, benaming van persone, eufemisme en disfemisme. Eksosentriese komposita tree ook op as 'n middel tot beskrywing, idiomatisiteit, verlewending en oorspronklikheid in gewestelike taalvariëteite, sosiolekte en informele taal in die algemeen.

Voorbeeldmateriaal word deurgaans geneem uit 'n wye verskeidenheid taalhandboeke, leksikografiese werke, letterkundige werke en soms direk uit die spreektaal. Die korpus dek die verouderde sowel as kontemporêre leksikon binne Standaardafrikaans sowel as minder bekende taalvariëteite. Hierdeur word gepoog om so 'n groot leksikonveld as moontlik te dek, om die feit dat eksosentriese komposita op alle gebiede in Afrikaans voorkom, te benadruk.

Humor word in hoofstuk 4 bespreek as waarskynlik die enkele belangrikste funksie van eksosentriese komposita in die volkstaal. Bestaande neutrale endosentriese komposita ondergaan

dikwels metaforiese betekenisverruiming om ander sake op spitsvondige wyse te benoem. Ander eksosentriese komposita word weer geskep uitsluitlik ter wille van geestigheid en spot. In die gewestelike taal vind ons humoristiese benamings vir allerlei sake, veral mense, plante en diere. Volksetimologiese verdraaiings van woorde uit Afrikaans en ander tale lei ook dikwels tot bewustelike sowel as onbewustelike humor. Idiomatisiteit en die fatiese funksie van taal dien as dryfvere vir die doelbewuste skepping en gebruik van humoristiese eksosentriese komposita. 'n Element van humor (wat wissel vanaf ligte spot tot eksplisiete platvloersheid) word trouens in die oorgrote meerderheid eksosentriese komposita waargeneem, soos ook deurlopend in die volgende hoofstukke aangedui word.

In hoofstuk 5 word aandag gegee aan die rol wat eksosentriese komposita speel in die **naamgewing** van diere en plante. Hoewel eksosentriese komposita soms in die etnobiologiese nomenklatuur voorkom as primêre, algemeen-gebruikte name, met 'n suiwer referensiële funksie, tree die meerderheid van hierdie samestellings egter op as obskure, alternatiewe benamings in die kleurvolle gewestelike taal. Talle woorde dien as beknopte beskrywings wat verwys na opvallende karakteristieke eienskappe, veral ten opsigte van voorkoms, van plante en diere. Bahuvrihi-samestelling, klanknabootsing, reduplikasie en antroponiem-samestelling is veral gewilde metodes van naamgewing. In hierdie hoofstuk kan eksosentriese komposita se funksionaliteit ten opsigte van humor weereens waargeneem word in die korpus obskure, komiese name van plante en diere.

Persoonsbenoeming kom in hoofstuk 6 onder die loep as 'n uiters produktiewe funksie van eksosentriese komposita. Affek speel 'n gewigtige rol in die skep van byname vir mense. Troetelname en byname wat spreek van bewondering dra 'n positiewe affektiewe waarde. By die meeste neutrale byname kan volkse humor en spot waargeneem word. Negatiewe affek is egter teenwoordig in die grootste hoeveelheid persoonsnoemende eksosentriese komposita. Hierdie negatiewe benamings toon affektiewe graadskakerings vanaf ligte spot- en byname, tot geïntensiverde, beledigende skimp- en haatname.

Eufemisme en **disfemisme** is twee vermeldenswaardige funksionele rolle wat eksosentriese komposita ter wille van affek vertolk. In hoofstuk 7 word eerstens aandag gegee aan eufemisme wat primêr optree as versagings- of verbloemingsmiddel. Eufemismes ontstaan onder andere uit

bygeloof, ontsag vir God, die duiwel en die dood. Fatsoenlikheidseufemismes word gebruik ter vermyding van eksplisiete benamings van sake wat as onwelvoeglik beskou word, veral sekere liggaamsdele en -funksies. Ter wille van hoflikheid word eufemismes ook gebruik vir enige sensitiewe sake of sake wat as enigsins “onaangenaam” ervaar word. Disfemisme is die versterkende, pejoratiewe gebruik van 'n aanstootlike term, in die plek van 'n neutrale woord of uitdrukking. Eufemistiese disfemisme en disfemistiese eufemisme word ook bespreek. Weereens word die aandag gevestig op die humoristiese strekking wat by 'n omvangryke aantal eufemistiese en disfemistiese uitdrukkings waargeneem kan word.

In hoofstuk 8 word gefokus op **dialektiese** en **sosiolinguistiese variëteite** van Afrikaans. Gewestelike taal is die besondere taalgebruik binne 'n sekere (geografiese) streek. Daar word gewys op die hoë gebruiksfrekwensie van eksosentriese komposita in streekstaal, met besondere klem op kleurvolle Namakwalandse Afrikaans en Kaapse Afrikaans. Sosiolekte is taalvariëteite wat nie noodwendig geografies gebonde is nie, maar wat gebesig word deur spesifieke sosiale groepe taalgebruikers. Tipiese voorbeelde van studentetaal, tienertaal, weermagtaal en kindertaal word bespreek. Daar word ten slotte gewys op die algemene informaliteit ten opsigte van styl en register van eksosentriese komposita. Wanneer afgesaagde, geykte terme en uitdrukkings vermy en vervang word deur alternatiewe eksosentriese komposita, vind welkome verlewending van die taal en situasie plaas.

9.3 *Bevindinge*

In hierdie proefskrif word nie gepoog om enige spesifieke linguistiese teorie te toets of te bewys nie. Aan die hand van toegepaste navorsing word sekere funksionele aspekte van eksosentriese komposita beskryf en moontlike verklarings in verband daarmee gegee.

Aangesien daar vir die meeste eksosentriese komposita ook deursigtige endosentriese samestellings, frases en simplekse as sinonimiese eweknieë in Afrikaans bestaan, kan hierdie woorde in 'n sekere sin as oorbodig beskou word. Ver van 'n klein subgroepie periferale, “oorbodige” lekseme, is eksosentriese komposita egter in werklikheid van onskatbare waarde en maak 'n aansienlike deel uit van die Afrikaanse leksikon, soos reeds in Van Niekerk (2001) bevind is. Net soos daar nie getwyfel kan word aan die belangrikheid van idioome en metaforiek in taal

nie, net so maak die alomteenwoordigheid van eksosentriese komposita hierdie soort woorde “anything but a marginal phenomenon” (Chafe, 1968: 111).

Eksosentriese komposita kan op alle terreine waargeneem word as noodsaaklike middele waarmee die taalgebruiker homself referensieel, en veral ekspressief, uitdruk. Dit bied 'n korpus kostelike uitdrukkings wat aangewend kan word ter wille van graad, intensiteit en emosionaliteit. Die skepping en uitdrukking van humor kan by uitstek as die belangrikste enkele funksie van eksosentriese komposita gestel word. Verwensing, belediging, vloek, spot, ironie, verbloeming, versagting, versterking en dramatisering is verdere soorte emosionele taalgebruik wat in hierdie proefskrif bespreek is, om die optimale funksionaliteit van eksosentriese komposita aan te dui.

Eksosentriese komposita word bespreek binne die verwysingsraamwerk van “conceptual blending” of **konseptuele vermenging**. Hierdie mentale funksie kan volgens Fauconnier en Turner (2003) waargeneem word in diverse domeine en van toepassing gemaak word op alle denk- en leerprosesse. Dit is egter eksosentriese komposita wat die fokuspunt vorm van hierdie proefskrif, en nie konseptuele vermenging of enige ander teoretiese model nie. Daarom word slegs sekere aspekte van konseptuele vermenging uitgelig as 'n proses wat plaasvind binne taalgebruik en taalverwerwing. Deur die teorie van konseptuele vermenging van toepassing te maak op eksosentriese komposita, kan sekere funksionele aspekte van die komposita beter geïllustreer en verklaar word.

9.4 Leemtes wat ruimte laat vir verdere navorsing

Hierdie proefskrif dien as 'n verkennende en beskrywende studie van die funksionele aspekte van eksosentriese samestellings in Afrikaans. As sulks is dit onmoontlik om binne die bestek van hierdie studie reg te laat geskied aan sekere verwante aspekte, aangesien dit die studieveld te wyd sou maak. Verskeie verwante temas kan egter uitgelig word as moontlike onderwerpe vir verdere toekomstige navorsingstudies.

Ten eerste dien die teorie van konseptuele vermenging vir hierdie navorser as die beste raamwerk waarbinne sekere aspekte van eksosentriese komposita bespreek en verklaar kan word. Konseptuele vermenging word in hierdie proefskrif gebruik slegs as werktuig aan die hand

waarvan sekere aspekte van metaforiek en eksosentriese komposita moontlik verklaar kan word. 'n In-diepte studie van konseptuele vermenging, soos dit in ander velde plaasvind, sou die studie te wydlopig maak. Daar kan egter ook verdere ondersoek gedoen word om vas te stel tot watter mate sekere aspekte van eksosentriese komposita binne ander kognitief-linguistiese teorieë beskryf kan word.

Binne die leksikografie kan 'n studie onderneem word om te bepaal tot watter mate sekere van die meer obskure weinig-gebruiklike eksosentriese komposita in leksikografiese werke soos die *WAT* bekend is aan die deursnee-taalgebruiker. Riglyne kan ook bepaal word vir die wyse waarop eksosentriese komposita in leksikografiese werke opgeneem behoort te word.

Daar word slegs baie kortliks verwys na die funksionaliteit van eksosentriese komposita in Afrikaanse literêre tekste, sonder om enige spesifieke letterkundige werke te bespreek met betrekking tot die eksosentriese komposita wat daarin voorkom. Hierdie literêre funksie as funksionele aspek van eksosentriese komposita regverdig egter 'n aparte in-diepte studie, veral ten opsigte van metaforiek en dubbelsinnigheid in die letterkunde. In kontemporêre, sowel as ouer letterkunde, kan ook die gebruik en valensie van spesifiek eksosentriese komposita in dialektiese en sosiolinguistiese taalvariëteite bespreek word. Dialektiese leksikale uitdrukkings kom byvoorbeeld veral voor in streeksletterkunde. Sekere soorte lektuur is weer gerig op spesifieke sosiale of ander groepe, wat tot gevolg het dat die outeur gebruik maak van die teikengroep (byvoorbeeld tieners) se eiesoortige taalgebruik.

Empiriese navorsing kan gedoen word om die gebruiksomvang (diachronies en sinchronies) van eksosentriese komposita in verskillende dialektiese taalvariëteite, soos Namakwalandse Afrikaans vas te stel. Binne 'n sosiolinguistiese raamwerk kan die voorkoms van hierdie komposita in verskillende sosiolekte en idiolekte, soos veral tienertaal, studentetaal en weermagtaal beskryf word. Hoewel heelwat navorsing al oor metaforiek en metaforiese taalverwerwing gedoen is, kan daar op kognitief-linguistiese gebied aandag gegee word aan die verwerwing van spesifiek eksosentriese komposita by kinders; daar kan bepaal word op watter ouderdom hierdie komplekse taalbousels, wat boonop 'n semanties ondeursigtige aard het, aangeleer en in gebruik geneem word, asook die wyse waarop betekenis van hierdie komposita moontlik doelbewus “geleer” moet word, in teenstelling met ander woorde en uitdrukkings. 'n Ondersoek kan ook gedoen word

na die voorkoms van taalfoute in kindertaal, sowel as ander variëteite, as gevolg van die ondeursigtige, dikwels dubbelsinnige aard van hierdie komposita.

'n Vergelykende studie kan aantoon wat die produktiwiteit van nuutskepping van eksosentriese komposita is, versus die figuurlike gebruik van bestaande endosentriese komposita. Op morfologiese gebied kan ook 'n ondersoek na die valensie van sekere stamme binne eksosentriese komposita gedoen word. Reeds in hierdie proefskrif is dit duidelik dat sekere aanstootlike stamme soos *-gat-* en *kak-* besonder produktief is in die skepping van eksosentriese komposita.

9.5 Slotsom

Eksosentriese komposita maak 'n aansienlike deel uit van die leksikon van elke Afrikaanse moedertaal- en tweedetaalspreker. In hierdie proefskrif word die vernaamste funksionele aspekte van eksosentriese komposita onder die loep geneem.

Die korpus waaruit voorbeeldmateriaal geput is, dek die wydste moontlike veld in die spreek- en skryftaal: vanaf algemeen-bekende gebruikstaal tot weinig-gebruiklike uitdrukkings, kontemporêre, sowel as verouderde taal, en Standaardafrikaans, sowel as 'n verskeidenheid dialektiese en soliolinguistiese variëteite.

Daar word van die kognitiewe teorie van konseptuele vermenging gebruik gemaak om moontlike verklarings aan te bied van die ontstaan en utilitêre waarde van eksosentriese komposita. Na 'n oorsigtelike bespreking van konseptuele vermenging word hierdie mentale proses van toepassing gemaak op eksosentriese komposita om aan te dui op welke wyse hierdie woordevorme ontstaan, gebruik en geïnterpreteer word deur taalgebruikers. Verskeie funksies wat eksosentriese komposita in veral die informele gebruikstaal vertolk, word aangespreek en toegelig met illustratiewe voorbeeldmateriaal.

Humor word deurlopend voorgehou as waarskynlik die belangrikste funksionele rol wat die meeste eksosentriese komposita vertolk. Die gebruik van dubbelsinnige metaforiese komposita kan onder andere lei tot die ontstaan van humor in 'n situasie, of dalk reeds aanwesige komiese

elemente van 'n vertelling beklemtoon. Humor kan aangewend word ter wille van woordspeling, om raaisels te skep en ten einde verskillende oogmerke te bereik in die letterkunde, veral poësie.

Die belangrikste referensiële funksie van eksosentriese komposita is die etnobiologiese benoeming van diere en plante. Ten spyte van die semantiese ondeursigtigheid van die samestellings, kan dit optree as treffende beskrywings of benamings vir verskillende sake. Die meerderheid eksosentriese komposita is egter affekties gelaai en vervul ekspressiewe rolle waar dit oordele, emosie en gewaarwordings weergee. So word eksosentriese komposita as persoonsbenoemers gebruik met verskillende affektiewe waardes: positiewe waardes by troetelname en bewonderende benamings, humor en spot by neutrale byname, maar veral met negatiewe waardes as spotname, skimname, skelname en haatname.

Affekties-gelaaide eksosentriese komposita kan optree as verbloemingsmiddele (eufemismes), sowel as versterkingsmiddele (disfemismes). In die omgangstaal funksioneer eksosentriese komposita ook dikwels as fatiese uitdrukkings om gesellige, maatskaplike kontak te maak, en as tussenwerpsels of bastervloeke waarmee spontaan uiting gegee word aan taalgebruikers se gevoelens.

Die Afrikaanse volkstaal is by uitstek beeldryk, buigsaam en soepel. Eksosentriese komposita tree hierin by uitstek op as instrument waarmee affek en emosie uitgedruk word, hetsy positief of negatief, maar heel dikwels wel humoristies van aard. Dit word weerspieël in die skerpsinnige opmerkings, treffende benamings, verbeeldingryke beskrywings, aanskoulike voorstellings en spitsvondige segswyses in die volkstaal. Die diverse gebruik en optimale funksionaliteit van eksosentriese komposita op alle terreine, en veral as ekspressiewe uitdrukkingsmiddel, lewer bewys dat die noodsaaklikheid van hierdie groep woorde in veral die informele register van die Afrikaanse leksikon nie onderskat mag word nie.

'n Baie belangrike punt wat waargeneem kan word in hierdie proefskrif, is die feit dat dit nie “nodig” is dat (humoristiese) betekenisoordraging plaasvind nie. In die meerderheid gevalle word daar geen werklike referensiële **leemte** gevul in die woordeskat deur 'n eksosentriese kompositum in gebruik te neem nie. Ongelede lekseme of endosentriese komposita tree meestal reeds op as name vir referente, wat dan opnuut figuurlik deur bestaande endosentriese komposita benoem

word, of waarvoor daar nuwe eksosentriese komposita as alternatiewe benamings geskep word. In 'n sekere sin kan hierdie alternatiewe benaming deur eksosentriese komposita dus as oorbodig beskou word. Wat is dan die nut van hierdie taalverskynsel? Die antwoord op hierdie vraag is soos volg: die blote feit dat die verskynsel definitief bestaan en deurentyd in werking is, is 'n bewys dat daar by die taalgebruiker 'n begeerte is om clichés en ander geyskte uitdrukkings te vermy, om bestaande samestellings op 'n figuurlike, spitsvondige wyse te gebruik of andersins om meer geestige, kleurvolle samestellings te skep vir sake. “Ons dra gedurig name, eienskappe, handeling en toestande van die een ding op die ander oor omdat dit ons spraak verlewendig en sy beeldende krag verhoog” (Meyer e.a., s.j.: 404). Nêrens is hierdie funksie van figuurlike taal meer opvallend as juis by die gebruik van eksosentriese komposita nie.

BIBLIOGRAFIE

- Aantekeninge oor Namakwaland. 1997. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 53(1): 37-44.
- Adler, M.K. 1978. *Naming and addressing: a sociolinguistic study*. Hamburg: Buske.
- Afrikaanse Woordeboek*. Verklarend met woordafleiding. 1966. Terblanche, H.J. & Odendaal, J.J. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. 2002. Saamgestel deur die taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Negende verbeterde uitgawe en omvattende herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Aitchison, J. 1998. *The Articulate Mammal*. New York: Routledge.
- Allen, K. & Burridge, K. 1991. *Euphemism and dysphemism: language used as shield and weapon*. New York: Oxford University Press.
- Allen, M.R. 1978. Morphological investigations. Ph.D. Dissertation, University of Connecticut.
- Alonso, P. 2004. The Conceptual Integration Network Model as a Paradigm for Analysis of Complex Narrative Discourse. In: *Mosaic: a Journal for the Interdisciplinary Study of Literature* 37 (2): 161-182.
- Anderson, L. & Trudgill, P. 1990. *Bad language*. Oxford: Basil Blackwell Publishers Ltd.
- Aronoff, M. 1976. *Word Formation in a Generative Grammar*. Cambridge, Mass. MIT Press.
- Bakker, D.M. 1968. *Samentrekking in Nederlandse syntactische groepen*. Leiden, Universitaire Pers Leiden.
- Bauer, L. 1978. *The Grammar of Nominal Compounding with special reference to Danish, English and French*. Odense: Odense University Press.
- Bauer, L. 1979. On the need for pragmatics in the study of nominal compounding. In: *Journal of Pragmatics* 3: 45-50.
- Bauer, L. 1983. *English Word-formation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bauer, L. 1994. *Introducing Linguistic Morphology*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Beardsley, M.C. 1967. Figurative Language. In: Jacobs, R.A. & Rosenbaum, P.S. 1976. *Readings in English Transformational Grammar*. Mass.: Wallham.
- Bolinger, D.L. 1977. *Meaning and Form*. London & New York: Longman.
- Booij, G. 1977. *Dutch Morphology. A Study of Word Formation in Generative Grammar*. Dordrecht: Foris.
- Booij, G. 1979. Semantic regularities in word formation. In: *Linguistics* 17: 985-1001.

- Boonzaier, W.C. 1989. 'n Taalkundige karakterisering van Bolandse Afrikaans. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Boshoff, S.P.E. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Pretoria: De Bussy.
- Boshoff, S.P.E. 1936. *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Bosman, D.B. e.a. 1991. *Tweetalige woordeboek / Bilingual dictionary*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Botha, M.C. 1934. Die eufemisme in Afrikaans. In: *Die Vaderland*, 30 Maart.
- Botha, R.P. 1964. Voorstudie tot 'n Klassifikasie van die Afrikaanse Komposita. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Botha, R.P. 1968. *The Function of the Lexicon in Transformational Generative Grammar*. Mouton: The Hague.
- Botha, R.P. 1981. A base rule theory of Afrikaans synthetic compounding. In: Moortgat, M. V.d. Hulst, H. & Hoekstra, T. (eds). *The Scope of Lexical Rules*, Dordrecht: Foris, 1-77.
- Botha, R.P. 1988. *Form and Meaning in Word Formation. A Study of Afrikaans Reduplication*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Botha, R.P., Kroes, G. & Winckler, C.H. 1994. *Afrikaanse Idiome en ander Vaste Uitdrukkings*. Kaapstad: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.
- Botha, T.C. 1981. *Generalizations about Synthetic Compounding in Afrikaans*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Botha, T.J.R. e.a. 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Bothma, S.J. 1962. 'n Algemene karakteristiek van die taalgebruik van die kleurlinge aan die Rand. S.l.: s.n.
- Brandt, L. & Brandt, P.A. 2005. Making sense of a blend. In: *Annual Review of Cognitive Linguistics* 3: 216-249.
- Brooke-Rose, C. 1958. *A grammar of metaphor*. London.
- Brown, R.W. 1968. How shall a thing be called? In: Oldfield, R.C. & Marshall, J.C. (eds.). *Language. Selected Reading*. Harmondsworth: Penguin.
- Bryson, B. 1990. *Mother Tongue. The English Language*. London: Penguin Books.
- Buro van die WAT. 1994. *Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*.

- Bybee, J.L. 1985. *Morphology: A Study of the Relation between Meaning and Form*. Amsterdam: Benjamins.
- Cacciari, C. & Levorato, M.C. 1998. The Effect of Semantic Analyzability of Idioms in Metalinguistic Tasks. In: *Metaphor & Symbol 13 (3)*: 159.
- Carroll, J.M. 1979. Complex compounds: phrasal embedding in lexical structures. In: *Linguistics 17*: 863-77.
- Carstens, A. & Swanepoel, P.H. 1993. Komposisionaliteit, motivering en die grammatika van Afrikaans. In: *South African journal of linguistics 14 Supplement (April)*: 1-78.
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Chafe, W.L. 1968. Idiomaticity as an anomaly in the Choomskyan paradigm. In: *Foundations of Language 4*.
- Chafe, W.L. 1970. *Meaning and the Structure of Language*. Chicago.
- Chambers, J. 2003. *Sociolinguistic theory: Linguistic Variation and its Social Significance*.
- Coetsee, A.J. (red.). 1981. *Hulsels van Kristal. Bundel aangebied aan Ernst van Heerden by Geleentheid van sy vyf-en-sestigste Verjaarsdag op 20 Maart 1981*. Kaapstad: Tafelberg.
- Coetsee, A.J. 1941. Kekkelbessies. In: *Brandwag 7 (Maart)*: 23.
- Coetsee, A.J. 1943. Honderde ambagte en duisende kwale. In: *Brandwag, 31 Desember*: 20.
- Coetsee, A.J. 1948. Byname van plekke en hulle bewoners. In: *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal 4 (Maart)*: 91-97.
- Coetsee, D.J. s.j. Agterbuurttaal. S.l.: s.n.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- Coulson, S. & Matlock, T. 2001. Metaphor and the Space Structuring Model. In: *Metaphor & Symbol 16 (3/4)*: 295-316.
- Coulson, S. & Oakley, T. 2000. Blending basics. In: *Cognitive Linguistics 11 (3/4)*: 175-196.
- Coulson, S. & Oakley, T. 2005. Blending and coded meaning: Literal and figurative meaning in cognitive semantics. In: *Journal of Pragmatics 37 (10)*: 1 510-1 536.
- De Groot, A.W. 1966. *Betekenis en betekenisstruktuur*. Groningen: J.B. Wolters.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- De Stadler, L.G. 1994. *Groot Tesourus van Afrikaans*. Southern Boekuitgewers.

- De Tollenaere, F. 1974. Lexikografie en linguistiek. Het probleem der woordbetekenis. In: *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde* 90: 81-105.
- De Villiers, M. 1949. Taalverskeidenheid. In: *Die Huisgenoot 11 November*: 50, 51, 62 & 68.
- De Villiers, M. 1976. *Die Semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM
- De Villiers, M. e.a. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- De Villiers, R.W.V. ± 1985. Stem allomorphy in morphologically complex words of Afrikaans. M.A. Thesis. Stellenbosch: University of Stellenbosch.
- Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. In: *Lexikos*. 1991. Stellenbosch: Buro van die WAT: 52-60.
- Downing, P. 1977. On the creation and use of English compound nouns. In: *Language* 53: 810-842.
- Droste, F.G. 1967. *Taal en betekenis*. Den Haag: Van Goor Zonen.
- Du Plessis, E. J. 1973. *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername*. Naamkundereeks nr. 3. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Du Plessis, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.): 43-62.
- Du Plessis, H. 1985. Suidwesafrikaans. *SA Tydskrif vir Taalkunde, geleentheidsuitgawe nr. 1*: Linguistevereniging van Suider-Afrika.
- Du Plessis, M. 1999. *New word and previously overlooked ones / Nuwe woorde en oues wat in die slag gebly het*. Kaapstad: Pharos.
- Du Pré, L. & Eksteen, L. 1995. *Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Eckert, P. 2000. *Linguistic variation as social practice*. Oxford: Blackwell.
- Eksteen, L.C. 1983. Tweerigtingsamestellings. In: Sinclair, A.J. (red). 1983. *G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 177-178.
- Elias, M. 1992. *Taboe in taal*. Utrecht: Kosmos.
- Everaert, M. e.a. (eds.). 1992. *Proceedings of idioms (Volume 1 & 2). International Conference on Idioms, Tilburg, The Netherlands, September, 1992*. Tilburg: Institute for Language and Technology and Artificial Intelligence.

- Fauconnier, G. 2001. Conceptual integration. In: *Emergence and Development of Embodied Cognition* (EDEC 2001).
- Fauconnier, G. & Turner, M. 1997. *Mappings in thought and language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fauconnier, G. & Turner, M. 1998. Conceptual integration networks. *Cognitive Science*, 22: 133-187.
- Fauconnier, G. & Turner, M. 2000. Compression and global insight. *Cognitive Linguistics 11* (3/4): 283-304.
- Fauconnier, G. & Turner, M. 2003. *The way we think. Conceptual blending and the mind's hidden complexities*. New York: Basic Books.
- Franken, J.L.M. *Tentatiewe Etimologieë*. S.l.: s.n.
- Fraser, B. 1970. Idioms within a transformational grammar. In: *Foundations of Language 6*: 22-42.
- French, R. C. 1899. *On the Study of Words*. London: Kegan Paul, French, Trubner & Co. LTD.
- Grady, J. 2000. Cognitive mechanisms of conceptual integration. In: *Cognitive Linguistics 11* (3/4): 335-345.
- Grady, J., Oakley, T. & Coulson, S. 1999. Conceptual blending and metaphor. In: G. Steen & Gibbs, R. (eds.). *Metaphor in Cognitive Linguistics* (101-124). Amsterdam and Philadelphia: John Benjamins.
- Grieshaber, N.J. 1987. Enkele kantaantekeninge by volksetimologie en klanknabootsing. In: *South African journal of linguistics 5(4)*: 37-45.
- Grygiel, M. 2004. Semantic change as a process of conceptual blending. In: *Annual Review of Cognitive Linguistics 2*: 285-304.
- Halle, M. 1973. Prolegomena to a Theory of Word Formation. In: *Linguistic Inquiry 4*: 3-16.
- Hauptfleisch, D.C. (hoofred.) e.a. 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VII, KOM-KOR-*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Hauptfleisch, D.C. (hoofred.) e.a. 1991. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VIII, KOS-KYW-*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Hempelmann, C.F. 2004. Script opposition and logical mechanism in punning. In: *Humor 17(4)*: 381-392.
- Hewitt, R. 1986. *White talk black talk: Inter-racial friendship and communication amongst adolescents*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Hockett, C.F. 1956. Idiom formation. *For Roman Jakobson*, The Hague.
- Hoeksema, J. 1981. Twee teorieën over samestellende afleiding. In: *Glott 2/3*: 169-178.
- Hüllen, W. & Schulze, R. (eds.). 1988. *Understanding the Lexicon; Meaning, Sense and World Knowledge in Lexical Semantics*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Ingeman, F. (ed.). *Proceedings of the 1982 Mid-America Linguistics Conference*, University of Kansas: Lawrence, K.S.
- Jackendoff, R. 1975. Morphological and Semantic Regularities in the Lexicon. In: *Language 51*: 639-671
- Jacobs, R.A. & Rosenbaum, P.S. 1976. *Readings in English Transformational Grammar*. Mass.: Wallham.
- Jansonius, F. 1966. Samestellingen of pseudo-samestellingen? In: *DNT 59*: 120
- Jensen, J.T. 1990. *Morphology: Word Structure in Generative Grammar*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins Publishing.
- Jordaan, A.M. 2004. Mites rondom Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Jordaan, M.L. 1978. Navrae in verband met Afleiding, Samestelling en Samestellende Afleiding. In: *Klasgids 12*: 57.
- Kadmon, N. 1992. *Toponymy*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kempen, W. 1969. *Samestelling, Afleiding, en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Kess, J.F., and Hoppe, R.A. 1985. Bias, individual differences, and “shared knowledge” in ambiguity. In: *Journal of Pragmatics 9*: 21-39.
- Kiparsky, P. 1983. Word-formation and the lexicon. Mimeographed. In: Ingeman, F. (ed.). *Proceedings of the 1982 Mid-America Linguistics Conference*. University of Kansas: Lawrence, K.S.
- Kok, B. 1947a. Humor in ons volkstaal. In: *Ruiter, 23 Mei*.
- Kok, B. 1947b. Tekenende benaminge in die volkstaal. In: *Ruiter, 6 Junie*.
- Kok, B. 1947c. Sappige sêgoed uit Namakwaland. In: *Ruiter, 9 Augustus*.
- Kooij, J.G. 1968. Compounds and idioms. In: *Lingua 21*: 250-268
- Kruger, J. 1995. Oor volksetimologie en kuiergaste wat huismense word. In: *South African Journal of Linguistics, Supplement, 28 (Nov)*: 57-74.

- Kruger, J.M. 1995. Franse woorde in Afrikaans – 'n herkomsstudie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.
- Kruger, J.M. 2003. Taak en taal: 'n sosiolinguistiese ondersoek na leksikale aspekte van die vroueregister in Afrikaans. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- Kruger, P.A. 1970. Die Relikbelasting in die Afrikaanse Morfologie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Lakoff, G. 1990. *Women, Fire, and Dangerous Things: What Categories Reveal about the Mind*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Laufer, B. Why are some words more difficult than others? Some intralexical factors that affect the learning of words. In: *International Review of Applied Linguistics in Language Teaching*, 28 (4): 293-308.
- Lawrence, D.C. 1998. Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels as instrument vir effektiewe kommunikasie – 'n sosiolinguistiese ondersoek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Lawrence, J. 1973. *Unmentionables and other euphemisms*. London: Gentry Books.
- Lee, C.J. & Katz, A.N. 1998. The Differential Role of Ridicule in Sarcasm and Irony. In: *Metaphor and Symbol 13 (1)*: 1-15.
- Lees, R.B. 1967. Problems in the grammatical analysis of English nominal compounds. In: *Xth International Congress of Linguistics, Abstracts of papers*, Bucharest: 207-8.
- Levi, J. *Syntax and Semantics of Complex Nominals*. New York: Academic Press.
- Liebenberg, H.C. 1974. Selfstandigenaamwoordkombinasies in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Lieber, R. 1983. Argument-linking and compounds in English. In: *Linguistic Inquiry 14*: 251-285.
- Links, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Louw, S.A. 1948. *Dialekvermenging en taalontwikkeling: proewe van Afrikaanse taalgeografie*. Kaapstad: Balkema.
- Louw, S.A. 1954–1976. *Afrikaanse Taalatlas*. Universiteit van Pretoria.
- Lubbe, H.J. 1971. Die Eufemisme in Afrikaans. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Lyons, J. 1981. *Language and Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Lyons, J. 1995. *Semantics 2*. Cambridge: University Press.
- Marais, S. 2005. Afrikaanse tienertaal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- Marchand, H. 1969. *The Categories and Types of Present-Day English Word-Formation*, 2nd ed. Munich: C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung.
- Matthews, P.H. 1974. *Morphology: An Introduction to the Theory of Word-Structure*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McCormick, K. 2002. *Language in Cape Town's District Six*. Oxford: Oxford University Press.
- Meyer, P.S. e.a. s.j. *Ons Moedertaal*. Elsie'srivier: Nasou Beperk.
- Meys, J. 1975. *Compound Adjectives in English and the Ideal Speaker*. Amsterdam: North Holland.
- Moerdijk, A. & Geeraerts, D. 1983. Lexicale semantiek en morfologiese betekenisbeskrywing. In: *De Nieuwe Taalgids*, 76(6): 517-531
- Moortgat, M., V.d. Hulst, H & Hoekstra, T. (eds). *The Scope of Lexical Rules*. Dordrecht: Foris: 1-77.
- Morgan, J. e.a. 1979. *Nicknames, their origins and social consequences*. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.
- Nerlich, B. e.a. 2003. *Polysemy: flexible patterns of meaning in mind and language*. New York: Mouton de Gruyter.
- Nida, E. 1949. *Morphology: The Descriptive Analysis of Words*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- Nienaber, G.S. 1989. Sonde met hartbees in hartbeeshuis. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 29(3): 180-192.
- Nienaber, G.S. 1995. Die etimologie van dolos. In: *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 23, Februarie 1995.
- Nienaber, P.J. *Pleknaamwoordeboek Deel 1*.
- Nieuwoudt, H.P. 1992. Oranjerivierafrikaans: Oos-Wes. Die interafhanklikheid tussen sosiolinguistiese en geografiese faktore in Oranjerivierafrikaans. In: *South African journal of linguistics* 10(3): 163-167.
- Nunberg, G., Sag, I.A. & Wasow, T. 1994. Idioms. In: *Language* 70(3): 491-538.

- Odendal, F.F. (hoofred.). 1983. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- Odendal, F.F. (hoofred.). 1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Derde uitgawe. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. 1983. *Aspekte van Taal*. Goodwood: Nasou Beperk.
- Oldfield, R.C. & Marshall, J.C. (eds.). *Language. Selected Reading*. Harmondsworth: Penguin.
- Olivier, G & Coetzee, A. (reds.). 1994. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers
- Orr, J. 1962. *Three Studies on Homonymics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Paardekooper, P.C. 1970. Twee onbruikbare Begrippen: Endo- en Eksosentrisch. In: *De Nieuwe Taalgids* 63: 291-292.
- Pansegrouw, L.L. 1995. *Superblokraiselwoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Paprotté, W. & Dirven, R. (eds.). 1985. *The Ubiquity of Metaphors in Language and Thought*.
- Picard, J. 1981. Afleiding en samestelling as termboumiddele. In: Sinclair, A.J.L. (red.). 1981. *Kongresreferate LVSA 1981*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland (259-268)
- Ponelis, F.A. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse Taalfamilie*. In: *Annale* 1. Universiteit van Stellenbosch.
- Raidt, E.H. 1980. Die Reduplikation im Afrikaans. In: Rupp, H. & Roloff, H.-G. (reds.). 1980. *Akten des VI. Internationalen Germanisten-Kongresses Basel*. Bern: Peter Lang: 494-501.
- Raidt, E.H. 1981. Oor die Herkoms van die Afrikaanse Reduplikasie. In: Coetzee, A.J. (red.). 1981. *Hulsels van Kristal. Bundel aangebied aan Ernst van Heerden by Geleentheid van sy vyf-en-estigste Verjaarsdag op 20 Maart 1981*. Kaapstad: Tafelberg: 178-189.
- Raper, P.E. (red.) 1986. *Names/Name 1983. Verrigtinge van die Tweede Suider-Afrikaanse Naamkundekongres, Pretoria*. Pretoria: RGN.
- Raper, P.E. 1987. *Dictionary of Southern African Place Names*. Rivonia: Lowry Publishers.
- Raskin, V. 1985. *Semantic mechanisms of humor*. Boston: Reidel.
- Reinsma, R. 1992. *Prisma van de eufemismen: de knaldempers van de taal*. Utrecht: Het Spectrum.
- Ritchie, D. 2003. Categories and Similarities: A Note on Circularity. In: *Metaphor & Symbol* 18(1): 49-53.

- Ritchie, D. 2005. Frame-Shifting in Humor and Irony. In: *Metaphor and Symbol* 20 (4): 275-294.
- Roeper, T., and Siegel, M. 1978. A lexical transformation for verbal compounds. In: *Linguistic Inquiry* 9: 199-260.
- Romaine, S. 1984. *The Language of Children and Adolescents*. Oxford: Blackwell.
- Rupp, H. & Roloff, H.-G. (reds.). 1980. *Akten des VI. Internationalen Germanisten-Kongresses Basel*. Bern: Peter Lang.
- Salverda de Grave, J.J. 1906. *De Franse woorden in het Nederlands*. Amsterdam: Johannes Müller.
- Savini, M. 1983. Phrasal Compounds in Afrikaans: A Generative Analysis. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Savini, M. 1984. Phrasal compounds in Afrikaans: a generative analysis. In: *Spil* 12: 37-114.
- Scalise, S. 1984. *Generative Morphology*. Dordrecht: Foris.
- Scholtz, J. du P. 1941. *Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere*. Kaapstad.
- Scholtz, J. du P. 1963. Reduplikasieverskynsels in Afrikaans. In: Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese Opstelle*. Pretoria: Van Schaik: 146-161.
- Scholtz, J. du P. 1965. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1972. *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1981. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P. 1935. Bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat. In: *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* XIV, Oktober.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) e.a. 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel I, A-C*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) e.a. 1955. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel II, D-F*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) e.a. 1957. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel III, G*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. (hoofred.) e.a. 1972. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel IV, H-I*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P.C. 1960. Wie ken hierdie minder bekende gesegdes? In: *Die Huisgenoot* 22 April: 71.
- Schuring, G.K. 1983. Flaaitaal. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.): 116-133.

- Selkirk, E.O. 1982. *The Syntax of Words. Linguistic Inquiry Monograph Seven*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Senekal, H.E.J. 1947. Samestelling as 'n middel tot die uitbreiding van die Afrikaanse Woordeskat. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Siegel, D. 1974. *Topics in English Morphology*. Ph.D. Dissertation. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Sinclair, A.J. (red). 1983. *G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Smit, W.K. 1969. Nuutskepping in Afrikaans met spesiale verwysing na die werk van N.P. van Wyk Louw. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Smith, C.A. 1966. *Common names of South African plants*. Pretoria.
- Smith, J.J. 1962. *Op ons taalakker*. Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.
- Smuts, J. 1958. Skel- en spotname in Afrikaans. In: *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 14(3): 25-26.
- Smuts, J. 1964. Betekenisontwikkeling in Afrikaans. In: *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20.
- Snijman, F.J. (hoofred.) e.a. 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel V, J-KJ-*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Snijman, F.J. (hoofred.) e.a. 1976. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel VI, KLA-KOL-*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Spencer, A. 1991. *Morphological Theory: An Introduction to Word-Structure in Generative Grammar*. London: Basil Blackwell.
- Stein, G. 1977. The place of word-formation in linguistic description. In: Brekle, H.E. & Kastovsky, D. (eds). *Perspektiven der Wortbildungsforschung*. Bonn: Bouvier: 219-35.
- Swanepoel, P.H. 1992. Linguistic motivation and its lexicographical application. In: *South African Journal of Linguistics* 10 (2): 49-59.
- Swanepoel, P.H. 1993. Fokus op die prismatiese semantiek van vaste verbindings. In: *Tydskrif vir geesteswetenskappe* 33 (2)(Junie): 96-111.
- Swanepoel, P.H. 1995. 'n Eksegese van 'n leksikografiese metode: raamgebaseerde leksikografiese definisies. In: *South African journal of linguistics* 26. Supplement (November 1995): 73-98

- Swanepoel, P.H. 1996. Kategorisering en leksikale variasie in die veld van etnobiologiese naamgewing. In: *South African journal of linguistics 30 Supplement (November 1996)*: 3-35.
- Swanepoel, P.H. 1997. Idiomatiese taalgebruik en die afstand tussen Afrikaans en Nederlands. In: *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans 4(1)*: 128-161.
- Swanepoel, P.H. 2001. Oor die unieke en die universele in die Afrikaanse en Nederlandse etnobiologiese nomenklatuur. In: *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans 8(2)*: 250-284.
- Theron, A.S. 1974. Aspekte van Meerfunksionaliteit in Afrikaans. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Thomas-Flinders, T.G. 1983. Morphological Structures. Ph.D. Dissertation. Los Angeles: University of California.
- Trier, J. 1981. *Wege der Etymologie*. Berlyn: Erich Schmidt Verlag.
- Triezenberg, K. 2004. Humor enhancers in the study of humorous literature. In: *Humor 17(4)*: 411-418.
- Trümpelmann, G.P.J. & Erbe, E. 1983. *Woordeboek / Wörterbuch*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Turner, M. & Fauconnier, G. 1995. Conceptual Integration and Formal Expression. In: *Metaphor and Symbolic Activity 10(3)*: 183-204.
- Unisa. 1993. Afrikaans: Enigste studiegids vir AFS302-4. Hersiene uitgawe. Pretoria.
- Van den Berg, M. 1999. Die konsep Standaardafrikaans: 'n kritiese oorsig en 'n Hallidayaanse perspektief. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Van Der Merwe, E. 1996. Gaytaal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1971. Vroeë Afrikaanse woordelyste. *Patriot-Vereniging, nuwe reeks, nr. 5*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, R. 1994. *Plaisir de Merle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Huyssteen, G.B. 1995. 'n Kognitief-pragmatiese perspektief op seksuele uitdrukkings in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Van Huyssteen, G.B. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. In: *Literator 17(3)*: 119-135.

- Van Huyssteen, G.B. 1998. Die leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. In: *Tydskrif vir Taalkunde* 16(2): 63-71.
- Van Jaarsveld, G.J. 1974. Semantiese verband tussen simplekse en hulle korrelate in komposita. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Jaarsveld, G.J. 1976. Semantiese aspekte by nominale komposita. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 16(2): 77-85.
- Van Loon, J. 1981. De betekenis van toponymiese sameinstellings. In: *Naamkunde* 13(1-4): 131-187.
- Van Niekerk, L. 2001. 'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Rensburg, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (red.): 134-161.
- Van Rouendal, F.J. & Du Toit., H.A. s.j. *Nuwe Afrikaanse Stylleer*. Kaapstad: Juta.
- Van Schalkwyk, D.J. (hoofred.) e.a. 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel IX, L*. Buro van die WAT.
- Van Schalkwyk, D.J. (hoofred.) e.a. 1996. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel X, M*. Buro van die WAT.
- Van Schalkwyk, D.J. (hoofred.) e.a. 2000. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel XI, N-O*. Buro van die WAT.
- Veale, T. 2004. Incongruity in humor: Root cause or epiphenomenon. In: *Humor* 17(4): 419-428.
- Verster, J.R. 1975. *Die metafoor in die algemene taal- en literatuurwetenskap*. Gepubliseerde Doktorale Proefskrif. Universiteit van die Oranje-Vrystaat: Bloemfontein: P.J. de Villiers.
- Walch, J. 1928. *Uit de levensgeschiedenis van woorden*. Zutphen: Thieme.
- Wardhaugh, R. 1998. *An Introduction to Sociolinguistics*. Oxford: Blackwell.
- Weinreich, U. 1966. Explorations in semantic theory. In: Sebeok, T.A. (ed.). *Current Trends in Linguistics, vol III: Theoretical foundations*. The Hague: 395-477.
- Winter, W. 1964. Form and meaning in morphological analysis. In: *Linguistics* 3: 5-18.

ELEKTRONIESE BRONNE EN INTERNET ARTIKELS:

- Andersen, G. 1999. *Pragmatic markers and sociolinguistic variation: a corpus-based study*.
(Inleidende hoofstuk tot 'n Doktorale Proefskrif.)
<http://www.hf.uib.no/hfolk/henga/Publications.html>
- Army-talk: Glossary of Terms*. 1997. www.lib.sun.ac.za/army/army-talk/glossary.htm
- Carter, R. 2003. *Teenage language*. (TES 7 Maart 2003) <http://www.tes.co.uk>
- Combrink, J. 1995. *Engels as bron van Afrikaans: of Omgangsafrikaans is hoofsaaklik van Engelse herkoms*. <http://www.und.ac.za/und/ling/archive/comb-01.html>
- Lingua forum*. 'n Interne nuusbrieff van die Seksie Taaldienste, STMM.
http://www.tshwane.gov.za/documents/linguaforum/september2005_Afrikaans.pdf
- 'n Prys om te betaal? Die belang van historiese taalnavorsing in 'n etnies verdeelde samelewing.
<http://academic.sun.ac.za/afrndl/tna/grebe042.html>
- Roth-Gordon, J. 2002. *Slang and the Struggle over Meaning*.
http://www.brown.edu/Departments/Race_Ethnicity/roth-gordon/JenRothGordon_diss_ch1.pdf.
- Smit, G. 2002. *Onbeskaamd Afrikaans. Jeug-Afrikaans?* (Pylvak).
<http://www.pylvak.co.za/artikels/jafrikaans.htm>
- Walker, D.R. 1999-2007. *A glossary of military terminology and slang*. (besoek 2006 en 2007)
www.allatsea.co.za/army/glossary.htm